University of Pretoria etd – Laas, J J (2004)

# VERBEELDING AS VERHAALSKEPPENDE AKTIWITEIT IN NARRATIEWE PASTORALE TERAPIE

deur

**Johannes Jurgens Laas**

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die graad
Doctor Philosopiae aan die Universiteit van Pretoria
Fakulteit Teologie: Departement Praktiese Teologie

Studieleier: Prof J C Müller

Mei 2004

## Dankbetuigings

Ek wil graag my opregte dank aan die volgende persone en instellings betuig.

Die dekaan en personeel van die fakulteit teologie aan die Universiteit van Pretoria. Dit is my voorreg om met hierdie fakulteit vereenselwig te word.

Die Kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Waverley-Oos, vir verlof, begrip, aanmoediging en belangstelling.

Aan my vrou Mari, vir geduld, begrip en liefde.

Vir Jurgens en Corli, dankie.

Aan Martha Dithuku, jy's 'n ster.

Dorothy Snyman, jou kennis, lojaliteit en opofferinge sal my lewenslank bybly.

Rita en Mossie, julle volgehoue ondersteuning, veral hier teen die einde, bevestig en versterk my geloof in die begrip vriendskap.

Johan, my broer, jou eiesoortige en unieke besorgdheid het die laaste twee jaar vir my besonder kosbaar geword.

Aan Adri Vorster. Min mense verstaan regtig, jy wel. Ek sê dankie.

Aan my geliefde moeder. Mamma, dankie. Jou wysheid en belangstelling is vir my so ontsettend kosbaar.

Lourens Bosman, dankie, veral Vrydae was jou hulp en raad en lag vir my goud werd.

Al my medenavorsers. Dit was fantasties om so 'n opwindende onderneming saam met julle aan te pak.

Thea Heckroot, jou gesindheid en opofferende diens en behulpsaamheid oor twintig jaar is vir my 'n kleinood.

Katrien Malan, dankie vir die soektogte en hulp en raad.

Aan my promotor, prof JC Müller. U is 'n digter, 'n terapeutiese, akademiese digter. U het my lewe radikaal verryk, en oopgemaak vir hierdie studie. Ek sê dankie.

University of Pretoria etd – Laas, J J  (2004)

## Opsomming

Onderwerp: Verbeelding as verhaalskeppende aktiwiteit in narratiewe pastorale terapie.

In hierdie proefskrif word die skryf van fiksie as metafoor benut om navorsing te doen, en om navorsingsresultate weer te gee. 'n Verhaal getiteld, 'die aanstelling' gee inhoud aan die metafoor, en dra die getuienis van die navorsingsresultate tot aan die einde van die proefskrif. Omdat praktiese teologie beskou word as 'n grenswetenskap, benut die navorsing insigte uit die psigologie, sosiologie, pedagogie en filosofie.

Die teologie wat benut word kan omskryf word as kultureel linguïstiese teologie, met 'n sterk metaforiese inslag. Hiermee gaan gepaard die verrekening van die Afrika konteks, Suid-Afrikaanse konteks sowel as die terapeutiese konteks. Eerder as 'n fundamentalistiese of nie-fundamentalistiese teologiese begronding, word 'n postfundamentalistiese teologie voorgestaan. As prakties teologiese paradigma word 'n narratiewe, eko-hermeneutiese verwysingsraamwerk benut terwyl verbeelding as 'n handeling, oftewel aksie beskou word. Hierdie handeling word in verband gebring met die Christelike tradisie se verhale oor die aksie.

'n Konstruktiewe postmoderne benadering word gevolg met hoofsaaklik drie uitgangspunte tewete die einde van die geloofwaardigheid van die groot verhale, sensitiwiteit vir die onvoorstelbare en ontsag vir die verhewene. Hierbenewens word dekonstruksie en sosiaal konstruksionisme as positiewe komponente van 'n postmoderne benadering benut.

As basis vir die navorsing dien vyf verbatim, ongestruktureerde gesprekke oor verbeelding as verhaalskeppende aktiwiteit in narratiewe pastorale terapie.

Die klimaks van die navorsing toon aan dat verbeelding help om die werklikheid anders, en 'n ander werklikheid, te sien. Werklikheidskepping, langs die weg van verhaalskepping, is nie alleen moontlik nie, maar noodsaaklik in terapie. Dit open ons lewens wyd vir die estetiese, sowel as die etiese. Uit die navorsing blyk dat verbeelding 'n verhaal van onbenutte potensiaal vertoon, dat sy 'n groot bydrae kan maak, maar selde opgeroep word om deel te neem. Sy is polities sowel as akademies gemarginaliseer. Die navorsing het 'n oop einde, wat roep om dialoog en moontlikhede vir verdere studie …

***************

SUMMARY

Theme: Imagination as story generating activity in narrative pastoral therapy.

In this thesis fiction writing is being used as metaphor for doing research and presenting the research results. A story, entitled 'the appointment' gives content to the metaphor and bears the evidence of the research results throughout the thesis. As practical theology is a border science, the research utilizes insights from psychology, sociology, pedagogy and philosophy.

The theology used can be described as cultural linguistic theology, with a strong metaphoric element. The African, South African and therapeutic contexts form the backdrop of the study. A postfoundationalist theology is proposed rather than a fundationalist or non-fundationalist approach. As a practical theological paradigm a narrative, eco-hermeneutic frame of reference is used while imagination is regarded as a human interest, or action. This interest is correlated with the Christian tradition of stories about the action.

A constructive postmodern approach that has three main points of departure is followed, i.e. the end of the credibility of the metanarratives, as well as a sensitivity for the unrepresentable and the sublime. In addition to this deconstruction and social constructionism are used as positive components of a postmodern paradigm.

Five verbatim, unstructured conversations about imagination as story generating activity in narrative therapy forms the basis of the research.

The climax of the research portrays imagination as the one who helps us see reality differently, and to see a different reality. Reality creation, through story creation, is not only possible, but also imperative in therapy. It opens our lives for the aesthetic and the ethical. Imagination reflects an unutilized potential, she can contribute greatly, but is seldom asked to participate. She is politically and academically marginalized. The research has an open conclusion that calls for dialogue and the possibility of further study…

*********************

# INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK EEN: PERSONEELBEAMPTEVERSLAG


| | | |
|---|---|---|
| 1 | 'Die aanstelling' | 1 |
| 1.1 | Hoe lyk my verslag? | 2 |
| 2 | Wetenskaplike posisionering | 4 |
| 3 | Narratief | 8 |
| 4 | Postmodernisme | 11 |
| 4.1 | Die einde van die geloofwaardigheid van die groot verhale | 16 |
| 4.2 | Die onvoorstelbare | 17 |
| 4.3 | Die verhewene | 19 |
| 5 | Dekonstruksie: Jacques Derrida | 19 |
| 6 | Sosiaal konstruksionisme | 21 |
| 7 | Teologiese posisionering | 22 |
| 7.1 | Samevattend | 24 |
| 8 | Prakties teologiese posisionering | 24 |
| 8.1 | Gerkin | 25 |
| 8.2 | Samevattend | 30 |
| 9 | Navorsingsposisionering | 31 |
| 10 | Kontekste | 31 |
| 10.1 | Afrika | 31 |
| 10.2 | Suid-Afrika | 32 |
| 10.3 | Die Nelson Mandela impak | 33 |
| 10.4 | Die Universiteit van Pretoria | 33 |
| 10.5 | Mensbeskouing | 34 |
| 11 | Posisionering ten opsigte van kreatiwiteit | 36 |
| 12 | Metodologie | 37 |
| 12.1 | Samestelling van navorsingspan | 39 |
| 12.1.1 | Prominente akademiese deelnemers | 41 |
| 12.2 | Hillman | 43 |
| 12.3 | Corbin | 43 |
| 12.4 | Brueggemann | 44 |

University of Pretoria etd – Laas, J J (2004)


| | | |
|---|---|---|
| 12.4.1 | Hoekom benut ek Brueggemann se benadering? | 45 |
| 13 | Prosedure | 45 |
| 14 | Hoofstuk 1: ’n Oorsig | 48 |
| HOOFSTUK TWEE: “REFERENTE LYS” | | |
| 1 | Padkaart vir hoofstuk twee | 51 |
| 2 | Herinneringsnota, baie belangrik, onthou! | 52 |
| 3 | ’n Dik, ryk beskrywing | 54 |
| 4 | Vooroordeel van ’n personeelbeampte (eie ervarings) | 55 |
| 4.1 | Goudgeel mynhope | 56 |
| 4.2 | Rooiduine en versamelneste | 58 |
| 4.3 | In die skaduwee van die Magaliesberg | 60 |
| 4.4 | Kultuur en subkultuur | 60 |
| 5 | Ses eie ervarings van verbeelding in terapie | 64 |
| 5.1 | Die krimpvarkie en die gordyne | 64 |
| 5.2 | Die SMS en die modder | 65 |
| 5.3 | In die bek van die Tier | 66 |
| 5.4 | Husse het nie oë nie | 67 |
| 5.4.1 | Ek vertrek nou | 67 |
| 5.5 | ’n Lens kan jou breek | 68 |
| 6 | Verhale van medenavorsers | 69 |
| 6.1 | Digterskilder | 69 |
| 6.2 | Kanarieman | 74 |
| 6.3 | Wêreldstapper | 81 |
| 6.4 | Stadsleeu | 86 |
| 6.5 | Des | 93 |
| 7 | Terugskou op Hoofstuk Twee | 98 |
| HOOFSTUK DRIE: CURRICULUM VITAE | | |
| 1 | Padkaart vir hoofstuk 3 | 102 |
| 2 | Hoe noem mense haar? | 102 |
| 2.1 | Woordeboekdefinisies | 102 |
| 3 | Waar kom sy vandaan? | 108 |

University of Pretoria etd – Laas, J J (2004)


| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Vroegste spore, verbeelding (en drome) in die pre-modernisme | 109 |
| 4 | Geliefkoosde werksplekke | 116 |
| 4.1 | Sy is ’n onderwyseres, sy onderrig mense | 118 |
| 4.2 | Bemarker by uitnemendheid | 120 |
| 4.3 | Die filmbedryf | 123 |
| 4.4 | Die Bybel | 125 |
| 4.5 | Afrika Renaissance | 129 |
| 4.6 | ’n Deur met ‘n naambordjie | 130 |
| 5 | Watter tale is sy magtig? | 131 |
| 5.1 | Twee terapeute… twee kort stories | 134 |
| 6 | Getuigskrif van drie sielkundiges | 134 |
| 6.1 | Carl Gustav Jung | 134 |
| 6.1.1 | ’n Pa, ’n jongman… en God | 134 |
| 6.1.2 | Jung was sy tyd vooruit | 135 |
| 6.2 | James Hollis | 152 |
| 6.3 | James Hillman: Haar sintuie? | 153 |
| 6.4 | Die orgaan wat verbeel | 159 |
| 6.4.1 | Argetipiese Psigologie | 160 |
| 7 | Getuigskrif van twee filosofiese vriende | 161 |
| 7.1 | Henry Corbin: Mundus Imaginalis | 161 |
| 7.2 | Gilbert Durand | 165 |
| 8 | Walter Brueggemann: Getuigskrif van ’n teoloog | 167 |
| 9 | Samevatting | 173 |
| 10 | Bylaag oor Jung se kennis | 173 |
| HOOFSTUK 4: RONDE TAFEL GESPREK | | |
| 1 | Padkaart vir hoofstuk 4 | 177 |
| 2 | Die persoon van die pastor | 178 |
| 2.1 | Beskeidenheid | 178 |
| 2.2 | Vertellers | 181 |
| 2.3 | Dromers | 182 |
| 2.4 | Eie stories teenoor spreekkamerstories | 182 |
| 2.5 | Integrasie en heelheid | 185 |

University of Pretoria etd – Laas, J J (2004)


| | | |
|---|---|---|
| 2.6 | Ouerhuis: Huis van herkoms | 185 |
| 2.7 | Uitvraers | 187 |
| 2.8 | Betrokkenheid | 187 |
| 2.9 | Verbeelding is verweef met hul predikantskap | 188 |
| 2.10 | Dekor en emosie | 190 |
| 3 | Situasie analise | 192 |
| 3.1 | Stomheid | 193 |
| 3.2 | Verskillende taalwêrelde | 196 |
| 3.3 | Rigiede werklikheidsbeskouing | 198 |
| 4 | Walter die wonderman | 201 |
| 5 | Aanslag op die probleem lê in 'storying' | 201 |
| 6 | Metafore | 202 |
| 7 | Simbole | 204 |
| 7.1 | Verbeelding en God | 207 |
| 7.1.1 | Godsbeelde | 208 |
| 7.1.2 | Verbeelding en die Bybel | 209 |
| 7.1.3 | Beeldversadiging | 210 |
| 7.2 | Verbeelding en kinders, kinderdae | 211 |
| 7.3 | Verbeelding en fantasie | 212 |
| 8 | Onthou | 215 |
| 8.1 | Verbeelding sê: Moenie vergeet nie! | 215 |
| 8.2 | Om in die verlede te leef | 217 |
| 9 | Toekoms | 218 |
| 9.1 | Verbeelding roep …Kyk vorentoe! | 218 |
| 10 | Verbeelding en Hoop | 225 |
| 11 | Verbeelding en Verbasing | 230 |
| 12 | Verbeelding en Droom | 230 |
| 13 | Verbeelding en Visie | 231 |
| 14 | Verbeelding en Sin | 231 |
| 15 | Hulpmiddels | 232 |
| 16 | Samevatting | 237 |

HOOFSTUK 5: PERSOONLIKE ONDERHOUD


| | | |
|---|---|---|
| 1 | Aangestel? | 239 |
| 2 | Hoe word stomheid aangespreek? | 239 |
| 3 | Hoe word die probleem van twee taalwêrelde aangespreek? | 242 |
| 4 | Hoe word ’n eng werklikheidsbeskouing aangespreek? | 244 |
| 5 | Belangrike geheime kom aan die lig | 250 |
| 5.1 | Hulle sê sy is ’n versoener by uitnemendheid | 251 |
| 5.2 | Hulle sê sy is ’n meesteres organiseerder | 252 |
| 5.3 | Hulle sê sy is ongekend ambisieus | 253 |
| 5.4 | Hulle sê sy is ’n verfmenger | 254 |
| 6 | ‘n Mities-Poëtiese Bydrae | 255 |
| 6.1 | Oerwortels | 257 |
| 6.2 | Moderne mites | 261 |
| 6.3 | Illusieverplettering | 263 |
| 6.4 | Die vroulike kant | 264 |
| 7 | Sosiaal konstruksionisme | 266 |
| 7.1 | Teenstrydighede | 267 |
| 7.2 | ’n Lewensingesteldheid | 268 |
| 8 | ’n Poëtiese dimensie | 268 |
| 9 | Moontlikheid | 271 |
| 10 | Skepping | 272 |
| 11 | Mede-skeppers | 273 |
| 12 | Herskepping | 273 |
| 13 | Werklikheidskepping | 276 |
| 14 | Die etiese | 280 |
| 15 | Sin | 281 |
| 16 | Die estetiese | 282 |
| 17 | Samevatting hoofstuk vyf | 285 |


HOOFSTUK 6: KRITIESE EVALUERING


| | | |
|---|---|---|
| 1 | Ervaringe | 287 |
| 2 | Persoonlike onderhoude | 288 |

| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | Samevattend | 289 |
| 3 | Selfverstaan | 289 |
| 4 | "Involved unto blindness" | 290 |
| 5 | Die waarde van sosiaal konstruksionisme | 295 |
| 6 | Dekonstruksie | 295 |
| 7 | Teologiese refleksie | 295 |
| 8 | 'n Verhaal van onbenutte potensiaal | 296 |
| 9 | Bevindinge | 297 |
| 9.1 | Kritiese evaluering | 299 |
| 10 | Terapeutiese relevansie | 300 |
| 11 | Terreine vir verdere studie | 300 |
| 12 | Bekendmaking van navorsingsresultate | 301 |
| 13 | Verruiming | 301 |
| BRONNELYS | | 303 |

# HOOFSTUK EEN

## NAVORSINGSPOSISIONERING

## EN WERKSWYSE

*Rarely has a time been readier for exploring an idea. The time is now; the idea is imagination. Murray*[1]

## 1 'DIE AANSTELLING'

Hierdie proefskrif is die verhaal van 'n aanstelling. Die Teologiese Fakulteit waar ek vandaan kom, het 'n eie argief, wat in eeue-oue geboue gehuisves word. Oudprofessor Rasionaliteit, 'n knap, intelligente, blanke man van digby die sewentig jaar, is al vir donkiejare die argivaris. Hy is sinoniem met die argief, waar dinge nou in rep en roer is. Iets buitengewoons het gebeur. 'n Donateur het 'n aansienlike bedrag, hulle sê dis miljoene, bewillig met 'n uiters gedetailleerde oogmerk. Hy skenk die geld sodat die Fakulteit 'n nuwe, moderne vleuel aanbou aan die argief. In die nuwe geboue wil hy 'n kunsgalery vestig. Sy uitdruklike versoek is dat daar 'n skakelvertrek tussen die argief en die nuwe vleuel is. Hierdie moet 'n gonsvertrek wees, waar studente, professore en alumni kan kom sit en ontspan en kan gons. Geld is mag, sê hulle, en in die stilligheid skat ek sy wens gaan eerbiedig word. Hy het vreemde idees! Hy praat van 'n prosesgebou, met studentebeheer. Die gebou werk so dat daar vloei is, want

> *Verbeelding is het vermogen om een andere werkelijkheid te zien én deze werkelijkheid anders.*
>
> *Albert Altena*

jy kan nie argief toe gaan sonder om deur die koffiekamer en kunsgalery te gaan nie. Jy kan ook nie die kunsgalery besoek sonder om deur die koffiekamer te beweeg en dan by die argief uit te gaan nie. Die middelvertrek is ’n *buzz room*. Ons donateur wil hê dat daar ’n groot verskeidenheid eietydse, plaaslike, abstrakte kunswerke uitgestal word, en dat daar dikwels kontroversiële, kontensieuse en blootstellende uitstallings gehou sal word. Op pad argief toe en terug wil hy die studente daagliks blootstel aan kuns, en nogmaals kuns. Hierdie projek noodsaak ‘die aanstelling’ van ’n Direkteur-kunsgalery. Ons donateur se wens is dat die Raad verkieslik ’n redelik jong, anderskleurige dame moet aanstel. In die lig van sy sensitiwiteit vir politieke korrektheid, het hy ’n regstellende[2] aanstelling in die oog. Sy moet ’n uitstekende kennis hê van kuns, van beeldende, skeppende, literêre, visuele, abstrakte, realistiese, en skilderkuns, ja kortom, van alle vorme van kuns. Sy moet self ’n skeppende gees hê, en weet hoe om met teoloë en kunstenaars om te gaan. Dit is ’n baie belangrike aanstelling vir die Fakulteit, want die kunsgalery gaan bydra tot die Fakulteit se beeld na buite. Sy moet ’n besondere fyn aanvoeling hê van wat ’n fakulteit beoog om met sy kunsgalery te kommunikeer.

Sy moet sorg vir ’n nuwe atmosfeer, ’n vars benadering, sy moet kunstigheid in die kunsgalery inblaas, sodat die Fakulteit dit winsgewend kan bedryf. Daar is so ‘n aansoek. Haar naam is mej. Verbeelding. Sy is ’n agtergeblewene[3], ’n gemarginaliseerde, maar ’n baie sterk aanspraakmaker. Ek is die personeelbeampte gemoeid met ‘die aanstelling’, en moet haar aansoek deeglik fynkam met die oog op ’n aanbeveling aan die Raad. My proefskrif is my verslag aan die Raad.

## 1.1 HOE LYK MY VERSLAG?

In hoofstuk een verantwoord ek my navorsingparadigma en werkswyse. Daar word kortliks beskryf hoe my wetenskaplike benadering, teologiese posisionering, prakties-teologiese begronding en kontekstuele verantwoording daar uitsien. Ek gee ’n bondige beskrywing van hoe die navorsingsproses verloop het, hoe die data bekom is en in watter vorm die navorsingsresultate weergegee word. Ek verduidelik die samestelling van die proefskrif. My rol in

'die aanstelling' is om al die dokumentasie volledig te versorg en aan te bied, en ek noem hoofstuk een die personeelbeampteverslag.

Hoofstuk twee is die basis van die navorsing. Dit is die verbatim onderhoude wat met my medenavorsers gevoer is. Dit het bestaan uit ongestruktureerde gesprekke oor verbeelding as verhaalskeppende aktiwiteit in narratiewe pastorale terapie. Die vraagstukke, idees en wenke, sowel as opmerkings uit hierdie gesprekke stimuleer en inisieer die literatuurstudie, teen die agtergrond van die sosiale en godsdienstige konteks. Die persone wat aan hierdie gesprekke deelgeneem het, noem ek mej. Verbeelding se 'referente'.

Hoofstuk drie behels die literatuurstudie van die navorsingsproses. Op grond van die verhale in hoofstuk twee, het vraagstukke en onduidelikhede na vore getree wat akademiese naleeswerk vereis het. Die inligting wat ek aldus versamel en georden het, is vir my tekste of dokumente, wat ek as getuies beskou van verbeelding. Ek verstaan die saamgestelde bundel dokumente as 'n *Curriculum Vitae*.

In hoofstuk vier word 'n sirkulêre proses gevolg, tot die mate dat ek die verhale van hoofstuk twee, in dialoog met die inhoud van die literatuurstudie bring. Dit was 'n proses, omdat vrae gegenereer is wat verdere gesprekke met die 'referente' genoodsaak het, wat weer nuwe vrae aan die literatuur gestel het. 'n Ontwikkeling in dialoog is nagestreef, sodat die essensie sou blyk. Ek noem dit die rondetafelgesprek.

Hierop volg hoofstuk vyf, wat ten doel het om tot die kern van die opbrengs van die dialogiese proses deur te dring. Wat is die hoogtepunt van die ondersoek? Wat word onthul en kom aan die lig? Watter diepte-inligting het uit die 'referente' se getuienis, in gesprek met myself, in gesprek met die literatuur, na nog gesprek met die 'referente', na vore gekom? Wat blyk, wat vantevore onbekend was? Ek noem hoofstuk vyf die persoonlike onderhoud van 'die aanstelling'.

Dit laat my met hoofstuk ses, wat 'n kritiese refleksie is op al die fasette en bevindings van die navorsing. Hierdie is slegs 'n kort beskrywing van 'die aanstelling'. Onder die opskrif 'metodologie' in hierdie hoofstuk, sal ek meer

uitvoerig verduidelik hoe ek te werk gegaan het. Samevattend, lyk die proses vir 'die aanstelling' van mej. Verbeelding by die Fakulteit só :

Hoofstuk : 1. Personeelbeampteverslag

2. 'Referente'

3. *Curriculum Vitae*

4. Rondetafelgesprek

5. Persoonlike onderhoud

6. Kritiese evaluasie

# 2 WETENSKAPLIKE POSISIONERING

My vertrekpunt in hierdie navorsing is dat betekenis en sin in ons lewens deur verhale uitgedruk word. Stories onderlê ons ganse bestaan, en daardie stories berus op interpretasies, wat verander kan word. In-diepte studie van verhale, is daarom 'n besonder legitieme manier om tot groter verstaan van ons bestaan te kom. Stories, is die mees outentieke manier om die interpretasie van die werklikheid te kommunikeer. Vir my behels geesteswetenskaplike navorsing 'n opregte, geïntensifeerde poging om tot 'n stewiger greep op die werklikheid te kom, ek doen dit hier in gesprek met mense, deur verhale.

Twee baie prominente kenteoretiese rigtings, tewete die empirisme en die rasionalisme, word doelbewus vermy. Die Empirisme is 'n wetenskap-filosofiese rigting wat uitgaan van die aanname dat ervaring deur middel van sintuiglike waarneming die enigste bron van ware kennis is. Die Rasionalisme daarenteen gaan uit van die aanname dat die menslike rede die enigste bron van kennis is (Meyer, Moore & Viljoen 1997:31). Verder verset ek my teen die aansprake van positivistiese wetenskapsbeoefening, 'n term wat van August Comte afkomstig is. Positivisme "refers to the ideology resulting from the Age of Reason, also called the Enlightenment. The ideology may also be referred to as rationalism. It was thought that man by his reason or intellect could control and conquer the world" (Janse van Rensburg 1997:3). Die ideaal van die

> *A story is not just a way of conveying information, it is a way of interpreting facts.*
>
> *Ruard Ganzevoort*

positiwisme is nie bereik nie, en dit het ’n klimaat geskep waarin ek voorlopig, versigtig met wetenskaplike kennis omgaan. “Neither theology, nor science, is based on incontrovertible grounds of knowledge” (van Huyssteen 1997:227). Die besef dat nie wetenskap of teologie ’n aanspraak op onweerlêbare kennis kan maak nie, skep die openheid “to a corrigible point of view and to the fact that an element of the unexplained will always remain” (van Huyssteen 1997:227). In hierdie verband verwys van Huyssteen na die ‘elusive and fitful subatomic world of quantum theory,’ en sê dat “our world has been proved to be strange beyond our powers of anticipation” (van Huyssteen 1997:227). Dit geld vir die fisika sowel as vir die teologie, en daarom huldig ek ’n wetenskaplike standpuntinname wat oop is vir die totaal onverwagse, en selfs vir dit wat aanvanklik as onredelik, of onwerklik, of onmoontlik mag voorkom. Watter wetenskaplike epistemologie vorm die basis vir my studie? Ek huldig wat van Huyssteen (1997:228) noem “a fallibilist epistemology, which honestly embraces the role of traditioned experience, personal commitment, interpretation, and the provisional nature of all our knowledge claims”. Hierdie vier bakens, naamlik ervaring wat deur tradisie ontstaan het, persoonlike verbintenis, interpretasie en die voorlopige aard van kennis-aansprake, vorm die hoekstene vir my wetenskaplike paradigma. Die standpuntinname maak dit vir my moontlik om nie ’n gedwonge en kunsmatige keuse tussen fundamentalisme en anti-fundamentalisme te moet maak nie, maar om vir ’n postfundamentalistiese verwysingsraam te kies.

> *We explain nature, man we must understand.*
>
> *Wilhelm Dilthey*

Wat behels ’n postfundamentalistiese epistemologie? Dit staan teenoor die “alleged objectivism of foundationalism and the extreme relativism of most forms of nonfoundationalism” (van Huyssteen 1997:4). Twee prominente posisies van postfundamentalisme kom aan die lig. Eerstens “it fully acknowledges contextuality, the epistemologically crucial role of interpreted experience, and the way that tradition shapes the epistemic and non-epistemic values that inform our reflection about God and what some of us believe to be God’s presence in this world” (van Huyssteen 1997:4) en

tweedens, "[it] claims to point creatively beyond the confines of the local community, group, or culture towards a plausible form of interdisciplinary conversation". Volgens van Huyssteen, en ek is dit met hom heelhartig eens, lewer postfundamentalisme sodoende "...a viable third epistemological option beyond the extremes of foundationalism en nonfoundationalism," op (van Huyssteen 1997:4).

Ek volg wat ek wil noem, die derde weg. Hierdie konsep is van sentrale belang in my aanbieding, omdat die derde weg in harmonie is met die identiteit van my onderwerp, verbeelding. Hoe gaan die konsep van 'n derde weg deurlopend gehandhaaf word? Op 'n veelkantige en omvattende manier sal meermale 'n tussenposisie verdedig word. Bv. tussen fundamentalisme, en anti-fundamentalisme, posisioneer ek my op 'n postfundamentalistiese vertrekpunt. Tussen 'n deduktiewe en induktiewe aanpak, volg ek 'n abduktiewe benadering. Tussen hart en verstand, tussen emosie en intellek, staan verbeelding. Ek betree die ruim, speelse tussenwêreld in die wisselwerking van feit en fiksie.

> *...research and theory must grapple with both rational and emotional intelligence and focus particularly on the interplay between them. (Massey 2002:1).*

Dit is in die tussenwêreld, op meerdere terreine, waar verbeelding haar grootste bydrae maak. Dit is nie alleen tussen verstandskennis en emosionele intelligensie waar verbeelding 'n tussenganger is nie, maar ook tussen metode en tegniek. In 'n kreatiewe, verbeeldingryke navorsingsaanpak, is daar samehang, 'n wisselwerking tussen metode en tegniek. "metode en tegniek moet geïntegreer word tot 'n eenheid" (Müller 2000:72). Die vermoë om ingewikkelde en tradisioneel teenoorgesteldes in samehang te plaas, is een van verbeelding se belangrikste funksies. Verbeelding het by uitstek 'n brug-funksie. Sy volg 'n derde weg.

Daar is die laaste twintig jaar ontsettend baie eksperimente gedoen, en metodes gevolg en metings en vergelykings bewerkstellig, sowel as teorieë ontwikkel wat gerig was op beter insig en begrip van verbeelding (sien Davis & Brown 2000:73, en Nixon 2001:47). Die groot volumes artikels en

onvermoeide empiriese navorsing van die medewerkers aan die *Journal of Mental Imagery* onder redaksie van Akhter Ahsen (1999, 2001) sien ook Annet (2000) en Davis and Brown (2000), sowel as Hochman (1994, 2002) het die afgelope sewe en twintig jaar intensiewe navorsing oor *mental Imagery* gedoen. Dit is geweldig interessante werk, maar kon nie verbeelding as konsep meet, verklaar of bevredigend beskryf nie. Daarom werk ek gladnie kwantitatief nie, en maak nie aanspraak op kliniese, objektiewe waarneming nie. Die bestudering van die vele artikels wat Ahsen se redaksie publiseer, skep in my die uiters onvervullende besef dat dit hoegenaamd nie die manier is om meer van verbeelding te wete te kom nie. Daarom stuur ek doelgerig weg van ’n kwantitatiewe navorsingsaanpak. Veel eerder werk ek kwalitatief, en soos Bateson (1972;1979) dit stel, ‘met ’n ekologie van idees’. Ek wil verstaan eerder as om te verklaar, en volg dus ’n hermeneutiese aanpak. Ten diepste wil ek myself, my situasie, beter verstaan. Understanding, in its primordial sense, is implicated in relation with my situation, in the fundamental understanding of my position within being (Ricoeur 1981:55).

Ek werk verhalend[4] en daarom skryf ek verhalend.

“The paradigm defines and guides the content and end result of research. A modernist frame of mind (paradigm) will mean that scientific proof and the success of science will determine one’s world-view. A postmodern paradigm implies that knowledge is never absolute but always contextual.” (Janse van Rensburg 2000:2). Ek onderskryf Janse van Rensburg se stelling oor kennis in die postmoderne era, en aangesien ek midde in die postmodernisme staan, werk ek kontekstueel. Konteks is vir my van kritiese, deurslaggewende belang om by verstaan uit te kom. Om die leser opnuut te sensiteer vir die deurslaggewende belang van konteks in verstaan, plaas ek hierdie kort berig uit Maleisië wat in ’n onlangse dagblad verskyn.

**HANDE VASHOU LEI TOT BOETES IN MALEISIË**

Koeala Loempoer. – Paartjies in die Maleisiese stad Ipoh word beboet as hulle in die openbaar hande vashou. Sowat 30 ongetroude paartjies is al met 30 ringgit (sowat R104) beboet in 'n veldtog om dié stad "sedelik skoon" te hou… Ipoh se burgemeester, mnr. Sirajuddin Salleh, was onboetvaardig: "Die stadsraad beboet mense nie sonder rede nie. Die inwoners van Ipoh moet die stad 'sedelik skoon' hou. (Beeld Woensdag 4 Junie 2003:3)

Wetenskap gebruik taalkonstruksie om haar bevindinge te boekstaaf. Die reëls, lesse wat geleer is en verhelderende uitsprake en ontginnings van die taalwêreld is 'n baie noodsaaklike bousteen vir hierdie proses. Om hierdie rede speel die opbrengs en insigte van die literêre kritiek in hierdie navorsing 'n krities noodsaaklike rol. Spesifiek in die narratiewe beskouing ten opsigte van praktiese teologie, speel die aanwending van taal 'n sleutelrol. Wat oor die eeue geleer is van wetenskaplike taal, vaktaal, digkuns, verhaalkuns, politieke taal, fiksieskrywing, die roman, straattaal, kerktaal en welke ander verskeidenheid van taalvorme, is vir bevordering van hierdie wetenskap van kardinale belang. Die verskillende genres, met die dimensies van tragiek, komedie, erns, humor of beskrywing of kronologie, is vir die beoefening van deurleefde praktiese teologie van onskatbare waarde. Om genoemde redes beoefen ek 'n taalsensitiewe aanpak.

## 3 NARRATIEF

> *… everything is held together with stories. That is all that is holding us together, stories and compassion.*
>
> *Barry Lopez*

In watter vorm word my navorsingsresultate gegiet? Ek doen die navorsing op 'n narratiewe manier, en gee die resultate narratief weer. Dit doen ek aan die hand van Rouse (1990) se artikel, *The Narrative reconstruction of Science*. Ook benut ek Müller, van Deventer en Human (2001) se artikel getiteld *Fiction writing as metaphor for research: a narrative approach.* (Onder metodologie sal ek meer hieroor uitbrei.) Ek benut nie bloot verhaal as 'n literêre vorm om kennis weer te gee

nie, ek benut narratief as 'n tydelike, voorlopige organisering van die verstaan van 'n praktiese handeling. Ek organiseer die verstaan van 'n praktiese handeling, soos blyk uit gesprekke tussen my, en 'n paar medenavorsers, in 'n verhaal.

H. Richard Niebuhr met sy 1941 artikel *The Story of Our Lives* word as die vader van die narratiewe benadering gesien (van Huyssteen 1997:181). Veral sedert die 1970s het die benadering toenemend prominensie gekry. Van Huyssteen (1997:181) noem 'n aantal akademici wat met hierdie benadering vereenselwig word: "Paul Ricoeur, Hans Frei, David Tracy, George Lindbeck, Stanley Hauerwas, Sallie McFague, Johann Baptist Metz, Michael Goldberg, James H. Cone, Ronald F. Thiemann, Carol Christ, David Burell, Harvey Cox, and James McClendon, to mention but a few".

> *Narrative imitates life, life imitates narrative.*
>
> *Jerome Brunner*

Op die oomblik gons dit behoorlik in die praktiese teologie oor die narratiewe benadering, en spesifiek die rol van vertel, droom en verbeelding. Talle akademici skryf kreatief en boeiend hieroor. Mense soos David Tracy, George Lindbeck, Sallie McFague en Charles Gerkin. 'n Sterk aanduiding van die belangstelling wat hierdie onderwerp ontketen is die groot aantal magister en doktorale studies aan verskillende universiteite wat verband hou hiermee. Wat verblydend is, is die feit dat navorsers uit tradisioneel wyd-uiteenlopende benaderings, soos Ou-Testamentici, praktiese teoloë, sielkundiges en opvoedkundiges in hierdie benadering 'n uitdagende gesamentlike belangstelling vind.

Die paradigma leen hom tot deelname en inklusiwiteit, nie net van akademici nie, maar van elke mens met 'n storie. Daarom maak die paradigma ruim voorsiening vir interdissiplinêre werk, vir insette van talle vakgebiede en 'n verskeidenheid van benaderings. Ek neem my gespreksgenote se insette, medenavorsers en mense wat vanuit 'n

> *An uncommon degree of imagination constitutes poetical genius.*
>
> *Dugald Stewart*

psigologiese, antropologiese, teologiese en filosofiese vertrekpunt na verbeelding gekyk het, op gelyke vlak ter harte. Ook die digters, skilders, skrywers, adverteerders, filmmakers, vriende, familie en kinders se verbeeldingswerk word in die navorsing geïntegreer.

Ek is van mening dat daar skitterende bydraes tot wetenskapsbevordering ook in die filmteater, die flooimark, die populêre tydskrif, dagblad, advertensies en vele ander plekke te vinde is. Dit vra net ’n oop oog en ontvanklike hart, ’n gees van leerbaarheid.

Die narratiewe benadering laat genoeg ruimte vir wye wetenskaplike navorsing. Vir ’n ruim kyk, vir geheelblootstelling. Die geleentheid om met al die sintuie, en ook spesifiek die hart, emosie, verstand, gehoor, sig, intuïsie en siel betrokke te raak by menslike verskynsels wat nie deur meting, beskrywing, analise of definisie uitgeput kan word nie. Daarom kies ek hierdie paradigma, met optimisme en vertroue dat dit die mees werkbare benadering is om verbeelding in terapie na te vors. Ek glo dat die narratiewe benadering by magte is om verbeelding na te vors, en dat dit die mees integriteitvolle manier is om hierdie ondersoek te doen.

> *It does not matter what kind of story it is, people love stories. You can tell them about someone else, about yourself, about a story you read in the newspaper, or allude to a familiar story from the pages of Scripture. It matters not. People pay attention to stories.*
>
> *Hughes*

> *Verbeelding maak dit moontlik dat mense mekaar nie in skemas en ideologieë inpers nie. Dit respekteer ander mense se vryheid en selfstandigheid. (Vos 1999:506).*

Narratiewe navorsing is navorsing vir mense. Mense met gevoelens en harte en drome en strewes. Dis oogkontak navorsing, wat konfronteer, nie met die feite nie, maar met die siel. Dit is navorsing wat toegee dat die lewe nie met lettertjies vasgeskryf kan word nie. Dit roep om die kuns van lewe. Hier is nie eindresultate en wenformules nie, maar bydraes deur mense met oë en harte,

wat kan seerkry en lag en huil. Dis navorsing waar akademikus en straatloper in dieselfde rivier swem.

Hoewel ek narratief werk, is ek nie van mening dat die narratiewe benadering die absolute en finale antwoord vir wetenskapsbeoefening is nie. Ek beskou die narratiewe benadering as handig, bruikbaar en nuttig, maar beslis nie die enigste en uitsluitlike werkswyse nie. Hierdie benadering is deel van die wetenskaplike proses, wat eeue oud is. Dit staan in ’n ry saam met talle ander nuttige en bruikbare teoretiese vertrekpunte. Ek benut die benadering tot wetenskapsbevordering krities, omsigtig en met in agneming dat daar talle beperkinge en tekortkominge ook in die narratiewe benadering bestaan. Ek hou voortdurend in gedagte dat menswees so kompleks is, dat géén metode ruim genoeg is om aanspraak op totaliteit van aanpak te maak nie.

# 4 POSTMODERNISME

Navorsing vandag roep om begrip van die postmoderniteit. Ek noem dit spesifiek so omdat hierdie verskynsel nie ’n ware -isme is nie. Dit lê ten grondslag van postmoderniteit om nie naas kapitalisme, sosialisme of kommunisme of enige ander -isme geplaas te word nie, maar te verklaar dat dit ’n tydsgees is wat selfs die ander -ismes oorspan (vgl Janse van Rensburg 2000, Grassie 1997, en Shawver 1996). Dit is nodig om ’n grondige verstaan van die moderne era te hê, van die werks-, leef- en denkpatrone van daardie tydvak in die geskiedenis, alvorens postmoderniteit naastenby begryp kan word. Watter opbrengs het die modernisme vir die mensdom gebring, en watter leemtes is daar? Postmoderniteit hou geweldig baie dimensies van bedreigings (Janse van Rensburg 2000), en moontlikhede (White 1991) in. Ek wil in ag neem dat my navorsing in die postmoderne tyd gedoen word. Ek wil dit nie verander of daarteen rebelleer of my oë daarvoor sluit nie. Dis ’n tydige tyd om verbeelding na te vors! (Davis & Brown 2000:73). Wat ek graag hierbenewens in gedagte wil hou is dat ek in en van Afrika is. In Suid-Afrika, met sy politieke en maatskaplike voorstelling van ’n reënboognasie[16]. Vir my is dit die uiterste uitdaging en opwinding om my te verlustig in die veelheid van tale en kulture, gebruike, godsdienste en vlakke van ontwikkeling van die inwoners van ons land. Ons in vele opsigte in ’n lappieskombers samelewing.

Juis ook daarom is dit ongenuanseerd en veralgemenend om te praat van ’n postmoderne samelewing of konteks in Suid-Afrika. Daar is mense wat nog pre-modern leef en dink. Daar is ander wat die moderne era se waardes, lewenstyl en denke navolg. Daar is enkele, wat in Suid-Afrika, as gevolg van internasionale blootstelling aan denke, films, televisie, kommunikasie en akademie, reeds voorlopig vat vat aan ’n postmoderne lewensgevoel. Ek dink dis selfs nog meer kompleks as dit, naamlik dat mense voortdurend en deurlopend in Suid-Afrika gekonfronteer word deur pre-moderne, moderne en postmoderne denke, style en gebruike. Dis ongelooflik opwindend en verrykend om so te leef, tussen oeroue bygelowe, volksverhale en gebruike, simbolies voorgestel met ’n Lesotho-kombers om die skouers en punthoed van gras op die kop, en met ’n selfoon en skootrekenaar in die hand. Dis ’n land wat ’n vervloeïng van taal, kultuur, denke en geletterdheid moontlik maak. Om praktiese teologie in Suid-Afrika te beoefen, vra meer as om die aanname te maak dat die tydsgees noodwendig post-modern is. As gevolg van die tempo waarteen inligting en denke in die sogenaamde *Global village*[5] uitgeruil word, is dit desnieteenstaande noodsaaklik om die denkwyse en denkklimaat van die postmodernisme in ag te neem.

Hiervolgens is daar, as deel van die postmodernistiese tydsgees, ’n algemene bevraagtekening van die antwoorde wat die modernisme op talle terreine probeer gee het, veral met gewaande sekerheid en ’n absolute waarheidsbeskouing. Goudzwaard skryf dat modernisme “’n rasionalistiese geslote wêreld is, ’n wêreld sonder antwoorde” (Internos 1999:16). Gerkin (1991:11) praat van “ministry practitioners who are puzzled and concerned” sowel as “a climate of confusion and uncertainty”. Met die klem op sukses, op prestasie, op geld en op roem, is dit ’n koue, onmenslike omgewing met baie vaste idees oor hoe mense is, en behoort te wees. Die wetenskapsgroei, kennisontploffing en tegnologiese revolusie het ’n diep versugting gebaar. Mense wil net weer mens wees, net verstaan en gehoor word. Hulle wil in pas met hulle eie tempo kom, tot sin kom, ja tot verstaan kom. Hulle wil “tot verhaal” (Müller 1996) kom.

Die mensdom rondom die jaar 2000 verkeer in ’n krisis. Daar is ’n soeke na

groter menslikheid, meer egtheid en eerlikheid sowel as duideliker antwoorde. Die maatskappy KPMG adverteer nie sonder rede sy produk met die woorde: “Never before has so much technology and information been available to mankind. Never before has mankind been so utterly confused” nie; en dan sê hulle: “it is time for clarity” (Finansies en Tegniek Julie 1999:34). Dit verwoord iets van die frustrasie, agterdog en skeptisisme van die postmoderne lewensgevoel. Daar is sekere prominente verskille tussen modernisme en postmodernisme[6] wat ’n pastor móét verreken. Ek wil baie kompak, en sonder om uit te brei die grootste verskille in oogmerke soos volg weergee.

| **MODERNISME** | **POSTMODERNISME** |
|---|---|
| VERKLAAR | VERSTAAN |
| Werklikheid bestaan | Werklikheid word geskep |
| Objektief/subjektief | Intersubjektiwiteit |
| Universele waarhede | Meervoudige waarheid |
| Doelwitte | Proses |
| Taal: poog om toestand weer te gee | Taal: konstrueer werklikheid |
| ‘expert’ | ‘observer-participant’ |

Hierdie klein tabel is my eie samestelling en opsomming op grond van die werk van Bottum (1994), Fields (1995), Shawver (1996), Grassie (1997), Pocock (1999), Janse van Rensburg (2000) en Altena (2003).

Jordaan (1996:1) sê: “Modernisme kan filosofies verstaan word as ’n geloof in die vooruitgang van die menslike rede, en die saamgaande vertroue dat die menslike rede ontembaar is in die oplossing van die wêreld se baie soorte probleme op wetenskaplike, tegnologiese, mediese, ekonomiese, politieke, tussenvolkere en tussenmenslike gebied”.

Die fokus van hierdie studie is hoegenaamd nie die pre-modernisme, modernisme of die verskynsel van postmoderniteit nie, maar ek beskou dit as

van deurslaggewende belang dat navorsers, akademici en terapeute indringend op die hoogte van hierdie klimaat, hierdie atmosfeer waarin ons leef, moet wees. Dit nie ’n vraagstuk of ’n akademikus ’n voorstander of teenstander van postmodernisme is nie, of hy of sy daarmee vereenselwig of nie, dit is deel van die tydsgees waarin ons tans leef. Of iemand dit goed- of afkeur is nie die punt nie. Die punt is dat dit die heersende wind is wat waai (Grassie 1997:8). Dit is Janse van Rensburg (2000:35) wat sê: “No one can deny that we live in a postmodern age or era”. Goeie navorsing en terapie sal in diepte op hierdie verskynsel ag slaan. Dit lê ten grondslag van die verstaan van die narratiewe benadering tot navorsing, dat postmoderniteit diep ingeasem word, tot op die been verreken word. Ek huldig die mening dat dit ’n verkeerde aanname is dat modernisme in die Suid-Afrikaanse konteks verby is, en dat die postmodernisme nou as tydsgees alleen bestaan. Ek vind aanklank by Jordaan (1996:5) se gevolgtrekking as deel van ’n uiters insiggewende en boeiende beredenering oor hierdie sake. Hy sê: “Modernisme en postmodernisme is dus tydsgeeste wat gelyktydig bestaan en mededingend teen mekaar skuur” (Jordaan 1996:5).

*Panta rei.*
*Alles vloei, beweeg.*
*Heraclitus*

Binne ’n narratiewe benadering in ’n postmoderne konteks is daar groter ruimte, meer moontlikhede en die bereidheid om die samelewing se geykte weë te bevraagteken. Jordaan (1996:5) stel dit soos volg: “Op sy eenvoudigste gesien, kan die tydsgees van die postmodernisme... verstaan word as ’n voortsetting en verbreding van ’n relatiwiteitsbewussyn, en ’n diepgaande vertwyfeling oor en verwerping van die werkbaarheid van die drie grondpilare van moderniteit”. Hy noem hierdie drie grondpilare :

- “Demonstrasie van rasioneel gevonde sekerheid;
- Die moontlikheid en bereidwilligheid om uit die chaos orde te skep;
- En pogings om die mens se outonomie, sy ontwikkelende, geïndividualiseerde volkomenheid, te bevestig” (Jordaan 1996:2).

Ek posisioneer my midde-in hierdie gevorderde relatiwiteitsbewussyn van die

samelewing, en hou rekening met die agterdog wat daar heers modernisme as tydsgees bestaan. Daniel Adams skryf: "We are placed squarely between the times of modernity and that which is yet to come and is yet unnamed. Making the right choices is crucial" (Adams 1997:1).

"Postmoderne denken ontregelt. Dat kan irritatie wekken en een ongemakkelijke gevoel bezorgen" (Altena 2003:54). Hierdie gevoel van bedreiging en ongemak teenoor postmodernisme spruit uit die feit dat die geloofwaardigheid van die meta narratiewe, bv. betreffende werklikheid, taal, rasionaliteit en kennis bevraagteken word. Dit hou die gevaar in van absolute relativisme en uiteindelik volstrekte nihilisme. Te midde, en ten spyte van risiko's, ontstaan die vraag na hoe die opbrengste van hierdie gevorderde denke en uitgewysde problematiek van die postmodernisme vir die praktiese teologie benut kan word?

> *De pretentie van het denken van de moderne tyd is stukgelopen.*
>
> *Altena*

Van Huyssteen (1997:269) met verwysing na Pauline Marie Rosenau[7] beskryf twee groot strominge binne 'n postmoderne benadering: "affirmative and sceptical postmodernism. Sceptical postmodernism is the dark side of postmodernism, and offers a pessimistic, negative, gloomy assessment by arguing that the postmodern age, in its complete break with modernity, is an age of only fragmentation, disintegration, and meaninglessness, with vagueness or even absence of moral matters, a postmodernism of despair". Daar is egter ook 'n totaal ander benadering tot postmodernisme. Dit laat die vraag ontstaan watter moontlikhede en geleenthede postmodernisme skep, vir 'n beter verstaan, 'n meer integriteitvolle greep op die werklikheid. "Affirmative postmodernists, on the other hand, although they agree with skeptical postmodernists in their critique of modernity, have a more hopeful and optimistic view of the postmodern age. This kind of postmodernism is open to positive polotical action and the making of responsible normative choices, and seeks an intellectual practice that is nondogmatic, nonideological, and tentative" (van Huyssteen 1997:270)

Ek staan 'n konstruktiewe postmodernistiese benadering voor, en benut drie konsepte wat sentraal staan in Lyotard se opus en wat deur Altena (2003). vir my ontsluit is, naamlik die einde van die *geloofwaardigheid* van die groot verhale, die onvoorstelbare en die verhewene.

### 4.1 DIE EINDE VAN DIE GELOOFWAARDIGHEID VAN DIE GROOT VERHALE

Die eerste persoon wat die begrip postmodernisme in 'n filosofiese geskrif gebruik is Jean-François Lyotard, in sy boek *La condition postmoderne*. Hierdie werk word veral bekend om die uitspraak oor "het einde van de grote verhalen" (Altena 2003:22). Meer spesifiek en meer korrek geformuleer gaan dit om "een einde van de *geloofwaardigheid* van de grote verhalen" (Altena 2003:26). Dit gaan nie bloot om 'n verwerping van alle groot verhale nie, maar soos van Huyssteen (1997:268) dit noem, "'Superior' Metanarratives".

Kenmerkend van postmoderne denkers is dat hulle "een bom leggen onder alle grote verhalen die de pretentie voeren de werkelijkheid te kunnen benoemen" (Altena 2003:47). Die hele lewensbeskouing van só is dit, en klaar, word aan die kaak gestel.

> *Wie de waarheid claimt, heeft haar al verspeeld.*
>
> *Altena*

Postmoderne denke het dit teen die "dwingende macht van het eenheidsdenken" (Altena 2003:25). Die eenheidsverhale misken die verskeidenheid. Veel eerder bestaan daar in 'n konstruktiewe postmoderne benadering 'n "nadruk op de 'dissensus', heterogeniteit, verschillen" (Altena 2003:25).

Een van die krities belangrike terreine van die bevraagtekening van die groot verhale is die bevraagtekening van die legitimiteit van die versameling en weergee van kennis. Hoe staan 'n postmoderne standpuntinname teenoor wetenskapsbeoefening?

> *Bij zijn onderzoek naar de vragen rond de legitimatie van de wetenschap, maakt Lyotard een onderscheid tussen een wetenschappelijk en een narratief weten (Altena 2003:23).*

Wetenskap is ’n poging om die werklikheid dieper en steeds indringender te leer ken en verklaar. In plaas van die erkende wetenskaplike manier van kennisversameling, kom – volgens Lyotard – in ons tyd die “legitimasiemodel van de ‘parologie’ op”. Dit behels ’n ander manier van werk, met die klem op die klein verhale, wat moontlik tot ’n nuwe manier van dink en doen kan lei. In hierdie verband verwys Altena (2003:24) na Lyotard (1979:159) “de ‘kleine vertelling’ blijft de vorm bij uitstek van de verbeeldingsvolle uitvinding, en zulks vooral in de wetenskap”. Dit is by hierdie aspek van Lyotard se filosofiese beredenering waar ek my skaar. Die klein verhale, hou veel in, ek neem dit ernstig op, ek laat my steur aan die klein verhale, ek eerbiedig elk se individuele karakter en geldigheid in die navorsing.

Ten nouste samehangend met die klem op die klein verhale, hang die saak van die raaksien van die gemarginaliseerde. Een van die uitstaande kenmerke van postmoderne denke is dat daar “een grote gevoeligheid voor het vergetene en het gemarginaliseerde” (Altena 2003:47). in die samelewing bestaan. Die saak van die minderbevooregte, die aanhoor van hulle wie se monde gesnoer is, is op die spel. Die wat die onderspit delf, “datgene wat in onze wereld ontkend, verzwegen en vergeten wordt” (Altena 2003:54).

## 4.2 DIE ONVOORSTELBARE

’n Tweede konsep wat Altena uit Lyotard toelig is die kategorie van “het *onrepresenteerbare*” (Altena 2003:23). Omdat verbeelding ten nouste saamhang met die moeilik en onmoontlik voorstelbare, is hierdie konsep in Lyotard se werk vir my van groot belang. “Lyotard bindt de strijd aan met de representatiegedachte, die heel de westerse filosofie doordrekt” (Altena 2003:27). Daarteenoor stel hy “’de joodse’ denkvorm, die de notie van *het onrepresenteerbare* bewaart”. Dit is ’n gedagte wat Lyotard aan Heidegger ontleen, naamlik *‘les juifs’* en met die aanhalingstekens, omdat dit nie hier spesifiek na ’n etniese groep verwys nie maar na ’n manier van dink. Die kontras tussen ’n westerse voorstellingsgedagte van die werklikheid en die ‘joodse’ voorstelling van die werklikheid word deur Lyotard uitgewerk. Op hierdie punt maak Lyotard ’n onderskeiding tussen die christelike preek en die joodse denke. Die christelike preek poog altyd juis te onthul, te verduidelik,

aan die lig te bring, te interpreteer en uit te lê ter wille van verstaan. In die joodse vertelkuns gaan dit om iets totaal anders. “Tegenover de christelijke preek staat de joodse vertelkunst” (Altena 2003:46). Altena skryf met die oog op die homilitiek: ek wil egter sy werk konsekwent ‘vertaal’ vir die pastoraat. Pastorale terapie was dikwels ook gerig op onthulling, betekenisgewing, opklaring, en verklaring, terwyl dit soms mank gaan aan die vermoë om die misterie, geheimenis en die onsêbare te respekteer en te bewaar. “De joodse vertelkunst respecteert het nie-representeerbare door de verwachting in stand te houden” (Altena 2003:46). Hierdie navorsing wil ’n narratiewe pastorale terapie voorstaan waar die onsêbare gerespekteer word, die werklikheid oop gehou word, en die belofte of verwagting lewend bly.

In so ’n vorm van terapie behoort daar na die kuns gewend te word, omdat die kuns hierdie dimensie van ’n poging tot die onsêbare met die terapie deel. In terapie gaan dit immers om die mees essensiële dimensies van ons bestaan, en pogings om uitdrukking daaraan te verleen.

*Poetry heals the wounds reason creates*

*Novalis*

“Het ‘verhevene’ in de kunst (literatuur, schilderkunst) is de uitdrukking van de ervaring dat het wezenlijke of eigenlijke van onze werkelijkheid uiteindelik niet-presenteerbaar is. In de kunst en in de literatuur stuiten we op deze grens van het niet-weten, op de niet-presenteerbare, op het onuitsprekelijke” (Altena 2003:46). Kuns, uit die aard van sy kritiese karakter, het ’n wakkerskud funksie. Dit spreek aan waar woorde en definisies tekort skiet. “De verbeelding van de kunst schokt onze vanzelfsprekenheden wakker, maakt ons gevoelig voor de andere, verborgen, dimensie van de werkelijkheid” (Altena 2003:53).

“In zijn zoeken naar een omgang met het onrepresenteerbare spitst Lyotard zich steeds meer toe op de esthetiek” (Altena 2003:30). Hy staan verwonderd oor die “singulariteit, zijn gebeurtenis, zijn presensie, het gebaar er te zijn” (Altena 2003:30). ’n Aspek waarby ek in hierdie navorsing ten nouste wil aansluiting vind is die estetiese. Waar pas verbeelding in die vormgewing en nadenke oor die estetiese in?

"Het schone is de klassieke estetische categorie van de harmonie, een plezierige gewaarwording waarin er een harmonieuze toestand ontstaat tussen verbeeldingskracht en verstandscategorieën" (Altena 2003:30). Die proefskrif wil ook harmonie bevorder tussen verbeeldingskrag en verstandskategorië, en die aankonopingspunt rig die studie op die estetiese. Dit noodsaak 'n bewusyn van kuns op die voorfront, aandag vir die waarnemings van die kunstenaars op ons samelewing. Wat die *avant-garde* kuns betref "steeds gaat het om exploreren van het onbekende, van het grensverleggend voorbijgaan aan bestaande regels en het onbekende in beeld brengen" (Altena 2003:25).

### 4.3 DIE VERHEWENE

'n Derde konsep wat Altena uitlig uit Lyotard se werk is die feit dat hy 'n bewussyn van die 'sublieme' of verhewene wil versterk (Altena 2003:23). Ek benut hierdie rigting van denke ten opsigte van terapie. Pastoraat, as produk van 'n kreatiewe proses wat daarop uit is om 'n ruimte te skep of 'n ervaring te bemiddel wat die betrokkenes gevoelig maak vir die verhewene, vir die misterieuse karakter van die werklikheid, en dat daar altyd "een onzegbare rest, het surplus van de werkelijkheid" (Altena 2003:53) bestaan, is hier aan die orde.

Hierdie drie konsepte, naamlik die einde van die *geloofwaardigheid* van die groot verhale, die onvoorstelbare, met nadruk op die Joodse vertelkuns, en die versterking van die bewussyn van die verhewene, is drie baie belangrike boustene van die postmodernisme, wat ek in hierdie proefskrif benut.

## 5 DEKONSTRUKSIE: JACQUES DERRIDA

Wat is dekonstruksie in 'n neutedop? Dit is 'n bykans onbegonne taak om hierop te antwoord. Op 2 Oktober 1994 vind 'n interessante gesprek by die Universiteit Villanova plaas. Derrida neem deel aan 'n rondetafelgesprek in Engels as deel van die inhuldigingprogram van 'n doktorale program in filosofie. Die gesprek word deur Caputo (1997) versorg en onder die titel: *Deconstruction in a*

*Wat is deconstructie niet? Alles!*

*Wat is deconstructie wel? Niets!*

*Jacques Derrida Jacques Derrida*

*Nutshell* uitgegee. Dit bied my die geleentheid om Derrida self te lees oor wat hy met hierdie begrip bedoel, en nie iets *on Derrida* te moet lees nie. Hy is besorg daaroor dat daar soveel *on Derrida* gepubliseer word, dat dit klink of hy dood is, en dat daar ’n karikatuur van sy werk gemaak word deur mense met “a lack of respect for reading” (Caputo 1997:9). Ek wil nie hiertoe meewerk nie, en haal daarom slegs enkele grepe van hierdie gesprek, soos hy dit self sê, aan. Hy sê: “That is what deconstruction is made of: not the mixture but the tension between memory, fidelity, the preservation of something that has been given to us, and, at the same time, heterogeneity, something absolutely new, and a break” (Caputo 1997:8).

In die kort gesprek van ongeveer een uur, verwys Derrida twee maal na ’n verhaal van Maurice Blanchelot[8]. “The Messiah was at the gates of Rome unrecognized, dressed in rags. But one man who recognized that this was the Messiah went up to him and asked him, “When will you come?”” (Caputo 1997:24). Vir Derrida kom hierdie verhaaltjie die naaste aan wat hy bedoel met dekonstuksie. Daar ontstaan ’n spanning tussen die reeds en die nog nie, en veral die moontlikhede wat tussenin geleë is.

“Deconstructie is een aanduiding van een proces of gebeure die altyd gaande is, en dat alles wat zich aandient als definitief (bijv. waarheid, betekenis, identiteit enz.) ontkracht” (Altena 2003:33). Dié benadering tot ’n teks is om bevraagtekening en onsekerheid oor betekenis te skep, sodat nuwe betekenisse na vore kan kom. Die benadering het dit teen voorveronderstelling, bewysplaas en gewaande sekerheid van betekenis, of vaste betekenis.

“De deconstuerende manier van lezen is gericht op het blootleggen van veranderingen en op verschuivingen van bestaande (interpretatie) kaders en (denk) patronen” (Altena 2003:35). Dit vra ’n “maximale openheid waarmee de werklijkheid (van de tekst) tegemoed getreden word” (Altena 2003:35). Met hierdie openheid tot die teks, word dit “een oneindig netwerk van verwijsingen, waarin betekenis een problematisch concept wordt” (Altena 2003:35).

Dekonstruksie bevraagteken vanselfsprekendhede, en in die verbeeldingryke narratiewe terapie wat ek voorstaan is dit noodsaaklik om die deur wyd oop te

maak vir nuwe moontlikhede. Die gevestigde, gangbare patrone van dink en interpreteer moet in vertwyfeling gebring word. Dit skep die ruimte vir nuwe, verrassende en ongewone uitkomstes. “Deconstructie als centraal aandachtspunt bij de benadering van teksten breekt bestaande, zogenaamd vanzelfsprekende of gangbare interpretaties, open” (Altena 2003:36).

> *Deconstructie is het verstoren van de (zin) constructie, om zo nieuwe constructies tot stand te kunnen brengen. (Altena 2003:35).*

Hoe kan ’n vorm van postmoderne denke, naamlik dekonstruksie, vir terapie toeganklik gemaak en vrugbaar aangewend word? Daar heers groot skeptisisme[9] in wetenskaplike kringe oor die bruikbarheid van dekonstruksie. “Het is… van belang duidelik voor ogen te houden dat deconstructie niet een methode van radicale kritiek is die uitmondt in een volstrekt relativisme of totaal nihilisme” (Altena 2003:37). Enige munt het twee kante, en ek wil die positiewe dimensie van dekonstruksie in my proefskrif benut. “Naast het negatieve (kritische) moment is er het positieve (affirmatieve), dat erin bestaat dat nieuwe en onverwachte leesmogelijkheden worden ontsloten, waarbij teksten hun eigenheid (singulariteit) mogen behouden en onderling op een verrassende manier op elkaar in kunnen werken” (Altena 2003:37).

Dit is die positiewe dimensie in dekonstruksie wat ek graag wil ontgin, naamlik ’n openheid vir onverwagse en nuwe leesmoontlikhede, behoud van eiesoortigheid, en ’n verrassende inwerking op mekaar.

# 6 SOSIAAL KONSTRUKSIONISME

Ek benut een van die teorië wat die postmodernisme opgelewer het naamlik die benadering van sosiaal konstruksionisme. “Given a keen concern with the moral and political context, the scholar egages in forms of theoretical poetics that open the culture to new, forgotten or otherwise suppressed inteligibilities and, thus, new alternatives for action” (Gergen 2001:43). Die kennis en interpretasies wat ek in die proefskrif weerspieël, is nie deur my alleen tot stand gebring nie. In ’n proses van vraag en antwoord en interpretasie, het ’n produk tot stand gekom wat deur verskillende mense saam, gevorm is. Ek glo

dat kennis "'n gedeelde konstuk binne 'n interpreterende gemeenskap is, en nie slegs 'n psigologiese konstruk binne 'n waarnemer is nie" (Müller 1996:33). As gevolg van hierdie standpunt, was dialoog 'n krities belangrike komponent van die navorsingsgebeure.

> *Social constructionist inquiry is principally concerned with explicating the processes by which people come to describe, explain or otherwise account for the world (including themselves) in which they live. It attempts to articulate common forms of understanding as they now exist, as they have existed in prior historical periods, and as they might exist should creative attention be so directed (Gergen 1985:266).*

So het ek hierdie navorsing aangepak en deurlopend rekening gehou met 'n proses van betekenisskepping as 'n gesamentlike onderneming tussen individue.

> *…the process of understanding… is the result of active, cooperative enterprise of persons in relationship*
>
> *Gergen*

## 7 TEOLOGIESE POSISIONERING

George Lindbeck (1984) het 'n tipologie vir benaderings tot teologiese werk ontwikkel wat besonder verhelderend en bruikbaar is. In kort kom dit daarop neer dat hy sê dat alle teologië ontwikkel aan die hand van een van drie modelle, naamlik '"ropositionalist, experiential-expressivist, or cultural-linguistic". Teologië wat 'n 'propositionalist' benadering volg, funksioneer as informerende voorstelle of waarheidsaansprake insake objektiewe waarhede. Hierdie benaderings tot teologie beskryf bloot wat is. Die taak van so 'n teologie is die aankondiging van objektiewe waarheid. Teologie se taak volgens hierdie modelle is om die 'feite' aangaande die werklikheid weer te gee. Ek staan krities teenoor sodanige benaderings, omdat ek nie in objektiewe, algemeen geldende kennis of waarheid glo nie.

Die tweede model noem Lindbeck die "experiential-expressivist" benadering. Hierdie benadering is gewortel in die aanname van 'n gemeenskaplike kern van menslike godsdienstige ervaring. Dit hou verband met die opkoms en heerskappy van die individualisme van die moderne era, en het tot gevolg dat mense die hoogs individuele en privaat aangeleentheid van godsdienstige ervaring, verskillend uitdruk. Volgens hierdie model ervaar alle mense een of ander individuele vorm van godsdienstigheid, en die verskillende uitdrukkings daarvan vind gestalte in verskillende vorme. Die taak van teologie volgens hierdie benadering is om te poog om die gemeenskaplike godsdienstige ervarings van mense uit te druk. Hiermee kan ek my nie vereenselwig nie, want mense druk nie alleen godsdienstige ervarings verskillend uit nie, hulle het verskillende ervarings.

Die derde model noem Lindbeck die "cultural-linguistic model". Oor hierdie model skryf Lindbeck (1984:32) "religions are seen as comprehensive interpretative schemes, usually embodied in myths or narratives and heavily ritualized, which structure human experience and understanding of self and world". Hier word die taak van teologie om 'n spesifieke godsdienstige kultuur, soos vergestalt in verhaal en ritueel, te probeer interpreteer. Om godsdienstig te wees is vir Lindbeck deur en deur 'n gemeenskaplike aangeleentheid. 'n Mens word deur jou godsdienstige gemeenskap gevorm en leer sekere oortuigings en praktyke aan oor wat dit beteken om godsdienstig te wees.

> *The story of one's life is stiched together into the larger narrative of the Christian story (Gerkin 1997:108).*

Om die waarheid te soek binne so 'n gemeenskap beteken om lojaal te wees aan "the primary narrative that structures the community's way of being in the world" (Gerkin 1997:110). Ek onderskryf Lindbeck se model van 'n "cultural-linguistic" benadering tot my werk.

Oor hierdie model, waarby Charles Gerkin (1997:105-114) ook aanklank vind, skryf hy: "The cultural-linguistic model of doing theology is the most fundamental model by which a community can care for individuals and families". Waarom is hierdie model van teologisering so geskik vir pastorale

sorg? “It has the unique ability to provide people with a storied context of ultimate meaning for their lives” (Gerkin 1997:110).

In hierdie proefskrif word daar klem gelê op verhale, beelde en metafore soos dit tydens narratiewe pastorale terapie funksioneer. Hierdie fokus noodsaak my om aanklank te vind by ’n reeds verteenwoordigende groep teoloë wat werk onder die vaandel van metaforiese teologie (sien Gerkin 1991:22). Persone wat met hierdie manier van werk geasosieer word is onder andere Sallie McFague[10] en David Tracy[11]. Die uitgangspunt is dat daar nie een oorkoepelende metafoor bestaan wat volkome in staat is om die ryk en veelkantige betekenisse van die Christelike verhaal te vertel nie (sien Gerkin 1991:22). ’n Veelheid van metafore, wat altyd in ’n dinamiese, ontwikkelende proses van betekenisgewing betrokke is, is nodig. Vandaar die naam, metaforiese teologie.

### 7.1 Samevattend


Hoe posisioneer ek my teologies? Ek benut ’n ‘cultural-linguistic’ model vir teologie, wat ‘a storied context vir ultimate meaning’ verskaf. Ek vereenselwig my verder met ’n metaforiese teologie.

## 8 PRAKTIES TEOLOGIESE POSISIONERING

In die lig van ’n kritiese evaluering en vergelykende studie tussen die werk van Eduard Thurneysen[12] en Seward Hiltner[13], maak Alasdair Campbell die voorstel dat praktiese teologie ’n vernuwing ondergaan. ’n Her-definiëring van die aard en skopus van die vak moet beslag kry. Hierdie nuwe agenda vir praktiese teologie moet “politically aware and theologically courageous” wees (Campbell 2000:84).

Die twee uitgangspunte wat Campbell stel, naamlik polities bewus, en teologies dapper, word in hierdie proefskrif ter harte geneem. Hierbenewens benut ek ook die gedagte van ’n “process cycle” wat Lartey ontwikkel het.

Emmanuel Lartey (1996) het op grond van die werk van Tracy, Farley, Whitehead, Browning, Green, en Groom, inspirasie geput om sy eie 'pastoral cycle' voor te stel aan die hand waarvan prakties teologiese navorsing gedoen kan word (Lartey 1996:75). Die 'process cycle' verloop sirkulêr en kan soos volg voorgestel word:




Die praktiese teologie wat ek hier bevorder, neem die praktyk-teorie-praktyk beweging ter harte (vgl. Heitink 1993:151 en Müller 1996:2). Dit is 'n bewegende, sirkulêre praktiese teologie. Dit is onafgesluit en oop, immer ontwikkelend. Verder is dit 'n praktiese teologie wat aansluiting vind en voortbou op veral die werk van praktiese teoloog Charles Gerkin.

## 8.1 GERKIN

Gerkin ontwikkel vanaf 1979 tot 1991 wat hy noem "a narrative, hermeneutical methodology for doing practical theology in pastoral care and counseling" (Gerkin 1997:18). Hy stel hierdie ontwikkeling op skrif in vier boeke, naamlik *Crisis Experience in Modern Life: Theory and Theology for Pastoral Care, The Living Human Document: Revisioning Pastoral Care in Hermeneutical Mode, Widening the Horizons: Pastoral Responses to a Fragmented Society, and Prophetic Pastoral Practice: A Christian Vision of Life Together.*[14] Hy noem pastorale sorg die 'primary thrust' van sy bediening, en ontwikkel die

narratiewe, hermeneutiese benadering teen die agtergrond van sy ervaring as gemeenteleraar, sowel as twintig jaar se ervaring in kliniese institusionele kontekste, asook ’n aanstelling by ’n teologiese seminarium (vgl Gerkin 1997:15-17). Gerkin het grondige ervaring van gemeentebediening, die psigologie en teologie, en vir my werk is dit belangrik, omdat ek hierdie twee vakgebiede en my eie bedieningservaring in die proefskrif in dialoog bring.

Gerkin (1991:13) stel dat sy benadering veral op drie vlakke tuiskom. Dit is praktiese teologie wat navrae doen aan die hand van bedieningspraktyk. Verder slaan so ’n teologie ag op die daaglikse, normatiewe en visionêre grens-stellende praktyke van kerkmense wie al meer en meer gekonfronteer word met ’n geweldige pluriformiteit insake norme, waardes en ’n perspektief op wat die ‘goeie lewe’ sou behels (sien Gerkin 1991:13). ’n Derde arena waarin sodanige praktiese teologie geïnteresseerd is is die breë, alledaagse praktyk van die kultuur en samelewing waarin die kerk haarself bevind. In kort kom dit daarop neer dat hierdie spesifieke praktiese teologie intens ag slaan op bedieningspraktyk, normatiewe grensstellende praktyk van kerkmense, en die daaglikse, normatiewe gebruike van die kultuurgemeenskap. Gerkin (1991:13) skryf: “At each of those levels there are questions of norms and visional boundaries that have become increasingly urgent and difficult”.

In die huidige Suid-Afrika, met elf amptelike tale en ’n totale *rainbow nation*[15] is daar ontsaglike diversiteit en pluraliteit van kultuur en lewenstyl. Ek vind aanklank by Gerkin se opmerking dat so ’n samelewing beide risiko en moontlikheid inhou (Gerkin 1991:14). Die risiko behels fragmentasie, “the creation of a society that has lost its sence of direction and unity concerning values and normative practices” (Gerkin 1991:14). Hierdie fragmentasie en bykans disintegrasie van norme en waardes in ’n samelewing is ’n wesenlike bedreiging, en my ervaring is dat hierdie probleem deur talle lidmate van die gemeente bekla word. Die pluraliteit lewer egter nie net ’n risiko op nie, maar ook moontlikhede.

> *The opportunity is that, in a situation of norms and values flux, some of the reified values and oppressively constricting boundaries that have brought harm to some*

> *members of the society may be broken open and become subject to creative transformation (Gerkin 1991:14).*

Dit is juis die geleentheid wat ek in die proefskrif wil uitbou en nader wil toelig. Gedurende 'n tydperk van normverwarring en onsekerheid oor kwaliteit lewe, is die omstandighede swanger van moontlikhede vir praktiese teologie. Die rol van verbeelding in hierdie "creative transformation" is op die spel. Gedagtes insake die beskrywing van 'n ontsaglik pluriforme en diverse samelewing lig ek nader toe onder die begrip postmoderniteit. Die kwessie van "oppressively consticting boundaries that have brought harm" (Gerkin 1991:14) en waarvoor Suid-Afrika internasionaal berug geword het, spreek ek aan deur die benutting van die konsep van die dekonstruksie van mag, wat ek ook in groter diepte sal toelig.

Die praktiese teologie wat Gerkin uitbou het 'n besondere sterk waarde en norme inslag. Hy skryf (1991:15) van 'n "socio-cultural morass" en "value contradictions" en "value faddism" en die "malaise of norms and boundaries fragmentation". Binne so 'n samelewing moet die praktiese teoloog duidelikheid kry oor die kern waardes wat sy eie lewe en bediening onderlê. Sy voorstel is dat "That undergirding must be derived from the core values and meanings rooted in the primary texts of the Christian narrative tradition" (Gerkin 1991:15). Soos in 'n artappelland, moet die kern waardes weer ontdek, uitgedolwe en afgespoel word.

Die raakvlak, die aanknopingspunt van my eie benadering by die van Gerkin is geleë in wat hy noem die onderliggende voorveronderstellings van sy teorie. Daar moet begrip en insig in die Bybelse storie van waardes wees, sowel as kennis en 'n visie van die hedendaagse veelvuldigheid van waardes, om êrens in staat te wees om 'n verantwoordbare posisie in te neem. Hiervoor werk Gerkin met die verhale.

"The Christian community has sustained itself over centuries of time by maintaining its loyalty to the biblical collection of stories and other writings that tell of the coming into being of a people who saw themselves as the people of God whose primary relationship was to that God, who brought them into being

and sustained their life” (Gerkin 1991:16). Hoe is die Christelike identiteit oor die eeue in stand gehou? “Through the appropriation and reappropriation of the images, themes, and metaphors of that biblical narrative” (Gerkin 1991:16). Deur ’n toe-eiening en her-toe-eiening van die beelde, temas, en metafore van die Bybelse narratief. Hierdie spesifieke pastorale terapie wat ek voorstaan is daarop gemik om die goeie, mooi en betekenisvolle lewe te bevorder. Dit verg eienaarskap en toepassing van waardes. Dit roep ’n normatiewe visie van betekenisvolle lewe voor die gees.

> To say that the biblical and Christian narrative contains a normative vision of what life is and should be is to suggest that there is a certain aesthetic ethic - an aesthetic vision of the good, the true, and the beautiful - that has been powerfully operative in the Christian community’s self understanding.
>
> Wisdom about human affairs was to be guided by the wisdom found in the biblical narratives and teachings.
>
> Although the normative values and meanings that took form in the biblical, and later Christian, narratives may be objectified and argued philosophically and theoretically in the language of logic and reason, they are more often appropriated by ordinary persons not by logical argument or by the rule of reason, but metaphorically and in the manner of living life according to the governance of a story that portrais certain images of the good life.
>
> [ordinary people]… tend to follow a fundamental intuitive, and at times unexamined, aesthetic ethic - an aesthetic vision of the good and Christian life that they carry with them in their imagination (Gerkin 1991:17).

’n Proses van herwinning en toepassing van kenwaarhede is noodsaaklik. Hierdie herwinning van waardes, of die toepassing daarvan op die hedendaagse situasie hou risiko in, omdat dit maklik verkeerdelik van toepassing gemaak kan word. “It should be kept in mind, however, that …the interpretation and reinterpretation of a tradition such as the biblical and Christian tradition is a continuous, living, dynamic process” (Gerkin 1991:18).

Die pastor skep ’n dialogiese verhouding tussen die spesifieke situasie van die pastorant, en die metaforiese waardes en betekenisse in die Christelike storie. “Pastoral work virtually always involves tending this dialogical relationship in which both the particularity of the situation at hand and the horizon of meaning contained in the Christian story become open te reassessment, reevaluation, and reinterpretation” (Gerkin 1991:19). Dit is ’n interpreterende taak, omdat beide die betekenisse in die kernverhaal van die Christen geloofsgemeenskap, sowel as die spesifieke verhaal voor hande geïnterpreteer moet word. Gerkin maak op hierdie punt gebruik van Hans-Georg Gadamer[16] se uitdrukking, *fusion of horizons*. Die versmelting van horisonne veronderstel dat die pastor in staat is om hierdie twee horisonne, die kernwaardes van die Christelike verhaal aan die een kant, en die spesifieke situasie aan die ander, kreatief te versmelt.

> *Sin, kan nie sinvol nagejaag word sonder ‘n duidelike beeld (verbeelding) van ‘n toekomsstorie nie.*
>
> *Julian Müller*

Hoekom sluit ek by Gerkin se “metaphorical, narrative, hermeneutical, pastoral theology” (Gerkin 1991:46) aan? Sy benadering is :

- grondig metafories
- gesteld op die toe-eiening en her-toe-eiening van waardes
- ernstig met die Bybelse narratiewe, sowel as die eietydse situasie
- gesteld op die bevordering van lewenswysheid
- gemik op die realisering van die goeie, mooi en betekenisvolle lewe
- kreatief en visionêr

Müller (1996) bou voort op Gerkin se teorie. Nie alleen gaan dit vir hom om ’n narratiewe hermeneutiese pastoraat nie, maar om ’n eko-hermeneutiese pastorale paradigma. Sy aanpak sluit die interpretasie van die Christelike verhaal, in dialoog met die individu se verhaal in, maar die reikwydte in ’n eko-hermeneutiese benadering word veel wyer getrek. Dit gaan om die wydste moontlike, en mees inklusiewe verstaan van interpretasie (Müller 1996:17). In

sy benadering tot die pastoraat gaan dit om ’n egte soeke na sin, en in die betekenissoektog word gepoog om te verstaan. Die persoon wat wil verstaan moet in die betekenisgeheel opgeneem word (vgl. Müller 1996:14). Dit veronderstel ’n verstaan van betrokkenheid, van deelname en van ervaring. So ’n vorm van verstaan behels ’n geheelervaring, sowel as die rekenskap van geleefde ervaring. Hiervoor is nie alleen interpretasie van inligting nodig nie, maar wysheid.

Müller (1996:2) praat van “prakties-teologiese wysheid”, om daarmee duidelik te maak dat dit om ’n teologiese integrasie van teorie en praktyk gaan. Daar behoort, volgens hom, ’n *spanningsvolle bipolariteit* tussen hierdie twee aspekte van die werklikheid te bestaan (vgl. Heitink 1993:149). Hierdie dimensie van die beoefening van praktiese teologie is na my mening ’n juiste aanvoeling van die belangrike praktyk-teorie vraagstuk, en daarom volg ek in die proefskrif, deurlopend ’n praktyk-teorie-praktyk beweging.

Verbeelding as verhaalskeppende aktiwiteit in pastorale terapie is ’n ‘kommunikatiewe handeling’, soos Pieterse (1993:52) die terrein van die praktiese teologie beskryf. Ek poog om tot verstaan te kom met inagneming van eie geleefde ervaring, betrokkenheid en ’n poging tot die wydste moontlike konteks vir verstaan. Hierdie navorsing is daarop gerig om die handeling van verbeelding in narratiewe pastorale terapie, teen die agtergrond van die Bybelse verhale, sowel as die konteks van my samelewing en eie ervaring, teologies te verhelder.

Daarom benut ek die volgende beskrywing van praktiese teologie: “Praktiese teologie is die sistematies gestruktureerde, voortgaande hermeneutiese proses, waardeur gepoog word om menslike handelinge, wat verband hou met die verhale van die Christen-geloofsgemeenskap, teologies te verhelder en te vernuwe” (Müller 1996:5). Hierdie soort praktiese teologie eis betrokkenheid en veronderstel ’n hermeneutiese avontuur (Müller 1996:24).

## 8.2 SAMEVATTEND

Watter prakties teologiese standpunt neem ek in? ’n Eko-hermeneutiese, narratiewe praktiese teologie. ’n Teologie wat die praktyk-teorie-praktyk

beweging en sodoende 'n "process cycle" benut, wat prakties-teologiese wysheid sowel as betrokkenheid en deurleefde ervaring veronderstel. Ek beoefen dit vanuit 'n avontuurlustige lewenshouding, met 'n gretige toespitsing op die onverwagse en verrassende aard van die lewe.

# 9 NAVORSINGSPOSISIONERING

Hoe pak ek die navorsing aan? 'n Hele aantal aspekte, soos genoem in wetenskaplike posisionering, teologiese posisionering en prakties teologiese posisionering word in aanmerking geneem ten opsigte van my posisie teenoor navorsing. My navorsingsposisionering word bepaal deur die gesamentlike opbrengs van al die ander innames van standpunt. Dit bepaal hoe ek my teenoor navorsing posisioneer. Ek beoefen 'n kwalitatiewe navorsing. Ek neem 'n eko-hermeneutiese narratiewe standpunt in ten opsigte van my navorsing. Sodoende poog ek om eenstemmigheid tussen my benadering en werkswyse, en steeds regdeur die navorsing 'n praktyk-teorie-praktyk beweging in stand te hou. Ek beoefen 'n sosiaal-konstruksionistiese navorsing. Omdat ek deel is van my sosiale konteks, en in samewerking met my medenavorsers werk, word enkele van die kontekste waarbinne ons leef vervolgens toegelig.

> *A story can express*
>
> *what cannot be said otherwise.*
>
> *Ruard Ganzevoort*

# 10 KONTEKSTE

## 10.1 AFRIKA

Die woord spel avontuur, natuur, gevaar, ontdekkingsreis. Dit roep asem-benewende natuurskoon en misterie voor die gees. Dis 'n kontinent wat 'n bykans magiese aantrekkingskrag het. Haar diere, haar skoonheid en verskeidenheid het 'n uitsonderlike bekoring. Dit vertel van kultuur en verskeidenheid, van duisende kilometer strande en hawestede, slawehandel, woude, riviere en berge en mere. Ja, dis 'n onheilspellende kontinent waar oorlewing en gedrag en lewensuiting tot die ekstreme gedryf word. 'n Plek van geeste en voorvaders, van oorloë en toordokters en tradisionele genesers en medisyne wat eeue vantevore ontdek is. Dis die leefwêreld van die Afrika

kryger wat met net sy spies in die hand die natuur se kragte trotseer. ’n Wêreld vol riviere, leeus en giftige slange en spinnekoppe. Donker waters waarin krokodille en seekoeie en watergode skuilhou. Hier in Afrika, in die vlamlig van ’n groot vuur, kry dans en seksualiteit, verhaal en gevaar, verdrukking en uitkoms, ja, kry lewe en dood eiesoortige kontekstuele betekenis. Ek voel hierdie kontinent se asem teen die haartjies op my vel, want ek is hier gebore, ek drink sy water, ek bly hier.

*Kontrak*

*U het die wêreld oopgeskiet*
*tot grot en gramadoela;*

*toe die blaar en riet,*
*U arbeiders, gestuur; wortels*
*wat nederig werk, die mier*
*wat stokkies dra*
*en beitelpunt van die rivier.*

*U droom met dinamiet*
*en laat aan arbeiders*
*die besonderhede en verdriet.*

*DJ Opperman*

Hierdie unieke kontinent het ’n bydrae om te lewer. Spesifiek ook ’n navorsingsbydrae, ’n akademiese stuiwer. Ek is deel van die Afrika-droom. ’n droom oor ’n beter môre, ’n helder nuwe dag, waar mense weer kuier en liefhet en lag en verhale vertel, waar gemeensaamheid en respek vir oud en jonk nagestreef word. Dis nie die droom van die idealisme, of die utopia van die kommunisme nie, maar ’n droom gebou op verhale van mense, verhale van die viering van die lewe.

Dis my kontinent, dis my mense. Ek wil in ag neem dat Afrika se politici, skrywers, digters en inwoners ruim en hartlik en dapper gedroom het vir eeue. Ek wil dans op die polsende ritme van die trom, die swart en wit koor se lied oor verbeelding belangstellend en nuuskierig aanhoor.

## 10.2 SUID-AFRIKA

Ek leef in post-apartheid Suid-Afrika. Ek ken apartheid. Ek het diensplig gedoen. Ek ken en leef in ’n nuwe land, in ’n reënboognasie. ’n Land met geweldige transformasie, regstellende aksie, met geleenthede, uitdagings en moontlikhede. ’n Ontwikkelende en ontluikende, groeiende land. Waar

navorsing baie in aanvraag is. Waar navorsing noodsaaklik en broodnodig is. ’n Land wat droom, (Sien Hunt & Lascaris 1998) en wat kan vertel dat verbeelding werk! Dis letterlik en figuuurlik ’n land met vergesigte. Ek kan die volgende woorde van Viljoen met volle oorgawe nasê:

*ek is sy water, lug en mineraal*

*my tong stamel sy verhaal.*

*Hein Viljoen*[17]

## 10.3 Die Nelson Mandela impak

Daar is ’n persoon wat die val van apartheid simboliseer. Ek was twee jaar oud toe hy tronk toe gestuur is, en sewe en twintig jaar later, in die jaar waarin ek in my tweede gemeente bevestig is, is hy vrygelaat en het hy die president van sy land geword. Sy outobiografie, *Long walk to Freedom,* en sy lewe, optrede en getuienis het ’n onuitwisbare indruk op my lewe gemaak. Ek het geleef en grootgeword binne die sosiaal-gekonstrueerde werklikheid van apartheid. Ek het as volwassenne die voorreg beleef om hierdie werklikheid te sien kwyn, verbrokkel en te sien breek, en hoe ’n samelewing ’n ander gedroomde, verlangde en gewensde werklikheid skep en vestig. Hierdie droom en bykans onhaalbare ideaal het in die gedagtes en hart van Nelson Mandela geleef. Die vryheidstrewe, en behoefte aan selfstandigheid en menslikheid het nie net ’n vae droom gebly nie, dit het ’n tasbare werklikheid geword! As inwoner van my land kan ek nie anders as om hierdie geweldige invloed op my eie lewe raak te sien en te verreken nie.

## 10.4 Die Universiteit van Pretoria

Ek is in die Jakarandastad gebore. Baie gereis, baie jare afwesig maar ek is terug in die skaduwee van die Magaliesberg, die Uniegeboue en die Voortrekkermonument, Unisa en ander bakens, soos Magnoliadal en die Universiteit waarvoor ek lief is.

Die Universiteit van Pretoria is ’n dinamiese, toekomsgerigte en versnellende instelling. Die huidige rektor, professor Calie Pistorius is ’n man vir innovasie, soos blyk uit die totstandkoming van die Instituut vir Innoverende Denke, en

die huisvesting van die de Bono Stigting vir kreatiwiteit. Hier word kreatiewe, verbeeldingryke denke sterk bevorder en gestimuleer.

Hy sê: "Dit is vir die Universiteit belangrik dat sy graduandi wêreldklas mense moet wees, eerder as net wêreldklas ingenieurs, dokters, prokureurs of ander spesialiste… Die Universiteit noem die wêreldklas mense wat hy gaan oplewer die Innovasie Generasie. Dit is 'n handelsmerk van die Universiteit wat die gees van uitnemendheid en ondernemerskap weerspieël" (Pistorius in Tuks alumni 2002:1). Dit is met vrymoedigheid dat ek my met so 'n bruisende instelling kan vereenselwig. In sy geboue, tuine, mense en navorsing is iets van hierdie verbeeldingryke strewe onderliggend en dinamies aanwesig. Ek wil hierdie handelsmerk, soos in die verlede, met trots dra.

Mensbeskouing

Verbeelding is 'n mensverskynsel. Mense het die vermoë om beelde in hulle gedagtes na vore te roep van iets wat hulle eens beleef of gesien het, ook van dinge wat hulle nog nooit gesien het nie. Omdat dit 'n mensverskynsel is, oordeel ek dit noodsaaklik dat ek ter aanvang van hierdie studie sal vra na my mensbeskouing. Sal vra hoe sien ek mense? Wat dink ek van mense? Wat verstaan ek van menswees? Wat verstaan ek nie? Waarom wil ek juis hierdie faset van bestaan navors? Hoe beïnvloed hierdie deel van menswees ons bestaan, ons lewe? Juis oor lewe, lewe as mens, moet ek my ook verantwoord en eerlik voor my motiewe en pespektiewe gaan staan.

*We set our life by the images we get, but we get our life by the imaginations we set.*

Ek is geïnteresseerd in mense. Klein en groot, oud en jonk, manlik en vroulik, hulle spreek tot my. Raak my aan, boei my gedagtes en laat my wonder. Wonder wat gaan binne in hulle lewens en harte aan. Ek kyk na hulle. Ek is nuuskierig. Ek kyk fyn na hulle. Hulle uiterlike, die hande en hare en oë. Ek let op hulle gebare en liggaamshouding en aanwendsels. Ek luister dorstig na hulle stemtoon, warmte van stem, luidheid. Selfs dié van die koerantverkoper, sy maniere, sy entoesiasme en verkoopstegniek. Ek kyk met oorgawe, mans en vrouens en kinders en bejaardes. Ek verlustig my in die rykdom. Ek weet daar

gaan iemand verby met ’n duisend verhale, ’n biblioteek, en ek wens ek kon ’n paar bladsye lees. Ek sien die lyne van lyding, die geheimsinnigheid en misterie, die afgetrokkenheid. Ja dikwels die hoë skanse soos mure om ’n Sandton erf. Mense vul negentig persent van my dag. Kyk! Daar gaan hulle verby! Wat ’n asembenewende verskeidenheid!

Die bekroonde historikus Herman Giliomee sê in ’n persoonlike gesprek op 8 Mei 2003 tydens die bekendstelling van sy boek, *The Afrikaner* by Protea Boekhandel in Pretoria: “Mense is geïnteresseerd in stories, hulle hou van verhale oor ander. Hulle kan daarmee identifiseer. En verder sê hy opgewonde: “Kyk, laat ons eerlik wees, ons staan in ons eie volksverhale voor ’n galery van helde en skurke!”

Langs die pad veskyn daar dikwels inspirasiefiggure. Mense wie se kyk en ondeundheid gemeng met lewenslus en ondervinding en ’n paar korrels sterk humorsin my gees oplig en my bloed vinniger laat vloei. Brueggemann is een so ’n figuur, maar na baie bepeinsing oor hierdie onderwerp besef ek hoe onberekenbaar veel mense my al geïnspireer het. My ouers, gesin, familie, onderwysers, predikante, militêre bevelvoerders, dosente, vriende en lidmate en vreemdelinge wat deur skrywe of kortstondige kontak my lewe verryk en beweeg het. Ek het tot die slotsom gekom dat as ek net oop is daarvoor, daarna soek en dit verwag, dit raaksien, bykans elke mens my inspireer en ’n unieke bydrae tot my lewe teweeg bring. Waar ek met aandag ag slaan op mense, kan ek my maklik vereenselwig met hulle verhale en baie vreugde daaruit put. Ek het vir die doeleindes van die studie gaan sit en ’n onafgesluite lys van meer as ses honderd name, vir my die vesel en murg en deel van die gebeente van my eie agtergrond, ontwikkeling en navorsing, opgestel. Dis my inspirasiefiggure, my persoonlike, unieke en omvattende verskeidenheid bronneskatkis van mense wat my lewe voortdurend verfris en verfraai. Ek salueer en eer hulle.

> *The greatest tragedy that can befall us is to go unimagined.*
>
> *Monaday*

My mensbeskouing resoneer saam met die gong wat Moore as samevatting van die ekosistemiese mensbeskouing slaan, wat 'n mens voorhou wat

- as 'n subsisteem binne 'n konteks van groter sisteme funksioneer,
- betekenis in taal aan ervarings toeken en so 'n 'werklikheid' skep wat vir hom of haar geldig is; en

outonoom ooreenkomstig hierdie betekenisstruktuur optree as deel van 'n netwerk van veranderende interaksionele betekenispatrone funksioneer (Meyer et al 1997:590).

## 11 POSISIONERING TEN OPSIGTE VAN KREATIWITEIT

Ek verstaan alte duidelik dat ek met 'n proefskrif besig is. Daar bestaan sekere basiese voorveronderstellings, reëls, vereistes en verwagtinge van hoe 'n proefskrif behoort te lyk. Daar is 'n standaard, daar is 'n norm, daar bestaan 'n sosiaal-gekonstrueerde akademiese diskoers aangaande proefskrifte. Ek wil graag die tradisie, kultuur en waardigheid van hierdie diskoers respekteer en handhaaf.

Hierbenewens verstaan ek dat ek hoegenaamd nie 'n roman, 'n sprokie, 'n outobiografie of kortverhaalbundel skryf of saamstel nie. Elke genre het sy eie styl, skep eiesoortige verwagtinge en voldoen aan sekere kriteria. Ek wil dit deurlopend in aanmerking neem en die akademiese skryfstyl eerbiedig en navolg.

> *My verweer teen die lewe is kreatiwiteit.*
>
> *Hennie Aucamp*

Daar is egter 'n ander kant van hierdie munt. Ek wil voor my onderwerp gaan staan en toelaat dat die vlam van my navorsingstema se gloed en skaduwees op my val. Ek wil in die vel van die verskynsel inklim en toelaat dat verbeelding kreatief aan hierdie werk deelneem. Dit sou baie on-narratief, on-produktief, on-skeppend en on-kreatief wees om verbeeldingloos oor verbeelding te werk. Daarom wil ek so verbeeldingryk en skeppend en kreatief as moontlik werk. Ek wil die geur en

reuk en smaak van verbeelding in die werk self vind. Nie kunsmatig en kosmeties nie, maar in die weefsel en vesel van die navorsing. Om genoemde redes, werk ek saam met kleurvolle karakters, op gekleurde bladsye, met gekleurde ink. Ek benut tekstuur, lyn en uitleg. Ek benut afwisseling van styl, metafore, verhale en redevoering. Ek gebruik flitsgedagtes in blokkies met skaduwees om diepte weer te gee. Ek gebruik foto's, prentjies, advertensies en skilderye. Ek benut die internet. Ek is 'n voorstander van 'n praktiese teologie wat op die voorpunt van verwikkelinge in wetenskapsbeoefening is, wat elke beskikbare hulpmiddel aanwend om die kommunikatiewe handelinge effektief te kommunikeer; eietyds; oorspronklik; verrassend en vars. Weens die flitsende aard van kommunikasie, die meervoudigheid van betekenis, benut ek die flitsgedagtes.

## 12 METODOLOGIE

Die vraag waarmee my narratiewe wetenskaplike paradigma my gelaat het is: Hoe kan ek my navorsingsresultate aanbied in 'n vorm wat getrou is aan my basiese vertrekpunte? Hoe kan ek my navorsing verhalend, taalsensitief, met respek vir die klein verhale en tegelyk logies, beredeneerd en samehangend aanbied? 'n Artikel wat my gelei het na my metode is die van Müller, van Deventer en Human getiteld *Fiction writing as metaphor for research: a narrative approach*. Hierin word fiksieskrywing as handige metafoor vir die optekening van navorsingsresultate beskryf. Dit is 'n vindingryke en interessante manier van doen, wat op 'n sinkroniese wyse op Müller se pad gekom het, en wat hy later uitwerk tot 'n bruikbare metode vir narratiewe navorsing. Müller hoor tydens teetyd by 'n konferensie 'n gesprek met verwysing na Anne Lamott[18] (1995) se boek *Bird by bird*. *Some instructions on writing and life.* Hy koop die boek en word geboei deur Lamott se wenke ten opsigte van verhaalskrywing, en meer spesifiek verhaalontwikkeling. Sy gebruik 'n formule, ABDCE, wat sy by Alice Adams leen as 'n opwindende manier van verhaalontwikkeling. Müller sien die moontlikhede raak om die formule te benut as 'n wyse waarop prakties teologiese navorsing gedoen kan word. Hy ontwikkel, in samewerking met van Deventer en Human, die formule as 'n metode waarvolgens die navorsingsproses ontwikkel en bevorder kan

word, en soos 'n verhaal kan ontvou. In gesprek met mede studente in groot ek kleingroep byeenkomste, het ek algaande tot die oortuiging gekom dat in hierdie benadering groot moontlikhede bied waarvolgens ek my navorsing kon aanpak. Hoe werk die model?

Die A staan vir aksie, die B vir *background*, die D vir *development*, die C vir *climax* en die E vir *ending*.

Die ABDCE formule is noodsaaklik om hierdie proefskrif te verstaan.

Ek begin my navorsing deur die AKSIE te beskryf.

Die veld van aksie (habitus) wat ek gekies het om na te vors is:

*Verbeelding as verhaalskeppende aktiwiteit in narratiewe terapie*

Ek vors stories oor verbeelding in terapie na. Ek vors die verhale na, nie die verskynsel nie. Ek vors die verhale na teen die agtergrond van die verskynsel. Die beeld wat ek sien is die van 'n foto. In die voorgrond, in fokus, is die roos, pragtig, so duidelik dat tot die blink doudruppel daarop gesien kan word. Die roos van my studie is verhale oor verbeelding in terapie. Die roos staan in die tuin teen die agtergrond van plante, struike, gras en ander blomme. Die agtergrond van my studie is die verskynsel van verbeelding in terapie.

Dan volg B, (*Background*) vir die agtergrond. Dit behels 'n literatuurstudie, en dit begin met 'n fenomenologiese ondersoek na wat verbeelding is. Dit handel oor definisies en begripsverheldering. Ook die vraag, hoe het verbeelding deur die eeue gefunksioneer? Hoe het dit in die Bybel gefunksioneer? Hoe het dit in terapie gefunksioneer? Dit is hoofstuk drie van die proefskrif.

Na hierdie hoofstuk, volg D, vir *development*. Dit is die ontwikkelings-hoofstuk. In hierdie hoofstuk word die aspekte uit die aksie, of dan die onderhoude, in dialoog gebring met die insigte uit die literatuur. Sekere vrae en onduidelikhede of vraagstukke ontstaan. Dit veroorsaak verdere gesprekke met die medenavorsers en verdere literatuurstudie.

Nou volg C, vir *climax*. Dit is hoofstuk vier van die studie. Wat bring die dialoog tussen die aksie en die literatuur tot stand? Watter nuwe insigte en nuwe moontlikhede ontstaan?

Dan volg E, vir *ending*. Dit is die hoofstuk vir refleksie, en nadenke. ’n Kritiese beskouïng van die hele proses. Leemtes word toegelig en aanbevelings word gemaak. Watter nuwe vrae kom na vore vir verdere studie? Hoe is dit nou anders as toe ek begin het? Het daar iets aan die lig gekom, al is dit net meer vrae?

Ek vervloei twee baie belangrike dimensies tydens die aanbieding van my navorsingsresultate. Ek handhaaf deurentyd hierdie voorstel van Müller et al en benut fiksieskrywing as metafoor om navorsing te doen. Ek ontwikkel die navorsing, die karakters, die verhaal van die navorsing langs die lyne van genoemde model. Tegelyklopend, giet ek die navorsingresultate in die vorm van ’n verhaal, waarmee u reeds bekend is, naamlik ‘die aanstelling’. Ek pas die formule ‘ABDCE’ soos ’n matriks op die verhaal, ‘die aanstelling’. Dit was ’n deurlopende ontwikkeling, so ek kan ook sê ek het die verhaal op die formule gepas. Dit sien dan soos volg daaruit :

| | VERHAAL: ‘DIE AANSTELLING’ | FORMULE: ‘ABDCE’ |
|---|---|---|
| Hoofstuk1 | Personeelbeampteverslag | Navorsingposisionering |
| Hoofstuk2 | ‘Referente’ | A = Aksie |
| Hoofstuk 3 | ‘Curriculum Vitae’ | B = Agtergrond |
| Hoofstuk 4 | Rondetafelgesprek | D = Ontwikkeling |
| Hoofstuk 5 | Persoonlike onderhoud | C = Klimaks |
| Hoofstuk 6 | Kritiese evaluasie | E = Einde |

Vervolgens verduidelik ek die samestelling van die navorsingspan, en my prosedure.

### SAMESTELLING VAN NAVORSINGSPAN

Hierdie navorsing is nie deur my alleen gedoen nie. Ek was die koördineerder en samesteller en outeur van die navorsingsresultate, maar daar was medewerkers. As medenavorsers figureer Digterskilder, Wêreldstapper, Kanarieman, Stadsleeu en Des. Dit is almal fiktiewe name wat ek gekies het na aanleiding van ’n prominente aspek van hulle storie. Die name onthul en verskuil identiteit. Die name is aan hulle getoets vir toestemming, en almal

was instemmend dat ek die spesifieke name gebruik om na hulle onderskeie bydraes te verwys. Elke persoon voel dat die naam hulle identiteit genoegsaam verbloem. Hoe het ek die medenavorsers oftewel ‘referente’ gekies?

Ek vors die gebeure van verbeelding na, soos dit afspeel tussen twee of meer persone binne ’n pastoraal terapeutiese situasie. Hiervoor het ek stemme nodig gehad van mense wat ervaring het van hierdie gebeure. Ek het ’n verskeidenheid sulke stemme nodig gehad. Stemme uit diverse groepe. Mense wat terapeute is en mense wat nie terapeute is nie, mans en vrouens, ou en jong mense. Afrikaans en Engelssprekend. Mense wat narratiewe terapie goed ken en mense wat niks daarvan weet nie. Mense met baie en mense met min lewenservaring. Sportliefhebbers en mense wat aan geen sport deelneem nie. Iemand wat fisies baie aktief is, en iemand in ’n rolstoel. Persone met baie goeie akademiese kwalifikasies, en mense met geen universitêre opleiding nie. Sommige van my medenavorsers het ’n hoë mate van tegnologiese vaardighede, en ander bykans geen kennis van rekenaars, internet, e-pos en selfone nie. Party het die wêreld deurkruis, en ander het nog nie die grense van die republiek van Suid-Afrika verlaat nie. Ek moes ook kyk na faktore soos beskikbaarheid en bereidheid om hulle verhale van terapie met my te deel. Ek wou nie ’n groot, homogene groep saamstel en ’n vergelykende studie met ’n toetsgroep doen nie. Ek wou ’n klein, diverse groep saamstel bestaande uit unieke individue met unieke stories. Ek het nie vooraf besluit om met vyf medenavorsers te werk nie. Nadat ek die verbatim gesprekke van genoemde vyf medenavorsers getranskribeer het, het ek gevoel daar is genoegsaam stof in terme van volume en verskeidenheid om die konsep van verbeelding in narratiewe pastorale terapie in diepte na te vors. Ek oordeel dat my groep medenavorsers voldoende diversiteit en verskeidenheid toon aan die hand van begenoemde kriteria. Ek het nog enkele moontlike kandidate in die oog gehad, maar moes êrens ’n afsnypunt bepaal. Ek het met hierdie vyf persone volstaan. Wanneer ek die persone self aan die woord stel in hoofstuk twee, gee ek by elkeen ’n meer uitvoerige motivering waarom ek die spesifieke individu in die navorsingspan insluit.

**PROMINENTE AKADEMIESE DEELNEMERS**

As akademiese bydraes staan die werk van Jung, Hillman, Corbin en Brueggemann, prominent. Dit is 'n vreemde en unieke span.

## 12.1 JUNG

Hoekom kies ek Jung as navorsingsgenoot?

Ek is allermins die eerste teoloog wat in Jung 'n goeie gespreksgenoot raaksien. Dit is Gerben Heitink (1992:105) wat sê: "Meer dan in Freud heefd de theologie in Jung een welkome gesprekspartner gesien". Hy verwys dan na die werk van Otto Haendler[19] en Walter Ubsadel[20], wat al onderskeidelik in 1971 en 1966 ruim van Jung se werk gebruik gemaak het.

Nog 'n rede waarom ek Jung as gespreksgenoot kies is die klem, waardering en respek wat hy toon vir die estetiese.

Laat ek net eers eerlik genoeg wees om te sê dat ek nie vir Jung gekies het nie, maar dat die literatuur hom aangewys het. Telkens het die mees onlangse studie en navorsing oor verbeelding weer na hom toe gewys. Waarom betrek ek die dieptesielkunde by hierdie studie ? Ek sê kortliks hoekom ek van Jung se werk gebruik maak :

- Hy was sy tyd vooruit
- Hy het wye, grondige wetenskaplike kennis gehad
- Hy het die geestelike dimensie van menswees ernstig geneem
- Sy belangstelling en respek vir mense spreek my aan
- Hy toon uitsonderlike insig in die kompleksiteit van menswees
- Hy werk reeds in die helfte van die vorige eeu met aspekte van 'n narratiewe werkswyse.
- Sy onvermoeide soeke na die misterie roer iets in my.
- Sy kennis van die mitologiese, sy reise, argetipes en sinchronisiteit, boei my en laat my intuitief aanvoel dat sterk hulpmiddels vir die pastorale terapie in hierdie rigtings lê.

Ek moes my afvra of sy werk nog relevant is, en as dit is, wat die huidige toepaslikheid daarvan vir verbeelding in pastorale terapie is. Raya Jones[21] van Cardiff University skryf 'n boeiende artikel oor die relevansie van Jung. Sy bring die werk van Petteri Pietikäinen[22], Anthony Stevens[23] en Jenny Yates[24] in gesprek met mekaar. Daar is 'n oplewing van belangstelling in Jung se werk. Hy word as een van die mees "original and controversial thinkers of early 20$^{th}$ century" beskou (Jones 2001:569). Ek onderskryf dit: hy het werklik oorspronklik en uniek gedink.

Sy werk behels 'n groot verskeidenheid belangstellings en behels 'n "a great deal of creativity and pioneering spirit" (Swanson 1999:17).

Jones kom na 'n vergelykende studie van Pietikäinen en Stevens se werk tot 'n interessante gevolgtrekking oor Jung se werk, en die relevansie daarvan vir ons tyd. "Jung's psychology anticipated the narrative-self metaphor (cf. Pietikäinen) whilst considering evolusionary universals (cf. Sevens), thus raising profound questions that nowadays constitute formative issues across social psychology and cognitive science" (Jones 2001:577).

In my soektog en oplees van Jung se werk kom ek as't ware met 'n skok agter hóé relevant Jung se werk is. Daar is 'n lewende belangstelling en oplewing in die idees waarmee hy al tagtig jaar gelede vorendag gekom het. Vanselfsprekend kon ek nie sy werk in detail bestudeer vir 'n onderafdeling van my proefskrif nie. In die UNISA inligtingsentrum vind ek onder sy naam as outeur een honderd nege en dertig inskrywings. Die versamelde werke alleen bevat twintig volumes, en ek moes kies. In my soektog deur sy werke kom ek af op sy *Memories, Dreams, and Reflections, (Jung 1961)* wat as 'n soort outobiografie dien. Hy wou dit nie self so genoem hê nie. Hy skryf dit op drie en tagtigjarige leeftyd, en uit die staanspoor gryp die boek my so aan dat ek die meer as vier honderd bladsye daarvan in twee dae deurlees. Ek beskou dit as 'n lewensveranderende ervaring. Dis moeilik om presies te sê waarom, maar ek sal poog om te verduidelik. Deurgaans is die kommunikasie deurdrenk van 'n verbeeldingryke, wakker, kritiese en deurtastend eerlike uitkyk op die lewe. Daar is 'n spanning met, en tegelyk 'n aangetrokkenheid tot die paradoksale. Daar is 'n geweldige verantwoordelikheidsbesef, 'n sterk

strewe na wetenskaplikheid, én die besef dat daar méér is as wat bewys kan word. ’n Baie grondige kennis van die natuur, én tegelyk die versugting na sielskennis. ’n Insig in die kompleksiteit daarvan om die ruimte van siel en liggaam onder een vergrootglas te probeer inkry. Hy het dit ’n volskaalse lewenstaak gemaak om die wêreld van beelde, drome, fantasië, die invloed van die bo-natuurlike en die kommunikasie van die onderbewuste aan die bewuste te ontgin en te probeer verstaan.

> *All my works, all my creative activity, has come from those initial fantasies and dreams which began in 1912, almost fifty years ago. Everything that I accomplished in later life was already contained in them, although at first only in the form of emotions and images (Jung 1961:217).*

Jones wys daarop dat “with increasing age, contemplation, and reflection, the inner images naturally play an ever greater part” (Jones 2001:571). Die hele konsep van verbeelding het vir Jung in sy oudag steeds meer en meer belangrik geword. Ek vind dit veelseggend dat iemand met sy wetenskaplike ywer, breë kennis en deurtastende belangstelling in die dieptedimensies van menswees, juis in sy groot jare aanvoel dat antwoorde vir die mees tergende lewensvrae in die rigting van innerlike beelde of voorstellings te soek is.

## 12.2 HILLMAN

Hillman maak ’n unieke bybdrae ten opsigte van die verhouding tussen ons sintuie en die benutting van verbeelding. Hoewel sy werk oor die onderwerp al bykans 30 jaar oud is, bly dit ’n prominente verwysingspunt in literatuur oor verbeelding. In Hoofstuk 3 brei ek meer breedvoerig uit oor waarom ek hom as spanlid benut.

## 12.3 CORBIN

Corbin maak ’n filosofiese bydrae ten opsigte van die *mundus imaginalis.* Soos geen ander persoon het hy nagedink oor ’n akkurate benaming en omskrywing van die rol van verbeelding. Ek benut sy werk as ’n fenomologiese bydrae tot hierdie studie. Verbeelding oor die eeue was vlugtig

en uit die aard van haar identiteit onvatvasbaar. Corbin maak ’n integriteitvolle en toegespitse intellektuele inspanning om verbeelding as fenomeen tot haar reg te laat kom soos ek in Hoofstuk 3 sal aantoon.

## 12.4 BRUEGGEMANN

Hoe meer stories, hoe meer vrae. As pastor het ek al dieper gevra na sinvolle pastoraat, na betekenisvolle en integriteitbelaaide kontak met die mens in nood voor my. Ek het ernstig gesoek na iets wat werklik ’n verskil sou maak. Ek het begin soek, weer gesoek, nagevors, vrae gevra. Sodoende het my pad gekruis met ’n Amerikaanse Ou-Testamentikus wat meesleurend en inspirerend skryf. ’n Kunstenaar, wat met prosa dig. Iemand wat die hartklop van die lewe hoor en die hoop, geloof en verwagting daarin vir die prediking en die pastoraat bevrydend oopbreek. Met kompakte taal, gelaai met beelde en metafore en raak beskrywing, sowel as profetiese wysheid stel hy die gedigte en prosa en verhale van die Bybel nuut en verrassend aan die orde. Sy uitgangspunt, naamlik dat die rol van die pastoraat is om te *probe*, om ’n ander, heerliker en opwinde werklikheid en toekoms te flits, om net sulke amper gestaltes van ’n beter môre voor te hou, in gesprek en deelname, staan my baie aan.

> *The God of imaginative prophetic ministry is an active God who is ever in process of bringing about new and transforming reality.*
>
> *Walter Brueggemann*

Walter Brueggemann beoefen ’n teologie van verbeelding, en sy wetenskapsbeoefening word gekenmerk deur kontekstualiteit, lokaliteit en pluralisme (Brueggemann 1993:8-9), waarby ek wil aansluit. As Ou Testamentiese wetenskaplike ondersoek en bestudeer hy die teks grondig, en breek dit bevrydend en lewe-gewend oop.

Sy konsep van “language of amazement” (Brueggemann 1993) is een van die kern-aantrekkingskragte vir my. Hy beskik oor ’n deurleefde en helder kommunikasie van “passion for justice and a perspective of

> *The church has access to a resource of tremendous value in these times, should it choose to unleash it. That gift is imagination.*
>
> *Walter Brueggemann*

mystery, awe, and amazement" (Brueggemann 1993:180). Dit is dinge waaroor hy nie alleen skryf nie, maar wat sy lewe, spraak en optrede deurvloei. Hy 'sien' die verbeeldingryke konsepte in die Bybelse verhale raak, en 'sien' die tendense in die Amerikaanse samelewing raak. Hy kan 'n verband lê en onbeskroomd en reguit daaroor praat, op so 'n wyse dat ek dit as 'waarheid' aanvoel. Ek wil hierdie vermoë by hom afkyk, en self daarna streef om 'n baie fyn waarneming vir die meesleurende metafore in die Bybelse verhale raak te sien en in staat wees om dit op die Suid-Afrikaanse konteks toe te pas.

*"Israel practices nurture in passion by including its young in its narrative imagination" (Brueggemann 1993:173).*

"There is a holy mystery at work in the coherence of life that cannot be dissolved" (Brueggemann 1993:177). Die respek, verbasing en misterie van lewe word in sy werk uitgelig. Hy leef in die voortdurende afwagting van 'n onverwagte verrassing. Brueggemann werk "essentially imaginative". Hy beskou verbeelding as "a valued practice of epistemology" sowel as 'n "valid way of knowing" (Brueggemann 1993:13).

### 12.4.1 HOEKOM BENUT EK BRUEGGEMANN SE BENADERING?

- Dit is vurig verbeeldingryk
- Dit hou intens rekening met die Bybelse teks
- Dit poog om die tendense in die samelewing akkuraat te lees
- Dit bou op profetiese wysheid
- Dit bring die teks, en konteks, in dinamiese dialoog

# 13 PROSEDURE

Hoe het ek hierdie navorsing aangepak?

Ek het besluit op 'n onderwerp wat ek graag wou navors, naamlik verbeelding as verhaalskeppende aktiwiteit in narratiewe pastorale terapie. Hoe het ek dit nagevors? Deur gesprekke te voer met mense wat pastorale terapie beoefen, en dan te kyk hoe funksioneer verbeelding in sodanige gesprekke.

Die fokus, die klem en die rigting wat die studie ingeslaan het, is deur die gesprekke bepaal. Ek het sover moontlik met ’n oop agenda gewerk en het nie self ’n hipotese gestel wat ek wou bewys nie, maar die gesprekke gebruik as basis vir ondersoek, navrae en navorsing.

Ek het my medenavorsers gekies, aan die hand van kriteria wat ek reeds uitgespel het, en by elke gesprek in hoofstuk twee nader toelig.

Nadat ek hulle identifiseer het, het ek ’n afspraak met elkeen afsonderlik gemaak en hulle in breë trekke ingelig oor my navorsingsvoorneme, en verduidelik hoe ek van plan is om te werk te gaan.

Ek het hulle mondelinge toestemming gekry dat hulle met my sal saamwerk.

Na ’n periode van tyd, het ek weer ’n afspraak met elkeen gemaak, en ’n persoonlike gesprek oor verbeelding as verhaalskeppende aktiwiteit in narratiewe, pastorale terapie, met elkeen gevoer. Die gesprekke is gevoer binne die ruimte waar die persone gewoonlik terapie beoefen. Een gesprek is aan huis van ’n medenavorser gevoer, en een gesprek is in my studeerkamer gevoer. Dit was oop, ongestruktureerde gesprekke sonder vooraf voorbereide vrae. Ek wou die gesprekke so natuurlik en vloeiend as moontlik hou.

Met elkeen se toestemming, is die gesprekke op band vasgelê.

Tydens die gesprekke het ek belangstellend geluister, vrae gevra wat op die gegewe oomblik in my gedagtes opgekom het, en enkele notas geneem.

Ek het aan my medenavorsers verduidelik dat die gesprekke voorts getranskribeer sal word, en vir hulle instemming aan hulle deurgegee sal word. Ek het elke gesprek persoonlik getranskribeer en verbatim ingetik, presies soos ek dit gehoor het, sonder taal of spelling of enige wysigings aan die gesprekke. Daar is ’n drukstuk van elke gesprek voorberei, en elke medenavorser se eie gesprek persoonlik oorhandig vir deurlees, korreksies en skriftelike kommentaar. Toe is die drukstukke, met kommentaar, weer terug ontvang.

Hierna het ek die gesprekke op een rekenaarleër saamgevoeg en dit ’n paar keer aandagtig deurgelees. Wat was die temas, onderwerpe, problematiek en

uitdagings wat my medenavorsers insake verbeelding in terapie ge-opper het?

Sekere verbande en temas het na vore gekom, soos verbeelding en kinderdae, verbeelding en pyn, verbeelding en fantasie, verbeelding en hoop, verbeelding en die Bybel, verbeelding en verandering, verbeelding en die bediening, verbeelding en tyd en plek, verbeelding en hulpmiddels, soos SMS'e, films, kleur, teken, taal, gedigte, skilder en musiek.

Hierna het ek telefonies en per e-pos met elke medenavorser in gesprek getree, insake die interpretasie en helderder toeligting van sekere konsepte in elke gesprek waaroor ek meer wou weet. Ek het notas geneem indien ons telefonies gepraat het, of andersinds e-pos boodskappe terug ontvang. Ek het nie die kontakgeleenthede getel nie, omdat dit nie vir my belangrik was nie, maar baie kommunikasie het plaasgevind.

Op grond van die prominente aspekte wat in die verhale aan die orde gestel is, het ek 'n literatuurstudie onderneem. 'n Groot deel van hierdie navorsing was 'n fenomenologiese studie, aan die hand van die vraag: "wat is verbeelding?" Die literatuurstudie het 'n ontwikkelende proses deurgaan, in die sin dat een artikel, of 'n boek, aanleiding gegee het tot 'n volgende, en meer belangstelling. Sodoende het prominente stemme in die literatuur oor verbeelding na vore gekom, soos Jung, Corbin, Hillman en Brueggemann. Die inligting wat ek in die literatuur gevind het, het ek toe in dialoog met die onderwerpe uit die gesprekke gebring. Ek het 'n sirkulêre, ontwikkelende proses in die oog gehad sodat die essensie van die handeling, verbeelding as verhaalskeppende aktiwiteit in narratiewe pastorale terapie, duidelik sou blyk. Ek maak enkele gevolgtrekkings en aanbevelings oor hoe verbeelding verhaalskepping in terapie kan bevorder.

Die proses van my navorsing het soos volg verloop. Eestens die keuse van 'n onderwerp, toe my posisionering. Daarna die keuse van gespreksgenote, gevolg deur onderhoude. Dit lei na 'n literatuurstudie, en ontwikkeling van konsepte uit die onderhoude in dialoog met die literatuur. Hierna het ek 'n oorkoepelende metafoor gekies wat in staat sou wees om die konsepte as

spanningsvolle geheel aan te bied, naamlik ’n verhaal van ’n aanstelling. Hierna het ek my navorsingsresultate in die vorm van ’n verhaal neergeskryf.

# 14 HOOFSTUK 1: ’N OORSIG

In hierdie hoofstuk het ek my wetenskaplik, teologies, prakties teologies en in terme van navorsing geposisioneer. Ek het verder uitgespel dat ek ’n konstruktiewe postmodernistiese benadering volg en dat ek rekening hou met die einde met die geloofwaardighied van die groot verhale, die onvoorstelbare en die verhewene. Ek het ook aangetoon dat ek van die positiewe dimensies van dekonstruksie en sosiaal konstruksionisme as metodes gebruik. Daarna het ek sekere kontekste waarbinne ek en my navorsingspan staan toegelig en verduidelik volgens watter kriteria ek die navorsingspan saamgestel het. Ek het ook my navorsingsmetodologie en prosedure uiteengesit.

# 15 EINDNOTAS

---

[1] Murray, E L. 1987. *Imagination theory and phenomenological thought*, in Murray, E.L. (ed) , Imagination and phenomenological psychology. Pittsburg: Duquesne University Press. Soos aangehaal deur Veldsman, D.P. *Religieuse ervaring as herinneringsvolle verbeelding*: Die aard en funksie van verbeelding as kenteoretiese struktuurelement in teologiese refleksie en Christelike praxis. Scriptura. No 46 Jl 1993:53

[2] In die lig van sy apartheidsverlede, het Suid-Afrikaanse politici na 1994 'n stelsel van regstellende aksie geloots. Dit behels in kort die voorkeur vir persone van kleur en vroue tydens aanstellings wanneer 'n vakature ontstaan, in 'n poging om die wanbalanse in die arbeidsmark te probeer besweer.

[3] Die woord agtergeblewene het spreektaal in Suid-Afrika geword, gesien teen die agtergrond van mense wie nie deur die stelsel van apartheid bevoordeel is nie. Dit verwys na mense wie se omstandighede, polities, maatskaplik en finansieël, hulle verhoed het om optimale potensiaal te verwesenlik.

[4] Sien Robertson, B. 1990. Storytelling in Pastoral Counseling: A Narrative Pastoral Theology. In *Pastoral Psychology*, Vol. 39, No.1 p34-45. Capps, D. 2000. Situating System and Giving Self Its Due: A Story-Based Counseling Model. In *Pastoral Psychology* Vol. 48 No 4 March p293-313. Asook Ganzevoort, R.R. 1993. Investigating Life-Stories: Personal Narratives in Pastoral Psychology. *Journal of Pastoral Psychology and Theology* Vol. 21 No 4 p277-287.

[5] Sien die proefskrif van Meylahn, J.A. 2003. *Towards a Narrative Theological Orientation in a Global Village from a Postmodern Urban South African Perspective.* Ongepubliseerde proefskrif aan die Universiteit van Pretoria.

[6] Van die beste literatuur wat ek hieroor gelees het is Gergen, K.J. *Organizational Science in a Postmodern Context*. Sien http://www.swarthmore.edu/SocSci/Kgergen/ page 1-18 besoek op 6/11/2001. Ook Lois Shawver, *What is postmodernism?* By http//www.massey.ac.nz/Alock/theory/15.htm besoek op 10/2/1999. Sien ook Jan-Olav Hendriksen, 2002. *Creation and Construction: On the Theological Appropriation of Postmodern Theory.* Modern Theology 18:2 April 2002 p 153-169.

[7] Sien Rosenau, P.M. 1992. *Postmodernism and Social Science*. Princeton University Press. Princeton. p9.

[8] Blanchelot, M. 1986. *The Writing of the Disaster*. Trans. Ann Smock. University of Nebraska Press. Lincoln. pp. 141-142.

# HOOFSTUK 2

## 'REFERENTELYS'

## VERBEELDING AS VERHAALSKEPPENDE AKTIWITEIT IN PASTORALE TERAPIE

*Extraordinary people visualize not what is possible or probable, but rather what is impossible. And by visualizing the impossible, they begin to see it as possible. Cherie Carter Scott*

## 1 PADKAART VIR HOOFSTUK TWEE

Ek begin die hoofstuk met 'n belangrike herinneringsnota insake die vreemde, komplekse en gevorderde navorsing wat hier geboekstaaf word. Die navorsing sal verhale oor verbeelding in narratiewe terapie as vertrekpunt neem. Ek vertel van goudgeel mynhope, rooiduine en versamelneste, die skaduwee van die Magaliesberg. Ek poog om my vooroordele as personeelbeampte vir die Raad deur te gee. Ek vertel van die krimpvarkie en die gordyne, die SMS en die modder, die bek van die tier, dat Husse nie oë het nie, van 'ek vertrek nou' en dat 'n lens jou kan breek. Hierna kom my medenavorsers se stories oor verbeelding in terapie aan die woord. Hulle is die 'referente' van verbeelding wat ek uitgekies het om van hulle ondervindinge met haar te vertel. Die verhale is verbatim neergeskryf na

> *Since the mid-eighteenth century the idea of creative possibilities of human action has itself become the point of departure for a number of major intellectual innovations.*
>
> *Hans Joas*

semi-gestruktureerde gesprekke met my medenavorsers. Daar is die verhale van Digterskilder, Kanarieman, Wêreldstapper, Stadsleeu en Des.

Ek gee toegespitste aandag aan die aksie. Wat is verbeelding? Dis ’n aktiwiteit, ’n handeling wat binne-in iemand afspeel, maar wat ook tussen mense plaasvind. Ek is geïnteresseerd veral in die gedagte dat verbeelding verskyn en bevorder word tussen mense. Waar twee of meer mense saam is, en hulle voor ’n uitdaging te staan kom, gebruik hulle hul verbeelding. Ek kyk spesifiek na hoe hierdie proses werk tussen ’n pastorale terapeut, en iemand wat vir terapie kom, oftewel die pastorant. Om dit te kon navors, moes ek mense soek wat pastorale terapie doen, en mense wat al ’n pastorale terapeut besoek het. Ek het toe vrae gevra oor hulle ervaring van die terapie, en veral die ervaring wat hulle gehad het oor die rol wat hulle verbeelding gedurende hierdie oomblikke gespeel het.

In hierdie hoofstuk dokumenteer ek gesprekke oor ervaring van verbeelding in pastorale terapie.

## 2 HERINNERINGSNOTA, BAIE BELANGRIK, ONTHOU!

> *… the final verdict on the power of the idea of creativity has not yet been pronounced. It may still be the case that creativity contains a potential for understanding all human action that none of the alternative models of action can replace.*
>
> *Hans Joas*

As jy, die leser, hierdie werk wil geniet, wil verstaan en daardeur verryk wil word, is dit allernoodsaaklik om te onthou dat ek ’n narratiewe benadering tot navorsing volg. Ek wil deurgaans getrou aan my navorsingsparadigma bly en dit noodsaak my om telkens weer daarna te verwys. Om deur die loop van die proefskrif, tot by die laaste sin te vra of die werk reg laat geskied aan die verhalende werkswyse. Dit vra toegespitste dissipline van my, die skrywer, en van jou, die leser, om te onthou dat ons hier met ’n benadering te doen het wat alternatief staan ten opsigte van positiwistiese wetenskapsbeoefening. As jy ’n gedig gebruik in die kombuis langs die stoof,

sal die kos uit die ‘resepteboek’ baie vreemd smaak. As jy ’n roman in die rakkie bo die orrel vasknyp, sal daar nie ’n meesleurende melodie uitkom nie. Elke soort leesstof is geregtig op ’n toepaslike verwagting, en eiesoortige uitkomstes. Aangesien ’n proefskrif die dokumentering van ’n navorsingsproses is, en die bevindings van so ’n proses weergee, stel ek die navorsingsproses verhalend aan die woord. Ek vertel die storie van die navorsing. Ek vertel ’n storie van verbeelding in pastorale terapie, soos ek dit die afgelope jare, en spesifiek die laaste drie jaar beleef het. As oorkoepelende metafoor gebruik ek ’n aanstelling by die fakulteit teologie se kunsgalery. Hierbenewens is dit van die uiterste belang om in gedagte te hou dat ek subjektiewe navorsing doen. Ek is nie skaam of verskonend hieroor nie, maar stel dit onomwonde dat daar géén aanspraak op objektiwiteit in my navorsing is nie. Ek vertel dus ook nie dié storie van verbeelding in terapie nie, maar ’n storie van verbeelding in terapie. ’n Weergawe of een interpretasie van hoe verbeelding in terapie moontlik kan funksioneer. Dit is die Joekie Laas weergawe, na gesprek en ontginning van stories en literatuur oor verbeelding in pastorale terapie. Om hierdie navorsingstorie te vertel, gebruik ek fiksie as metafoor. Nie ‘die werklikheid’ of ‘die feite’ nie, maar stories van, verhale oor verbeelding in terapie vorm die boustene van hierdie proefskrif. In ’n storie, is daar karakters, daar is akteurs en ’n storielyn, ’n *plot* wat ontwikkel en dan ’n spanningsvolle hoogtepunt en einde. Ricoeur (1981:277) help ons om te begryp wat ’n *plot* is. Hy skryf:

> *The gap between what can be imagined and what can be accomplished has never been smaller.*
>
> *Gary Hamel*

> a story describes a sequence of actions and experiences of a certain number of characters, whether real or imaginary. These characters are represented in situations which change or to the changes of which they react. These changes, in turn, reveal hidden aspects of the situation and the characters, giving rise to a new predicament which calls for thought or action or both. The response to this predicament brings the story to its conclusion”.

Dit is die verborge aspekte van die aksie van verbeelding, soos uitgedruk in taal, die onthulling van die enkele gekose karakters se ervaringe, waarin ek ten seerste geïnteresseerd is. Hoe, sê hierdie mense, werk hulle verbeelding as hulle in ’n pastoraal terapeutiese gesprek is?

Soos baie van die groot Hollywood meesters maak, speel die regisseur partykeer self een van die rolle, byvoorbeeld Arnold Schwarzenegger. In hierdie navorsing is ek draaiboekskrywer, én rolspeler. Omdat ek een van die karakters is, vertel ek eers van my situasie, van my ervarings ten opsigte van verbeelding in terapie.

## 3 ’N DIK, RYK BESKRYWING

Elke dag, elke oomblik van die dag gebeur daar dinge met mense. Op die oog af alledaagse eenvoudige dinge, dinge wat dalk roetine dinge is, maar nietemin noemenswaardige, beskryfbare dinge. Hy sing, sy lag, een bestuur, een is by die skool, een werk. As jy bloot oppervlakkig kennis neem van mense se handel en wandel is so ’n enkel werkwoord waarskynlik genoeg om jou vraag te beantwoord. As jy regtig eg belangstel in die persoon en die aksie, dan is kortaf antwoorde hopeloos ontoereikend. Met die oog op byvoorbeeld ’n moordondersoek, of ’n deeglike stuk navorsing, is dieper, meer indringende vrae nodig. Vrae wat stories na vore bring wat nog vrae bring wat nog stories oplewer. Net om terug te keer tot die; hy sing, sy lag ens. antwoorde. ’n Deeglike, narratiewe navorser sê: ‘Eendag, lank lank gelede, was daar ’n sanger...’ En om die storie lekker vol, interessant en boeiend te maak, vra hy vrae: ‘Hoe lyk die huis en gesin en omstandighede waar hy vandaan kom? Beskryf sy vertrek, die reuke, geure en atmosfeer van sy huis. Vertel van sy persoonlikheid, sy temperament. Van wanneer af sing hy al? Hoe het dit gekom dat hy ’n sanger geword het? Vertel van die karakter by wie hy sangles neem, gee detail. Vertel my iets van die ander mense by die sangstudio, brei uit oor hulle. Wie is die liefde in sy lewe? Vertel my meer van haar. Saam met wie het hy al gesing? Vertel die storie van wat hy graag wil bereik met die singery? Watter verskeidenheid soorte musiek sing hy?’ Soos die antwoorde kom genereer dit inligting, waarop daar met meer indringende vrae gereageer kan word, totdat die konteks, agtergrond en toekoms van sy

singery baie deeglik toegelig word. Eers as daar gevoel word, nóú verstaan ek hierdie sanger aansienlik beter, die intriges van sy lewe, die konteks van sy bestaan en die verhale van die liedere wat hy sing, kan die emosie en stemtoon en melodie na wense beleef word. Eers as daar ’n dik, ryk, meesleurende en lewensveranderende storie oor die sanger is om te vertel, sal die goeie narratiewe navorser tot rus kom.

Met my navorsing het ek ook voor ’n verskynsel te staan gekom. Verbeelding in pastorale terapie. Ek moes mense soek wat al vir pastorale terapie was, sodat hulle my van hulle verbeelding kon vertel. Ek moes mense soek wat gereeld met pastorale terapie besig is, wat my van hulle verbeelding kon vertel. Ek moes hulle soek, en dan uitvra. Tydens hierdie proses, het ’n klomp handelinge hulle afgespeel. Ek het sekere dinge gedoen, en mense het sekere dinge gedoen. Ek wil vervolgens in detail vertel wat gebeur het, sodat jy en ek duidelikheid kan kry oor wat hier gebeur het. Dat ons dit kan indrink, dit kan verstaan. Om ’n dik, ryk beskrywing te kry, moes ek allereers ’n groot hoeveelheid vrae aan myself stel, soos: ‘Wat is my interaksie met die aksie? Wat is my eie ondervinding van verbeelding? Wat is die motiewe agter my studie? Hoe goed ken ek die veld? Watter vooroordele en eie agendas bestaan daar? Binne watter konteks het ek verbeelding in terapie leer ken?’

Hoe en deur wie en onder watter omstandighede is my eie grense van verbeelding verbreed? Watter invloed het verbeelding op my lewe?”

*Verhalende navorsing gee ’n navorser ’n gesig. Dit roep ’n navorser op om sy eie kaarte op die tafel te plaas.*

# 4 VOOROORDEEL VAN ’N PERSONEELBEAMPTE (EIE ERVARINGS)

Ek erken dat ek bevooroordeel is, en omdat ek geen aanspraak op objektiwiteit maak nie, skryf ek my eie ervarings van verbeelding in terapie so eerlik as moontlik neer. Dan weet die leser waar ek vandaan kom, wat my belang oftewel my ‘interesse’ behels. Habermas (1972:314) skryf: “in the power of self-reflection, knowledge and interest are one”.

Goudgeel mynhope, rooiduine en versamelneste en die skaduwee van die Magaliesberg, is die drie kontekste van my eie ervarings van narratiewe pastorale terapie. Ek het op drie plekke gewerk, te wete Benoni[1], Olifantshoek[2] en Pretoria[3]. Vir my is dit drie verskillende verhale, drie wêrelde, en drie verskillende ervarings van verbeelding.

Hoewel ek vir dertien jaar met pastorale terapie besig is, het ek nie tevore aan verbeelding in terapie gedink nie. Wat ek skokkend vinnig in my werk agtergekom het, is dat daar geen resep, geen voorskrif, geen teorie of skema van denke is wat eers amper vir my gewerk het in terapie nie. Die praktyk het my oorweldig, en die teorieë tot my beskikking was nie goed genoeg geïntegreer dat ek opgewasse vir my taak kon voel nie. Ek vertel nou kortliks van hierdie drie kontekste.

## 4.1 GOUDGEEL MYNHOPE

Die eerste konteks waarbinne ek gewerk het was in die middestad van Benoni, aan die Oosrand naby Johannesburg. Dit was 'n gebied met talle goudmyne en industrieë, met woonstelle oral, duisende van hulle. Dag en nag het die sirenes van die brandweer en paramedici en ambulanse, polisie en sekerheidsmaatskappye geloei. Dit was die habitat van enkelma's, wat werk en vanaand na donker die kindertjies by die kleuterskool gaan oplaai. Die lewenstragedies van boemelaars en straatkinders, ouetehuise en die heilsleer se inwoners was op ons daaglikse agenda. Aan die een kant van die gemeente was daar skreiende armoede, met mense wat nie warm water in hulle huisie het nie, en ongeteerde straatjies sonder straatligte tussen die mynhope. Daar is die herinneringe aan die huis met die sewe en twintig katte en die huis waar die vrou die man met die ketel se koord afgeransel het. Aan die ander kant was die woongebied van enkele miljoenêrs met herehuise teen die meer waar voëls gevoer en bewaar word, langs die pragtige gholfbaan, die bootklub en groot inkoopsentrums. Ons het op die sogenaamde *holy corner* gebly, met dié dat sewe ander denominasies in dieselfde straatblok op die gemeenskap se belangstelling aanspraak gemaak het. Die enigste ondernemings in daardie spesifieke deel van die stad wat meer prominent en duideliker sigbaar was as kerke, was *escort agencies*.

Omtrent niemand het gebel en gesê hulle wil kom vir terapie nie. Nie die lidmate, of die boemelaar of verbyganger het vooraf laat weet hulle kom vir terapie, nie. Dit het net gebeur. Of ek nou op huisbesoek was, of op ’n gemeentekamp, of by ’n vergadering of erediens, daar was meestal net die vriendelike versoek: “Dominee, kan ek ’n rukkie met jou praat?” Hierdie woorde was dikwels die inleiding tot ’n lang en moeisame worsteling deur pyn. Die voordeur van die pastorie was basies op die straatfront, en ek het bedagsaam oopgesluit en hulle binnegenooi, net om van die vreeslikste verhale in menseheugenis aan te hoor. Verhale, wat selfs met die weglaat van naam en identiteit, te skokkend is om hier eers naastenby te herhaal. Verhale van aborsie, en geweld en seks en ontrou en jaloesie en misdaad en verwerping en werkloosheid en armoede en egskeiding en molestering en kindermishandeling en Satanisme en rassisme en diskriminasie en gevangenisskap en vrees en spontane ontbranding en patologie en gestremdheid en nog vele, vele ander lewenssituasies wat gereeld, ja daagliks my pad gekruis het. Dit het soms gevoel of ek ’n ander wêreld, weg van die een wat ek ken, betree. Ek het geluister, my probeer inleef, probeer raad gee, probeer troos en verstaan. Ek het gebid, en op een of ander manier, hoop ek, was hulle beter daar weg. Die handboeke en teoretiese antwoorde het in my praktyk soos mis voor die son verdwyn. Nie een persoon, nie een probleem, nie een situasie was in die geringste mate soos die ander nie. Elke huis, of woonstel of persoon en die omstandighede was totaal en al uniek, verbysterend uniek. Soms het dit gevoel die terapie breek my, dit het te veel vir my geword. Dit was soos om onder die vrag van ’n vragmotor wat sand op ’n bouperseel aflaai, te beland. Ek is verswelg deur die verhale, en my verbeelding het my by plekke en situasies gebring waar ek nog nie tevore was nie. Dit het deur verhale na my lewe toe gekom, en aanspraak op my verbeelding gemaak. Hier het die begrip kitskontak, soos verwoord in *Strategies for Brief Pastoral Counseling* (Stone 2001), vir my nuwe betekenis gekry.

> *True little incidents are not life’s debris but signs, emblems, and appeals.*
>
> *Merleau-Ponty*

## 4.2 ROOIDUINE[4] EN VERSAMELNESTE[5]

Toe breek daar vir my 'n ander situasie aan. Ver weg, met stilte, stilte wat jy kan hoor. Met grondgeitjies wat roep as die son besig is om onder te gaan. 'n Wêreld met horisonne, waar jy die son kan sien opkom, hoe hy rooi uit die aarde opstaan, en waar jy die son kan sien ondergaan, nie net uit die feit dat dit donkerder word nie, maar waar jy kan sien hoe die son op grondvlak afsak en wegraak. En dan, as die weerligte miskien begin dans, jy die storm oor afstand in sy geheel kan beskou. Hoe dit reën op 'n vlakte van honderd by honderd plus kilometer, hoe 'n hele storm lyk. Nie net die stukkie van die storm wat agter die dakke uitloer nie. 'n Wêreld waar jy twee honderd plus weerligstrale in een uur kan sien uitslaan en dans, en jy dan jou hande voor jou mond kan sit oor die onbeskryflike grootsheid van die Skepper se handewerk. Hoe Hy met die aarde in Sy hand kan speel.



In daardie wêreld het mense ook nie gesê hulle kom vir terapie nie.

Stadig, op 'n rustige deurdagte wyse het hulle my eers opgesom. Oor maande my leer ken, my leer vertrou. Algaande het die verhale begin kom. Eers net vertellings van ondervindings en miskien dinge wat met ander mense gebeur het. Mettertyd, namate die verhoudings gegroei het, groter stories, dieper onthullings, werklike onthullings van die siel. Ons was in terapie! Hulle, en ek. Baie van hierdie verhale het in my studeerkamer afgespeel, maar baie daarvan, ek sou sê die meeste daarvan het afgespeel daar waar die mense is. Op die plaashuis se stoep. Op pad na die krale toe



en tussen die diere. In die voertuie tussen plase oor afstand, miskien voor die hoeveelste plaashek, waar ’n voertuig afgeskakel word en ’n gesprek van die hart plaasvind. In die verhale was daar ’n mengsel van onthullings, wonde, drome, vrese, kwellings, heroïese dade wat roep om erkenning, agterdog, trots, vrae na God en dalk ’n kreet van hulpeloosheid of verlorenheid teenwoordig. In die lig van my herinneringe aan die plekke waar hierdie verhale afgespeel het, onderskryf ek Andries Baart se ‘theory of presence” heelhartig. Om werklik kontak te maak en by egte verhale uit te kom, is dit goed vir die pastor en die lidmaat om in ’n alledaagse, prakties leefbare ‘setting’ te wees. Langs die sportveld en in die park en by ’n vendusiekraal, is ’n baie goeie plek vir pastorale terapie.

Hierdie verhale het ’n geweldige aanspraak op my lewe gemaak. Dit het ’n aanspraak op my verbeelding gemaak. Ek moes dinge ‘sien’ wat ek nog nie gesien het nie. Die dialoog het ervarings, belewenisse en betekenis vir my oopgemaak waartoe ek nog onbekend was. Daar was vanselfsprekend ook geweldige binnegesprekke in my aan die gang. Wat beteken dit? Wat sê hierdie inligting vir my? Hoe het dit gelyk op die plek waar sy van praat? Hoe moes dit vir haar gevoel het? Ek wou baie graag by betekenis uitkom, en hiervoor moes ek my verbeelding onophoudelik inspan en ontwikkel. Ek moes werk met taal as gesproke, net soos dit aangebied is, sonder ’n formele taalteorie of die luukse van geordende geskrewe taal. En dit was ’n opwindende, skeppende aktiwiteit, deurweek in verbeelding.

> *In dialogue, meaning is jointly produced in the space between speaker and listener.*
>
> *Trimble*

En daar, in die Kalahari, wás spasie en ruimte vir stilte, vir betekenisskepping, vir integrering en nadenke en verbeelding. Daar was in daardie wêreld letterlik en figuurlik ruimte vir storie-ontwikkeling. Die aard van die kommunikasie was nie kletsend en babbelend gejaagd nie. Dis ’n stadige praat, met gelaaide stiltes wat nie maklik vir die mense spanning bring nie. Hulle is gewoond daaraan om te wag vir ’n antwoord, ’n hele rukkie te wag voor daar verder vertel word. En hierdie

tempo van vertel, het veroorsaak dat die inhoud van die verhale soos ’n sagte reën in my verbeelding kon insak en dit kon deurweek.

## 4.3 IN DIE SKADUWEE VAN DIE MAGALIESBERG[6]

En toe, breek daar vir my ’n fase aan van voorstedelike, gesofistikeerde, oorwegend professionele mense. Dit is anders as my vorige twee werkplekke. Hier in die voorstedelike gebied van mense met hoë mure om hulle eiendomme is daar ’n baie hoë premie op privaatheid. Besoeke slegs per afspraak. Trane word agter donker brille weggesteek en daar word binnetoe gehuil. Daar word van lig tot donker gewerk in lugversorgde plekke waar jy nie buitentoe kan sien nie. Jy moet ook nie uitkyk nie, want jy moet werk. Daar heers ’n ongeskrewe reël dat produktiwiteit en finansiële voorspoed die hoogste strewe is. Die mens binne die mens, is van minder belang as sy uitsette. Hier is fatsoenlikheid en styl, belangriker as deernis. Maar ook hier is egte verhale van wanhoop, moedeloosheid en uitsigloosheid, wat roep om pastoraat.

Ek moes tussen hierdie drie verskillende wêrelde leer onderskei, ek moes myself uitvra, kopkrap en die verhale probeer posisioneer. Daar is baie sterk aanspraak op my verbeelding gemaak. Ek moes in my kop sekere voorstellings maak om die kloutjie by die oor te bring. My in sekere prentjies, situasies en omstandighede indink om te probeer verstaan.

## 4.4 KULTUUR EN SUBKULTUUR

Die drie leefwêrelde het baie kulturele en sub-kulturele blootstelling gebied.

’n Aspek wat besonder baie bygedra het om my eie verbeelding te verryk was om mense uit verskillende kulture en subkulture se verhale aan te hoor. Daar was die straattaal, vertelstyl, eiesoortige uitdrukkings en leef en denkstyl van die mense wat op die ‘outers[7]’ is. Dis die boemelaars of ‘outies’. In die middestad het ek ten minste vyf van hulle per dag te woord gestaan sewe dae ’n week, en hulle beskrywings, behoeftes en gewoontes goed leer ken. Daar was die milieu en leefkuns van die mynwerkers, met eiesoortige roetines en gebruike waarvan ek moes weet om die verhale te kan verstaan. Daar was die subkultuur van die woonstelbewoners, met sekere optredes rondom

privaatheid en stilte en wegneem van vullissakke, die uithang van wasgoed, ontspanning en die spel van kinders. In die middestad was daar ook die leefwyse van die manne van die swaar industrieë. Manne wat in die gietery en smeltery gewerk het en sweisers. Sal ek ’n spesifieke dag vergeet?

Ek het gedeel in ’n arm man se leed wie se vrou ernstig siek was, en wie se agtienjarige seun toe so pas tot tien jaar gevangenisstraf gevonnis is. Dit was rou, dit was seer. Hy het in die gietery gewerk, in die aande asvaal en swart van die swart gietstof by die huis gekom, na ’n uur se stap van die werk af. En toe, op ’n dag, ontvang ek ’n geskenk; ’n gepoleerde gietysterplaatjie met my titel en naam daarop. Dis vir my kosbaar.

Dan was daar die baie interessante subkultuur van mense wat van die grond leef. Veeboere, met hulle afhanklikheid van die weer, die afsondering op die plase en geweldige afstande wat sy eie gebruike en leefwyse meebring. Spraakprosedures oor die Marnet radiostelsel, veiligheidsbewustheid en etiket van wat aanvaarbare gedrag is en wat nie. Daar was die subkultuur van die polities ver-regse Afrikaner, die kultuur van volbaarde en kakie klere met baie spesifieke diskoerse wat nougeset uitgeleef word. ’n Mens moet die uitdrukkings, grense, diskoerse en gewoontes van die mense goed ken om die stories te kan verstaan. Amper meer interessant as al die genoemde blootstelling, was die voorreg om met die Noord-Kaapse Kleurlingbevolking paaie te kruis. Grappe, spreekwyses, uitspraak, humor en baie ander edelstene was my beskore. Om Kerk te hou, om troues en begrafnisse te lei. Die sang, die rou, die klag, die ongeïnhibeerde vrolikheid en uitdrukking van vreugde of aggressie, die etiket rondom eerbetoon en openbare spraak. Die tragiese, raserige en onstuimige gevolge van ’n samelewing wat byna in sy geheel alkoholafhanklik is, het maandeliks rondom pensioendag soos ’n somber kombers rondom ’n gemeenskap gehang. Dit was ’n massiewe voorreg om so ’n gemeenskap goed te leer ken, en die mengelmoes van stories dan agter ’n toe deur te kon aanhoor. Pastoraat vir ’n gemeenskap. Daar was ook die subkultuur van die lede van die Suid-Afrikaanse nasionale weermag, met sy geweldige groot operasionele basis by Lohatla. Die diskoerse te sien van gesag en rang en sosiale interaksie, die kursusse en

hoe ’n instelling oor kultuurgrense ’n baie sterk samehorigheidsgevoel kan skep. Ek noem die voorbeeld van die voormalige 32 Bataljon se lede wat uit baie verskillende bevolkingsgroepe, onder andere swart lede van die Ovambo stam in Namibië, wat eintlik vlot Portugeessprekend is, bestaan het. Daar het sowat honderd en vyftig gesinne van hierdie voorheen prestige Bataljon, binne een kilometer van my huis gewoon, en ek het baie van hulle in die huwelik bevestig of begrawe. Sodoende leer ’n mens ’n subkultuur goed ken, en die ontsaglike kultuurverskille, soos byvoorbeeld dat ’n vrou onder geen omstandighede met ’n man oogkontak maak binne daardie kultuur nie. Om handgemeen te raak of ’n vuurwapen af te vuur, was deel van die mans se alledaagse bestaan.

Kennis van die verskillende kulture, die verskillende segswyses en gebruike, was vir my noodsaaklik om die verhale in die pastoraat te begryp.

As ek terugdink, dan is dit verstommend hoe verbeeldingryk en ken sketsend die mense hulle verhale vertel het. So duidelik dat ek, wat nie daar by die toneel waarvan hulle vertel, was nie, ’n redelike goeie voorstelling kon vorm waarvan hulle vertel. Die Noord-Kaap was by uitstek verhaalgebied. Dis ín om te vertel. Dis ín om met groot detail, dramaties, luidkeels, met handgebare, te vertel. En ja, die kleurlinge by name kon ’n ding duidelik beskryf. Hulle verhale was skokkend, verrassend, veelsydig ongeïnhibeerd, en verbeeldingryk, en het die pastoraat vir my in ’n enorme, lewensverrykende ervaring omskep.

*Daar is ten minste twee in die boot as die deur vir pastorale terapie dig getrek word. Laat ons albei se verhale navors!*

Ek skets hierdie agtergrond om duidelik te kenne te gee dat my lei nie skoon is nie. Ek is bevooroordeeld in hierdie navorsing, ek het ’n ‘interesse’ (Habermas 1972:191). Ek het belang hierby, ek is deur verbeelding in pastoraat beïnvloed. Ek dink nie die mense wou graag vir my ’n verbeeldingryke storie kom vertel nie. Maar baie van hulle hét! Hulle het nie gaan sit en gedink ek moet môre dominee toe gaan, hier gaan ek so sê, daar gaan ek so *act* nie. Hulle het net hulle verhale vertel. Daar is op veelvoudige maniere van dramatisering, gesigsuitdrukking, gebare, emosie en stemtoon

gebruik gemaak om die stories in te klee. Metafore, simbole en taal is ingespan om werklikhede te skets en oor te skets. Ek moes, noudat ek terugdink, my verbeelding ruim gebruik. Ek het gebruik gemaak van metafore, simbole en taal, om te poog dat dit blyk dat ek verstaan, om na nuwe moontlikhede te help soek. Soos die mense, het ek ook nie my insette vooruit beplan nie. Ek het net deelgeneem, geluister, gereageer. Sonder dat ek dit so verstaan of bepeins het, geweet het, het verbeelding ’n groot rol in my pastorale terapie gespeel.

> *We live under the same sky, but we don’t have the same horizon.*
>
> *Konrad Adenauer*

En toe kom ’n dag, ’n dag waarop, deur een stelling, ek ’n verband tussen verbeelding en pastorale terapie aangevoel het. Dis die dag waarop die stelling van Brueggemann, (1993:120) “telling a past, dreaming a future”, onder my aandag gekom het. Sedertdien, vir vyf jaar lank, is hierdie stelling, waarin implisiet die verband gelê is tussen verbeelding en pastorale terapie, my daaglikse metgesel. Die nagevolge van hierdie stelling, en die opbrengs wat daaruit na vore gekom het, laat my vandag hierdie storie vertel.

Sedert my belangstelling in Brueggemann se werk, en die navorsing en nadenke wat daaruit gespruit het, jaag ek verbeelding bewustelik na. In ’n breë, algemene sin het ek probeer uitvind wat wakker regtig my eie verbeelding aan. Ek het teruggedink aan my kinderdae, aan spel, aan plekke en ervarings, en besef hóé deurweek, volgepak en verweef my gedagtes en ervarings met verbeelding is. Ek het begin oplet na hoe effektief die adverteerders, digters en filmmakers verbeelding gebruik. Ek het opgelet na argitekte en binnehuis versierders en blommerangskikkers en tuinuitlêers en winkelbestuurders en talle ander mense, die koerantverkoper, se energieke, verbeeldingryke, uitinge. Ek het opgelet na hoe kreatiwiteit ons samelewing deurvloei en hoe geweldig groot die ekonomiese gevolge kan wees vir mense wat vindingryk, alternatief en verbeeldingryk kreatief optree. Ek het gewonder of hierdie opsigtelike reus van die samelewing, verbeelding, ook in literatuur oor pastoraat ’n beduidende rol speel. Ek het boeke oor pastoraat gelees, en

opgelet vir verbeeldingryke denke. Toe het ek met mense wat pastoraat ken, begin gesels om verhale oor verbeelding in terapie te versamel.


# 5 SES EIE ERVARINGS VAN VERBEELDING IN TERAPIE

Was mense tydens terapie met my kreatief en verbeeldingryk? Ja, situasies van mense en hulle verhale is uiters uniek. Ek herinner my aan tallose terapeutiese verhale waarin mense skeppend, vindingryk en verbeeldingryk met die inhoud van hulle lewens omgegaan het. Ek vertel ses verhaaltjies om my ervaring van verbeelding in terapie toe te lig. Dit is enkele van honderde soortgelyke ervarings. Ek kies vir hierdie ses verhaaltjies, omdat ek die situasies goed onthou, en die verhaaltjies my baie sterk aangespreek het. Ek noem hulle die Krimpvarkie en die gordyne, die SMS en die modder, in die bek van die tier, husse het nie oë nie, ek vertrek nou, en ’n lens kan jou breek.

## 5.1 DIE KRIMPVARKIE EN DIE GORDYNE



Sy was ’n verpleegsuster in haar vyftigs. En toe hoor sy die nuus wat nie een van ons graag wil hoor nie, “Jy het kanker”. Aanvanklik het sy baie weerstand gebied, maar uit die aard van haar werk en jarelange ondervinding het sy besef dis ’n vinnige een. Sy het nie vir behandeling gegaan nie en het in enkele weke geweldig



uitgeteer. Ek onthou die keer toe ek vir die eerste keer huis toe genooi is om te kom lees en bid. Die atmosfeer was somber en dik, soos in ’n huis waar die dood ’n stille gas is. Die twee dogters, wat tuis was en die saggeaarde gryskop het besef sy is besig om te sterf. Toe ek na die kamer gebring word, was die gordyne toegetrek en die lig was swak en broos, soos die tenger liggaam op die bed. Sy het in die fetus posisie gelê, opgekrul soos ’n krimpvarkie. Die pyn, die lig, die lewe en alles

het net te veel geword. Hoe geskok was ek nie om hierdie heilige ruimte te betree waar ’n eens streng ma van vier dogters nou tot ’n klein bondeltjie opgekrulde bene gereduseer is nie? Maar haar stem was helder en kalm, tevrede. Sy was ’n mens wat saggies lê en roep het na die doodsengel. Ons het gelees en gebid. “Bid asseblief dat God my kom haal, ds, ek wil nou gaan.” Enkele dae later het sy net voor dagbreek vir Pappa wakker gefluister met ’n versoek. “Pappa, maak vir my die gordyne wyd oop soos ek dit altyd gedoen het!” Hy het, en sy het gesterf.

By die begrafnis kon die vier dogters en familie praat oor ’n vrou wat flink, energiek en vol lewenslus soggens baie vroeg die gordyne wyd oopgepluk het. Laat die lig, die dag, die voëlsang, die lewe en die geur van die vroeë oggend instroom, was haar filosofie. Dis, oggend, tyd om op te staan, dis tyd om voluit te leef.

In my en haar mense se oë, sal sy nie net onthou word as die krimpvarkie nie, maar ook as die vrou wat die gordyne wyd oopmaak, en vertrek…

## 5.2 DIE SMS EN DIE MODDER

Ons het gedurende Februarie, tydens een van die geweldigste reënmaande in die geskiedenis van Pretoria ingetrek. Dis mos net hoe dinge werk, want ons was omtrent twee weke in die huis op die hoek toe die stadsraad besluit om ’n groot afvoerpyp deur die woonbuurt aan te lê. Wat nog ’n groter verassing was, was die besef dat die pyp sou draai presies op die hoek waar ons woon! ’n Slootgrawer het aan die westekant sowel as die noordekant van die erf ’n sloot van ongeveer een meter wyd en drie meter diep gegrawe. En daarmee saam die reën. Roesbruin modder, oral. Die sloot was pas toegestoot, toe sy die aand met haar motor op die sypaadjie stop. Wel, enkeldiepte in die modder. Ons gesprek was moeisaam en seer. En sy is daar uit, met skoene wat dik, ek bedoel baie dik aangepak was met roesbruin kleigrond. Sulke bondels. Ek het opreg jammer gevoel, en verskoning gemaak. Ek onthou hoe die motortjie so gly, gly uit die pap en sopnat modderbad vertrek het. Ons het meermale weer gesels. Intussen het ek en Mari die sypaadjie sorgsaam ontwikkel. Gras geplant, sement en plaveisel gelê, en les bes, ’n aantal deurgesaagde *logs* geplant as trapplek tussen plante en beddings. Toe kom

sy weer, en dit reën weer. Ons stap uit, maar hierdie keer droogvoets. Sy het gerieflik op die boomstomp-paadjie tot by haar motor gestap, wat op die skoon, hoewel nat parkeerplek gestaan het. Die volgende oggend kry ek 'n SMS. "Thanx, just as logs help stepping over mud, so talking helps stepping over my pain."

## 5.3 IN DIE BEK VAN DIE TIER

Oom Andries is een en tagtig. Hy is lewenslustig, energiek. Maar vandag is dit 'n ander storie. Sy knie-operasie, die kanker nuus en die klein inperkende kamer, anders as die wydtes en ruimtes van sy plaas, maak hom terneergedruk. Hierdie ding het hom meer gevang as wat hy gedink het. Dalk sal hy nooit weer hier opstaan nie. Hy is hartseer, ongelukkig en besorg oor die toekoms. Toe hy my sien, is hy aangedaan. Sy stem is bewerig en ontneem van die kenmerkende selfvertroue. 'n Traan loop oor een wang. Hoe dit gekom het, kan ek nie onthou nie, maar hy was weer aan die vertel. Amper vyftig jaar gelede het 'n tier verwoesting gesaai onder die boere se vee. "Ons het sy spoor gevat." Met presiese detail vertel hy: van die honde, sy maats, die wind, die bakkie met net twee ratte vorentoe, die terrein, alles. So duidelik dat ek dit kon sien.



"En toe het hy uitgespring, en reg op ons afgepyl. Ek het alles gelyk gedoen; gestop, uitgeklim, my Leemetford uitgehaal, aangelê. Daar was nie tyd nie. Met elke sprong het hy gesê ha-ha-ha. Sy bek was wyd oop. Sy geel oë het op my geblits. Op dertig voet het ek hom geskiet, reg in sy oop bek, morsdood." Hy bly stil… Ek sit ook oopmond. "Ja Dominee", sê hy nadenkend, vonkeloog, "op my dag was ek 'n knap skut".

Hy was beter, en ek ook...

## 5.4 HUSSE HET NIE OË NIE

Ek en Mari is genooi om op Ellisras te sing. Daar was ’n versoek van ons gasvrou, “Bring asseblief vir mev. Hus[8] saam, sy is ons gasspreekster.” ’n Adres is gegee. Toe sy die deurklokkie beantwoord, het ek na ’n paar sekondes besef sy is blind. In die motor was die atmosfeer onmiddellik gesellig en heerlik. Sy het heelwat gepraat, en ons het gekuier soos ou bekendes wat mekaar jare laas gesien het. En toe vertel sy die husse se storie. Haar kategeseklas het gevra wat se ding ’n hus is, en in haar voortvarende en opgeruimde aard het sy onderneem om die volgende week ’n hus saam te bring! By die huis het sy haar twee blinde susters gebel en hulle het laggend bespreek hoe ’n hus dan moet wees. “Hy het lang ore”, sou een sê, “en hy is sag en dierbaar en liefdevol”, sou die ander byvoeg. So is ’n hus ‘ontwerp’. En toe is daar by sy oë gekom. Tot hiertoe het die blinde susters geweldig pret en plesier gehad met hierdie gedagtes, maar wat van die oë? Nadat heelwat opsies bespreek is, het sy met ’n voorstel gekom. Husse is soos ons, hulle kan nie sien nie. Husse het nie oë nie, hulle kyk met hulle harte! Sodoende is ’n lieflike, minlike sagte speelding ontwerp, met ’n klein brilletjie, sodat ’n mens weet waar sy voorkant is, sonder oë en met lang ore. Die hus is Sondagskool toe gevat, en die kinders was baie in hulle skik met die hus en sy lang ore! Ellisras toe was die pad kort, met ’n klein nattigheid in die oë, en die toespraak met talle gedigte wat uit die kop onthou is, was iets om na te luister. Hierdie blinde vrou ontvang nie terapie vir blindheid nie, sy deel genesing uit vir mense wat vergeet het dat jy met jou hart kan kyk.

> *Geagte mnr. Fortune, wanneer jy op die lug is, sien ons.*
>
> *-Telegram van die Huis van Blindes, aan die krieket kommentator Charles Fortune oor sy beskrywende kommentaar.*

### 5.4.1 EK VERTREK NOU

Frans Goussaard[9] het sy Heiland leer ken. Letterlik en figuurlik. In 1935 het hy met sy agtienjarige vrou, twee muile en ’n wa, sestien bokke en ’n melkkoei na die weste toe getrek. Getrek na ’n bestemming wat hy nie geken het nie. Getrek na ’n vier duisend hektaar stuk aarde toe sonder omheinings en

kampe in 'n radius van meer as honderd kilometer. Geen paaie, geen huisvesting, niks. Toe hy reken hy is min of meer op die plaas wat die kaart aandui, het hy 'n paar sinkplate teen 'n Witgatboom staan gemaak. Dit sou voorlopig 'huis' wees. Nie lank nie, of die eersteling is gebore. Die bokooi moes byderhand aan 'n boom vasgemaak word, want Jaatje het nie melk gehad nie. Dit was uithoujare, geloofsjare. Meer as tien boorgate is geboor voor daar water gekry is. Al wat jy kon doen, is om te bid en te glo. Na sestien jaar daar, is hy een oggend beseer. Hy het van die windpomp afgeval, en sy rug beseer. Die doktor het gereken hy sou verlam wees. Maar hy het vier kinders en 'n vrou gehad! Hy moes sorg. Hy het gebid. En God het gehoor. Na maande se lê het hy weer gekruip, sy werk gedoen. Later weer leer loop.

> *When nothing is certain, everything is possible!*
>
> *Margaret Drabble*

Na 'n lang en vol lewe, 'n lewe wat respek van die gemeenskap afgedwing het, 'n lewe vol nederigheid en integriteit en kinderlike geloof, het hy tot die dood toe siek geword. Op vier en tagtigjarige ouderdom, in sy huis het hy een oggend vieruur moedig sy kop van die kussing gelig. Hy het Jaatje se hand gedruk en duidelik gesê: "Mamma, ek vertrek nou".

En hy het…

## 5.5 'N LENS KAN JOU BREEK

Gerhard[10] se seun is ook polisie toe. Soos sy pa, het hy die verwagting gekoester van 'n goeie, eerbare loopbaan. Hy het baie goed opgang gemaak in die speurdiens. Aangesien fotografie een van sy belangstellings is, het hy 'n oorplasing na die fotografiese afdeling gevra. Sy aansoek was suksesvol. Na twee jaar kon hy nie meer nie. Die fokus van die kamera op die allergrusaamste tonele het hom gebreek. Die beelde het hom gebreek. Hy is in 'n senukliniek opgeneem en is op nege en twintig jarige ouderdom uit sy werk ontslaan. Sy loopbaan was op 'n einde. Hy ontvang pastorale terapie; dit gaan beter…

Hierdie is stukkies van aksieverhale van verbeelding in pastoraat, wat my lewenspad gekruis het. Daar was tallose ander. Ek vertel hierdie ses wyd uiteenlopende kortverhale om te sê dat verbeelding by mense, in my as pastor se kontak met hulle binne 'n terapeutiese konteks, vrylik en ruim tot haar reg gekom het. Daar waar die mense is, lééf verbeelding. Die terapeutiese wêreld, is een van die speelplekke van ryke verbeelding.

# 6 VERHALE VAN MEDENAVORSERS

Nou volg die verhale van my medenavorsers oor hulle interaksie met verbeelding in pastorale terapie. Ek beskou my onderhoude met hierdie mense as 'n gebeure. Dit is dinamiese, lewende en onherhaalbare gebeure. Ek verstaan ons gesprekke as verhalende, verbeeldingryke, pastoraal terapeutiese gesprekke. Dis daarbenewens navorsingsgesprekke.

By elke gesprek vertel ek iets van die akteur, die motivering waarom hy of sy ingesluit is in die navorsing, en dan 'n verbatim weergawe van ons gesprekke.

## 6.1 DIGTERSKILDER[11]

### BEKENDSTELLING

Ek kies hom as medenavorser omdat hy oor sewentig jaar oud is. Hy is oorgewig. Hy rook en drink en sy taalgebruik is ongehoord in kerklike kringe. Hy is tot 'n rolstoel ingeperk en is 'n kunstenaar. Hy is 'n ongehoorde, ongewone stem. Iemand aan wie die samelewing en navorsing maklik kan verbygaan. Hy is uniek, temperamenteel en snydend krities aan die hand van ragfyn waarneming. My aanvoeling was dat ek, en ons almal, iets by hom kan leer insake verbeelding in die pastoraal terapeutiese situasie. Ek vertel kortliks hoe hy my medewerker geword het.

> *Every act of creation is first an act of destruction.*
>
> *Picasso*

Ons was skaars in die nuwe gemeente toe ons genooi word vir ete. Niksvermoedend het ons die huis met die klein venstertjie in die voordeur binnegestap. 'n Vriendelike, gulhartige ontvangs het ons by die deur gekry,

maar niks het my voorberei vir die aand wat sou voorlê en die nagevolge van hierdie besoek nie. Ek het nog nie vantevore in so ’n vertrek ingestap nie. Die goudwarm beligting afkomstig uit kosbare antieke gekerfde hout staanlampe, keurig en met ’n kunstenaarshand gerangskik in die vertrek. Die donkerblou en geel en rooi van die skilderye, beslis ’n dertigstuks sprekende aansprake teen die mure, kosbaarhede uit verre lande en beeldhouwerke. Ja, iets meer oor die skilderye. Die Christusse, die oë, jeugdigheid en lyding en bejaardheid en heelal en sterre die hande en voete, die lyne van vrouefigure; o, dit alles het my stil verstom in eenvoud weerloos gelaat. Die onmiddellike kontak en aanklank. Toe, deur die loop van die aand die vele aanhalings en later, na wyn en goeie eksotiese keurig bereide kos, die voordra van gedigte. Self geskryfde gedigte oor die lewe, mooi, deurleefde werk van gehalte. My sisteem het letterlik en figuurlik daardie aand te veel gekry om te verwerk. En dit sou nie eintlik verander nie. Nou, na jare, is die intensiteit van intellek en uitdaging en retoriek en voorlees van haikoes[12] steeds elke keer ’n belewenis. Intens die kontak met hierdie ontsettende veeleisende individu, maar telkens die ervaring dat ek hier met iemand buitengewoon te doen het. Iemand wat sien en hoor in die nag, wat skryf en praat en skilder en eet en drink en reis en vertel en lééf met passie. Iemand wat selfs op sewentig so intensief en veeleisend leef dat veertig minute in sy teenwoordigheid my eers noodsaak om te gaan nadink en herstel. Daar word steeds gedigte geskryf, altyd skokkend nuut. En die skilderye ontspring nog daagliks soos fonteine. Hy het ongeveer drie duisend werke geskilder. Hoeveel hy geskryf het, kan ek nie eers raai nie. Sy vermoë om te sien, het my so gefassineer dat ek net met hom ’n onderhoud of ses oor verbeelding móés hê. Toe, onverwags die tyding van kanker en ’n operasie. ’n Skeefgeloopte operasie in die sin dat hy toe ‘teaterkiem’ kry, en vir honderd twee en tagtig dae in die intensiewe eenheid van ’n hospitaal deurbring. Ek, en die res, het gevrees vir sy lewe. Dit het sy nagevolge gehad, soos dat hy in ’n rolstoel gekluister sit, maar sy gees is nie vernietig nie. In minder as ses maande, het hy meer as honderd skilderye geskilder. Dit, uit die rolstoel. Wat meer verstommend was, was die spesifieke reeks kruisigings. Dit het my net méér as ooit tevore laat besef, hierdie man sien dinge. Ek wou meer daarvan weet, en het hom uitgevra.

### REDES VIR INSLUITING

Hy is uitsonderlik uniek. Hy is baie uitgesproke, en leef ’n totaal buitengewone lewe. Hy is bejaard, maar leef met die energie en spoed van ’n vyf en twintigjarige. Hy is die anti-stem van hierdie navorsing. Iemand wat anti-kerk, anti-ampsdraer, anti-georganiseerde godsdiens is. Wat sê dat hy nog nooit terapie ontvang het nie! Iemand wat met talle predikante, oor baie jare en baie gereeld intellektuele en aktuele sake bespreek het. Hy het van die lewe, heelal, dood, verlossing, angs, liefde, strewe, hemel, pyn, armoede, verwerping, sonde, seks, vriendskap, gedigte, musiek, teologie en nog baie ander dinge gepraat en geskryf en geskilder, en het reaksie van pastors op al hierdie dinge ontvang, en tog beweer hy dat hy nog nooit vir terapie was nie!

Die talle onderhoude, gesprekke en gedagtes wat ek by hom insake verbeelding ontvang het is te omvangryk om te plaas. Uit ure se kontak insake hierdie onderwerp met hom, lig ek slegs twee gedagtes uit. Die eerste is dat hy die misterie van die onderwerp deurgans gehandhaaf het. Die tweede is dat hy by geleentheid antwoord op my vraag: “Bring die skilderwerk verligting vir jou stryd?”

**Digterskilder:** Die skilderwerk help tot ’n geringe mate, maar wat werklik ’n verskil maak is wanneer ek skryf, wanneer ek dig. Die woorde, die keuses, die moontlikhede, ja dit maak ’n groot verskil. Ek ervaar ’n geweldige mate van verligting wanneer ek dit uitgeskryf het. Uit my sisteem uit. Duidelik en helder weg van my af geplaas het. Dit bring werklike bevryding.

Om iets van hom te vertel, plaas ek een van sy gedigte, met twee grepies uit van sy ander gedigte, en ’n skildery.

### PORTRET[13]

*Laat ek my voorstel*
*amper oud*
*volrond*
*’n roker*
*’n drinker*
*’n skilder*

*'n manie vir musiek*
*'n lekkerbek*
*'n leser*
*'n reisgenoot.*
*Maar as 'n oupa*
*is ek anders:*
*ek vergeet myself*
*ek kla nie*
*ek laat my trap*
*ek onderbreek*
*my mooiste simfonie*
*ek deel my lekkerste*
*stukkie kos*
*ek gee nie om*
*as my dutjie onderbreek word*
*ek speel saam*
*en luister so graag*
*as sy grootogig*
*my vertel van monsters in die nag.*

**EK BEWE** [14]

*Hoekom staan en bewe*
*ek weer vanmôre*
*bang om te lewe*
*bang om verder as vandag*
*die toekoms in te kyk*
*Jy's altyd so 'n daadmens*
*het my ma altyd gesê*
*Jy sit altyd en lees*
*het my pa altyd gekla*
*Hou tog op met droom*
*sê my vrou tot vandag*
*Pa is my beste Pa*

*sê sy, my bruinoogkind*
*Strikke van die gees*
*word in 'n strik gevang*
*ek sit atonaal*
*outisties verwese*
*gevange tussen dade*
*wat te veel eise stel*
*ek bewe weer in die môre*

**EK WEEN**[15]

*Skink vol die kelk*
*kerf die speenvark*
*bak die kalf*
*smoor die soetpatat*
*en laat dit vonkel*
*in kristal*

**DIE SKILDERY**

Die dag na ons eerste ontmoeting, het hy in nege ure hierdie skildery geskilder. Dit is 1.2m x 1.2m groot. Dit beeld die engele-aankondiging, die geboorte, die laaste Avondmaal, die voetwassing, die gebed in Getsemane, die haan wat kraai, die verhoor voor Pilatus, die kruisdra, die Hemelvaart en sentraal die Kruisigingstoneel met die vroue prominent uit. Dit is die mees kompakte evangelie wat ek ooit ingekry het. Hy sê hy't met twee driehoeke, een van lig en een van donker, gewerk om simmetrie te bewerkstellig en om die weg van verheerliking en vernedering uit te beeld. Hy werk met kontras en balans, halfsirkels, en driehoeke. Die Koninklike pers, die rooi wat deur hierdie verhaal vloei. Met onthulling, sowel as verskansing van identiteit. Vir my, is hierdie 'n voorbeeld van 'n werk van verbeelding, van skepping, van kreatiwiteit, wat deur taal, deur verhaal, gestimuleer is.



Ek plaas net die skildery. Dit is vir jou om te oordink wat die Groot verhaal, die kuier van 'n predikant, die klein verhaaltjies van 'n man, verbeelding en kreatiwiteit met mekaar te doen het.

## 6.2 KANARIEMAN[16]

### BEKENDSTELLING

Kanarieman is ongeveer vyf en veertig jaar oud. Hy is getroud en het twee kinders. Hy is gemeenteleraar in 'n makro gemeente en het 'n spreekkamer. Hy is energiek, sportief, en is lief vir lees, fliek, akademie en sport. Hy het 'n baie groot belangstelling in mense en kuier graag en entoesiasties. Die lewe is vir hom mooi. Ek kies hom omdat hy ervaring het van narratiewe terapie, en

ek vol verwagting was dat hy sou kon uitwy oor die funksie van verbeelding tydens sodanige terapeutiese gesprekke.

**VERBATIM GESPREK**

Ek het vir 'n onderhoud na sy spreekkamer gegaan, en was aangenaam verras met die atmosfeer, musiek en die gemaklike omstandighede wat doelbewus geskep is om ons onderhoud te huisves. Ons het eers inleidend gesels, en ek plaas 'n gedeelte van die gesprek wat spesifiek rondom verbeelding gesentreer het. Die gesprek word verbatim weergegee, daarom is die taalkonstruksie en woordgebruik presies soos ek dit op band vasgelê het.

JOEKIE: Jy werk al vir vyftien jaar met verbeeldingryke stories in die spreekkamer. Was al die stories gelyk, of was sommige meer gelaai met verbeelding? Is daar spesifieke verbeeldingryke verhale wat jy onthou, wat uitstaan?

**Kanarieman:** Daar was beslis vir my unieke belewenisse. Na altwee kante wat verbeelding werk. Daar was in die spreekkamer baie teruggekyk, onthou en vertel van dinge wat gebeur het. Daar was ook soms gesels oor toekomsdrome.

Ek dink byvoorbeeld aan die tyd toe ek by Castle Carey[17] gewerk het. Daar was 'n vrou wat vertel het van die polisie wat haar by die skool kom haal het. Sy was in standerd drie. “Kom, jy moet jou ouers kom uitken.” Toe hulle by die lykhuis kom en die laai ooptrek toe lê daar letterlik twee bondels vleis. Sy het haar ma aan haar trouring en haar pa aan sy horlosie herken.

Sy het met daardie beelde grootgeword. Dis my ma en my pa. Dit was vir haar te veel en sy het 'n alkoholis geword, waar my pad met hare gekruis het. Sy was op daardie stadium agt en veertig jaar oud. Ons het met terapie begin en sy het my die storie in detail vertel. Ek het geluister en in die proses van vertel het daar sekere dinge in haar losgekom. Mettertyd het ons daartoe gekom om te sê hierdie prentjies in jou kop van twee bondels vleis is nie regtig jou ouers nie. Dis twee liggame wat onherkenbaar vermink is. Hulle is dood. By geleentheid het ek gevra dat ons saam begraafplaas toe gaan, en gevra dat sy 'n foto van haar ouers saambring. Ons het gaan sit langs die graf en

gesels. Ons het gesels oor haar ouers, oor wat sy van hulle onthou, en dikwels na die foto gekyk. Mooi herinneringe is opgeroep…

En hoe sy weer perspektief gekry het deur terug te dink… Hierdie mense op die foto, en weer vorentoe te dink… eendag sal ek hulle in die hemel sien. Ek gaan twee mense sien wat gelukkig is, wat heel mense is. En ek dink dit was die wonderlike van die proses. Sy is weg en het verander.

Ons kon saam 'n pad loop, ek het deel van haar storie geword, ook haar storie van 'n nuwe toekoms, van 'n verwagting. Ek gaan weer my ouers sien.

JOEKIE: Dink jy die foto het gehelp?

**Kanarieman:** Ja, beslis. Dit het belewenisse losgemaak. Hoe hulle met haar gespeel het… Ek wil amper sê *sweet* goeie herinneringe. Sagte, teer emosies het na vore gekom… (bepeinsing)

JOEKIE. En toe het jy saam met haar op daardie wandelgang gegaan. En hierdie mooi herinneringe het na vore gekom?

**Kanarieman:** Ja, ja.(sterk bevestigend) In een van die eerste sessies het ek gevra bring 'n foto saam. Later het sy die hele fotoalbum saamgebring en ons kon kyk na tye soos toe hulle in die wildtuin was en ander lekker dinge gedoen het. Snaaks, die foto's het die prentjie net soveel verbreed. Ander familielede en mense wat naby hulle geleef het het na vore gekom, en nog meer stories.

JOEKIE: Jy verwys na prentjies in die kop. Hoe verstaan jy… ek wil amper sê… die geboorteplek van daardie prentjies?

> *On all sides and in many fields the appreciation of the importance of the imaginative in the human picture of life – be it science, art, literature, history, theology, philosophy, sociology, etc. – is taking hold.*
>
> *Murray*

**Kanarieman:** Dit word in jou kop gebore. Jy kan iets met jou oë sien en dan kom daar prentjies in jou kop. (vertwyfeling) ja… 'n…. Ek dink ook in jou emosies, 'n blinde persoon kan ook prentjies vorm… sonder dat hy fisies 'n ding gesien het… Ek dink jy kan 'n prentjie proe… dis emosioneel… Dis aanvanklik denke wat in my kop gevorm word wat later

oorspoel in emosies. Soos ek proe 'n ding, ek ruik 'n ding. Reuk, …as ek in 'n vertrek instap, daai reuk kan ervarings in my wakker maak. So ek vat hom op sy wydste. Hulle word sekerlik gebore in 'n ou se kop. Ja … ek werk nogal baie in die spreekkamer met Romeine 8. God moet jou denke verander. My denke bepaal my emosies.

JOEKIE: En dan, jy sê jy werk in die spreekkamer baie daarmee. Werk jy self met prentjies? Werk jy met rede, of werk jy baie met voorstellings.

**Kanarieman:** Ek werk met die rede. Maar ek glo in beelde, in voorstellings. Ek laat baiekeer iemand huis toe gaan en sê gaan skryf vir my iets. Skryf, dink ek nog steeds is een van die beste terapeutiese metodes. Ander emosies kom na vore. Ek vra ook soms iemand moet iets vir my teken. Daai bord daar teen die muur (wys) gebruik ek baie dikwels. Ek hou daarvan om konsepte te verduidelik deur te teken. Metafore, dink ek is een van die beste hulpmiddels in terapie.

Soos in die Bybel. God my Vader, God wat 'n hen is. Ek het jare gelede 'n vrou gesien wat deur haar pa gemolesteer is, toe deur haar nefie en nog deur ander persone. En haar idee van God as Vader het net nie afgegaan nie, omdat haar pa en mansfigure haar lewe so verwoes het. Toe dink ek... Maar daar is ander metafore in die Bybel wat van God gebruik word soos hierdie hen, wat haar kuikens bymekaarmaak. En dadelik toe ek praat van 'n hen, met die kuikentjie wat so onder die vlerk uitloer en as daar seer en gevaar is kan hulle maar net weer onder die vlerk inkruip, die hartklop voel die warmte voel, toe was dit vir haar aanvaarbaar. Metafore dink ek ons kan baie goed gebruik in die praktiese teologie.

JOEKIE: Ek aanvaar dat mense jou kom sien met seer prentjies in die kop. Dis 'n geweldige verhaal van die meisie en haar ouers. Is daar ander verhale wat jy duidelik onthou?

**Kanarieman:** Ja, soms kom mense met verwronge prentjies. Soms is dit 'n prentjie in 'n doodloopstraat, en dit verduister jou hele toekomsverhaal.

Die lekker van die spreekkamer is om na hierdie verhale te luister.

’n Ou oom van omtrent sewentig is na my verwys. Hy het angsaanvalle gekry. Hy was al by verskeie terapeute en dit bly onveranderd. In die derde sessie sê ek toe ons haak vas. Ons vorder nie. Ek het sy verhaal gehoor en hy iets van myne, maar ons vorder nie. Toe sê ek gaan skryf asseblief vir my jou lewensverhaal. Toe hy weer kom, het hy agt en twintig bladsye geskryf! Ek vra toe, lees dit vir my. Toe hy so in die middel kom, toe hou hy op lees en ek sien sy ken spring. Ek vra, en nou?… die volgende oomblik toe kry hy trane in sy oë, en toe huil hy soos ’n kind. Hier sit hy, vir vyftig jaar het hy nooit emosie getoon nie, het hy afgestomp geraak en nou huil hy vir die eerste keer. Ek vra toe mooi, toe lees dit vir my, ek wil dit graag hoor. Toe gaan dit oor die tweede wêreldoorlog. Hy was negentien en in die groot veldslag van El Almein, toe het hulle sy broer langs hom geskiet, en hulle het hom weggevat. Hy het nie geweet of sy broer dood is nie. Hy het twee jaar later sy broer weer in Suid-Afrika gekry, hy was net sleg gewond. Maar onder daardie getraumatiseerde oomblikke het die beelde van lyke wat met *Caterpillars* weggestoot en toegestoot word ’n onuitwisbare indruk op sy gemoed gelaat. Dat daar tussen twintig en vyftigduisend lyke in die groot veldslae was, en die *Bulldozers* ry oor die opgeswelde lyke. Die mae en koppe wat bars as daar oor hulle gery word. Hoe die lyke hanteer is en die massas gewonde mense. Hy het seker gedink, nou het ek genoeg seer prentjies gesien, genoeg is genoeg.

Ons kon in groot detail oor sy trauma praat, en ek het my agtergrond as kapelaan by die valskermbataljon gebruik om saam met sy storie in te leef. Hy het baie verligting gekry om te praat, te vertel van hierdie beelde, hierdie prentjies waaroor hy nog nooit gepraat het nie, en verstaan hoekom hy daar ‘geblok’ het.

Hierdie oom het daarna sy angsaanvalle oorkom, en ek het hom aangemoedig om ook met sy mense van hierdie verhale te deel, en langs die weg van vertel, genesing te ervaar. Dit was ’n aangrypende verhaal…

JOEKIE: Kan die prentjies ’n verandering bring?

**Kanarieman:** Ek onthou hoeveel foto’s ek gesien het van begrafnisse in my ouers se fotoalbum. By die ondernemer, by die kerk, by die graf. Dis alles prentjies wat aanmekaar gelas word om sin te maak van hierdie seer. Ek

onthou my pa het gesê dis deel van die manier waarop ons die dood verwerk. Dis hoekom ons die begrafnisse afneem. Later, in gesprek, vra ons: onthou jy hoe ons die kis opgetel het, dis deel van die skoonmaak, die rustig raak, die ritueel om die dood te verwerk en nuwe hoop te gee.

JOEKIE: Jy verwys na hoop, is daar vir jou 'n verband tussen hoop en verbeelding?

**Kanarieman:** Beslis, partykeer is dit al wat 'n mens deur 'n krisis kan trek, prentjies van hoop. Ons fokus baiekeer te min op die toekoms. Ek het al hier gesit met mense wat swak verhoudings met mekaar gehad het. Byvoorbeeld 'n seun wat sy ma doodgeskiet het. Hy het gereeld met 'n .22 kaliber teiken geskiet, en na 'n rusie het hy sy ma geskiet. Die kind het sy ma geskiet omdat hy haar so gehaat het. Hierdie ma het die boetie voorgetrek, en die seun kon nooit niks regdoen in haar oë nie. In 'n oomblik van swakheid het hy die pistool gevat en haar geskiet. Sy prentjie van sy ma was dat hy die swartskaap was, nooit goed genoeg nie. Hy het baie skuldgevoelens beleef omdat hy haar geskiet het, en met baie vrae geworstel. Omdat daar bewyse was dat sy hom stief behandel het, is hy vrygespreek.

In een van die sessies het ek gevra: "As jou ma vandag hier sou sit, wat sou jy vir haar wou sê?" Hy het 'n baie interessante ding gesê soos: "Mamma, kon jy nie net eenkeer gesê het jy's lief vir my nie?" Ek het daarop gewys dat alles eindig nie hier nie. Eendag sal jy weer jou ma sien. Hy sal vir haar kan sê: "Jammer Mamma", en sy sal vir hom kan sê: "Ek is lief vir jou, my kind." Alles sal anders wees. Hy kon hom daarin inleef, en geweldig baie troos uit die prentjies wat hy in sy kop van hom en sy ma in 'n herstelde verhouding voorgestel het, put. Hy kon nie onmiddellik werk kry nie, omdat hy 'n rekord gehad het. Hy het toe in daardie tyd begin skippies maak en verkoop. Hy het vir my daardie skippie gemaak en gesê: "As Oom die skippie sien, dink aan my". Hy is vandag drie en twintig en het gaan swot en het 'n goeie werk en dit gaan goed met hom. Saam het ons 'n ander inhoud aan sy storie gegee.



Die oplossing kom nie noodwendig volgens logika nie, maar jy moet soek na ’n *unique outcome*. Jy moet baie werk doen om by daardie blink dingetjie uit te kom. Wat ons noem *panning for gold* om by die uitkoms uit te kom.

JOEKIE: Soek jy spesifiek vir daardie stukkie goud, of dink jy dis ’n natuurlike proses dat die persoon self die blink dingetjie uitlig?

**Kanarieman:** Dis ons werk as terapeute om op te let en te soek vir die stukkie goud of die diamant. Ek sê altyd dis die werk van die Heilige Gees. ’n Persoon vertel sy storie dat jy dit later van alle kante af ken, en eendag, net op ’n oomblik, is daar iets anders. (die stukkie goud). Ek glo dis die Heilige Gees wat dit vir jou en my as terapeute uitwys. Dit kom baie keer spontaan. Jy as mede skrywer moet daarvoor oplet.

JOEKIE: Ek wil vra of daar dinge is uit jou eie kinderdae; beelde, herinneringe van dinge wat jy gevisualiseer het, en wat toe met jou gebeur het?

**Kanarieman:** Ja, op skool het ek ’n humeur gehad. Ek het gestoei en hard rugby te speel. Ek het my energie gekanaliseer in my sport. Toe ek vir die familie sê ek wil predikant word was daar baie bedenkinge of ek met my mondering geskik is vir so ’n beroep. Ek het dit as ’n uitdaging gesien dat selfs ek… dat die Here iemand soos ek kan gebruik. Later… jy weet ek is deur ’n egskeiding, het baie ouens gewonder of ek weer geskik sal wees vir die bediening. En ja, my eie storie is ’n storie van hoop en van genade. Daarom is ek in die spreekkamer meer oop daarvoor omdat ’n mens weet wat se pad jy al self geloop het. As daar vir my, Jan, hoop is en ’n nuwe verhaal moontlik was, sê ek net dan is daar vir elke ander ou ook die moontlikheid van ’n nuwe verhaal.

JOEKIE: Het jy persoonlike drome:



**Kanarieman:** Ja, as ek sulke praktiese goed moet noem. Ek boer vir die afgelope drie en twintig jaar met rooi kanaries. Een van my drome was om seker skaars nuwe mutasies te teel. Ek lees boeke en kyk op die Internet en stel belang daarin. ’n Paar jaar gelede was ek bevoorreg om sekere mutasies te teel wat nog nooit in die wêreld geteel is nie. Dit was

lekker om so 'n droom waar te maak. Nog 'n droom is dat ek eendag by die see wil gaan bly. Hoekom… weet ek nie. My oupa was seker 'n seerower! (Lag) Ek wil ook skryf. Boeke skryf.

Dit was ook 'n droom van my om te studeer. Ek swot al vir 17 jaar na skool en ek dink my ou skoolhoof wat al oorlede is, sou trots wees op my om te sien wat ek bereik het in die lewe. Dis lekker… (lag)

Op hierdie lekker, vonkel in die oog oomblik, sluit ons af.

## 6.3 WÊRELDSTAPPER[18]

### BEKENDSTELLING

> *Nothing splendid has ever been achieved except by those who dared believe that something inside of them was superior to circumstance.*
>
> *Bruce Barton*

Wêreldstapper is 'n man van ongeveer vyftig jarige ouderdom. Hy is getroud en het drie kinders. Hy is 'n predikant in die NG-Kerk en spits hom veral toe op die jeug, sending en pastorale terapie. Hy is 'n huweliksberader en het die hoogste kwalifikasie in huweliks- en gesinsterapie. Ek ken hom jare. Hy is interessant, kreatief, verbeeldingryk en verstrooid. Hy is saggeaard en toon insig in mense en in die lewe. Hy lag graag, en wanneer ek by hom is, versnel hy my lewe, my eie entoesiasme word meer. Hy het geduld, en kommunikeer vurig en duidelik.

### REDES VIR INSLUITING

Hy het ongeveer twintig jaar ondervinding in terapie, en het wye gemeentelike blootstelling. Hy het 'n fyn aanvoeling vir die teologie, en het uitstekende kennis van die narratiewe benadering. Ek beskou hom as 'n spesialis op die gebied. Hy slaag daarin om die Bybelse verhale en die alledaagse lewensvraagstukke in 'n vindingryke dialoog te bring. Hy fliek graag en vergewis hom van die nuutste tegnologie en daaglikse nuus. Hy lééf aktueel en sy tienerkinders sorg daarvoor dat hy in baie noue aanvoeling met die jeug en eietydse tendense bly. Hy toon uitsonderlike insig in narratiewe terapie. Hy is 'n goeie, nougesette en deurwinterde akademikus. Hy straal 'n groot liefde

vir mense uit, en in my hart weet ek, hy is ’n ware pastor. Ek vertrou hom en voel op my gemak by hom, ons gesels graag en dis telkens vir my ’n belewenis om sy entoesiasme vir die lewe te beleef. Ek kies hom, omdat ek oortuig is hy ’n bydrae tot die debat kan maak. Ek ervaar by hom ’n kinderlike eerlikheid, en dit is hierdie amperse naïwiteit wat my genoodsaak het om met hom in gesprek oor verbeelding in terapie te tree.

#### VERBATIM GESPREK

Hy nooi my vriendelik in en stel voor dat ons sommer in die sitkamer sit. Dis lekker stil in die huis en voor ek nog kan vrae vra, vra hy: “Het jy die boekie van Deist, *Verhinder hulle nie*? Dis ’n boekie oor kinders en hulle verbeelding. Van die seuntjie in die kaskar wat opskuif en op die punt van die nou bestuurdersitplek sit. As sy pa vra waarom hy so ongemaklik sit, sê die seuntjie: “Omdat Jesus altyd by my is”. Kry dit gerus, dis lekker leesstof.” Ons praat nog oor die een en ander en toe begin ek oor verbeelding uitvra.

JOEKIE: Ons het nou al ’n keer of twee gesels oor verbeelding in terapie, en aangesien jy die proses van my navorsing goed verstaan en heelwat weet van die narratiewe benadering, wil ek hê jy moet my vertel van verbeelding in jou eie terapeutiese situasie.

**Wêreldstapper:** Ek het nog nooit aan verbeelding in terapie gedink nie tot ek gehoor het jy praat van die twee woorde saam. Wat wel gebeur, is dat ek in die prediking baie maak van verbeelding. Kom ek noem vir jou ’n voorbeeld, van ’n spesifieke preek wat ek goed onthou. Ek het ’n bandopname gespeel van Martin Luther King se ‘droom’ toespraak. Dit was ’n jeugdiens. Ek het toe vir die kinders gevra: “Wat is jou eie droom? Wat is jou droom vir ons land en vir jou skool en vir jou ouers en vir jouself? Waaroor droom jy?” Vir my is verbeelding en hoop baie na aan mekaar. Dis my eie aanvoeling. God het vir ons die toekoms oopgebreek. Dit gee hoop. God kom uit die toekoms. God gee hoop.

In terapie gebruik ek daarom graag die woord hoop. Ek gebruik verhale en vra vir mense om vir my ’n storie te vertel. ’n Storie van hoop, waar die probleme van nou nie voorop staan nie. Waar hulle gelukkig is. Maar baie maklik kry ek

dat mense dan sê: “Kom ons praat oor die werklikheid. Die feite. Nie die toekoms en drome nie, maar die werklikheid.” (Lag) Ondervind jy dit ook? (Knik instemmend, meelewend) Hulle wil oor die probleme praat. Die nou. Die werklikheid!

Laat ek net terugkom na die prediking. Ek het die gedagte by Bohren[19] gekry. In sy *predigtlehre*. Waar hy sê ons moet oor die eskatologie preek. Hy gebruik die woord fantasie, en dis tog amper dieselfde as verbeelding. Jy weet, vertelling en fantasie is eintlik onlosmaaklik van mekaar. Sê nou maar Ek kan nie oor die eskatologie preek en van die toekoms vertel as ek nie kan fantaseer nie! Dan gee Bohren ’n hele uiteensetting van die rol van verbeelding in die prediking, hoe belangrik dit is. Dit gaan oor prentjies in die kop wat jy kan sien.

JOEKIE: Sien jy prentjies in die kop, en hoe gebruik jy dit in die prediking?

**Wêreldstapper:** Beslis. Ek het voorstellings in my kop van die kruisiging en van elke Bybelverhaal. Die illustrasies in die Kinderbybel en hoe die tannies van die kinderkrans dit oorgedra het het hierdie voorstellings vir my vasgelê. Ek kan my nie losmaak daarvan nie. As ek hieroor dink, kom die prentjies in my kop. Ek het sulke voorstellings, en ek weet die mense voor my het ook prentjies in die kop. Openbaring, byvoorbeeld, is een stuk verbeelding in dramavorm uitgedruk. Hierdie voorstellings bepaal my lewe.

Vat net byvoorbeeld die Afrika Renaissance. Dis ’n wonderlike konsep. Ek glo daar sal nuwe lewe in Afrika kom. Al is die debat oor die Renaissance hóé negatief in die pers. As gelowige glo ek in die herlewing van Afrika. God is in Afrika se toekoms. Hy, God, sal Afrika laat opstaan. Mbeki is een van die min politieke leiers wat werklik droom. Wat werklik nog droom. Ek respekteer hom daarvoor. Ek kom nou uit Mosambiek. Al vertel die werklikheid ’n ander storie, glo ek nogtans as gelowige dat Afrika ’n groot toekoms het. Ons hóéf nie vasgevang te word in vandag nie.

> *Sometimes our way of thinking limits what we can see. We make assumptions that limit our capabilities – or the capabilities of others.*
>
> *Charles Allen Kollar*

JOEKIE: Naas ’n groot politieke leier, dink jy dat mense soos argitekte en die advertensiemakers ook verbeelding sterk bevorder?

**Wêreldstapper:** Hulle laat my goed verbeel. Vir my gee die advertensie wêreld nie ’n droom nie. Hulle sit my in ’n nuwe BMW. Aards, materieel. Hulle hou ’n produk voor wat ek begeer. Ek kan daarsonder, maar ek kan nie sonder my drome nie.

JOEKIE: Ek wil terugkom na die gedagte van prentjies in die kop wat jy teenoor mense kommunikeer. As jy die prentjie helder ‘sien’, kommunikeer jy dan duideliker?

**Wêreldstapper:** O, beslis. Hoe duideliker ek dit beleef hoe meer oortuig is ek daarvan en hoe duideliker kommunikeer ek dit. Laat ek jou ’n voorbeeld gee. Die pas afgelope Sondag het ek oor 1Sam gepreek oor Hanna se gebed. Hierdie teks word uit verskillende hoeke in die kommentare benader. (Hy brei uit) Sondag het ek dit benader vanuit die posisie van gesinsgeweld. Hoe Eli vir Hanna verkleineer deur te vra of sy dronk is? Ek het toe gepreek oor *abuse*. Vroue, kinders, wat in die gesinslewe *abuse* word. Ek het op die Internet gesoek en afgekom op ’n organisasie genaamd *Hanna’s prayer*. Dis vir mense wat nie kinders het nie. Maar ek het uitgegaan van die standpunt dat nie hulle alleen ly nie, maar dat baie mense in gesinne ly. Ek het toe afgekom op ’n vrou wat haar molestering verwerk deur *collages* te plak. Ek het drie voorbeelde gebruik, van die Blou, swart gesig, van die gekruisigde dogtertjie en van die huis met die klein venstertjie, sonder deur.

Die kategorie van verbeelding het hierdie teks vir my óóp gemaak. Christus het opgestaan. Mense kan opstaan uit hulle inperking van gesinsgeweld.

Kom ek vertel jou iets anderste. Ek het iets waargeneem met my eie kinders. Hulle leer so baie deur spel. ‘Wolf, Wolf, hoe laat is dit?’ ‘Haas en hond.’ Dis ’n klomp spanning wat opbou. Hulle leer van gevaar, om te deel, van swaartekrag, van oriëntasie om deur dromme te kruip en in kartonne te klim. Spel en verbeelding is baie na aan mekaar. En dan moet hulle skool toe gaan. Hulle is verskriklik opgewonde. Hulle slaap amper nie die nag voor die tyd nie. En **dan** leer hulle om stil te sit, vinger op die mond. Om te wag tot ek ’n geleentheid kry om te praat. Hulle leer van geformaliseerde tabelle. Binne

30 dae is hulle nie meer so gretig om skool toe te gaan nie. Die dogtertjies nog 'n bietjie, die seuntjies glad nie. Die dogtertjies wil graag hulle juffrou *please*. Verbeelding word aan **bande** gelê. Daar word beperkings gestel.

JOEKIE: Terug by terapie. Vertel my één verhaal van mense wat in die terapeutiese situasie begin dink het aan môre. Wat uit hulle eie begin praat het van 'n nuwe toekoms, nuwe moontlikhede vol hoop.

> *The play of children often embraces fantasy and imagination.*
>
> *Sweeney*

**Wêreldstapper:** Ek kan nie van een so 'n geval onthou nie. Mense sukkel om hulle te verbeel. Ek dink dis omdat hulle nie van kleins af geleer word om hulle verbeelding te bevorder nie. Hulle word aan bande gelê. Daar word vir die kinders te veel grense gestel, van kleins af. As hulle groot is, sukkel hulle om daardie grense te oorskry. Hulle sukkel om 'n ander werklikheid te sien. Hulle sê maklik: "Kom ons bly by die feite, by die 'werklikheid'." Kry jy dit ook? (Lag) (Ons deel die humor en lag. Stilte, nadenke)

JOEKIE: Het jy persoonlik drome?

**Wêreldstapper:** Ja, ek het baie drome. Baie daarvan is materialisties. (Lag) Maar ek het ook drome vir die gemeente se gesins- en familiebediening. Ons is 'n mooi span mense bymekaar wat die droom deel, dat die gemeente as 'n familie opgebou kan word. Ek het ook die droom dat die uitreikbediening sal groei.

Vir my eie gesinslewe het ek ook 'n aantal drome. Dat ek en Elsa[20] Europa met rugsakke sal stap. Soos baie jonges dit doen. Dat ons as afgetredenes dit sáám sal doen. Dat ons na liggaam en verstand gesond sal wees. Dat ek gou kan aftree sodat ek en Elsa[10] baie tyd bymekaar kan deurbring.(ondeund) Vir my kinders… ek wil nie graag namens

> *Cherish your vision and your dreams as they are the children of your soul; the blue prints of your ultimate achievements.*
>
> *Napoleon Hill*

my kinders droom nie. Hulle moet vir hulleself droom! Ek bedoel dat ek nie droom oor hoe hulle gelukkig getroud is en kinders het nie. Hulle mag hulle eie drome droom. Ek droom dat hulle gelukkig is, en dat hulle vryheid ervaar.

Ons kuier nog 'n rukkie en toe vertrek ek. Die aand laat bel hy en sê: "Tog snaaks hoe die lewe is, ek móés jou net bel en sê dat toe ek vanaand in my studeerkamer instap, toe speel my tienerseun diep in vervoering *Imagine* van John Lennon. Ek het gedink…"

## 6.4 STADSLEEU[21]

*(vir Braam Kruger)*

Die Stadsleeu het op 'n insiggewende, mistieke manier iets van sy diepste behoefte aan my onthul deur die voorlesing van hierdie pragtige gedig. Omdat dit so ontsettend veelseggend is, het ek gekies om hom so te noem.

*het jy al die stadsleeu gesien?*
*hy is kort en kleinerig*
*sodat hy in hysbakke pas*
*hy staan opsy vir dames*
*dra 'n swart opvousambreel*
*en stap bedags in sy carducci-pak*
*ge-selfoon en gefokus deur die stad*
*vyfuur sluit hy hom toe*
*in sy woonstelhok*

*maar snags laat*
*voor 'n oop venster*
*brul hy saggies in die rigting*
*van die bosveld*

### BEKENDSTELLING

Stadsleeu is 'n man in sy middeljare, hy is getroud en het 'n gesin. Hy is 'n leraar van die NG-Kerk in 'n voorstedelike gemeente. Dié stadsleeu laat my aan 'n spesifieke leeu dink! Hy is 'n leraar, pastor, terapeut, pa, eggenoot, sportman, akademikus, voëlkyker, familieman en vele meer. Hy is 'n klassieke

meervoudige self. Hy fliek en lees baie. Hy verstaan die narratiewe benadering tot navorsing grondig, beskik oor ’n goeie intellek en taalvermoë en leef entoesiasties, veelsydig en kreatief. Ek hou daarvan dat hy baie lag, en dat hy beskeie is.

#### REDES VIR INSLUITING

Ek het diverse stemme gesoek om ’n dik beskrywing te verkry. Hy verskil baie van my ander medenavorsers. Die liefde vir taal, verhale, digkuns en kuns in die algemeen deurvloei sy lewe. Hy het daarmee grootgeword, en sy familie en aangetroude familie lê hulle nougeset toe op die verhewe dinge in die lewe. Daarom is my ervaring met hom dat hierdie konsepte in sy lewe geïntegreer is, dat dit nie aangeplak of bysaak is nie. Hy het baie goeie ondervinding van narratiewe terapie, en praat nie net akademies hieroor nie, maar beoefen dit in die praktyk. Hy is ’n dromer, en is in goeie kontak met die tydgees. Hy is beskikbaar, hy interesseer my, en daarom kies ek hom as medenavorser.

#### VERBATIM GESPREK

JOEKIE: Het die begrippe verbeelding en terapie sáám, al in jou eie denke ’n belangrike rol gespeel?

**Stadsleeu:** Man, weet jy… ek dink nie ek gebruik die woord verbeelding nie, maar jy moet tog iets hê om na toe te werk. Dis nogal hoe ek as terapeut werk. Ek het ’n soort van ’n prentjie in my kop van wat iemand kan wees... En ek dink dit rig nogal die proses hoe ek werk…

JOEKIE: Sien jy hierdie prentjie van wat iemand kan wees onwillekeurig?

**Stadsleeu:** Kom ek gee jou ’n voorbeeld. Gisteraand het ek met iemand begin werk. Sy lewe is op die oomblik in ’n gemors. Hy leef gevaarlik, hy loop weg van die huis af, hy verdwyn vir ’n naweek, hy gaan hang uit by plekke, drink te veel. En as jy kyk waar hy vandaan kom, dan kan jy dit nogal verstaan. ’n Mens het begrip vir hoe die verlede tot hierdie hede lei. Maar as ek en hy praat, en ek kom agter hy is intelligent, hy maak ’n sukses, besef ek net hy het eintlik ver bo sy omstandighede uitgestyg. En as ek so na hom sit

en kyk, dan dink ek… jy't potensiaal. Jy hoef nie hierdie gevaarlike, destruktiewe lewe te leef nie.

JOEKIE: Is dit 'n konsep wat jy in die algemeen handhaaf, dat mense potensiaal het wat ontgin moet word?

**Stadsleeu:** Ja (onseker) Ek het partykeer nogal 'n bietjie van 'n naïewe geloof in mense se vermoë om te groei.

JOEKIE: Jy sê jy gebruik nie die woord verbeelding in die konteks van terapie nie. Is daar ander woorde, of teologiese begrippe wat 'n toekomsperspektief veronderstel?

**Stadsleeu:** Ja, dink jy spesifiek aan die teologie, Bybelse begrippe?

JOEKIE: Ek dink aan terapie, en onmiddelik aan wie se terapie ter sprake is. Ons praat lyk my van gelowiges wat terapie doen. En dan het hulle tog 'n bepaalde toekomsverwagting of visie?

**Stadsleeu:** Ja… ja… en ek dink nie dit gaan dan vir my oor terapie alleen nie, maar oor my hele siening van predikant wees. En ek praat graag met jou hieroor… Ek hou baie van Paulus. En Paulus se konsep van om saam met Christus te sterf en saam met Christus op te staan en 'n nuwe lewe... in my gedagtewêreld… in my eie verhaal… is dit 'n geweldige sterk… begrip. Ons het die liturgie in ons gemeente verander tot geweldige ontsteltenis van sommige lidmate.

Ons lees nie meer die wet om mense te laat skuldig voel nie. Ons lees nie die wet as tugmeester na Christus toe nie. Ons begin by die Evangelie, en dan sal ons kom by die wet. Ons praat eers oor die vryspraak, en dan sal ons praat oor die wet. Mense word nuutgemaak deur God. En ek dink in terme van die narratiewe metode soos jy dit kry by White, het daar tog by my 'n skuif gekom. Ek is nie inherent 'n humanis nie. Ek dink nie aan mense in terme van die potensiaal wat hulle uit hulleself het nie, Ek dink aan hulle in terme van God se herskeppende werk in hulle.

As ons ons verhale herskryf, is ons nie alleen aan die werk nie. Hoewel ek nie baie gebruik maak van dinge soos gebed in my terapie nie, is dit 'n sterk ding in my kop. Ons kyk na hierdie ou se verhaal en dis 'n slegte verhaal, hy's

vasgeloop en... ons kyk saam na nuwe moontlikhede… Dat die Heilige Gees en dat God mense regtig help om te verander. Jy weet,… ek glo mense kan dramaties verander, baiekeer meer as wat hulle dink… (bepeinsing)... Dit kom uit my eie storie. (Joekie: vertel). Dit kom uit my huis uit,… Dit kom uit my huis uit. (entoesiasties) Ek kom uit ’n klassieke verbondshuis uit. Al my broers en suster is diep gelowige mense. My Pa en Ma is diep gelowige mense Ernstige gelowiges en kerkmense. My twee broers het ook teologie geswot,… dis die soort van huis waaruit ek kom… ek, het op ’n datum tot bekering gekom. En ek dink ek is die enigste een in daai huis wat op ’n spesifieke datum tot bekering gekom het…

JOEKIE: Vertel klein bietjie meer…

**Stadsleeu:** Ek kan goed onthou dat ek rondom standerd sewe, standerd agt rond angs gehad het dat ek hel toe sal gaan. Ek het in die nag wakker geword. En toe omtrent aan die einde van my stander agt jaar rondom Oktober, Paul Kruger se verjaardag, was ek op ’n kamp. Hoe ek op die kamp gekom het, weet die Here alleen, want ek was nie toe by die KJA ingeskakel nie. En toe, die Saterdagaand het ek tot bekering gekom… (stilte)… Dit het my lewe dramaties verander… behalwe dat dit daardie vrees weggeneem het… het ek soort van ’n sentrale ding gekry waarvoor ek kon leef. Ek onthou nog baie goed ek het vir ’n ruk lank opgehou om aan atletiek deel te neem. ’n Paar maande, dit was amper ’n simboliese ding...

Ek kan ’n draaipunt wys.

Op ’n stadium het ek gegaan vir persoonlike terapie. Ons het toe twee klein kindertjies gehad, en dit het ook vir my, vir my gesinslewe geweldig baie beteken. So ek het aan my eie lyf gevoel hoedat mense kan skuiwe maak. Dit het ’n invloed… as ek by ’n ou gaan sit, het ek ’n verwagting. Mense bly nie dieselfde na terapie nie.

JOEKIE: Kan jy so ’n verhaal, miskien ’n uitstaande verhaaltjie uit terapie onthou waar dit gebeur het?

**Stadsleeu:** Kyk dit gebeur nie so nie, soos ’n bekering nie…

Een verhaaltjie wat vir my uitstaan gaan oor ’n man en ’n vrou waar eers die man en toe die vrou ontrou was. Dit het dramatiese gevolge vir hulle lewens ingehou, en om die beurt het ek gevrees vir hulle lewe. Ek het eers met hulle ’n kort paadjie geloop en toe het hulle ophou kom. Toe, toe dit eenkeer weer op ’n punt van selfmoord kom. Toe kom hulle weer. Dit het amper twee jaar geduur. Dit was ’n gestoei. En toe, op ’n dag, het hulle verander van opponente na vennote… (stilte)

JOEKIE: Vind jy ooit dat hulle woorde gebruik om verandering uit te druk?

**Stadsleeu:** Ek vind nogal dat mense sal sê: “Dit gaan beter.” Maar ek dink dis eerder ‘n geval dat dit die ‘regte’ ding is om te sê. Maar oor die toekoms praat hulle nie sommer in duidelike taal nie. Miskien is dit ’n leemte in my eie terapie dat ek te min self met hulle praat oor die toekoms.

In individuele terapie kom die toekoms gereeld na vore. Soos met depressie. Maar dan veral in terme van ‘ek sien nie ’n toekoms nie.’ Ek het eintlik baie meer die belewenis dat mense sê ‘ek het nie ’n toekoms nie’ alhoewel… ek dink ek jok ook… dikwels kry jy tog dat mense voel daar is ’n toekoms.

JOEKIE: As hierdie vraag na ‘n toekoms nou op die tafel geplaas is, hoe sien jy jou taak? Moet jy help skep aan ’n toekoms?

**Stadsleeu:** Ek wil hulle help om… aanvanklik dink ek mense is so sterk gefikseer op die… ek het iemand met wie ek ’n lang pad loop rondom depressie. Sy wil nie met my praat oor die toekoms nie. Sy sal veel eerder sê: “Ek sien nie meer kans nie, ek kan nie meer nie…” Maar ek dink dis my taak, om dit die heeltyd lewend te hou… daar is ’n toekoms. Ek sê dit ook vir ’n ou. Ek gaan baiekeer ’n kontrak aan met mense, dat as ons nie iets beters saam kan skep nie, dan laat ons hierdie huwelik selfmoord pleeg. Ons moet iets beter…

JOEKIE: Speel taal ’n belangrike rol om hierdie nuwe werklikheid te skep?

**Stadsleeu:** Ek dink nie baie abstrak oor taal nie. Ek laat hulle ’n storie vertel, of vertel self vir hulle stories. Ek dink mense herken hulleself in stories. Veral as dit ’n hoopvolle storie is dink ek nogal mense kan daarmee identifiseer.

JOEKIE: Waar kry jy jou stories?

**Stadsleeu:** Oralste, uit wat ek lees. Uit wat met mense gebeur het, ’n fliek wat ek gesien het…

JOEKIE: Gebruik jy van jou stories in die liturgie?

**Stadsleeu:** As ’n ou geoefen raak om te preek, is daar ook intuïsie in die prediking. Kyk, ek kom uit die dogmatiek. Ek gebruik nogal baie keer illustrasies, vertel stories, bring die dinge na die mense toe op praktiese vlak. En dan moet jy nogal op ’n ander plek in jou kop dink. Jy kan nie net ’n klomp inligting na mense toe bring en dit vertel nie iets van die lewe nie.

JOEKIE: Jy verwys deurlopend na verbeelding as om te onthou en om na die toekoms te kyk. Is dit vir jou die twee terreine waarop verbeelding werk?

**Stadsleeu:** Ja,... Ek dink ook verbeelding is goed in terme van die hede… Jy weet, mense wat na jou toe kom, vertel oorwegend ’n slegte storie. Dis ’n uitdaging om hulle ander, meer positiewe stories laat vertel.

JOEKIE: Negatief?

**Stadsleeu:** Ja, soms maak mense die probleme groter as wat dit is. Laat ek beeld gebruik van ’n swart kolletjie op ’n stuk wit papier. Drup water daarop en die klein kolletjie word ’n groot inkklad. My ervaring is dat mense binne terapie gefikseer is op die probleem.

JOEKIE: Het jy persoonlike drome? Hoe sien jy môre?

(Stilte… geamuseerd… vonkel in oog, onmiddelik meer ontspanne en entoesiasties.)


**Stadsleeu:** Ek wil nog ’n bietjie skryf. Ek wil akademie skryf. Weet jy wat, Joekie... ek wil nog ‘n paar kinderboeke skryf.(lag heerlik) Weet jy wat het die skryf van ’n proefskrif en volgehoue akademiese formulering aan my gedoen? Dit het my verbeelding gesteel. Ek het altyd vir my kinders sulke stories vertel. En sonder om snaaks te wees party van daai stories was vrek goeie stories gewees… (Sommer so uit jou kop uit?) (Knik instemmend) Dan sit ons daar in die wildtuin… dan vertel ek hulle… van die drie Marraboes, Flou, Skrou en Berou … (lag)… môreaand dan vertel ons nog een. (So word vervolg soort van?)… ja... ja… (lag)

Maar… (ernstig)… ek het dit verlóór (klem)... (verlies)… En ek is regtig baie bekommerd daaroor. Ek wonder of dit te doen het… Ek dink dit het te doen… met die dissipline, van die akademiese taal. Ek kan my ook verbeel, ek… maar die digteres Lina Spies… ons was goeie vriende gewees op Stellenbosch 'n paar jaar gelede, Lina het gesê toe sy nog 'n student was het Dirk Opperman vir haar gesê sy moet nie filosofie studeer nie. Moet nie filosofie leer nie, want dit maak die digter in jou dood! Daai abstrak teoretiese denke, neem die konkreet kreatiewe(denke) oor. Nou weet ek nie of ek 'n *self-fulfilling prophecy* hier op my trek nie, maar dit voel vir my partykeer so... (stilte)

Is daar goed wat ek nog wil doen? Daar is sekere goed wat ek beleef het wat ek graag met hulle sal wil deel. Dit sal vir my seker die lekkerste ding op aarde wees om saam met my gesin in die Noorde van Italië te toer. Tuscany, daardie deel… Dis aards, dis ontsaglik mooi. Weet jy wat doen terapie?… wat het my eie terapie vir my destyds beteken? Dit hou my voete op die grond. Dit keer dat teologie 'n *airy fairy* abstrakte ding word. Jy weet daars soort van iets aards aan. Om te hoor van mense se konflik… hulle lewens… Jy bedoel dit doen dit aan jóú… aan my ja. Dit bring my *in touch* met die regte lewe. Dit keer dat ek nie in hierdie abstrakte wêreld leef nie... (bepeinsing)… Uiteindelik, wat is die goed wat saak maak? Wat is die *fibre* van my lewe? Akademie is vir my lekker, maar om saam met my seuns langs die vuur te sit en goeie rooiwyn te drink, om saam met hulle in die veld te stap… Ek dink dis wat terapie met my gedoen het. Om te sê, die lewe is konkreet. Lééf in die hede, lééf hier en nou. Ek word partykeer tot in my siel in moeg vir hierdie wêreld van woorde. Onlangs was ons in die wildtuin, 'n lieflike dag en ek was besig om 'n skaapboud in 'n potjie te braai, Die kinders speel buite onder die bome… En toe dink ek *This is as good as it gets*. Dis die lewe.

Ons gesels verder en amper terloops verwys hy na 'n geraamde prent teen die muur van die man met die tas. As mense hier inkom, sê ek vir hulle: "Jy is op reis, jy het bagasie, kom ons kyk daarna. Hier kan jy maar uitpak".

Toe ons uit die studeerkamer uitstap, wys hy my 'n boekrak wat netjies in die klein 'ingangsportaal' van die studeerkamer gebou is. "Sien jy hierdie twee hande, hulle het self hierdie rak gebou. Ek sê vir Elsa: "Ek is so trots op hom ek is amper skaam van die trots."" Ek kyk geamuseerd, belangstellend en beïndruk deur hierdie man se veelsydige, kreatiewe rykdom. Toe loop ek.



## 6.5 DES[22]

**BEKENDSTELLING**

Des is 'n vrou in haar middeljare, 'n avontuurlustige chef. Sy hou van eksperimente met kos en geniet om dit voor te berei. Sy geniet humor in die lewe, veral as die vroulike geslag se *pure brilliance* duidelik na vore kom. Sy is baie lief vir taal, vir taalwerk en soos sy dit noem, woordspeletjies. Sy is uitstekend tweetalig, maar as dit by duidelike, spesifiek akkurate uitdrukking kom, val sy maklik terug in haar moedertaal, Engels[23]. Sy is lief vir SMS'e, hou van 'n goeie fliek, lees graag fiksie en doen goeie naaldwerk. Sy is versot op die see en geniet die natuur. Sy is baie knap in haar werk, iemand met hoë energievlakke wat sorg dat die maatskappy se produksie op 'n hoë peil bly. Sy is 'n *instructional designer and developer*, geskei en het een kind. Haar verhaal in terapie is 'n hartverskeurende storie van jarelange, herhaaldelike, gereelde verkragtings deur verskeie volwassenes, onder andere haar pa, en vier aborsies voor sy sestien jaar oud was. Dit het begin toe sy omtrent ses jaar oud was, en vir meer as tien jaar voortgeduur. Rondom vyf en dertigjarige leeftyd het angsaanvalle, depressie, skuldgevoelens en ervarings van magteloosheid en woede die oorhand oor haar gekry. Sy het begin met terapie. Sedertdien, vir net meer as tien jaar, het sy meerdere persone vir terapie gesien. Drie pastorale terapeute het 'n spesifieke, langtermynpad saam met haar geloop.

### REDES VIR INSLUITING

Des se verhaal sorg vir ’n dik beskrywing tot my navorsing. Sy is ’n vrou, sy is nie ’n terapeut nie. Sy het eerstehandse ervaring van verskillende vorme en benaderings tot terapie. Sy het verskillende persone in verskillende situasies oor ’n lang tyd gesien funksioneer binne ’n terapeutiese situasie. Sy is energiek en haar lewenstyl vertel dat sy verbeeldingryk lewe. Ek het haar onder verskeie omstandighede verbeeldingryk sien optree, en het die verwagting gekoester dat sy ’n besondere bydrae tot die onderwerp sou kon maak. Sy is uitgesproke, reguit en beskik oor ’n buitengewoon treffende en beskrywende taalvermoë. Ek is van oordeel dat hierdie eienskappe veel kan bydra tot die studie.

### VERBATIM GESPREK

JOEKIE: Jy is vir ’n geruime tyd bewus van my werk oor die rol van verbeelding in terapie, en ek wil graag hê jy moet vertel wat terapie vir jou beteken het.

**Des:** Terapie gee my hoop. Dis verskriklik as jou pyn so groot geword het dat jy nie kan praat nie. Maar terapie gee my telkens weer hoop. Dit help my met *reframing* van my probleme. Vir my, gaan dit daaroor dat ek terugkyk na die lang termyn. Terapie is nie ’n kort termyn ding nie. Daar was kere wat ek weggebly het van terapie, maar op die lang termyn…’n… was dit vir my… ’n … wel,… fenomenaal.

*Only he who can see the invisible can do the impossible.*

*Frank Gaines*

JOEKIE: Vertel my daarvan.

**Des:** André, (’n terapeut wat geweldig baie vir haar beteken het) was baie verbeeldingryk. Hy sou maklik vir my sê: “Nou gaan sit jy en jy skryf. Skryf net. Skryf alles.” En dan het ek gaan skryf… Dit het baie gehelp.

JOEKIE: Jy sê hy was verbeeldingryk, is daar spesifieke beelde wat jy onthou wat hy gebruik het?

**Des:** Ek onthou die beeld van die rioolplaas. (lag) Hy’t gesê die lewe is soos ’n rioolplaas, met sy damme. Jy moet mooi kyk waar jy loop. Dit help nie jy

loop met jou kop bo die wolke nie! (Sy onderbreek haarself en vertel van sekere ‘NG mense’ wat sy ken wat so vreeslik kan voorgee. Alles is wel, alles is wel, hulle koppe veilig bo die wolke.) Maar let goed op, het André dan gesê, daar waar die riooldam uitloop, groei daar altyd blomme. (Sy vertel van haar gewese man, wat ’n tegnies korrekte, intellektuele en berekende redelike man is. Hy kon die beeld glad nie verstaan nie! Hy wou André oortuig hy weet niks van riooldamme af nie, en dan het hy sekere tegniese detail gegee.)

Op ’n ander keer moes ek eksamen skryf, maar die angsaanvalle het my mal gedryf. Ek bel toe vir André en sê: “Vandag moet jy iets uit die hoed trek, ek kan glad nie konsentreer nie”. Hy vra toe: “Wat is jou probleem? Wat verwag jy? Dis met jou soos iemand by wie daar ’n dief deur die venster loer, maar hy bel nie die Polisie nie. Natuurlik kan jy nie konsentreer nie, jou *memories* loer vir jou! Ek verstaan”.

Hy het ’n ander nie so mooi beeld gebruik. ’n Pitsweer. Dit help nie ons sit verbande op nie, die kwaad moet uit! Jy moet praat, jy moet teken, jy moet skryf!

By iemand anders het ek met die *Big Picture* gewerk. Dikwels met kar beelde. ’n Mercedes wat gestamp is. Die wrak beeld het my gehelp om afstand te kry. Dit was ’n uitlaatklep, waardeur mens jou emosies kon uitruk sonder om te emosioneel te raak. Dit kon my laat vra: “Wie de d_ _ _r gaan ’n byl vat en ’n Merc stukkend kap?… Dit los jou beter in staat om goed te hanteer... Die beelde was *a positive catalyst*. Ek kon my goed inleef in die beelde. ’n Beeld vat jou emosies en gevoelens saam… dit gee afstand … dis ’n baie sterk *tool*. Sonder om te emosioneel te raak, kan jy die vrae vra wat jou pla.

JOEKIE: So?… die beelde het vir jou gewerk?

**Des:** O ja, beslis. Ek het geglo eendag gaan dit beter wees. Ek het baie lank… *sê nou maar net*… gespeel. Maar dit was nie net vir my iets positiefs nie. Daar was ’n verlange na iets anderste. Ek moes vrede maak met die realiteit. As die beelde net ’n fantasie ontsnapping is, is dit niks werd. Die beelde het nooit die realiteit verander nie, maar ek kon die realiteit vasmaak, dat dit meer hanteerbaar was. Dit het gehelp dat my probleme nie so op die

voorgrond was nie, maar meer op die agtergrond. Die teken, skryf en woorde… dit het gehelp… (Stilte)

Hy sou saam met my hierdie kant van die tafel sit. Daar was aanvaarding. Ek sou hom die *horribilste, terribilste gruesome detail* vertel, en dan het hy gestook… die blou wolke het so in die plek gehang… (Lag met heimwee) … André.

En toe die motorongeluk. (André is dood in die ongeluk) Die begrafnis was verskriklik. *Flashback* het dáár, dáár by die begrafnis begin. Die een wat my *secret* gedeel het was dood. Dit het in die graf in gegaan. My hoop was weg. Hy het my so baie help regmaak… ('n gewyde, stil oomblik)

JOEKIE: Jy het baie verloor, hy was vir jou waardevol, jou verlies was groot.

Sy, kopskuddend, instemmend.

> *Despairing people tend to envision a pessimistic outcome.*
>
> *Andrew Lester*

JOEKIE: Het hy ooit doelbewus van verbeelding gebruik gemaak?

**Des:** Nee, ek dink dit was net deel van sy benadering. Daar was byvoorbeeld nie 'n Bybel op sy lessenaar nie, maar sy kennis was goed. Hy was vir my 'n voorbeeld. Hy sou sê: "Ek bid vir jou," en ek het geweet, hy hét.

Hy't my gehelp met die vraag: "Hoe maak ek sin van my lewe?... van die gemors"… en *possibilities* gegee wat ek sinvol kan aanwend in die lewe... (nadenke)… Wat ek wil beklemtoon is die radikale positiewe gevolge wat terapie vir my gebring het... As jy dink ek is nóú 'n *lost case*, dan moet jy my tóé gesien het. (Sy lag) *I was completely scr_ _ d up, you should have seen me then!* Ek sou op een dag van skreeuend gelukkig na tranerig na gedagtes van selfmoord na depressie na stilsit gegaan het. Ek kon géén besluit neem nie. As die hond op die gras sk_ t, was dit 'n krisis. Dan bel ek vir André, nou moet jy help. Dan luister hy geduldig, hy kon so kalm en geduldig luister… Die terapie… (kopknikkend) dít het gehelp.

JOEKIE: Dink jy die mense skat terapie na waarde?

**Des:** Nee, glad nie. Hulle dink dis 'n *quick fix*. Hulle soek 'n kort antwoord, twee, drie sessies en alles moet reg wees. Wat hulle nie verstaan nie is dat die terapeut nie die een is wat veronderstel is om die werk te doen nie. Ek ken twee vrouens wat dieselfde as ek oorgekom het. Hulle weier om te gaan vir terapie: hulle bly wrakke.

As ek terugkyk is dit oor die lang termyn wat terapie vir my so baie beteken het. Daar was 'n stadium toe ingroei toonnaels en kopseer ook my verlede se skuld was. Genadiglik het ek 'n stadium bereik toe ek opgehou het om dit so 'n belangrike plek te gee. Terapie het vir my daai hoop gegee. Nie alles wat met my gebeur, hou verband met destyds nie… Veral twee goed staan vir my uit. Vergelyking… André sou sê: "Sannie, wat ek ook sien, kry dit en dit en dit." Dan voel jy, my probleem is nie só uniek nie. Daar is ander wat ook *suffer...* en hoop. Hou moed, eendag gaan dit anders wees. As jy laasweek vir 'n halfuur sonder angs was, mooi so. Dit gaan beter... Jy verloor jou fokus op die toekoms. As jy in die rioolsloot is, dink jy nie nog aan oormôre nie, jy's net besig om in die riool rond te swem.

Die terapeut moet vir jou 'n toekoms uitwys… maar jy moet bereid wees om te werk. Jy weet wat, as ons praat van beelde. Daar is 'n boom in Pretoria-Oos begraafplaas. Ek het baie onder daardie boom gesit. Met vier klippies. (4 aborsies) *I could see it, feel it. I could relate to it. I could quantify it.* Dit het vir my 'n ritueel geword. Dit was sinvol – die enigste manier… daai… handeling... het my sterk daarmee gehelp… Daar was 'n tyd toe ek nie 'n doop in 'n kerk kon deursit nie… (nadenke)

Eendag… ek was baie sleg… Gaan sit ek voor André. Hy sien hoe ek lyk en gee 'n stuk papier (A4) en sê dê, teken. Ek het hom net so gekyk, die papier gevat en geloop. Toe ek by die huis kom, vat ek 'n *flip chart* en bekrap hom van hoek tot kant. Dit het goed gevoel. Toe ek weer by hom kom, sê ek dê, en gee die hele *flip chart*! As jy dink ek kan my pyn op só stukkie papier skryf, maak jy 'n fout!! Nee!!... Dit het my 'n *tool* gegee om deur my seer te werk.

JOEKIE: Dink jy terapeute word as verbeeldingryke mense gesien.

**Des:** Nee, ongelukkig nie altyd nie. Ek onthou so een kaartmannetjie by wie ek was. Die plek was verskriklik netjies. Op die blink lessenaar was 'n glas

potjie met net een geel *Baberton daisy* in. Die seil stoeltjie was so *flimsy* dat ek bang was ek sit deur die ding! Ek sit toe so op die puntjie. Toe vra hy: “Vertel my, wat sien jy in die blom.” *O, please*, as jy kreatief wil wees, wees dan kreatief, moenie my tyd mors nie. ’n Terapeut moenie net *lipservice* gee nie.

JOEKIE: Hoe duidelik sien jy op die oomblik jou toekoms?

**Des:** Nie baie duidelik nie, maar dis as gevolg van omstandighede, jy weet. Dit sal verander, dis ’n tydelike ding, dit sál regkom…

Des is ’n interessante, energieke en uitgesproke mens. ’n Doener wat ander meeneem. Lief vir lag, lief vir lééf. Sy sê van die see: “As iemand die see sien, hoe kan hy nie glo in God nie? Dis so ’n *powerful force*, hoe kan ons dan twyfel in God?” Haar groot liefde is om mense te help, hulle te laat lag, en haar groot droom is om ’n webwerf te begin vir vroue wat gruwelik *abuse* was.

> *Where there is no vision, the people perish.*
>
> *Proverbs 29:18 KJV*

**Tot hiertoe die stories!** Verbeelding, is ’n aksie, dis ook ’n handeling. Dit is ’n handeling wat veral tussen mense, in die teenwoordigheid van ander, en in gesprek akuut aan die orde kom. Dit doen dinge, soos om beelde voor oë te roep, en mense te laat praat. Sekere dinge kan met verbeelding gedoen word, soos om te onthou, of om beelde te vorm van dinge wat nog nooit gesien of van gehoor was nie. Verbeelding word in verband met talle ander woorde gebring, soos byvoorbeeld verbeelding en verbasing,… en verkeer,… en verlede,… en toekoms,… en droom,… en hoop,… en pyn,… en stories.

# 7 TERUGSKOU OP HOOFSTUK TWEE

In hierdie hoofstuk het enkele ‘referente’ hulle verhale van verbeelding in pastorale terapie, vertel. Dit is sonder uitsondering mense wat ervaring het van hoe verbeelding in pastorale terapie opgetree het. Hulle het hulle herinneringe en indrukke deur vertelling weergegee. Ek het van my eie belewenisse vertel soos ek dit beleef het op drie plekke waar ek gewerk het, naamlik die Oosrand, die Kalahari en Pretoria. Ek dui my kontak en kennis

van verbeelding met verhale aan. Daar was *Die krimpvarkie en die gordyne, Die SMS en die modder, In die bek van die tier, Husse het nie oë nie, Ek vertrek nou* en *'n Lens kan jou breek.* Daarna het die Digterskilder, Kanarieman, Wêreldstapper, Stadsleeu en Des hulle ervarings van verbeelding in terapie met ons gedeel, ook deur stories. Ons het nou 'n idee van wat haar 'referente' van haar sê, vervolgens gaan ons haar agtergrond in diepte navors. Die Fakulteit kan nie 'n persoon in 'n krities belangrike pos aanstel, van wie die Raad nog so min weet nie.

# 8 EINDNOTAS

---

[1] Benoni is 'n stad aan die Oosrand, Gauteng, Suid-Afrika. Daar is baie goudgeel mynhope, wat deel is van die erfenis van Suid-Afrika se ryk goud neerslae. Enkele myne, soos die ERPM myn, is steeds in produksie. Verder het die gebied baie swaar industrieë. Ek het vir drie jaar daar as predikant gewerk.

[2] Olifantshoek is 'n klein dorpie in die Noord-Kaap, Suid-Afrika. Dit is in die Kalahari en die ekonomiese aktiwiteit sentreer rondom veeboerdery, jagplase en toerisme. Ek was sewe jaar daar.

[3] Pretoria is 'n stad in Gauteng, Suid-Afrika. Ek is tans predikant in een van die voorstedelike gemeentes, genaamd Waverley-Oos.

[4] Die Kalahari is 'n semi-woestyn met sandduine wat 'n rooierige voorkoms het.

[5] 'n Versamelnes is 'n voëlnes wat deur honderde voëltjies saam gebou en bewoon word. Dit is 'n uitsonderlike kenmerk van die Kalahari.

[6] Die Magaliesberg is 'n bergreeks wat deur die stad Pretoria sny. My huidige gemeente is aan 'n gedeelte van die suidelike hange van hierdie bergreeks geleë.

[7] Die boemelaars, mense wat geen vaste woonadres het nie en in die parke bly en van aalmoese leef, gebruik graag hierdie term om met trots na hulle eiesoortige lewenstyl te verwys. Afgelei van die Engels, *out* of ook *outside*. Hulle sê:"Ek is op die 'outers'."

[8] Dit is 'n fiktiewe naam. Ek plaas die storie met haar instemming en goedkeuring onder hierdie fiktiewe naam.

[9] 'n Werklike naam van 'n karakter uit die geskiedenis van die Kalahari. Ek plaas dit met die medewete en toestemming van sy vrou, Jaatje.

[10] Hierdie is 'n fiktiewe naam. Die storie, sowel as die gekose noemnaam word geplaas met die medewete en toestemming van die betrokke individu. Hy is tevrede dat sy identiteit genoegsaam beskerm is.

[11] Soos genoem in hoofstuk een, is dit 'n fiktiewe naam wat ek gekies het na aanleiding van 'n prominente greep uit hierdie persoon se lewe. Die fiktiewe naam word gebruik om identiteit te beskerm, dit is aan hom getoets en hy is gelukkig om so genoem te word.

[12] 'n Haikoe is 'n sewentienlettergrepige gedig. Hy het honderde daarvan gedig.

[13] Uit 'n ongepubliseerde bundel getiteld "Klein Liriek" wat hy aan sy vrou opgedra het. p46.

[14] Slegs 'n grepie uit hierdie gedig om te toon hoe beeldryk deurleefd hierdie man sy selfportret skets, uit Klein Liriek, p48.

# HOOFSTUK 3

## 'CURRICULUM VITAE'

## VAN VERBEELDING

## 1 PADKAART VIR HOOFSTUK 3

Hoe noem mense haar? Beskrywings en definisies

Waar kom sy vandaan? Eerste getuienisse

Waar werk sy? Haar konteks

Watter tale is sy magtig ? Interkulturele funksionering

Hoe doen sy haar werk?

Watter sintuie gebruik sy? Persepsie of intellek?

Getuigskrif: 'n Sielkundige verslag word ingesluit

Getuigskrif: 3 filosofiese vriende

Getuigskrif: van 'n teoloog

> *Human society emerged over 6 million years of huminid evolution.*
>
> *Massey*

## 2 HOE NOEM MENSE HAAR?

Die eerste paar bladsye van hierdie hoofstuk behels 'n fenomenologiese benadering. Dit beskryf die fenomeen, die verskynsel verbeelding.

### 2.1 WOORDEBOEKDEFINISIES

***IMAGINATION***

**Imagination**: the ability to form pictures or ideas in your mind; something that is caused only in your mind, and does not really exist or did not really happen.[2]

**Imagination**: the ability to create mental images or pictures; a thing experienced in the mind and not in reality; the ability to be creative and think of new and interesting ideas, methods.[3]

**i.mag.i.na.tion** *(noun)*

**a**. The formation of a mental image of something that is neither perceived as real nor present to the senses. **b**. The mental image so formed. **c**. The ability or tendency to form such images.

The ability to confront and deal with reality by using the creative power of the mind; resourcefulness; *handled the problems with great imagination.*

A traditional or widely held belief of opinion.

*Arcaic.* **a.** An unrealistic idea or notion; a fancy. **b.** A plan or scheme.

i.mag.i.na'tion.al *adjective*

***Synonyms***: *imagination, fancy, fantasy*. These nouns refer to the power of the mind to form images, especially of what is not present to the senses. *Imagination* is the most broadly applicable: *The actor rehearsed the lines in his imagination. The glorious music haunts my imagination. "In the world of words, the imagination is one of the forces of nature"* (Wallace Stevens). *Fancy* especially suggests mental invention that is whimsical, capricious, or playful and that is characteristically well removed from reality: *"which…claims to be founded not on fancy…but on Fact"* (Arthur P. Stanley). *Is world peace only the fancy of idealists? Fantasy* is applied principally to the product of imagination given free rein and especially to elaborate or extravagant fancy: *The sittingroom was a kind of Victorian fantasy, full of cabbage roses, fringe, and tassels. "The poet*

> *No science of subjective experience is possible without a general concept signifying that realm of experience associated with thought, judgement, and imagination.*
>
> *Swanson*

*is in command of his fantasy, while it is exactly the mark of the neurotic that he is possessed by his fantasy"* (Lionel Trilling).[4]

**Intellect**: The exercise of the mind: Creative thought: Imagination

**Imagination (noun)**

Imagination, power of imagination, visual imagination, vivid imagination, highly colored imagination, fertile imagination, bold imagination, wild imagination, fervid imagination, lively imagination, imaginativeness, creativeness, inventiveness, creativity, originality, ingenuity, resourcefulness, skill, fancifulness, fantasy, fantasticalness, strech of the imagination (see ideality) understanding, insight, empathy, sympathy, moral sensibilitypoetic imagination, frenzy, poetic frenzy, ecstasy, inspiration, afflatus, divine afflatus fancy, the mind's eye, recollection, recollection in tranquillity, visualization, objectification, imagebuilding, imagery, word-painting, artistry, creative work

Other Forms

originality: originality, creativeness, inventivness, imagination

productiveness: inventiveness, resourcefulness, imagination

vision: seeing, visualization, mind's eye, imagination

productiveness: inventiveness, resourcefulness, imagination

vision: seeing, visualization, mind's eye, imagination

thought: invention, inventiveness, imagination

idea: impression, conceit, fancy, imagination

metaphor: symbolism, nonliterality, figurativeness, imagery, imagination

falsehood: imagenativeness, invention, imagination

exaggeration: flight of fancy, strech of the imagination, imagination

cunning: resourcefulness, inventiveness, ingenuity, imagination[5]

***FAN.TA.SY***

**Fan.ta.sy** *noun*

*Plural* **fan.ta.sies**

The creative imagination; unrestrained fancy. See synonyms at imagination

Something, such as an invention, that is a creation of the fancy.

A capricious of fantastic idea, a conceit.

**a**. Fiction characterised by highly fanciful or supernatural elements.

**b**. An example of such fiction.

An imagined event or sequence of mental images, such as a daydream, usually fulfilling a wish or psychological need.

*Music*. See fantasia.

A coin issued especially by a questionable authority and not intended for use as currency.

*Obsolete*. A hallucination

Verb, transitive

Fan.ta.sied, fan.ta.sy.ing, fan.ta.sies

To imagine; visualize

(Middle English *fantasie, fantasy*, from Old French *fantasie*, from Latin *phantasia*, from Greek appearance, imagination, from *phantazesthia*, to appear, from *phantos*, visible, from *phainestai*, to appear.)

**imagination**: verbeelding, verbeeldingsvermoë, verbeeldingskrag; verbelentheid, voorstellingsvermoë.[6]

**verbeelding**: fantasie, voorstellingsvermoë, verwaandheid, hoogmoed, inbeelding, waan, vals, voorstelling, grille, nukke, fiemies.

**fan tas'** (te) Persoon met 'n sterk fantasie; onpraktiese dromer*(Peter Blum):* 'n *woordfantas en* 'n *woordgeweldenaar* (Rob Antonissen)

**fan ta' si a** (*mus.*) Komposisie waarin die verbeelding 'n vrye vlug neem; fantasie.

**fan ta sie'** (-ë) **1** Verbeelding: droombeeld: *Die kunstenaar se rype fantasie. Verdiep wees in jou fantasië. Die pragtige fantasië van jong kinders.* **2** Kunsskepping waarby die verbeelding 'n oorwegende rol speel; in die musiek, 'n fantasia: *Die fantasieë van Hiëronimus Bosch, Dante. [G. phantasia]* fantasie'wêreld.

Die woordeboekdefinisies laat blyk die skryende onvermoë van woordeboeke, om verbeelding te begrens. Dis soos om palings in 'n leeggeworde plaasdam se modder met die hand te probeer gryp. Die begrip ontwyk jou. Die bekende

Samuel Taylor Coleridge het hom spesifiek daarop toegelê om verbeelding se rol akkuraat te beskryf, maar helaas, dit blyk hom nie beskore te wees nie. “[He made] an extended attempt to define “Imagination”. A satisfactory definition proved elusive…” (Encarta Encyclopedia 2003).

Naas die woordeboekdefinisies, het talle skrywers deur beeldspraak of vergelyking gesê wat hulle onder verbeelding verstaan. Hierdie sinne word meestal ingelei deur die inleidingsformule: *verbeelding is* … of *verbeelding is soos*…

Dikwels word die vermoë om te verbeel met die sensoriese proses van sien vergelyk. Sien word ’n metafoor vir verbeelding.

> *Imagination is the God-given ability which enables us to see with our mind ideas presented in words. Imagination is a word processor which converts graphic words into mental images. Our imaginations help us learn about abstract truth (Hughes 2001:49).*

Ten opsigte van ons oriëntasie speel verbeelding ’n deurslaggewende rol. Ons sintuie maak ’n baie beperkte waarneming op ’n gegewe maak, soos byvoorbeeld die items in een bepaalde vertrek, wat onmiddellik sigbaar en teenwoordig is. Die verbeelding het egter die vermoë om die konkrete items, wat op ’n gegewe oomblik nie sigbaar is nie, voor te stel. Dit strek egter veel verder, want ook abstrakte, onsigbare en onvoelbare waarhede kan deur verbeelding beleef of voorgestel word.

Hughes (2001:49) met verwysing na Andrew Blackwell, praat van “to see what is hidden from others’ eyes” en vertel dan dat die dinge wat nie deur ander gesien word nie, by wyse van akkurate en gedetailleerde beskrywing aan iemand geskets kan word. Hughes (2001) stel hierdie saak in terme van beeldryke, begeesterde prediking. Die pastor ‘sien’ dinge in die geesteswêreld, wat die mense nie sien nie, en staan voor die uitdaging om met woordsketse, of woordprente aan die gemeente voor te hou wat hy ‘sien’. Hughes (2001) maak baie van die term “vivid word pictures” gebruik.

Voorstellings wat deur die verbeelding gemaak word, is nie meetbaar of toetsbaar nie. Dit is uiters subjektief, en om hierdie rede is dit dikwels as wetenskaplik onbetroubaar gesien. “The nature of visual imagery is most easily described in subjective terms” (Reisberg in Corsini (ed) 2001:927).

“Because of the personal, subjective, nature of reported imagery, John B Watson described images as ‘the ghosts of sensation’” (Hughes 2001:49).

Vir Hughes (2001) is verbeelding primêr ’n vergelykingsmeganisme, wat die bekende en onbekende vergelyk, en sodoende tot ’n ervaring van waarheid en begrip aanleiding gee. Hy skryf: “We need to think of the imagination as a mental mechanism which compares metaphor, simile, word pictures, sense appeal and other picturesque language with things already experienced. By mental comparison of the known with the unknown, our imagination helps us experience truth with the mind, which leads to understanding” (2001:49).

Dis ook vir Hughes (2001:50) ’n krag tot sigbaarmaking soos blyk uit sy verwysing na HW Beecher: “The imagination, then, is that power of the mind by which it conceives of invisible things, and is able to present them as though they were visible to others”.

In ander beskrywings, soos die eersvolgende, word verbeelding ook na verhoudinge, eienskappe en prosesse uitgebrei. “Imagination, conscious mental process of evoking ideas or images of objects, events, relations, attributes, or processes” (Encarta Encyclopedia 2003).

> *Imagination is the engine that makes word pictures useful and effective.*
>
> *Hughes*

“Imagination, perception (the conscious integration of sensory impressions of external objects and events), and memory (the mental evocation of previous experiences) are essentially similar mental processes. This is particularly true when their content consists of sensory images. Psychologists occasionally distinguish between imagination that is passive or reproductive, by which mental images originally perceived by the senses are elicited, and imagination that is active, constructive, or creative, by which the mind produces images of events or objects that are either insecurely related or unrelated to past and present

reality. At one time the term *imagination* included the reviving or 'recollecting' processes (memory), as well as the process of creating mental images (imagination). The present stricter definition of imagination excludes and contrasts with that of memory, as the concept of forming something new contrasts with that of reviving something old" (Encarta Encyclopedia 2003).

Hughes (2001:50) met verwysing na John Broadus het gesê: "Imagination is the imaging function of the mind. It is thinking by seeing, as contrasted with reasoning".

"Is verbeelding nie dalk die oase in die woesteny van die historiese kritiek wat die dors van die kritiese gelowige kan stil nie?" (Veldsman 1993:53).

> … die vermoë om soos kinders op 'n vars, naïewe en direkte wyse na die lewe te kyk sonder om deur inhibisies beperk te word. Die houding van die persoon, eerder as die produk, is ter sprake en dit is dus vir die skoenmaker net so moontlik om hierdie soort kreatiwiteit te vertoon as vir die digter. Die vermoë om dieper en akkurater te sien en om meer spontaan, natuurlik en menslik op te tree… word hier spesifiek aan kreatiwiteit gekoppel (Meyer et al 1997:472).

*If things seem to be under control, you are not going fast enough.*

*Mario Andretti*

Uit die begripsverheldering blyk dat verbeelding, droom, beeld, en visie nie alte duidelik gedefinieer en waterdig onderskei kan word nie. Dis asof die woorde soos waterkuile in 'n rivier is. Die kuile kan onderskei word, maar die water vloei uit die een in die ander.

## 3 WAAR KOM SY VANDAAN?

Ek gaan van die veronderstelling uit dat verbeelding van God af kom. "God is the one who imagines, and the one who is imagined" (Brueggemann 1986:73). Hy het dit alles geskep, Hy is tot die hoogste mate verbeeldingryk en kreatief, soos blyk uit Sy skeppingswerk, die kompleksiteit, verskeidenheid en skoonheid daarvan. Een van die duisendvoudige aspekte wat beredeneer kan word wat dit sou beteken dat ons na God se beeld geskape is, is

ongetwyfeld verbeelding. Die vermoë tot verbeelding, wat binne-in ons is, is van buite ons in ons gegee, dit kom van God. “One of the characteristics of God is creativity: and one of our possibilities is to mirror that creativity in our own lives” (Ellis 1999:14). Ek beskou hierdie vermoë tot medeskepping as van kritiese belang vir die proefskrif, want dit is die vermoë om te skep wat ons in staat stel om verhale te skep. Ons doen dit met verbeelding.

## 3.1 VROEGSTE SPORE, VERBEELDING (EN DROME) IN DIE PRE-MODERNISME

Die heel vroegste tekens van lewe, die heel vroegste getuienis daarvan en oorlewerings daaroor, toon aan dat verbeelding deel was van menswees. In *The Heart of the hunter*, skets Laurens van der Post iets van die veelsydige, kreatiewe en sketsende lewe van die Boesmans van die Kalahari. By navraag oor ’n moontlike ooreenkoms tussen hulle eie mitologiese skeppingsverhaal en die skeppingsverhale van die Bybel, kom ’n verrassende antwoord. “But you see, it is very difficult, for always there is a dream dreaming us” (Francis 1995:23). Drome word baie nou met verbeelding in verband gebring, en daarom gee ek hier aandag ook aan drome. ’n Baie ou kultuur wat intense aandag aan droom, verbeelding en visioene geskenk het is die Australiese Aborigines. “The Australian aborigines consider themselves at all times to be dreaming the dream” (Francis 1995:23). Uit tallose voorbeelde van die oerbeskawings is die invloed van drome met genesing, en veral drome as bepalende rolspelers vir die toekoms duidelik. Kulture uit Indië, China, Tibet, Maleisië, Noord-Amerika, Papua New Guinea, Groenland en vele ander het veel gemaak van verskillende wakker en semi-wakker visioenêre toestande, sowel as drome tydens slaap om lewensbepalende omstandighede die hoof te bied (vgl. Francis 1995:22-33).

Sommige stamme het in die Groot Droom geglo. Die fabel lei dat elke persoon in die baarmoeder een droom gedroom het, wat vergeet word tydens geboorte. Deur die hele lewe is die strewe daarna om hierdie droom te onthou! “All our good characteristics such as courage, creativity, wisdom, consideration of others, etc., were considered to be talents bestowed in this Great Dream” (Francis 1995:29). Nog ’n beskawing wat milenia oud is, is die

Egiptiese beskawing. Groot kunswerke, en veral die piramides as ’n vorm van argitektuur, herinner ons aan hierdie beskawing se vermoë tot verbeelding.

“The Egyptians were great believers in the powers of dreams and oracles” (Francis 1995:8). Uit die lewe van Josef in die Bybel leer ons iets van die belangrike rol wat drome in hierdie samelewing gespeel het. Die drome het simbole en voorstellings bevat wat om ’n uitleg of verduideliking geroep het.

Een van die vroegste opgetekende drome is die van die Egiptiese koning Thotmes IV rondom 1420 vC (vgl. Francis 1995:8).

Daar is beskrywings van die skeppende en *subtle creations* wat in drome na vore kom so vroeg as 800 vC. Een van die meer bekende van sodanige drome is die droom van Gilgamesh, wat rondom 650 vC dateer word (vgl. Francis 1995:8).

Die Egiptenare “… had dream temples where priests and priestesses took the major questions of the day and incubated (seeded) them into the dream state of visionaries…” (Francis 1995:8). Heling en genesing, en die versoek tot gesondheid, is ook in die wakker toestand geplant, sodat die droomtoestand met moontlike genesing of oplossings vorendag sou kom (Francis 1995:8).

Droominkubasie is duisende jare gelede al in verband met genesing of heling of probleemoplossing gebring. Iets van hierdie verskynsel kry ons terug in ons kultuur wanneer iemand voor ’n groot besluit staan, miskien om ’n operasie te ondergaan of ’n huis te koop, dan sal daar gesê word: ‘Gaan slaap daaroor’ Die geloof het destyds bestaan dat as jy intens nadink oor ’n saak, en dit met jou saamneem bed toe, jy heel waarskynlik daaroor sal droom. In jou droomtoestand behoort daar ’n oplossing vir jou probleem te kom. In die vroegste beskawings van China en Japan is die tegniek van droominkubasie ook beoefen om genesing te bewerkstellig (vgl. Francis 1995:10). Die Islam is verder ’n baie ou godsdiens wat ook met die praktyk van drome en genesing bekend was.

> *Islam also practiced a form of incubated dream healing (Francis 1995:10).*

Die Griekse en Romeinse beskawings het veel gemaak van die verband tussen droom en genesing. “By the fourth century BC there were over 400 [healing temples] dedicated to the god Asclepius. Their linking feature was Asclepius’s symbol, the serpent…” (Francis 1995:10). Tot vandag is die simbool van die slang prominent in die kentekens van die geneeskunde.

Die antieke filosowe het ook oor drome gepeins en tot verskillende gevolgtrekkings gekom. Hippocrates het geglo drome is nie boodskappe van die gode nie, maar moet ’n logiese uitleg hê, Aristoteles skryf drome toe aan oor–aktiewe sintuiglike ervaring, Plato sê dit onthul die wetteloosheid en geweld in elkeen van ons (Francis 1995:10).

In die Oosterse tradisies bestaan daar talle opgetekende dokumente wat na die belang van drome en die uitleg daarvan verwys. ’n Enkele voorbeeld waarna Francis (1995:14) verwys kom uit die Talmud, die antieke Rabbynse tradisie: “Hesda said, ‘A dream not interpreted is like a letter not read’”.

Talle interessante verhale oor wetenskaplike ontdekkings is opgeteken. Dikwels was ’n persoon vir ’n lang periode van tyd intensief gemoeid om ’n antwoord op ’n spesifieke vraag, of ’n oplossing vir ’n bepaalde probleem te kom. Dikwels het daar onthullings in die droomtoestand na vore gekom.

> *Many great discoveries are the result of dreams: Archimedes, Edison and Einstein, are just three distinguished scientists whose theories developed from dreams (Francis 1995:7).*

Sommige mense in die geskiedenis het hulle daarop toegelê om baie dikwels in die tussentoestand tussen wakker en slaap te werk.

’n Dagdroom word meestal in die omgangstaal verstaan as iets wat nie baie positiewe oplossings kan lewer of enigsins ’n bydrae lewer nie. Dit word as ’n soort gevriesde toestand ervaar waarin die persoon vir ’n oomblik staar, sonder om belangstellend, gekonsentreerd teenwoordig te wees. ’n Voorbeeld hiervan is

> *Those who dream by day are cognisant of many things which escape those who dream only by night.*
>
> *Edgar Allan Poe*

miskien die jong verliefde wat in ’n onderrigsituasie in die klas ‘langs ver paaie met sy geliefde wandel’. Indien hy ’n vraag gevra sou word, ‘skrik hy verleë wakker’. Bepeinsing en mymering het meestal ’n positiewe inhoud. ’n Baie mooi voorbeeld van mymering of bepeinsing is die van Archimedes. “The most classic example of the results of reverie is that of Archimedes who, ‘dozing’ in his bath suddenly understood the principle of buoyancy. He leapt out and ran naked through the streets shouting ‘Eureka’” (Francis 1995:49).

Selfs van die groot ontdekkingsreise en dapper verkennings van onbekende terreine, is deur verbeeldingryke entrepreneurs gedoen, gepaard met geweldige daadkrag en deursettingsvermoë. Vandag is dit moeilik om ons voor te stel juis hoeveel verbeelding, hoeveel dapperheid dit geverg het om met die idee van ’n plat aarde in die agterkop, met die gedagtes aan monsters en radikaal onbekende terrein en omstandighede, in die nag in ’n hout skip op die oseane van die aarde te vaar.

Een van die vroeë en verbeeldingryke seevaarders was Christopher Columbus, (1451-1506), “Italian-Spanish navigator who sailed west across the Atlantic Ocean in search of a route to Asia” (Encarta Encyclopedia 2003). “Dit is Columbus se vasberadenheid om sy verbeelding te toets, wat hom in staat stel om so ’n geweldig noodsaaklike ontdekking te maak. Wanneer Columbus in sy dagboek skryf, sê hy: “This day we sailed on”. As die digter Joaquin Miller dit later lees, word daar van Miller geskryf: “The poet got up and strode about the room, his eyes shining, his imagination on fire” (Watson 1951:138). Oor die geweldige wedervaringe van die onbekende see skryf Miller[7] dan ’n gedig getiteld: “Columbus”. Ek haal net een strofe aan.

*They sailed. They sailed. Then spake the mate:*

*“This mad sea shows his teeth tonight.*

*He curls his lip, he lies in wait,*

*With lifted teeth, as if to bite!*

*Brave Adm’r’l, say but one good word:*

*What shall we do when hope is gone?*

*The words leapt like a leaping sword:*

*“Sail on! Sail on! Sail on! And on!”*

Dit het sowel die ontdekkingsreisiger as die digter verbeelding gekos om te bereik wat vir ons vreugde en inspirasie is, die ontdekking van nuwe vastelande, die aanspraak van taal op ons siele.

Daar bestaan wonderlike verhale oor hoe omvangryk digters hulle verbeelding gebruik het. Ek kies hier net een digter, naamlik William Blake en toon watter geweldige rol verbeelding in sy lewe gespeel het.

> Blake, William (1757-1827), English poet, painter, and engraver, who created a unique form of illustrated verse; his poetry, inspired by mystical vision, is among the most original, lyric, and prophetic in the English language. His work in the literary and visual arts marks a rejection of the Age of Enlightenment in favour of the new Romantic movement (Encarta Encyclopedia 2003).

Hy het ’n beskeie agtergrond gehad, maar het baie van sy verbeelding gebruik gemaak. Soveel so dat dit die bestaande diskoerse rondom digkuns tydens die verligting skerp bevraagteken en krities daarteenoor gestaan het.

> “William Blake shunned the 18th-century Enlightenment and insisted on the sovereignty of human imagination and its visionary power. He originally published his poems in engraved books, the combination of words and design creating a meaning greater than the words carry alone. There is a well-known story that, as a child, he returned home from a walk saying he had seen a tree filled with angels, their wings sparkling. This angered his father as a lie, but his mother intervened to save him from a beating. Blake continued to see such “visions” throughout his life. As an adult he was recorded as saying to a friend, “[y]ou can see what I do if you choose. Work up imagination to the state of vision, and the thing is done” (Encarta Encyclopedia 2003).

Die mite bestaan dat verbeelding met die jare afneem, maar Blake praat uit persoonlike ervaring dat dit allermins die geval is.

*At the end of his life, Blake was engraving illustrations to Dante's La Divina Commedia; he had completed only seven when he died on August 12, 1827. Not long before he died, he wrote to his friend George Cumberland: "I have been very near the gates of Death and have returned very weak and an Old Man feeble and tottering, but not in Spirit and Life, not in The Real Man The Imagination which Liveth for Ever. In that I am stronger and stronger as this Foolish Body decays. (Encarta Encyclopedia 2003).*

Verbeelding het Blake gedra, geïnspireer en sterk gemaak om te midde van baie min erkenning, 'n baanbreker te wees op die terreine van beeldhou, skilder en digkuns.

> *...in die letterkunde het fantasie reeds eeue gelede begin bestaansreg eis en het dit saamgehang met die sigbaarmaking van konsepte, vorme en gedagtebeelde wat in die menslike gees lewe.*
>
> *Elsabe Steenberg*

Dapper, heroïese verhale wat die verbeelding aangryp, soos die verhaal van Wolraad Woltemade en Racheltjie de Beer, moes immers deur 'n verbeeldingryke gedagte tot die daad oorgaan, sodat dit weer later in staat sou wees om ons verbeelding aan te gryp.

*Thomas Edison, who invented the phonograph and the incandescent lamp, believed so strong in reverie, the semi-conscious state, that he kept a cot in his laboratory in which he could relax and mediate. He actually held a ball in his hand to prevent his falling asleep. If his hand relaxed in sleep, the ball fell onto a metal plate awakening him (Francis 1995:49).*

Gedurende 1658 word die eerste geïllustreerde leesboek deur Comenius uitgegee (Mayer 2002:404, verwysend na Sadoski en Paivio 2001:30).

Die boekdrukkuns is een van die mees fenomenale deurbrake wat verbeelding in die geskiedenis gemaak het. Nou, kon ons idees 'sien', op

papier, reg voor ons oë. Deur verbeelding het die drukkuns ontstaan, en die drukkuns het weer tot baie verbeeldingryke ontwikkelinge gelei. Stap net in 'n groot boekhandel in en deel in die verskeidenheid van literatuur wat beskikbaar is, die wye verskeidenheid onderwerpe. Let op die verskeidenheid grafika en simboliek en kleur en tekstuur. Sien hoe lig en foto's en letters op duisende verskillende maniere gebruik word. Dis verbeelding se toedoen en nalatenskap.

Talle bydraes tot literatuur het uit drome gespruit. Francis (1995:54) verwys na die volgende voorbeelde:

- "John Bunyan, author of *The Pilgrim's Progress* stated of his writing '… and as I slept, I dreamed a dream'
- *Alice in Wonderland* and and other novels of Lewis Carrol
- Emily Bronte used dreams to add greater color to her writing and her Cathy in *Wuthering Heights* had dreams which stayed with me ever after and changed my ideas; they have gone through and through me, like wine through water, and altered the colour of my mind"

> *But I, being poor, have only my dreams;*
>
> *I have spread my dreams under your feet;*
>
> *Tread softly, because you tread on my dreams.*
>
> *William Butler Yeats*

Musiek het 'n groot invloed op die mens se lewe. Dit neem ons langs paaie waar ons al was, en dikwels op paaie waar ons nog nie was nie, maar wat ons deur die musiek kan betree. Groot skeppings in musiek, wat aanspraak maak op ons hele wese, het méér as die rede nodig tydens die proses van komposisie, sowel as tydens die luister daarvan.

"In the musical field, many well known composers are said to have been inspired by their dreams. Some, such as Beethoven, Schumann, Mozart, and Ravel, actually heard bits of the music which they recalled on waking. Guiseppe Tartini wrote The Devil's Sonata following an incredibly vivid dream about Satan playing his violin, and Elgar's Dream of Gerontius is based on a poem by Cardinal John Newman that originated from a dream" (Francis

1995:54). Dit is Paul Pruyser wat in *The Play of Imagination* tot die gevolgtrekking kom dat "the 'highest' form of imagination is music, which involves the creation of sound images" (Capps 1995:44).

Mense visualiseer in sport. In sportsielkunde maak dit 'n baie groot deel uit van spanne se voorbereiding.

Wat ek hiermee kommunikeer, is dat dit wat tot stand gekom het, wat ontdek is, wat geskep is, wat bewaarheid is, nie sonder die toedoen, en instrumentele betrokkenheid van verbeelding geskied het nie. Of dit nou nuwe vastelande, planete, of uitvindsels is wat ontdek is, en of dit nou stede, groot musiek, gedigte, skilderye, geboue, motors, vliegtuie of skepe en treine is wat gemaak is, die Barbie Doll, of wat ookal, niks het tot stand gekom sonder die kragtige en meesleurende werk van verbeelding nie. Laat ons ons nie flous nie, dis nie alleen die rede, of intellek wat hierdie dinge tot stand gebring het nie.

'n Kenmerk van 'n aktiewe verbeelding is om nie alleen helder prentjies te sien van ervarings uit die verlede nie, maar ook dinge 'te sien' wat in die toekoms gaan gebeur, oftewel 'n visie.

> *Over 500 years ago, Leonardo da Vinci designed an aeroplane and a submarine; … who knows whether the wilder fantasies of science fiction writers will come true?*
>
> *Valerie Francis*

"Perhaps the most well-known is Joan of Arc, whose dream was to save France from the English. One cannot be sure, of course, whether she was in reverie, meditation or dream" (Francis 1995:58).

## 4 GELIEFKOOSDE WERKSPLEKKE

Dit blyk uit die plekke waar ons haar spore kon sien, dat verbeelding baie veelsydig is. Waar daar mense is, daar is sy aan die werk. Waar daar mense vir lang tye bymekaar is, daar is sy harder aan die werk, soos in kultuur en godsdiens. Waar mense kultuur vorm, en dan spesialiste oplewer, spring verbeelding kliphard aan die werk. Dan werk sy onverpoosd in die digters, skilders, skrywers, vakmanne, ontwerpers, argitekte, bouers, filmmakers, stadsbeplanners en predikers. In die mense werk sy, en sy roep hulle op om

die lewe waar hulle is, mooi te maak. Sy is ’n aanstigter van die estetiese! Sy werk in die ekonomie, in die besigheidsman, by die beurs, die bemarker en die adverteerder. Sy neem die samelewing mee en bring hulle elke nou en dan in rep en roer. Sy werk in die teater en die kerk, in die stadion en die markplein, In tronke en hospitale, sy skok en ontstel, sy bedaar en troos en gee hoop. Sy is onmisbaar. Sy werk hard by die koerant en in die tydskrifte.

Sommige mense het van haar vindingrykheid bewus geraak, en het haar met baie groot vrug in diens geneem. Die politikus, die adverteerder, die massamedia en mense wat met die miljoene van die aarde wil kommunikeer, weet dat hulle dit nie kan waag sonder haar nie.

Daar is belangrike terreine waar sy ons lewens diep raak. Miskien selfs sonder ons direkte medewete of instemming, maar sy kom in ons huise, ons tydskrifte, ons skole en televisieprogramme, hard aan die werk. Om ’n heerlike ete voor te berei, om ’n boom te plant, om ’n gesprek met jou kind aan te knoop, vra verbeelding. Sy werk hoegenaamd nie net in die meesters en uitsonderlik begaafde mense wat skeppend kan handel nie, maar in elkeen, in elke mens se dagtaak is sy teenwoordig. Dis nie net vir sommige beskore nie, nie net die toegang van die slimmes en geleerdes en ingeligtes nie. Dis vir ons, die mense, beskikbaar om na hartelus van te gebruik en te geniet. “Each of us, according to Brueggemann, has a ‘zone of imagination,’ which is shaped by one’s formative communities, but which is also a very personal and private zone to which no one else has access. Texts are offered to the zone of imagination to be dealt with both by the community and by the deeply personal dimension of each individual” (Patton 1994:32).

Ek wil ses van hierdie belangrike plekke waar sy werk, uitsonder, omdat hierdie vyf plekke, of kontekste, vir hierdie studie bepaalde insigte inhou.

- Sy is ’n onderwyseres, sy onderrig mense.
- Sy oorreed ons om goed te koop (wat ons nie altyd nodig het nie)
- Sy werk in die Bybel
- Sy inspireer die filmbedryf

University of Pretoria etd – Laas, J J (2004)

- Sy hou die droom van die Afrika Renaissance lewend
- Sy bevorder goeie terapie

## 4.1 SY IS ’N ONDERWYSERES, SY ONDERRIG MENSE

Hoe word kennis in die menslike verstand bewaar? “One of cognitive psychology’s most well-respected answers to this fundamental question is found in Paivio’s (1986) dual coding theory (DCT)” (Mayer 2002:403). Wat behels die dubbel koderingsteorie? “Dual coding theory reached maturity in Paivio’s (1986) second classic book, *Mental Representations: A Dual Coding Approach*”(Mayer 2002:403). Paivio het gedurende 2001 saam met Sadoski ’n opvolg op hierdie boek geskryf naamlik: *Imagery and Text: A Dual Coding Theory of Reading and Writing.*

> *“thought never occurred without a mental image*
>
> *Aristotle*

Die basiese uitgangspunt van ‘Dual Coding Theory’ kan in twee stellings opgesom word.

Eerstens, “…that humans posess separate information processing systems for words and pictures;” en tweedens “…that deep conitive processing involves building verbal and pictorial representations, organize them, and connecting them with each other” (Mayer 2002:403).

Pestalozzi het in onderrig van die veronderstelling uitgegaan dat “concrete sense impression was the foundation of all knowledge” (Mayer 2002:404). Hierdie skrywers kom tot die gevolgtrekking dat “mental imagery has played a powerful role in literacy throughout history” (Mayer 2002:404) verwysend na Sadoski en Paivio (2001:40)) Dit word uit hierdie teorieë meteens duidelik dat beelding ’n buitengewoon belangrike rol in die leerproses speel.

> *Images convey the ways in which we invest or withdraw meaning from the social world.*
>
> *John Dirkx*

John Dirkx is verbonde aan die Education Resources Information Centre (ERIC) en is baie diep geïnteresseerd in lewensveranderende leerprosesse by volwassenes. Een van die hoekstene van transformasieteorie is die proses van individuasie. ’n Hele aantal wetenskaplikes het indringende navorsing gedoen op *transformation theory* en hoe beelde, simbole, rituele, fantasie en verbeelding ’n rol in die proses van transformasie speel. Hier, skep ek ’n koppelvlak tussen die werk van die deskundiges op die gebied van transformasieteorie, en die verbeeldingryke benadering tot terapie, soos teruggevind kan word in die werk van Jung. Jung het in 1921 die begrip ‘individuasie’ geskep (vgl. Jacoby 1990). “Individuation involves differentiating and becoming aware of the presence of the different selves operating within the psyche. This requires an imaginative engagement with the unconscious, a working dialogue between ego consciousness and the powerful contents of the unconscious” (Dirkx 2001:23).

> *…learners compose their lives by using imagination and critical reflection to interpret their life story within the social context.*
>
> *Nelson*

“From Jung’s perspective of individuation… we understand that the ego is just one player within the psyche, and not a very powerful one at that” (Dirkx 2001:23).

> *…what matters most in learning is what matters to the deep ground of our being, the psyche or soul, what is ‘primary, original, basic, and necessary’ (Sells 2000:3). “This way of knowing is felt to be mediated largely through images rather than directly through concepts of traditional forms of rationalism (Dirkx 2001:23).*

Hier kom ’n deurslaggewende insig vir hierdie studie aan die lig. Indien ’n lewe saamgestel word deur verbeelding en kritiese refleksie op die interpretasie van ’n lewenstorie binne ’n sosiale konteks, dan is die aard van die verhale wat vir jongmense vertel word van konstituerende belang vir hulle lewens. Verheffende, passievolle lewens van oorgawe en toewyding kan dan deur

verhale gevorm word. Strewende, hoopvolle en uitreikende lewens kan so tot stand kom. Dit is presies wat die volk Israel verstaan het. Brueggemann (1993:173) skryf: "Israel practices nurture in passion by including its young in its narrative imagination"

## 4.2 BEMARKER BY UITNEMENDHEID

Sy wil iets aan ons verkoop, wat ons nie altyd nodig het nie

Brueggemann (1992:14) waarsku dat indien die konstituerende konsepte van kwaliteit lewe nie uit die Bybelverhale gehaal word nie, die gemeenskap sodanige idees op 'n ander plek sal vind, naamlik: "...the consumer ideology which they get in advertising".

> *…a civilization of the visual image*
>
> *Gilbert Durand*

Van die sterkste kragte in ons verbruikersamelewing is die advertensiewese. Die sosioloog Douglas Massey (2002:25) skryf hoe "extremely effective" adverteerders geword het om menslike gedrag te rig. Omdat dit oor geld gaan, wat so 'n ontsettende sterk motiveerder vir gedrag is, het persone in hierdie sektor van die samelewing jare se uiters intensiewe navorsing gedoen om produkte en idees effektief te bemark. Die bewussyn dat besluitneming nie primêr deur rasionele denke bepaal word nie maar oorwegend deur emosie, sorg daarvoor dat die emotiewe benut en selfs uitgebuit word om produkte of idees te verkoop (Massey 2002:25). "Our colleagues engaged in the practical application of social science – marketing, advertising, and political campaining – have known this [dat emosie botoon voer in besluitneming] for a long time. They have not simply recognizes the duality between the emotional and the rational brain, but have sought to cultivate and exploit it" (Massey 2002:25). Hy sê: "…emotionality supersedes rationality in both timing and influence". Ek dink die kerk, en dan spesifiek die pastor kan baie leer by die subtiele maar geweldig effektiewe wyse waarop inligting, kennis en idees op verbeeldingryke wyse deur die advertensiewese oorgedra word. Indien ons

> *…marketers don't sell products, they sell dreams.*
>
> *John Hunt and Reg Lascaris*

oplet hóé effektief verbeelding in die advertensiewêreld ingespan word, sal dit ons laat nadink oor die moontlikhede wat verbeelding ook vir terapie inhou.


**TO BE ENLIGHTENED IS TO BE INTIMATE WITH ALL THINGS**





'n Nuwe, toepaslike en eietydse herdefiniëring van die verligting

**WHAT IS POTENTIAL WITHOUT A PLAN?**

Lewensversekering. Broosheid, moontlikheid en potensiaal word op kleurvolle persoonlik aansprekende wyse gerig. Wie kan dit betwyfel dat hy die termyn aan sy kant het.




**LIVE THE DREAM**




Krag, spoed, styl, gerief, en weelde word baie bondig en uitdagend saamgevat

just imagine Edgars

## CREATIVITY IS LIFE




It makes "sense". It impacts the senses.

Veelseggend dat so 'n groot maatskappy net 'n drie-woord-titel feit konstateer!

## SO FLAT SO DEEP




Twee teenstrydighede wat gelyk waar is? Kontras kan op 'n unieke wyse inspireer!

## OUT OF THE ORDINARY

Buitengewoon! Selfs die groot maatskappye wil nie deel wees van 'n groot storie nie, maar van die klein detail wat hulle van die res onderskei.

"The closer you look at Investec, the more you'll see what makes us stand apart."



> Dreams are not an intangible, wishy-washy issue for marketers or advertising practitioners like ourselves, because marketers don't sell products, they sell dreams. Show understanding of individual aspirations or show how a product fits into a consumer's imagined, ideal lifestyle and you are close to clinching the sale. The commercial marketplace is built on dreams. (Hunt & Lascaris 1998:3).

"Dreams define who we are and who we want to become" (Hunt & Lascaris 1998:2).

> *The market ideology wants us to believe that the world is profane.*
>
> *Walter Brueggeman*

"Dreams provide marketers with insights into how we spend and save money and how we use our time" (Hunt & Lascaris 1998:2). Op Donderdagaand 1 April 2004 luister ek na 'n radioprogram oor Classic FM, en skakel 'toevallig' in op 'n besprekingsprogram oor *Resilience in business*. Daar word toe verwys na die geleenthede wat *Lego blocks for adults* in die *boardroom* gebruik word. Die spreker verwys na "serious play" en verduidelik wat hy daarmee bedoel. Dit is spel tussen volwassenes, ja, jy lees reg, die 'CEO's' wat die konstruksiemetode gebruik. Daar word gebruik gemaak van spel, humor, simbole en metafore, en sodoende word uitkomstes bereik wat nooit voorheen in dieselfde konferensiekamer deur dieselfde mense bereik sou word nie. "Lego" het baie navorsing op hulle nuwe produk gedoen, en die terugvoer van kliënte is uitsonderlik positief.

## 4.3 DIE FILMBEDRYF

Ons leef in 'n postmoderne wêreld. Deel van hierdie wêreld is films waarin tyd en konteks geweldig gerelativeer en verwring en gemanupileer kan word. Binne sekondes kan verbeelding millennia oorspan, en monsters en wesens sien wat miljoene jaar gelede geleef het, en wat op die doek lewensgroot voor jou hardloop. Die oertye word so realisties voorgestel dat ek en jy 'n bewuste poging moet aanwend om te besef dat dit nie regtig is nie. Ek verwys na films

soos *Supercroc, Jurassic Park, Hulk* en *The Ballad of Big Al*. In so 'n wêreld moet die pastor die kragte in aanmerking neem wat op sy eie lewe sowel as die gespreksgenoot se lewe afspeel. Die praktiese teologie kan veel leer by die wyse waarop die kunstenaars interdissiplinêr werk. Skrywer en regisseur se verbeelding moet mekaar 'ontmoet', en dan moet die konsepte op 'n baie kreatiewe wyse deur die ontwerpkunstenaars en filmspan ontwikkel word. Steven Spielberg is een van die uitsonderlike regisseurs wat 'n boek kan neem, en 'n meesterfilm daaruit kan maak. Dit was weereens die geval met Jurassic Park. "Based on Michael Crichton's best selling novel, Jurassic Park, director Steven Spielberg presents a masterpiece of imagination, suspense, science and cinematic magic that has quickly become the most successful film in worldwide box-office history. An Adventure 65 Million Years In The Making" a STEVEN SPIELBERG film 1993.

Een van die mees kreatiewe en verbeeldingrykste skeppings in die filmwêreld is *Walking with Dinosaurs*. Van hierdie film word gesê: "Where Fiction meets Fact". Vir die praktiese teologie, soos ek dit in my werk verstaan en weergee, is dit 'n baie belangrike stelling. Ek is ook diep geïnteresseerd oor die ontmoetingsplek van feit en fiksie, en glo dat verbeelding baie hiermee kan help. Die filmbedryf integreer of meesterlike wyse die wetenskaplike bevindings, met verbeeldingskrag. Die resultate is dikwels asembenewend.

Nuwe lewe, nuwe skeppings, gebaseer op die oorlewering en opbrengs van die tradisie en die geskiedenis van 'n spesifieke individu, is sterk aanknopingspunte met die narratiewe pastorale terapie. Hier wil ons wetenskaplike bevindings, eietydse konteks en geloof oftewel metafisiese voorstellings, op kreatiewe wyse in verband bring.

"The latest scientific findings, advanced computer graphics and strong history stories are combined as we return to the sights and sounds of extinct worlds" www.bbc.co.uk/beasts.

Tyd, plek en omstandigheid word gerelativeer sonder om 'n atmosfeer of aanvoeling van onrealistiese en verregaande absurditeit te skep.

"Walking with Beasts takes you on a journey through time to distant worlds: from the hottest, wettest climate the earth has ever known to one of the

coldest – the Ice Age. See the early forerunners of the whale (walking!), avoid the carnivrous pig the size of a rhino, and pity the horse the size of a cat, eaten by a bird the height of a man! And we humans are not safe either – mighty sabre-toothed cats with teeth the size of carving knives have a taste for our own ancestors! The demise of the dinosaurs, 65 million years ago, did not leave the world empty" www.bbc.co.uk/beasts

Daar is ook nog die films: *Triumph of the Beasts* en *The Beasts Within Walking with Beasts* (BBC 2001)

Die punt wat ek wil maak, is om te sê dat as die filmbedryf so vindingryk met werklikheid, onwerklikheid, tyd en voorstelling kan omgaan, dat mense in vertwyfeling beland tussen feit en fiksie, dit teoloë voor 'n besonder groot uitdaging stel of hulle in terme van die onsigbare konsepte van geloof, hulle ook daarin slaag om mense in verwondering te laat. Watter voorstellingskrag benut teoloë? Is hulle so dringend verbind tot hulle saak as die filmmakers?

Die genoemde films is moontlik ekstreme voorbeelde van verbeelding, en die vermenging van feit en fiksie. Maar selfs in minder opspraakwekkende films, word die werk van 'n skrywer, 'n regisseur en akteurs dikwels so kreatief aangebied dat dit 'n geweldige aanspraak op mense maak. 'n Voorbeeld is die film: "Life is beautiful" waarvan gesê word: "A wonderful legend that proves love, family and imagination conquers all" (anon.1998 Miramex).

## 4.4 DIE BYBEL

Die Bybel is 'n fantastiese boek. "Stories of sea monsters, talking animals (snakes or donkeys), beasts full of horns and eyes, a tower that reaches almost to heaven, a river turning into blood, parting seas, floating axe heads, consultation with mediums and seers, the resurrected dead, a woman impregnated from/with deity, a tour of a throne room in heaven - all these stories are unbelievable in that they are not part of everyday experience and reality" (Pippin 2000:86).

Die Bybel is 'n ontsaglik verbeeldingryke boek. Dis, wat my betref, dié droomboek van alle droomboeke. Aanvanklik, toe ek oor die Bybel en verbeelding gedink het, het ek gereken daar sal 'n paar toepaslike verwysings

moontlik na vore kom. Met verdrag, het ek net besef dis basies oral! Onthullings, openbarings, verhale, wonderwerke, drome, toekomsvoorspellings, visioene, reise, gedigte, metafore en beelde, simbole, dis oral. Daar loop ’n goue, polsende verbeeldingryke draad deur die Bybel. Geloof, en verlossing, en hiernamaals, en God, maak ten diepste nie die sterkste aanspraak op logika of die rede nie, maar op die verbeelding! Die aanspraak van die Skrif is op ’n oortuiging van die hart na die Onsigbare, Onmeetlike, Onbewysbare, ja, die On-redelike in die sin dat dit die rede, verstand en empirie te bowe gaan. Die Christelike geloof, en die godsdienste van die wêreld, maak in die laaste instansie nie veel staat op die sigbare werklikheid nie, maar ‘kyk’ na die transendentale.

Selfs net om aan God te ‘dink’, het ons verbeelding nodig. “Verbeelding maak dit vir ’n mens moontlik om God in sy verskillende ‘beelde’ onder verskillende omstandighede te ontmoet en te ervaar. Om net ’n paar voorbeelde te noem: God se almag en onmag, God as Vader, Bevryder en Regter” (Vos 1999:506). Ons kan nie anders as om metafories oor God te dink of te praat nie.

Ek beskou die oes van verbeeldingryke Bybelse verhale, die *Prophetic Imagination* (Brueggemann), as van deurslaggewende belang vir die verstaan van verbeelding in pastorale terapie.

“One of the greatest sources of information on dreams and their effect on the human race is the Bible” (Francis 1995:12). Dink byvoorbeeld aan Jakob se leer, Farao en Josef, Moses en Salomo. Ek gebruik spesifiek hier drome in verband met verbeelding, omdat baie van die Bybelse voorbeelde dan sogenaamde *lucid* drome is, drome wat in ’n semi-wakker toestand ‘gedroom’ word, omdat dit duidelik is dat die dromer byvoorbeeld terug praat en reageer en kommunikeer soos in die wakker toestand. Dit is drome van betrokkenheid, wat op ’n ander vlak lê as nagmerries en absurde kombinasies en konstruksies van die werklikheid. Daar is die droom van Nebukadnesar, en van Daniël. Hoe duidelik die visioene, boodskappe en oortuigings van die profete voorgestel moet word, weet ons nie. Wat ons wel kan sê, is dat dit ten nouste met verbeelding, voorstelling in ’n wakker of semi-wakker toestand verband hou. In die Nuwe Testament lees ons in die eerste bladsye reeds van

die droom van Josef, naamlik dat Maria ’n baba sal ryker word. Daar is die droom om te waarsku teen Herodus, wat die vlug na Egipte tot gevolg het.

Tertullianus (160 – 230 nC) vra: “Is it not well known to all people that the dream is the most usual way that God reveals himself to man?” (Francis 1995:12). Die Nuwe Testament het deurlopend getuienis van uiters verbeeldingryke en metaforiese gebeure, en eindig immers in seker een van die verbeeldingrykste bronne op die aarde, die Openbaring aan Johannes op Patmos.

In Christus se prediking staan die gelykenisse en die wonders prominent, en dit gryp die verbeelding aan. Paulus se sendbriewe is deurdrenk van metafore en maak ’n sterk aanspraak op verbeelding. Tot vandag, is dit die geval dat mense op godsdienstige terrein die duidelikste aangespreek word nie deur die feite nie, maar deur die beelde.

> *Experience and Scripture teach that the heart is most powerfully touched, not when the mind is entertaining abstract ideas, but when it is filled with vivid images of amazing reality (Hughes 2001:110).*

Die rede, intellek en taal het die geneigdheid om in te sluit, te definieer en te lokaliseer ter wille van begrip. Dit is juis verbeelding wat ruimtes oopmaak en wêrelde skep wat groot en oop is. Oop vir moontlikhede, oop vir oortuiging, oop vir verwondering, oop vir verandering, oop vir die onwaarskynlike, die onmoontlike.

“Verbeelding maak ruimte vir God om God te wees. Dit laat mense daarop reken dat Hy die onmoontlike kan doen, dat Hy mense kan herskep en hulle harte, denke en lewenskoers kan verander, dat Hy in die geskiedenis van mense betrokke is” (Vos 1999:506).

Die Bybel is God se geskrewe, taalmatige openbaring aan ons. Om oor geestelike, onsigbare dinge te praat, is metafore nodig. Om geestelike ervarings te voltrek, te verinnig en te vier, is rituele en simbole nodig. Hiertoe is die Bybel vir ons ’n onontbeerlike bate. Die meeste konsepte waarop dit werklik aankom in godsdiens, ek noem enkele, geloof, hoop, liefde,

verlossing, vergifnis, genade, hiernamaals en hemel, kan nie in letterlike taal beskryf word nie. Ek neem net die voorbeeld van die konsep kerk, en herinner die leser aan die veelvoudige metaforiese uitsprake oor die kerk. Daar is baie.

“Die kerk is met metafore omring. Die kerk is byvoorbeeld God se oogappel, Christus se bruid, God se volk, Christus se liggaam, die lig vir die wêreld en die sout van die aarde. Metafore gee sin aan die kerk se bestaan en wys sy plek en funksies aan” (Vos 1999:506).

Die Bybel maak veel van onthou. Die volk moet onthou. Hulle moet vier. Hulle word by hoevele geleenthede opgeroep, moet nie vergeet nie. Kyk terug, roep in herinnering, eer, erken en respekteer God se bemoeienis met julle, en projekteer dan die lyn van sorg, onderhouding, vergifnis, straf, genade, die toekoms in. Vertel julle kinders.

Benewens onthou, is die toekomsgerigtheid prominent deel van die aangename spanning van die lewe. Kyk!, kyk vooruit. Verwag ’n beter môre, God is in die toekoms, Hy kom vanuit die toekoms (Müller 1996:115) Hy kom nuut maak, nuwe moontlikhede skep, alles sal anders wees. Die Messiasverwagting, die wederkoms, bou op verbeeldingryke, hoopvolle ‘voorstellings’ van ’n nuwe era. Dit fasiliteer hoop.

Jer 29:11 “Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle ’n toekoms gee, ’n verwagting”

Heb 11:27 “Hy het volhard soos iemand wat die onsienlike God sien”

Handelinge 8:55 “Maar Stefanus, vol van die Heilige Gees, het opgekyk na die hemel en die heerlikheid van God gesien…”

Hierdie ‘sien’, is nie die sien van die oog nie, dis die ‘sien’ van die geestesoog. Die orgaan waarmee hierdie kyk plaasvind, is nie die brein of die oog nie, dis die verbeelding. Die Bybel praat op baie plekke en baie maniere van verbeelding, drome, visioene, gesigte en openbarings. Dit gaan oor ’n groot hoeveelheid beelde wat op verskillende wyses ‘gesien’ word.

Ek noem ’n aantal voorbeelde. Ek maak nie aanspraak op volledigheid of op deeglike eksegese nie. Ek werk nie sistematies nie. Ek doen nie ’n Bybelse gefundeerde ondersoek na verbeelding nie. Ek raadpleeg nie die

Bybelwetenskappe se insigte oor genoemde tekste nie. Ek beantwoord nie die vraag: Watter verbeeldingryke tekste is daar vir die narratiewe pastorale terapie nie. Ook nie die vraag: Hoe kan die Bybel in verbeeldingryke narratiewe terapie benut word nie. Dit sou ’n studie op sy eie regverdig. Al wat ek doen, is om te sê dat daar baie verbeeldingryke verhale, geleenthede en konsepte in die Bybel voorkom. Dit is opmerklik verweefd met droom, beeld, visioen en openbaring.

Een van die gunsteling plekke waar mej. Verbeelding tuis is, is die bladsye van die Bybel. Sy is tuis en op haar gemak daar.

## 4.5 AFRIKA RENAISSANCE

**Wêreldstapper**: Vat net byvoorbeeld die Afrika Renaissance. Dis ’n wonderlike konsep. Ek glo daar sal nuwe lewe in Afrika kom. Al is die debat oor die Renaissance hóé negatief in die pers. As gelowige glo ek in die herlewing van Afrika. God is in Afrika se toekoms. Hy, God, sal Afrika laat opstaan. Mbeki is een van die min politieke leiers wat werklik droom. Wat werklik nóg droom. Ek respekteer hom daarvoor. Ek kom nou uit Mosambiek. Al vertel die werklikheid ’n ander storie, glo ek nogtans as gelowige dat Afrika ’n groot toekoms het. Ons hóéf nie vasgevang te word in vandag nie.

Verbeeldingryke narratiewe terapie begin en eindig nie binne die vier mure van ’n spreekkamer nie. Wêreldstapper wys uit hoe ’n verbeeldenaar wyd en saam met sy land se mense droom. Verhaalskeppende pastorale terapie staan nie as ’n geïsoleerde weeskind in Suid-Afrika nie. Die verbeeldingryke pastor kyk nuus, hy lees die koerant, hy is terdeë bewus van die land waarin hy woon, van die kontinent waar hy pastoraat beoefen. Hy weet terdeë dat hy met ’n land en kontinent te doen het met ongekende wreedheid, vol gevare. ’n Land met misdaad en armoede en HIV/VIGS en rassisme, werkloosheid en benewelende syfers van kinders se lyding, waar kinders verwaarloos, verwerp en mishandel en misbruik word. Maar dit is nie al nie. Afrika het ’n polsende ritme van mense wat droom. Van ’n herlewing van die kontinent se sterk positiewe kragte, ’n kontinent met verhale soos min.

> *Every human character occurs only once in the whole history of human beings.*
>
> *Isaac Bashevis Singer*

En dit is 'n uitdaging wat aan hom gerig word om sy pastoraat te beoefen in die konteks van 'n land wat dromers en nie-dromers het, om 'n wilsbesluit te neem oor waar hy homself posisioneer. 'n Eg verbeeldingryke pastor staan met sy hand bo sy oë op die kruin van die uitkykpunt by die vallei van duisend heuwels. Hy voel die hartklop van Afrika, hy weet van 'n kontinent waar baie bloed gevloei, en 'n oorvloedslewe vir miljoene al 'n werklikheid geword het. 'n Land waar elke asemteug die verhaal vertel: "Uit die chaos die lewe".

## 4.6 'N DEUR MET 'N NAAMBORDJIE

Hierdie navorsing wys opnuut uit hóé belangrik die persoon van die pastor in terapie is. Gerkin (1984:28-35) wys op die noodsaak dat die pastor met sy eie storie goed bekend moet wees. Hierdie prominente rol van die pastor in terapie moet reg verstaan word. Die magsrol wat in die diskoers rakende terapeute aan die orde van die dag is, word in die narratiewe benadering gedekonstrueer. Die voorgestelde magsrol van die diskoers spruit uit die onderskeiding tussen die leke en die ingeligtes, sowel as die aanname van meerdere kennis en insig by die terapeut. Binne so 'n diskoers word die terapeut beskou as iemand wat leiding moet gee, iemand wat antwoorde het en oplossings kan bied. Langs hierdie diskoers word terapeute op analoë wyse meganisties vergelyk met die werktuigkundige of mediese praktisyn, wat herstelwerk of 'n diagnose doen. Dit kan lei tot oorheersing en manipulering van die proses, waarin ander mense se lewens beheer, gestuur en gerig word aan die hand van die terapeut se standpunt. Iemand wat formidabele werk doen oor die terapeut se rol en posisie in terapie, is Michael White (1990).

Verbeelding werk veelsydig, interkontinentaal en met 'n asembenewende spoed en kreatiwiteit. Sy is baie besig. Sy het 'n internasionale paspoort.

University of Pretoria etd – Laas, J J (2004)

**VOËLTJIEBEK EN RUG UITHAAL**

Dis koud. Dis winter. Ek en Willie staan op die agterstoepie van die kombuis op Goedemoed . Ons staan son se kant toe; koffiebekers word styf toegevou met hande; bibberweer. Hy vertel van jare gelede op dieselfde plaas. “Daardie jare het ons nog Merino’s geskeer. Ek was ’n jong seun, maar het gretig ingespring omdat die geld goed was. Dit was baie, baie harde werk. Sommige het maklik geskeer, maar ander moeilik. Die skape wat taai was om te skeer, is so ongesiens oorgeslaan vir die volgende man. Maar dan het Pa se stem ferm opgeklink: ‘Moenie uitsoek nie kêrels, skeer voor die voet.’ Die taaies het so moeilik geskeer, ons het gesê jy skeer ‘voëltjiebek’. Dit was ook nie die gebruik om regop te kom om ’n moeë rug te rek nie. Al voel dit hy breek af, ons het staan en skeer. Dit was ’n skande om ‘rug uit te haal’. Dis dan wanneer daar stories vertel is. ‘Hoekom jaag Jakkals vir Haas?’ Ons het gelag en lekker gewerk, die pyn vergete.”

Dit het my laat dink…

# 5 WATTER TALE IS SY MAGTIG?

Taal lê ten grondslag van ons werklikheid, en daarom is dit baie belangrik dat ons verbeelding se taal probeer verstaan. Sy is veeltalig, wat dit tegelyk maklik en moeilik maak om haar te verstaan. Maklik omdat sy in my en in jou taal praat. Nie net die taal van ons volk nie, maar in ons eie, individuele, persoonlike taal. Sy ken ons taal deur en deur. Dis ook soms moeilik om haar te verstaan, omdat sy so spesifiek die taal van die prater praat, dat die hoorder nie noodwendig die uiters spesifieke dialek van die verteller snap nie. As ons verbeelding werklik goed wil leer ken, moet ons haar taal leer verstaan, haar idiome en beskrywings en beeldspraak. Dit is ook vir die terapeutiese situasie noodsaaklik om verbeelding se taal te probeer begryp, omdat duidelike

> *It is feeling and force of imagination that make us eloquent.*
>
> *Marius Valerius Martialis*

kommunikasie en verstaan vir terapie van dringende belang is. Wie kan en wil terapie sonder taal betree?

> **Taal** (tale; -tjie) **1** Kommunikasiemiddel van die mens, voortgebring deur die spraakorgane; menslike spraak; ook, die skryfvorm hiervan: *Taalgebruik, hoor, aanleer, interpreteer.* **2. (a)** Besondere, karakteristieke spraak van 'n bepaalde gemeenskap, groep, volk, e.d. *Afrikaans as taal van `n paar miljoen sprekers in Suid-Afrika. Die tale van Europa, Afrika, Amerika, Asië. Iemand wat baie tale kan praat. Moedertaal. `n Dooie taal,* wat nie meer gepraat word nie, soos Latyn**.** **(b)**. Kultuurvorm van `n taal; teenoor *dialek; daar is baie tale in die wêreld maar nog baie meer dialekte. Standaardtaal.* **(c)**. Tipiese taalgebruik van `n bepaalde kleiner groep, kring: *die taal van boewe, diewe, juriste, boere*. **3**. Wyse, manier waarop taalelemente gerangskik word; styl: *plat, gekruide, deftige, verhewe, sterk taal. Die taal van die poësie.* **4**. Stel middele anders as gesproke taal waardeur kommunikasie bewerkstellig word*. Die taal van diere. Gebaretaal. Tromtaal. Liggaamstaal.* **5**. Inhoud, betekenis van `n bepaalde middel: *Die taal van liefde, van oë, van die musiek. Blommetaal.*
>
> **6**. Kunsmatige sisteem met eie notasiewyse waarin elke teken, ens. Presies omskryf is: *rekenaartaal*. (Odendaal 1994)

> *I suggest that imagination has no sense language of its own. Maybe it has no language at all of its own. Even those words which are most appropriate for discussing imaginative products – tension, inhesion, vision, voice, expression, authenticity, suface, spontaneity, fecundity, structure, maturity, unit, integrity, creativity – are concepts that do not present themselves as images or have images as their first reference (Hillman 1979:173).*

Wanneer ons luister na die stories van verbeelding in terapie soos vertel deur my mede navorsers, dan blyk dat hulle nie direk oor verbeelding praat nie, omdat ons nie kan nie. Hulle gebruik stories, en in die stories, metafore en

simbole om oor hulle en ander mense se verbeelding te praat. In verbeeldingstories, betree ons die wêreld van die onvasvatlike.

> *"When thoughts fails of words, they find imagination waiting at their elbow to teach a new language without words.*
>
> *Author Unknown*

Die misterie van verbeelding behels menslike ervaring waarvoor ons nie genoeg en duidelik genoeg woorde het nie. Verbeelding laat ons sprakeloos! Maar oor so 'n fantastiese deel van ons lewe wil ons allermins swyg. Daarom gebruik ons taal wat amper, omtrent, moontlik, min of meer, sê. Taal wat voorlopig is, taal wat 'soos,' wat 'asof' sê. Wat duidelik blyk, is dat verbeelding 'n groot voorliefde het om haar met metafore, beelde en simbole uit te druk. Wat het die referente gesê van haar taalgebruik? Netnou, wanneer ons al die tersaaklike dokumentasie ter tafel het, sal ons terugkeer na hierdie komplekse onderwerp van verbeelding se taal, en wat sy daarmee wil sê. Vir ons studie gebruik ons verbeelding se taalvermoë om stories te skep, en stories te vertel.

> The images and symbols that are used to tell the story come from the particular familial, cultural, and religious milieu of the person. The interpretive stories make use of (more accurately, are embedded in) a language world that the teller of the story takes for granted. That language world provides images, symbols, evaluative words, and word vessels for feelings that the storyteller uses to construct an interpretation of the raw stuff of experience. Indeed, for humans, it is impossible to separate experience from language (Gerkin 1984:27).

> *…character is shaped by images and metaphors.*
>
> *Al Dueck*

*Speech is not of the tongue, but of the heart. The tongue is merely the instrument with which one speaks. He who is dumb is dumb in his heart, not in his tongue … As you speak, so is your heart. Paracelsus*

### 5.1 TWEE TERAPEUTE… TWEE KORT STORIES

Daar word vertel dat dit ’n belewenis was om een van Milton Erickson se lesings by te woon. Sy vermoë om kontak te maak en persone op ’n baie diep vlak persoonlik aan te raak, tot elkeen deur te dring en om iemand se siel aan te raak was blykbaar uitsonderlik. In hierdie besig wees met mense het hy ruim van beelde en metafore gebruik gemaak. “ he... commonly used stories, images and metaphors…” (Gilligan 2001:24).

James Hillman het ’n fantastiese kort beskrywing van Henry Corbin. Hy beskryf hom as “ a Master, a recit, an account of the imaginal life as a journey among imaginal essences, an account of the essential. In him imagination was utterly presence” (Hillman 1981:1).

## 6 GETUIGSKRIF VAN DRIE SIELKUNDIGES

### 6.1 CARL GUSTAV JUNG

Wie was Jung?

Omdat ek verhalend werk, is dit vir my belangrik om nie alleen Jung se akademiese bydrae tot verbeelding te verreken nie, maar iets van sy lewenstorie aan die lig te bring.

Carl Gustav Jung (1875 –1961) was getroud het vyf kinders gehad. Hy was woonagtig te 228 Seestrasse, Küsnacht. In sy oudag het hy alleen geleef in ’n huis wat hy ‘Die Toring’ genoem het. Hy het self die huis langs die Bollingen meer gebou, presies soos hy dit wou hê. Die lewenstyl langs die meer het hom toegelaat om hom met die mees eenvoudige take besig te wees, soos om water te pomp en hout te kap, wat hom gelukkig en tevrede laat voel het. Hier kon hy sy lewensverhaal, en sy lewenslange verbintenis met verbeelding, op skrif stel.

#### 6.1.1 ’N PA, ’N JONGMAN… EN GOD

Hy en sy pa is op reis, na Lucerne, en dan vertel hy van die opwindende aankoms by Vitznau.

> Above the village towered a high mountain, and my father now explained to me that this was the Rigi, and that a cog-wheel railway ran up it. We went to a small station building, and there stood the strangest locomotive in the world, with the boiler upright but tilted at a queer angle. Even the seats in the carriage were tilted. My father pressed a ticket into my hand and said, 'You can ride up to the peak alone. I'll stay here, it's too expensive for the two of us. Be careful not to fall down anywhere.'
>
> I was speechless with joy. Here I was at the foot of this mighty mountain, higher than any I had ever seen, and quite close to the fiery peaks of faraway childhood[8]. I was, indeed, almost a man by now. For this trip I had bought myself a bamboo cane and an English jockey cap – the proper articles of dress for a world traveller. And now I was to ascend this enormous mountain! I no longer knew which was bigger, I or the mountain. With a tremendous puffing, the wonderful locomotive shook and rattled me up to the dizzy heights where ever-new abysses and panoramas opened out before my gaze, until at last I stood on the peak in the strange thin air, looking into unimaginable distances. 'Yes.' I thought, this is it, my world, the real world, the secret, where there are no teachers, no schools, no unanswerable questions, where one can be without having to ask anything.' I kept carefully to the paths, for there were tremendous precipices all around. It was all very solemn, and I felt one had to be polite and silent up here, for one was in God's world[9]. Here it was physically present. This was the best and most precious gift my father had ever given me (Jung 1961:97).

'n Verhaal van 'n pa, 'n jongman… en van God. Dit raak my.

### 6.1.2 JUNG WAS SY TYD VOORUIT

"I am unsystematic very much by intention" (Jung 1961:153). Vir 'n persoon met 'n ordelike, wetenskaplike oriëntasie is dit 'n groot uitspraak, veral in die tyd toe dit gesê is. Gedurende 1961 was 'n onsistematiese benadering gladnie aan die orde van die dag nie. Die gangbare norm van wetenskapsbeoefening was juis volgehoue, sistematiese en geordende werk.

In hierdie sin dekonstrueer Jung die wetenskaplike paradigma van sy tyd, terwyl dekonstruksie en die suspisie oor die wetenskaplike bestel, nog glad nie deur sy tydgenote voorgestaan was nie. ’n Stelling soos die waarin ek hom aanhaal as onsistematies met opset, plaas hom in my denke ver voor sy tyd. “… only individual understanding will do. We need a different language for every patient” (Jung 1961:153). Daarmee, in een sin, laat blyk hy die geweldige komplekse verhouding tussen terapie en taal. Iets wat steeds vandag aandag geniet, en nadenke vra. Verder verstaan hy ’n insig wat vandag nog in vele terapeutiese kringe nie gedeel word nie, naamlik die ontmoeting as gelykwaardiges. “The crucial point is that I confront the patient as one human being to another” (Jung 1961:153). Hieruit blyk sy respek vir mense, soos dat hy met belangstelling na die verhale van sy pasiënte geluister het. Die uniekheid van elkeen is gerespekteer en erken. “Therapy is different in every case” (Jung 1961: 152).

Hy hou nie van die woord ‘metode’ in terapie nie (vgl. Jung 1961:145). Dis te meganisties, ’n mens kan nie so oor mense praat en so ‘met’ mense werk nie. Ek deel ten seerste hierdie sensitiwiteit van Jung oor die woord ‘metode’. Dit kan vertel van hoe jy te werk moet gaan om ’n plank af te saag, maar beslis nie as ’n woord wat terapie beskryf nie. Die woorde benadering of beskouing of werkswyse laat veel meer ruimte vir inklusiwiteit in terapie, as die woord metode.

> *Critical rationalism has apparently eliminated… the idea of life after death.*
>
> *Jung*

Hy worstel met die vraag waarom mense so geneig is om aan bekende weë vas te klou. Hy skryf van “the brick wall of traditional views” en dan “… the steel of people’s prejudice and their utter incapacity to admit unconventional possibilities” (Jung 1961:120). Vir my lê ’n baie sterk motief om Jung ernstig te neem opgesluit in sy vermoë om die tradisionele, die gangbare, die sosiale diskoerse van sy dag te bevraagteken. En dan veral die manier waarop hy dit gedoen het. Hy was nie ’n rebel, ’n jukbreker en ’n dwars persoon wat los van akademie, los van ander mense se idees wou funksioneer nie. Maar op ’n beskeie, besadigde en wel deurdagte manier het hy diep vrae oor die

alledaagse maniere van doen gevra. Hy was grondig wantrouig in godsdiens en wetenskap se vermoë om antwoorde vir die diepste lewensvrae te verskaf. Hy staan verbaas en teleurgesteld dat mense, selfs sy beste vriende, verkies om binne die grense van die veilige, bekende weë te bly. Hy voel uitgeskuif, en verstaan nie hoekom dinge wat vir hom van lewensbelang is, vir ander klaarblyklik nie is nie. Hy ervaar by mense ’n ongretigheid om oor hierdie, noem dit bo-natuurlike dinge, te redeneer. Hy dink nie dat daar iets “preposterous” is in die idee dat “… there might be events which overstepped the limited categories of space, time and causality” (Jung 1961:120). Hy voel; in watter wêreld het ek ingestrompel? (vgl Jung 1961:121). Sy opmerking oor sy ervaring van die vergelyking tussen die stad en die platteland interesseer my geweldig. “Plainly, the urban world knew nothing about the country world, the real world of mountains, woods, and rivers, of animals and ‘God’s thoughts’ (plants and crystals)” (Jung 1961:121). Ek kan hiermee identifiseer dat dit besonder moeilik en akademies is om oor lewe en dood, en ewigheid en die bonatuurlike dinge te gesels met mense wat nog nie ’n vark geslag het, ’n lyk gedra het, ’n koei sien kalf het, of die wreedheid en asembenewende skoonheid van die natuur eerstehands ervaar het nie. Dis ’n steriele, sekondêre wêreld, uit die wind en reën en koue en son, vêr verwyder van geboorte en sterfte, van die uil op die dak, die donkermaan en ’n solder wat kraak…

Ná baie kliniese ervaring, ná geweldig omvattende studie en reise, ná uitnemende introspeksie en baie lewenservaring, keer Jung terug na die basiese dinge in die lewe. Keer hy na Bollingen, sonder elektrisiteit, teen die meer, na stilte, waar hout gemaak word, water gepomp word en pyp gerook word, na waar stories vertel word.

Anthony Stevens (1999) in sy boek, *On Jung* ($2^{nd}$ ed.) nooi hy die lesers uit “… to enter into imaginal conspiracy that Jungians share with each other and with their patients. This will provide us with a common language” (Stevens 1999:28). Dit is hierdie ‘sameswering’ wat noodsaaklik is om Jung en die hele agtergrond en werking van verbeelding in terapie te kan begryp. Dit hou ten nouste verband met die erkenning van die uniekheid van die spesifieke

individuele aard van een terapeut en een persoon in gesprek met hom of haar, en die uiters genuanseerde uniekheid van die taal in daardie eenmalige gebeure.

Wat my opval, is die intensiteit, dringendheid en passie wat Jung met die lewe, en dan veral met sy lewenstaak gehad het. Die vraag na hóé om groter heelheid te ervaar, is op ’n byna fanatiese wyse nagejaag. As aanduiding van hierdie drif in hom, noem ek die voorbeeld van Freud wat twee maal by verskillende geleenthede flou[10] word weens die aard van hulle gesprekke! Het jy al iemand flou gepraat? Die briefwisseling tussen Freud en Jung en die intense kommunikatiewe aard daarvan wys op die dringendheid van hierdie twee persone se soeke na groter begrip van die psige. By geleentheid bedank Jung uit ’n gesogte universiteitspos aan die universiteit van Basil, net om eers sy kop reg te kry!

Gedurende 1913 maak hy ’n integriteitvolle beslissing. Hy was toe vir agt jaar verbonde as privaat dosent aan die Universiteit van Basil. Hy skryf dat sy “preoccupation with the images of the unconscious,” hom totaal akademies lamgelê het. Hy bedank. “My experience (met die onderbewuste) … brought my intellectual activity to a standstill. After the completion of *The Psychology of the Unconscious*[11], I found myself utterly incapable of reading a scientific book” (Jung 1961:218). Dit duur vir drie jaar, waarna hy weer behoorlik kan funksioneer. Gedurende hierdie drie jaar het hy baie belewenisse uit sy onderbewuste beleef in die vorm van beelde en emosies. Hy het vanuit sy wese oor verbeelding gewerk, subjektief, maar skokkend en beskamend eerlik. Ek het nog nie iemand gelees wat so diep in homself gevat het nie, en daarom is sy werk vir my uiters integriteitvol en bruikbaar.

#### JUNG SE KENNIS

Jung kom uit ’n akademiese milieu. Sy oupa was professor, sy pa het ’n Phd. In teologie gehad. Hy het op dertien gelees en gedink oor dinge waarmee min volwassenes hulle mee besig hou. Hy het ’n wye, deurtastende kennis van verskeie velde gehad. Wanneer iets hom geïnteresseer het, het hy ’n indiepte studie daarvan gemaak. Hy het wetenskaplike kennis van die teologie, mitologie, argeologie, natuurkunde, filosofie, alchemie, mediese wetenskap en

natuurlik die psigologie gehad. Hy sê: "I was especially familiar with the writers of the eighteenth and early nineteenth century" (Jung 1961:184).

Tussen sestien en negentienjarige ouderdom begin Jung sistematies en gemotiveerd kennis najaag en poog om antwoorde op sy innerlike vrae te kry.

> *That is the great problem before us today. Reason alone no longer suffices.*
>
> *Carl Gustav Jung*

Hy lees die werk van die groot meesters. Skoolvakansies as ander kinders speel bestudeer hy filosofie.

"I read a brief introduction to the history of philosophy….Above all I was attracted to the thought of Pythagoras, Heraclitus, Empedocles, and Plato. Sien 'n kort bylae oor Jung se kennis aan die einde van die hoofstuk.

Jung het 'n geweldige kennis van die natuur, maar ook van die geestelike, bonatuurlike wêreld gehad. Hy het 'n ontsettende liefde vir, en kennis van wetenskap gehad, maar die grondige gevoel dat wetenskap te min is om die mens te ontleed en te verstaan, was soos 'n skaduwee aan sy sy.

### Jung en Wetenskap

"I cannot employ the language of science to trace this process of growth in myself, for I cannot experience myself as a scientific problem" (Jung 1961:17).

Jung het 'n analitiese, ondersoekende, krities reflekterende intellek gehad. Hy wou by antwoorde oor sy vrae na bestaan uitkom. Hy het iets van die soeke en hunkering, die kompleksiteit van menswees begryp en in sy werk verwoord. Jung was vermoeid deur die vraag: Wat beteken dit om ten volle mens te wees, om meer volledig mens te wees? Hy het na wetenskap gereik om hierdie vrae te help beantwoord. Vir Jung beteken werklikheid om wetenskaplik te kan verstaan.

> *Scientific greatness is esentially a question of character. The main thing is to refuse to make rotten compromises.*
>
> *Carl Seelig*

"Jung often spoke of himself as a scientist. His view of science, however, was radical: he returned the soul to the center of science" (Guggenbühl-Craig

1991:40). Hoewel hy uitmuntend positief staan teenoor volhardende, nougesette studie en wetenskapsbeoefening, besef hy by tye dat die oplossings nie lê in die koudheid van intellektuele antwoorde nie. Soms is hy uitgesproke krities.

> *Science does not know its debt to imagination. Goethe did not believe that a great naturalist could exist without this faculty.*
>
> *Ralph Waldo Emerson*

"Science works with concepts of averages which are far too general to do justice to the subjective variety of individual life" (Jung 1961:17).

Hy is terdeë bewus van die subjektiewe aard van psigologie, en by nadere afbakening die terapeutiese konteks. "…by the nature of the material we are much more subjectively involved than in any other science" (Jung 1961:274).

### JUNG EN VERHAAL

Daar heers die vraag in my gemoed of dit vergesog is om te sê dat Jung reeds narratief gewerk het, amper sestig, sewentig, dalk tagtig jaar gelede. Dit is beslis nie die geval in die streng tegniese verstaan van die narratiewe benadering soos dit vandag daar uitsien nie. Maar dat Jung verhale ernstig geneem het, staan soos 'n paal bo water. Hy het die spesifieke individu se verhaal geneem en op 'n unieke en spesifieke manier met daardie verhaal gewerk, sonder veralgemenings, sonder inlegkunde. Daarmee saam met 'n aanvoeling en respek vir die eiesoortige, eenmalige aard van daardie verhaal, en met 'n bevraagtekening van die diskoerse wat die verhaal onderlê. Hy het terdeë besef dat sy eie storie in alle opsigte 'n deurslaggewende rol speel in die terapeutiese proses.

> *Myth is more individual and expresses life more precisely than does science.*
>
> *Carl Gustav Jung*

"My life is a story of the self-realisation of the unconscious. Everything in the unconscious seeks outward manifestation, and the personality too desires to evolve out of its unconscious conditions and to experience iself as a whole" (Jung 1961:17). In sy boeke loop sy eie verhaal en die van ander, asook die mitologiese verhale, soos 'n goue draad deur.

Vertel lê aan die hart van ons bestaan. Die onbevatlike, verhewe en ruimtelike bestaan van die gees word so verwoord. Deur stories, word hierdie werklikheid betekenisvol genietbaar.

"… it is important and salutary to speak also of incomprehencible things. Such talk is like the telling of a good ghost story, as we sit by the fireside and smoke a pipe" (Jung 1961:331). Hy het dit nie alleen onderskryf nie, maar self gedoen. Dit laat 'n mens wonder hoeveel van die vertelkuns hy by sy predikant pa gekry het, en hoeveel hy geleer het deur sy ander meesterverteller mentor, Sigmund Freud. Hy skryf: "I can only 'tell stories'. Whether or not the stories are 'true' is not the problem. The only question is whether what I tell is *my* fable, *my* truth" (Jung 1961:17).

Verbeeldingryke stories in verhaaltrant binne terapie, is 'n ou diamant wat weer in ons dag afgestof en blinkgevryf word!

"Clinical diagnoses are important, since they give the doctor a certain orientation; but they do not help the patient. The crucial thing is the story" (Jung 1961:145).

Jung het nie net met ander mense se verhale gewerk nie. In wat ek beskou as die hoogtepunt van sy werk, naamlik *Memories, Dreams, and Reflections,* (1961) is daar ontsettend baie van sy eie verhale, drome, herinneringe en betekenisvolle insidente van sy lewe opgeteken. Hy het besef, in terapie, is sy eie verhaal ook ten seerste op die spel.

> *What we lack is intensity of life*
>
> *Carl Gustav Jung*

#### JUNG EN DIE ONSIGBARE, ONMEETBARE WÊRELD

Hy het sy lewe gewy aan die nadenke oor hierdie onsigbare, maar werklike wêreld. Laat ek die voorbeeld van die sterre gebruik. In die dag is hulle onsigbaar, maar beslis nog werklik, en bestaan beslis, al het ons 'n baie beperkte begrip van hulle daar wees, hulle spoed en grootte.

"To the intellect, all my mythologising is futile speculation. To the emotion, however, it is a healing and valid activity; it gives a glamour which we would not like to do without. Nor is there any good reason why we should" (Jung

1961:331). Met wysheid skryf hy oor die moderne mens, veral stedelinge, se "loss of connection with the past" … "uprootedness" en belewenis van "discontents" (vgl Jung 1961:263). 'n Baie grondliggende soeke na heelheid, na eenheid en integrasie vorm die basis van Jung se antwoorde vir die mensdom se gebrek aan verankerdheid.

Een van sy groot bydraes is geleë in sy studie van die anima en animus, en die teorie dat daar nie net iets soos suiwer manlikheid en suiwer vroulikheid bestaan nie, maar dat manlike en vroulike eienskappe op 'n uiters komplekse manier in elke individu in 'n unieke mengsel terug te vind is (Meyer et al 1997:111-112). Jung het 'n spesifieke verband gesien tussen die kreatiewe persoon en teenstrydighede wat met kreatiwiteit gepaard gaan. Hy skryf: "Every creative person is a duality or a synthesis of contradictory qualities" (Jung 1966:101). Jung het baie aandag en nadenke in sy lewe aan teenstrydighede gewy. Hy sê: "…a large part of my life work has revolved around the study of the problems of opposites" (Jung 1961:260). In die ernstige besinning oor verbeelding lê ons myns insiens hier naby die kern van haar bydrae, naamlik dat verbeelding ons help om die onhoudbare teenstrydighede wat die rede deur analise van mekaar losskeur, te integreer en in samehang te kan akkommodeer. Jung ([1954]1995:214) skryf: "… every endeavour of our human intelligence should be bent to the achieving of the simplicity where contradictories are reconciled". Dit is die skerp onderskeiding tussen liggaam en siel wat tot baie van die probleme wat weens 'n gebrek aan heelheid ervaar word, aanleiding gegee het.

"… the dualisms that have plagued European thought from the time of Parmenides and Plato through Descates and Kant down to our own time" (Kaufmann 1992:39). Die dualismes kan almal teruggevoer word na die liggaam-siel skeiding, wat indien dit tot volle konsekwensies deurgevoer word, tot geweldige spanning en uiteindelik die gevoel van versplintering lei, en wat voorgestel kan word met die beeld van die klip op die miershoop wat omgekeer word. My self, my denke, my bestaan, loop in duisend rigtings. Hierdie ongemak wat ervaar word as mense hulleself nie as heel of as eenheid ervaar nie, gee aanleiding tot vrae en is dikwels die oorsaak waarom

hulle vir terapie aanmeld. Daar is ’n diep versugting na die gevoel van heelheid en eenheid van die self. Daar bestaan meervoudige selwe, maar dit is belangrik om dit as ’n geheel te ervaar (sien Jung 1995:209).

Jung praat van “… the stuff of psychosis that is found in the insane. This is the fund of unconscious images which fatally confuse the mental patient. But it is also the matrix of a mythopoetic imagination which has vanished from our rational age” (Jung 1961:213). Hy sê van hierdie verbeelding dat dit “tabooed” en “dreaded” is. Iemand wat hom op hierdie weg begeef, verlaat hom op ’n onseker pad. “It is considered a path of error, of equivocation and misunderstanding. I am reminded of Goethe’s words: ‘Now let me dare to open wide the gate Past which men’s steps have never flinching trod”[12] (Jung 1961:213).

> *An innovative scientist requires imagination, and his work is not altogether different from that of an artist or poet…*
>
> *Kaufmann*

Daar bestaan ook vel kritiek teen Jung se werk. Ek onderskryf beslis nie alles wat hy gedoen het nie. “Jung obstructed the discovery of the mind but, in effect, contributed a fascinating case history” (Kaufmann 1992:433). Sy *Answer to Job* wat hy as sewentigjarige geskryf het, ontbloot sy oppervlakkige teologiese kennis, sy bitterheid en sy lewenslange worsteling met sy Protestantse opvoeding (vgl Kaufmann 1992:407-433). Nieteenstaande sekere tekortkominge, wys die literatuur dat hy beslis ’n wesenlike bydrae tot die nadenke oor verbeelding gemaak het.

Hy het ’n groot belangstelling getoon in die metafisiese, die verbeelding en die siel. Hy het ’n baie goeie grondslag gelê vir verdere nadenke oor verbeelding, en die werk wat vandag oor hierdie onderwerp gelewer word, bou voort op van die fondasies wat Jung gelê het. In terme van hoekstene vir verbeelding lê sy grootste bydrae myns insiens in twee begrippe, naamlik die argetipes en sinchronisiteit.

### DIE ARGETIPES

Jung se benadering word soms as argetipiese sielkunde beskryf.

"The archetype is the most ontologically fundamental of all Jung's psychological concepts, with the advantage of precision and yet by definition partly indefinable and open. Psychic life rests upon these organs" (Hillman 1975:11). Die argetipes word die beste in die mitologiese verhale beleef, verbeel en ervaar. Baie studie, belangstelling en ontginning word steeds gedoen op die onderwerp van die argetipes. Swanson, het in 1999 'n Phd aan Florida verwerf met die titel: *Naturalizing the Archetypes*, en James Hollis het in gedurende 2000 'n boek met die titel: *The Archetypal Imagination* die lig laat sien. Beide bronne lewer 'n ontsettende bydrae ook oor verbeelding. Hierdie werk gee ons 'n greep op Jung se ingewikkelde konsepte van kollektiewe onbewuste en argetipe.

"He (Jung) thought the best way to account for the relationship between thematic dream and fantacy material of individuals and their mythological parallels was an innate mental structure derived from the evolutionary history of our species. The nativistic aspect of Jungian theoretical structures, seen as responsible for organization of the human personality, led to the "phylogenetic" theory of a "collective unconscious" After years of refinement Jung called the elements of the collective unconscious 'archetypes'. These structures, corresponding to the constancies of human experience throughout the eons, were identified as those responsible for the organization of human personalities as they are characterizable by law-like regularities" (Swanson 1999:26).

Jung het nie alleen geglo dat elke persoon 'n individuele onbewuste het nie, maar dat die mensdom gesamentlik oor 'n kollektiewe onbewuste beskik.

> Jung het hierdie term gebruik om te verwys na iets wat die 'besit' van alle mense is; as't ware die psigiese oorblyfsel of residu van die mens se evolusionêr ontwikkeling. Jung het opgemerk dat mense van verskillende kulture gefassineer word deur dinge soos geboorte, monsters, vuur, die dood, mag, wedergeboorte, die heldefiguur, die moeder- en die vaderfiguur, die self en die skaduwee. Aan hierdie universele idee het hy die benaming *argetipes* gegee. Dit beteken letterlik die oorspronklike van die tipe. Jung het geglo dat 'n mens

> hierdie argetipes eerder erf as aanleer. Vir hom was hierdie argetipes die taal of geheime kodes van drome (Maree 1997:40)

Jung het baie oor die argetipes geskryf. Hy sê: “They are, at the same time, both images and emotions. One can speak of an archetype only when these two aspects are simultaneous” (Jung & von Franz 1964:96). Dit gaan daaroor dat spesifieke beelde sterk emosies na vore bring, wat psigiese energie vrystel wat dinamies is, en sekere gevolge moet noodwendig uit die sterk ervaringe voortspruit. “They are pieces of life itself – images that are integrally connected to the living individual by the bridge of emotions” (Jung & von Franz 1964:96). Dit is duidelik dat Jung veel daarvan maak om te sê dat dit bykans onmoontlik is om oor die argetipes te praat, omdat dit na die diepste innerlike ervarings verwys, waarvoor ons net sukkeltaal het om ons mee uit te druk. Dit is sake wat ons in ons kern wese aanspreek, en sterk emosies na vore bring.

“Examples of these are the hunter, the priest, and the relationships between man and woman or parent and child” (Guggenbühl-Craig 1991: 79). Ervarings ressorteer ook onder die argetipes. Dit is ’n uiters abstrakte en moeilik definieerbare begrip, en is so ontwykend en vlugtig dat dit nie vir rasioneel beredeneerde debat vatbaar is nie. Dis soos om rook te vang of te weeg. “… they cannot be scientifically observed, photographed, or measured. In short, they cannot be discussed objectively” (Guggenbühl-Craig 1991: 79).

Die argetipes druk hulleself in simbole uit.

> Crisp wys op die verskynsel dat simbole en temas wat in menslike drome, fantasieë en godsdienstige gevoelens figureer, sterk ooreenstem by mense van verskillende geslagte, uiteenlopende taalgroepe, ouderdomme en kulture. Dit dui sterk op die bestaan van iets kosmies, ’n kollektiewe, onbewuste ervarings- en kennispoel. Dit is amper asof Moeder Natuur kernelemente van alle mense se ervarings iewers stoor. Snags sink ’n mens weg in hierdie kollektiewe ervaringswêreld, wat dinamies, immer bewegend en oënskynlik buite die dromer se beheer funksioneer. In drome word aspekte van jou

> individuele verbintenis met hierdie onbewuste ervaringswêreld verbeeld (Maree 1997:40).

Daar bestaan 'n duidelike verband in Jung se denke tussen die argetipes en die kollektiewe onbewuste. "The collective unconscious, according to Jung, is made up of what he called "archetypes", or primordial images. These correspond to such experiences as confronting death or choosing a mate and manifest themselves symbolically in religion, myths, fairy tales and fantasies" (Microsoft, Encarta, Encyclopedia, Jung Carl Gustav 2003:1). Die argetipes is vir hom die voedingsbron of basis waaruit die kollektiewe onbewuste simboliese uitdrukking gee aan drome of fantasieë. Beelde, of sogenaamde "mental images" speel hierin vanselfsprekend 'n baie groot rol.

> "As Jung conceived of it, the archetype is an innate mental category which serves to coordinate and structure the whole of human thought and behavior. These universally present categories have developed over the span of our evolutionary history. They correspond to the lasting structural components of the external world and to typical human experiences as a mamalian predator with emerging capacities. … Jung argued that dreams and fantasies could also be interpreted as the human organism's best method for representing innate unconscious information to itself about living (Swanson 1999:40).

Die argetipes is verinnerlik oor die ongeveer ses miljoen jaar (sien Massey 2002:1) wat die mensdom aan die ontwikkel is. Dit is die weefsel van ons diepste innerlike en is volgens Jung verantwoordelik vir die koördinering en strukturering van 'n mens se totale gedrag. Dit is deur drome en fantasieë wat hierdie diepste lewensbronne hulself aan die bewuste kommunikeer.

In terme van verbeelding ontstaan die vraag hoe die onbewuste aan die bewuste kommunikeer, en waarom dit noodsaaklik is vir ons bestaan.

> The unconscious could be thought of as communicating itself to consciousness in a symbolic language reminiscent of more primative symbolic systems and somehow closer to the experiential level of life than more abstract conceptual language. Jung also thought that

> images are more efficient for communicating complex or paradoxical information than are words from natural languages (Swanson 1999:39).
>
> The collective unconscious could be thought of as an older part of the human psyche than the conscious ego given its earlier evolutionary emergence. The archetypes form a blueprint of major occurrences in the life of our mammalian and primate ancestors. The archetypes, acting as forms without content, serve to constellate apperception as experience is accumulated. The experience provides the basic images used by the unconscious to communicate necessary transitions or elements of higher primate existence (Swanson 1999:26).

> *"Art is the mirror, perhaps the only one, in wich we can see our true collective face. We must honor its sacred function. We must let art help us.*
>
> *Alice Walker.*

Hierdie kommunikasie tussen onbewuste en bewuste is 'n komplekse aangeleentheid wat nie maklik verstaan of verklaar kan word nie. Dit handel egter onder andere oor ervaring, wat die menslike spesie oor eeue versamel het, en dan gegewe die omstandighede, deur die onbewuste deurgegee word.

> Jung formed these ideas based on his belief that the unconscious could complement and compensate for missing pieces of conscious apperception. This functional account of the collective unconscious allows for prospective analysis, i.e. one that helps us to look forward to as yet unexperienced life rather than back at what has already transpired (Swanson 1999:26).

Die vorentoe kyk, hoop, droom, verbeel, is vir die pastoraat van baie groot betekenis, en die pastor is instrumenteel in hierdie proses van opkyk, en droom "… Archetypes manifest themselves as instinctive modes of behavior which come to our consciousness through images and symbols" (Guggenbühl-Craig 1991:79). Nie alleen in die terugkyk en onthou word komplekse aangeleenthede by wyse van simbool of beelde voorgestel nie, maar spesifiek vir visualisering en vorentoe kyk is simbole en voorstellings deur beelde noodsaaklik.

**SINCHRONISITEIT**

Naas die argetipes het Jung ’n groot bydrae gelewer ten opsigte van verbeelding in terapie deur die begrip sinchronisiteit. Dit kom neer op betekenisvolle gelyktydigheid. Ek reken dis in lyn met die Gereformeerde Christendom se oorlewering uit die belydenisskrifte dat daar nie iets soos toeval bestaan nie. Sien artikel 13 van die Nederlandse geloofsbelydenis. (Barnard 1983:111). Hier betree ons werklik ’n diepte dimensie van geestelike denke, waar logika en intellek en rede nie ’n beduidende rol speel nie. Veel eerder word intuïsie, aanvoeling en ervaring gebruik as maatstaf vir hierdie onderwerp. ’n Mens kan sê hierdie konsep word in die geloof vir jou waar. Dis nie bewysbaar of verklaarbaar nie. Jung het hierdie woord eendag geskep ter verduideliking van ’n terapeutiese situasie. ’n Dame wat by hom in terapie was, het na ’n besonder seldsame, gekleurde besie (lees *beatle*) verwys. Net op daardie spesifieke oomblik het so ’n besie in die spreekkamer se oop venster ingevlieg (vgl. Meyer et al 1997:117). Hy het die invlieg van hierdie seldsame besie op presies die oomblik toe dit ter sprake gekom het in die gesprek, nie as ’n terloopse gebeure ervaar nie, maar as betekenisvol en bydraend tot ’n belewenis van dinge wat buite ons beheer betekenisvol gebeur. Die term sinchronisiteit verwys nie alleen na dinge wat gelyktydig gebeur en daaruit blyk betekenis dat dit saam gebeur het nie, maar die saak strek ook na menslike gedrag. “Hiervolgens word die oorsake van gedrag nóg in die verlede, nóg in die toekoms gesoek, maar in ’n ‘betekenisvolle gelyktydigheid’ tussen gebeure” (Meyer et al 1997:117). “Synchronisity = simultaneity + meaning. Synchronicity functions in the inner world as cause and effect functions in the outer world” (Jaffe 1990:82).

Hierdie konsep in terapie gaan daarom dat daar sekere oomblikke, sekere draaipunte en dikwels misgekykte geleenthede in terapie opduik, wat ’n *ah-ha*, belewenis tot gevolg het. Firet (1974:131) praat van “het agogisch moment in het pastoraal optreden. Agogie – hulp tot leven – is, zo gezien, zelf een creatief proces”. In terapie is alle woorde, alle handelinge en alle gebeure nie maar op dieselfde vlak nie. Daar kom ’n oomblik, ’n betekenisvolle, lewensdelende oomblik, waar daar ’n verskil intree. Dit kan nie gereël,

gemanupuleer, beheer of voorspel word nie. “De kern, in de zin van het dynamische midden, van alle agogie is: leven dat leven verwekt, …” (Firet 1974:295). Michael White en David Epston (1990:59) praat van “unique outcomes”. Dit is die unieke, eiesoortige en spesifieke oplossings wat sáám, tussen terapeut en pastorant, binne eiesoortige en onherhaalbare terapie ‘ontdek’ word. Dit word nie aan die hand van ’n formule of program ontwerp nie, maar dit gebeur waar eg verhalend gewerk word. Dit is en bly altyd ’n verrassing, vir beide terapeut en pastorant. Dit bly altyd anders as wat enige iemand voorsien of voorspel het dat dit sou gebeur. Dit behels ’n oplossing anders as die gewone, voor die hand liggende gedagtegang. Dit is vars en eiesoortig en laat mense met verbasing reageer. Hulle skud hulle koppe en vra: ‘Dat dit nou die oplossing kon wees, wie sou dit nou kon raai?’

Ek glo ons dat die sogenaamde ‘agogisch moment’, die ‘unique outcome’ en sinchronisiteit baie nou verwante begrippe is. Die oomblikke, die betekenisvolle gelyktydighede, is opgesluit in beelde, wat deur die verbeelding opgeroep word. Oor diep menslike nood is dit juis die punt dat logiese denke en intellek stuit voor probleemoplossing. Die verbeelding moet ingespan word om te gaan uitkomstes soek. Om wild oor die velde te hardloop en om hulp te roep, en dit van van ’n ongewone bron te ontvang. Die beelde, dit is die skarniere van die deur waarop die moontlikhede, verdere roetes en potensiaal van nuwe alternatiewe oopswaai.

Thomas Aquinas het ’n aanvoeling gehad dat die bo-natuurlike en aardse gebeure verband hou, en dat dit die moeite loon om nie net op sigwaarde te leef nie. “[He] ….felt that there was ‘a single cause of both the dream and the event,’ which we know today as synchronicity from the work of Jung” (Francis 1995:15).

Die vraag is wat Jung met die temas argetipe en sinchronisiteit wou bereik? Waarom het hierdie moeilik definieerbare, abstrakte, en hoogs kontensieuse onderwerpe ’n navorser en wetenskaplike van sy formaat só geabsorbeer, ten spyte daarvan dat hierdeur die risiko vir kritiek teen sy teorie baie vergroot het. Die antwoord is geleë in die feit dat Jung geglo het dat hierdie twee sake baie met menslike heelheid te doen het.

> Jung's therapeutic approach aimed at reconciling the diverse states of personality, which he saw divided not only into the opposites of intovert and extrovert, but also into those of sensing and intuiting, and of feeling and thiking. By understanding how the personal unconsciousnes integrates with the collective unconscious, a patient can achieve a state of individuation, or wholeness of self. (Encarta Encyclopedia 2003)

Die teenstrydighede, wat so geweldig tier in menslike bestaan, kan alleen deur 'n tussenfunksie tot heelheid gevier word.

> *Dreams… harbour no intention to deceive, but expresses something as best it can.*
>
> *Jung*

Jung het 'n besliste bydrae gelewer sover dit dit 'n raaksien en waardering is vir die mens se moontlikhede. Een van die werklik positiewe aspekte wat ek uit sy werk neem is die oordrag van die inligting uit die onderbewuste na die bewuste. Dit het in sy benadering 'n opbouende, onthullende en positiewe funksie. Hierdie oordrag van inligting uit die onderbewuste na die bewuste geskied onophoudelik, en het ten doel om ons heelheid te bevorder en die potensiaal in ons te ontsluit. Daar is 'n ontsaglike hoeveelheid indrukke, ervarings, verlanges, herinneringe, en strewes in die onderbewuste weggebêre. Die bewuste is slegs van 'n baie klein persentasie bewus, en het onmiddelike toegang net tot 'n klein deeltjie van ons volheid. Dis die werk van die verbeelding om hierdie brug te slaan van die bewuste na die onderbewuste. Dit is 'n mooi, eietydse en treffende beeld wat Maree gebruik om die verband tussen die bewuste en onbewuste te verduidelik. Hy gebruik die beeld van die rekenaar. Die bewuste is slegs die klein deeltjie van 'n rekenaar wat op 'n gegewe oomblik gesien kan word, op die skerm, terwyl die onbewuste vergelyk kan word met die inligting in die hardeskyf (Maree 1997:39).

Die inligtingsvloei is nie alte suksesvol en glad nie, en word nie in die sielkunde ewe positief beskou nie. Jung het 'n positiewe waarde daaraan toegeken, waarmee ek van harte identifiseer.

> *It was Jung who described us as living in a beautiful house, the mansion of the soul, but rarely leaving the basement. With this idea he was able to apply the imagery to the human situation (Francis 1995:20).*

"He [Jung] considered the ego as a well of personal information which was fed from an even greater source, the collective unconscious" (Francis 1995:19). Hy het drome beskou as adviseurs wat ons help om ons volle menslike potensiaal te verwesenlik. "Vir hom onthul die droom eerder as om te verskuil; sal die droom enige saak na vore bring in 'n poging om te help met die oplossing van lewensprobleme, verhoudingsprobleme, emosionele probleme, eksistensiële, filosofiese en godsdienstige konflikte" (Maree:1997:38).

Hoe beïnvloed drome die bewuste en die onbewuste?

> In 'n mens se drome ontspan die bewuste, beheerste deel van jou persoonlikheid, hoewel dit nie alle mag en beheer prysgee nie. Tegelykertyd kom die onderdrukte laag van jou persoonlikheid na vore; 'n laag van idees, gedagtes en gevoelens. Hierdie deel van jou persoonlikheid gehoorsaam sy eie logika, beskryf dinge in sy eie taal, op 'n heel direkte wyse en skakel dikwels gebeure op 'n oënskynlik irrasionele wyse aanmekaar (Maree 1997:39).

Baie van die uitsprake wat Jung oor drome gemaak het, is toepaslik vir die insig oor verbeelding. Om die waarheid te sê, die begrippe word dikwels as wisselterme gebruik. Hy het met die konsep 'active imagination' gewerk.

> *Shakespeare knew, as did Plato, that love and poetry are kinds of madness all tied to soulful imagination.*
>
> *Hollis*

Die aktiewe verbeelding is op heling, genesing en die bereiking van potensiaal toegespits. Jung was diep geïnteresseerd in afwykende menslike uitingsvorme en het belangstellend, positief en optimisties daarna gekyk. Hy het geglo dis boodskappe van die onderbewussyn wat iets probeer kommunikeer. "One of Jung's greatest gifts was to treasure the creative aspects of mental illness" (Hollis 2000:xiii).

## 6.2 JAMES HOLLIS

’n Persoon wat voortgebou het op die werk van Jung, en spesifiek die dimensie van verbeelding in Jung se werk, is James Hollis. In lyn met die optimistiese, positiewe Jung erfenis, skryf Hollis die volgende: “What we wish for, and most desire, remains unknowable and lies beyond our grasp” (Hollis 2000:13). Dit handel in sy werk oor ons grootste, mees basiese dilemma, of toestand van menswees, wat buite bereik lê, maar waarna gestreef word. Ek versoen my hiermee, en daarom strek ek saam met hom na ’n wêreld van… moontlikhede, kanse, uitkomstes en verbasende vervulling.

> *Poems don’t mean; they are.*
>
> *James Hillman*

James Hollis het op ’n treffende, kreatiewe en sensitiewe wyse voortgebou op die fynere dimensies van menswees. Die mistiek waarin ’n onderwerp soos verbeelding soos in watte toegedraai lê, het hy teer aangeraak. Die aanknopingspunt wat ek maak ten opsigte van sy studie is die klem op die “better world” (Brueggemann 1989:10). Hollis, (2000) maak veel daarvan dat verbeelding ons voortdurend rig op ’n beter, nuwe, ander wêreld wat nie so inperkend en geslote soos ons huidige wêreld is nie.

“Just as humans have instincts for biological survival and social interaction, we have instincts for spiritual connection as well. Just as our physical and social needs seek satisfaction, so the spiritual instincts of the human animal are expressed in images we form to evoke an emotional or spiritual response, as in our dreams, myths, and religious traditions” (Hollis 2000:buiteblad).

> *Without the human mind’s ability to form energy-filled images that link us to worlds beyond our rational and emotional capasities, we would have neither culture nor spirituality.*
>
> *Anoniem.*

Vir Hollis lê die universele en antieke wortels van verbeelding in die argetipes, daarom noem hy inderdaad een van sy boeke *The Archetypal Imagination* (2000). Hierin word die verbeelding geskets as ’n bron van inspirasie en krag waaruit energie vir die lewe geput word. “[The] roots of imagination, which

University of Pretoria etd – Laas, J J (2004)

represent a kind af natural health food available to us, at all times, from within" (In die voorwoord). Die "health food" is verbeelding, wat deur argetipes aangevuur word.

## 6.3 JAMES HILLMAN: HAAR SINTUIE?

Wie is James Hillman?

"James Hillman is in 1926 In Amerika gebore. Sy belangstelling in menslike gedrag en terapie spruit uit die werk wat hy as 18-jarige in die Tweede Wêreldoorlog moes doen toe hy in die Vloot-Hospitaal tussen 1944 en 1946 gehelp het met die rehabilitering van matrose wat hulle visie en gehoor in die oorlog verloor het. Onder uitsonderlike moeilike omstandighede van oorlog het hy eerstehands met die geweldige uitdaging van menslike trauma en terapie te doen gekry. Gedurende die 1950's spits hy hom veral toe op Jung se werk en word die direkteur van die Jung Instituut in Zürich.

> *Imagination, is critically needed medicine in this world where information engulfs us.*
>
> *James Hollis*

"Met sy 'archetypal psychology', 'psychology of the soul' of 'imaginal psychology' poog Hillman om die 'siel' (wat hy as omruilbaar met die term psige gebruik) weer 'n regmatige plek in die sielkunde te laat inneem" (Meyer et al 1997:258). Gedurende 1975 skryf hy *Re-Visioning Psychology* wat direk daarop toegespits is om siel weer in sielkunde terug te kry. "Hillman especially looked to Greek religion for a polytheistic way of reading the psyche. That is, a way of living multiple-mindedly rather than single-mindedly, fragmentedly rather than holistically, archetypally rather than moralistically" (http//www.springpub.com/hillman.htm). Hy is die uitgewer en redakteur van *Spring*.

"Sy hele betoog is 'n her-siening ('re-visioning') van die sielkunde sodat dit van 'n gedragswetenskap na 'n kuns van die siel verander" (Meyer et al 1997:258). Dit is op hierdie kritieke punt dat ek aanklank by Hillman se werk vind. Uit my eie terapeutiese ervaring sowel as die insette van my mede

navorsers is dit duidelik dat die psige net hopeloos onvatvasbaar en vlugtig is voor die pogings van definisie en voorspelling. Daar is geen konstantes nie en daarom is dit vrugteloos om te poog om enige algemeen geldende teorie vir menslike gedrag daar te stel.

Ek is dit met Hillman eens dat die worsteling in terapie ook ten allerdiepste om selfverstaan handel. In hierdie lig is sy insigte en teorië vir my werk baie bruikbaar. Met die aanvang van my studie het ek nie vir Hillman beskou as goeie litteratuurverwysing en teoretikus nie. Om die waarheid te sê, ek het nog nooit sy naam gehoor voor hierdie studie nie. Wat gebeur het, is dat opleeswerk oor verbeelding, my telkens weer na hom verwys het.

James Hillman het baie aandag, tyd en energie spandeer om verbeelding van nader te leer ken. Hy het "imaginal psychology" ontwikkel. Hy toon insig en respek toon vir die kompleksiteit van die psige. Hy is een van die min mense wat bykans sy totale loopbaan gewy het aan navorsing en studie oor verbeelding. Hillman het baie werke waarin verbeelding 'n rol speel, gepubliseer, (sien onder andere *Insearch, Healing Fiction, Anima, Suiside and the soul, Oedipus Variations, The Thought of the Heart & the Soul of the World en Archetypal Psychology*).[13]. As redakteur van die tydskrif *Spring* publiseer hy heelwat artikels, en ek vestig veral die aandag op sy werk oor verbeelding se verhouding tot ons sintuie, en die orgaan wat verbeel.

Die artikel oor die sintuie het hy lank gelede geskryf, gedurende 1979, maar in die literatuur word daar dikwels na verwys en beskou ek dit as 'n stewige, goeie verwysingspunt.

Watter sintuie gebruik sy? Hoe voel, ruik, proe, sien en hoor verbeelding?

As ons sê die taal wat sy praat is vol metafore en beelde, dan moet sy immers die beelde kan 'sien' en die metafore kan 'hoor'. Maar waarmee?

"Our usual language for perceiving dreams is curiously imprecise. We listen to the dream to see what it is telling us, or we look at what it says" (Hillman 1979:171) Dit is hierdie interessante onvasvatlikheid van die taal oor verbeelding wat die gebruik van simbole, verhale en metafore noodsaak.

"We cannot assume that understanding dreams is simply a matter of seeing by means of images or hearing by means of metaphors. It is as if the psyche mixes these two modalities to remind us of its complexity: at least two senses are needed for grasping an image" (Hillman 1979:171). Hierdie verskynsel kom baie in gedigte voor, en handel oor 'n "sien, proe of ruik" wat spontaan tegelyk plaasvind, maar selfs meer as dit, naamlik dat 'n sintuig se ervaring uitgedruk word in woorde wat normaalweg by ander sintuie tuishoort.

*An image is not what you see, but the way you see*

*Edward Casey*

"We see-through our hearing and listen-into our seeing (Hillman 1979:171)."

In die verbeelding vind 'n ontsporing van die sintuiglike ervaring soos dit in die werklikheid beleef word, plaas. Ons gebruik die taal van die sintuie om dit wat in die verbeelding gebeur, mee te beskryf. Dis egter taal wat nie presies en akkuraat in die leefwêreld van verbeelding pas nie. Die taal self word metafories, want ons hoor, sien, ruik en voel nie regtig die beelde of voorstellings nie. As daar egter uitgevra word oor die beelde, dan kan die atmosfeer, geluide, tekstuur, kleur en beweging haarfyn, met die sintuie se taal, beskryf word. Vir Hillman is dit nie 'n dilemma waarin verbeelding haar bevind nie.

"It is not to be bemoaned that imagination has no conventional language of its own… for imagination seems to turn this weakness into an amazing grace. Its borrowings from the language of sense-perception are also transformations of language. When we speak of 'hearing a metaphor' or 'seeing the implication,' we have twisted hearing and seeing from their common-sense meanings, for we do not hear a metaphor as we hear a bumble-bee buzz by. Seeing and hearing are deliterized, having lost their sense sense" (Hillman 1979:173). Dit behels 'n werklike onwerklikheid, die uitnemende van die paradoksale.

*… you need the image, because that image keeps you in an imaginitive possibility.*

*Hillman*

Dit gaan nie net daaroor om die beelde te kan 'sien' of te kan 'hoor' nie, maar die "mode of perceiving" (vgl Hillman:1979:173) self is ter sprake. Waarmee sien, hoor en ervaar verbeelding? Ek sien met my oë, hoor met my ore, ruik met my neus. Maar verbeelding verbeel met verbeelding! Die ervaring en die metode van ervaring word met dieselfde woord beskryf. Verbeelding sien met verbeelding, hoor met verbeelding, ruik en proe met verbeelding. Anders gesê, 'n reuk, wat met die neus geruik word, kan in een sekonde 'n hele verhaal, atmosfeer, situasie en aksie voor die gees roep. In 'n oogwink betrek die aanspraak van een sintuiglike uitspraak op die gebied van verbeelding, ook meerdere ander sintuiglike beskrywings, sodat die ervaring van die verbeelde situasie 'n geheelervaring word.

Deurgaans in Hillman se werk word die baie nou verband tussen droom en verbeelding in berekening gebring.

> … a primary purpose of the dream is not to redress the balance of conciousness but to re-train the senses, our simplistic belief in them, by means of the dream. Dreams, after all, are incursions of imagination into the usual world of sense which we pretentiously call "consciousness" In this world, dreams don't make sense because sense doesn't make dreams. Dreams are images, made of imagination (Hillman 1979:172).

Die verwarring raak net groter as die woord bewussyn bygevoeg word. Kan ek net bewus wees van 'regte', empiries sienbare en voelbare dinge? Of kan ek ook baie bewus wees van die beelde, die geluide, die toneel wat in my verbeelding afspeel. Hillman bevraagteken die akkurate verstaan van die begrip bewussyn, in soverre as wat die begrip in verband met beelde en verbeelding gebruik word.

> *Verbeelding immuniseer ons teen 'n wêreld wat ons insluk as gevolg van informasie tegnologie.*
>
> *Anoniem*

"I am doubting this notion of consciousness now only in regard to images, dreams. For this notion is not adequate to imagination – whether the images of dreams, insanities, or the

arts. To go at imagination with straight-on sense-perception creates insanity" (Hillman 1979:172).

Daar gebeur iets wat ons na ons asems laat snak, wanneer ons besef verbeelding vermeng en vervloei met die grootste gemak die ervarings van die sintuie. Veral die digters slaag daarin om hierdie vervlegting in woorde uit te druk. Daar ontstaan 'n onsekerheid, onduidelikheid, 'n spanningsvolle verband in die beskrywing van die sintuie se inligting. Dis hierdie beelde in onsekerheid, wat die naaste uitdrukking gee aan verbeelding se sintuie.

"Synesthesia – confusion, interpretation of one sense with another – goes on all the time in our common speech when we talk imaginitively, or of imagining. Evidently, synesthesia is how imagination imagines. What this does is transform the singleness of any one sense out of its literalness. It brings us to a new sense of the senses, making metaphor of sense perception itself" (Hillman 1979:174). Verbeelding gebruik verbuigde taal, wat meerdere betekenis veronderstel as tydens alledaagse spraak.

"My point here is that when imagination does use language – and that is about all it has to use – then it must twist this usual language into second sense. 'Running' is merely abstract until we can hear the word visually, as a faucet running or a convict running" (Hillman 1979:174).

Hierdie taalverbuiging laat 'n vraag ontstaan. As verbeelding nie 'n taal van haar eie het nie, en dus die ervaring van twee of meer sintuie moet leen, hoe kan dit dan 'n verstandsvermoë wees? Al die ander verstandsvermoëns het taal waarmee hulle hulself kan uitdruk, die wil, gevoel, moraliteit, denke. Waar pas verbeelding in die prentjie, as sy dan moet taal van die sintuie 'leen', as sy dan die sintuie se taal en ervarings moet vermeng om haarself uit te druk?

*The heart has reasons that reason knows nothing of.*

*Pascal*

"The claim that it is a faculty has been precisely what has deceived us most about imagination. We have considered it one function among others, whereas it may be essentially different from thinking, willing, believing, etc. Rather than an independent operation or place, it is more likely an operation

that works within the others and a piece which is found only through the others – (is it their ground?)" (Hillman 1979:175). Die verbeelding staan nie afsonderlik en geïsoleer van die ander verstandsvermoëns nie, maar ons kan haar as 'n matrix beskou oor en tussen al die ander verstandsvermoëns saam.

"So, we never seem to catch imagination operating on its own and we never can circumscribe its place because it works through, behind, within, upon, below our faculties. An overtone and undersense: is imagination prepositional?" (Hillman 1979:175).

Hillman wys op die baie groot belang wat die voorsetsels in verbeelding speel, loop saam met vrou, die met, op, in, onder, aan, af, ens. skep atmosfeer, dit skep konteks. Die voorsetsels ontvou die beeld in een oogopslag. Die kat sit, is baie abstrak. Die kat sit op die tafel, gee onmiddelik die voller prentjie, wat nou 'n ingekleurde prentjie is.

"Imagination might here be defined more closely as the subtle sensing of the prepositional relations among events" (Hillman 1979:176). Wat interessant is is dat poliesemie ook deurlopend 'n rol speel wanneer daar van verbeelding sprake is, soos Ricouer (1991:129) oortuigend aangetoon het. Wanneer Hillman hier praat van "the subtle sensing of the prepositional relations among events," dan word die begrip 'sense' gebruik in beide betekenisse van aanvoeling, of sintuiglike bewussyn, sowel as begrip, of verstaan. Verbeelding maak hierdie oorbrugging of betekenisvolle wisselwerking tussen betekenis moontlik.

"The sense of images is a composite of the gross sensations of nouns and verbs, adjectives and adverbs, and the subtle sensations of their relations; the composition is performed by the prepositions" (Hillman 1979:17).

Verbeeldig is ewe veel dink as beleef, ewe veel intuisie as sensoriese sensasie, en die klein voorsetsels in taalgebruik bevorder die tussenspel.

> … imagination remains in the world of sense and takes this same world from a different angle. I think we can keep to our double understanding of the simple word 'sense' which means both concrete, physical,

> directly tangible, and also meaning significance, direction, invisibly mental. When you 'lose your senses' or get 'some sense knocked into you,' an undersense of the word begins to emerge. (Hillman 1979:177).

Meerdere sintuie, meerdere betekenis, totale gelyktydigheid van 'n verlede- of toekomsgebeure kan onmiddelik gelykleidend ervaar word, danksy verbeelding. Soms gaan so 'n geheelervaring mee met 'n bewuste inspanning van die verbeelding, om as't ware die lekkerte van die veelheid sensasies tegelyk te ervaar. As voorbeeld noem ek die herinnering aan 'n fantastiese bos rose wat by 'n spesiale geleentheid oorhandig was. 'n Mens leun nader om te ruik, "discrimination with eyes closed as in music and prayer and kissing, as in remembering, close noticing" (Hillman 1979:185). Dit kan 'n wonderlike sensasie wees wat die hart oorspoel. Punt is, verbeelding maak dit moontlik om 'n geheelervaring te hê, onmiddelik, alles gelyk, sonder die reëls van logika of ruimte of tyd. Dit is 'n onuitputlike bron van vertelling. As daar so nadergeleuen word om intens te herleef, of vooruit te kyk, kan dit baie dinamiese en entoesiastiese vertelling tot gevolg hê.

## 6.4 DIE ORGAAN WAT VERBEEL

Oor die orgaan wat verbeel skryf Hillman vol passie in *The Thought of the heart.* Hy skryf van die hart van die leeu, daardie onverskrokke en dapper deel van ons lewens, die Simson deel. Hy skryf van die hart van Harvey, wat wetenskaplik die hart uitgehaal, gedissekteer en ontleed het en verskraal het tot 'n blote pomp, wat bloed sirkuleer. Gevoelloos, stom. Hy skryf van die hart van skoonheid, wat die estetiese kan 'sien' en waardeer. En dan sê hy, die plek waar ons verbeelding ontspring, is die hart (vgl Hillman 1981). Dit is egter moeilik vir ons om te glo dat die verbeelding in die hart ontstaan.

"Our hearts cannot apprehend that they are imaginatively thinking hearts, because we have so long been told that the mind thinks and the heart feels, and that imagination leads us astray from both" (Hillman 1981:3). Hy rig 'n pleidooi vir die herwinning van die waarde van die hart, en dat ons die hart sal sien as die ontstaansgrond van verbeelding.

> … philosophy begins in a philos arising in the heart of our blood, together with the lion, the wound, and the rose. If we would recover the imaginal we must first recover its organ, the heart, and its kind of philosophy (Hillman 1981:3).

Volgens Hillman is die basiese beginsel vir verbeeldingryke gedagtes en spraak deur Henry Corbin daargestel, naamlik: "That the thought of the heart is the thought of images, that the heart is the seat of the imagination, that imagination is the authentic voice of the heart, so that if we speak from the heart we must speak imaginitively" (Hillman 1981:2).

Baie van die vuur, drif en dryfkrag, die meedoënlose, meesleurende krag van taal uit die hart het verlore geraak deur eietydse 'hartsiektes'. En Hillman noem enkele "… sentimentality of personalism, brutality of efficiency, aggrandizement of power, and simple religious effusionisms" (Hillman 1981:2). Dit is van die presiese dinge wat ek met 'n verbeeldingryke terapeutiese benadering wil teenstaan. Volgens Hillman is ons beroof en ontneem van 'n behoorlike bepeinsing van die krag en potensiaal van die gedagtes van die hart in ons kultuur. "We are bereft in our culture of an adequate psychology and philosophy of the heart, and therefore also of the imagination" (Hillman 1981:3). Nadenke oor hierdie toestand, kan terapeute noop om meer van die krag van verbeelding in terapie te benut.

### 6.4.1 ARGETIPIESE PSIGOLOGIE

Hillman ontwikkel 'n psigologie wat sy vertrekpunt neem in die prosesse van verbeelding. 'n Psigologie met 'n poetiese grondslag. Hieroor skryf Wiggins (1975:125), "By placing depth psychology within a poetic and rhetoretical cosmos, I am taking the consequinces of a move I have already made in my 1972 Terry Lectures. There I essayed a psychology of soul that is also a psychology of the imagination, one which takes its point of departure neither in brain physiology, stuctural linguistics, nor analyses of behavior, but in the processes of the imagination. That is: a psychology that assumes a poetic basis of mind". 'n Terapeutiese verhaal wat vanuit hierdie vertrekpunt aangehoor word en vorm aanneem, is dan 'n skepping, 'n aksie, 'n verbeeldingryke, vormgewende proses. So 'n proses van verhaalskepping is

’n uitdrukking van die poetiese grondslag waarop die terapeutiese vertrekpunt berus. “Any case history of that mind… will therefore have to be an imaginitive expression of this poetic basis, and therefore a piece of poesis, an imaginative making, a poetic fiction, disguised… both by the teller in his tale and the hearer in his recording” (Wiggins, 1975:125).

Wat staan sentraal in argetipiese psigologie? Wat is die kern uitgangspunt in hierdie benadering? “The fantasies, the dreams, the images are going on forever in the collective uncontiousness. They’re the background of art, they’re the background of madness, they’re the background of thought, the background of childhood thinking, the background of ritual… it’s everywhere. The images, the imagination, is fundamental” (Hillman 1984 58).

# 7 GETUIGSKRIF VAN TWEE FILOSOFIESE VRIENDE

## 7.1 HENRY CORBIN: MUNDUS IMAGINALIS

Henry Corbin het hom filosofies grootliks bemoei met die nadenke oor waarom verbeelding met ’n groot komponent negatiwiteit belas is. Hy het aangetoon dat daar groot onkunde rondom verbeelding bestaan, en dat daar baie verlagemenend na verbeelding verwys word, dikwels met ’n negatiewe implikasie (vgl Corbin 1972:71). Daarom kies hy ’n alternatiewe wyse om na verbeelding te verwys. Hy gee ’n tegniese Latynse woordpaar, sodat verbeelding se aard duideliker aan die lig kan kom. Hy noem verbeelding *mundus imaginalis.* Corbin sê dat hy kies vir hierdie twee Latynse woorde, “… to circumscribe a very precise order of reality, which corresponds to a precise mode of perception” (Corbin 1972:71). “I found it impossible to content myself with the word imaginary for what I had to translate or to describe (Corbin 1972:71).

Sy bevinding is: “… the term imaginary is equated with the *unreal*, with something that is outside the framework of being and existing, in brief, with something utopian” (*Corbin* 1972:71).

Wat op die spel is, is die krities belangrike onderskeiding in menslike denke tussen wat waar en wat vals is. Dit is verhelderend om die begrippe waar/vals skerp te kontrasteer deurdat ek twee bondels woorde naas mekaar plaas.

- [Eg, waar, suiwer, reg, bewysbaar, werklik, wetenskaplik] en
- [Bedenklik, oneg, onwaar, troebel, onwerklik, vergesog, fiksie]

> *Beauty is truth*
>
> *John Keats*

Die rede word met die eerste woordpaar geasosieer, en verbeelding met die tweede. Corbin (1972:78) ervaar groot ongemak met hierdie toedrag van sake. “In other words, if in French (and English) usage we equate the imaginary with the unreal, the utopian, this is undoubtedly symptomatic of something that contrasts with an order of reality, which I call the *mundus imaginalis*, and which the theosophers of Islam designate the ‘eighth clime.’”

Corbin wil na iets baie spesifieks verwys, nie iets wat onwerklik is nie, maar ’n baie spesifieke aspek van die werklikheid. Die verbeeldingryke werklikheid. Ook poog hy te bepaal met watter orgaan hierdie orde van werklikheid toeganklik word, en noem dit verbeelding-bewussyn, oftewel verstandsverbeelding: “the organ which perceives it, i.e., the imaginative consciousness, cognitive imagination” (Corbin 1972:72).

Wat veroorsaak dat die verbeeldingryke, visionêre denke gelykgestel en afgemaak word as “figments of the mind, or imaginings, to wit, utopian fantasies?” (Corbin 1972:72). Hy is uitgesproke oor die rede wat verantwoordelik is vir die diskrediet waarin verbeelding verkeer. Dit is “… the divorce between thinking and being” (Corbin 1972:72). Hierdie geforseerde en gepolariseerde beskouïng het tot baie probleme aanleiding gegee, soos uit die res van hierdie studie sal blyk.

Corbin redeneer dat daar ’n tussenwêreld bestaan. Tussen die empiriese, sigbare, meetbare en tasbare wêreld, en die abstrakte wêreld van die intellek, is daar nog ’n wêreld wat misgekyk word. Hy skryf: “Between them there is a world that is both intermediary and intermediate, described by our authors as … the world of the image, *the mundus imaginalis*: a world that is ontologically as real as the world of the senses and that of the intellect. This world requires its own faculty of perception, namely, imaginative power, a faculty with a

cognitive function, a noetic value which is as real as that of sense perception or intellectual intuition. We must be careful not to confuse it with the imagination identified by so-called modern man with 'fantasy,' and which, according to him, is nothing but an outpour of 'imaginings.' This brings us to the heart of the problem of terminology" (Corbin 1972:72). 'n Probleem wat hy met die tegniese term *mundus imaginalis* probeer aanspreek. As filosoof kyk Corbin wyer as net die Christendom vir antwoorde, en vind hy aansluiting by die oosterse denke[14] van die agtste kliem. Die land van nêrens.

"He describes an intermediary world that is the place of image and dream. Beyond the transcendental self, beyond the self fragmented by existence, beyond the world of phenomena, is the modality of the *mundis imaginalis* [Corbin's "the world of image"], that gigantic net, woven by the dreams and desires of the species, in which the little realities of everyday life are caught despite themselves" (Durand 1971:55). Vir Durand is die verbeelding die plek vir geestelike openbaring: "(*mundus imaginalis*) is the place of spiritual revelation, and all images, all symbols as well as all dreams, gravitate around this intermediary world" (Durand 1971:66).

> What is this intermediary universe, i.e., the one we referred to earlier as the 'eighth clime'? For all our thinkers the sensible world of space consists of the seven climes belonging to traditional geography. However, there is another clime represented by a world possessing extention and dimention, figures and colours; but these features cannot be perceived by the senses in the same manner as if they were the proporties of physical bodies. No, these dimentions, figures and colours are the object of imaginative perception, or of the 'psycho-spiritual senses'" (Corbin 1972:72).

Hierdie werklike wêreld wat ooreenkomste vertoon met die beleefbare wêreld maar wat nie deur die sintuie waargeneem kan word nie, is 'n plek buite alle plekke, buite waar, dis êrens. Niemand het die adres nie, en niemand kan baie akkurate aanduidings gee om daar uit te kom nie. Mense sukkel om hierdie wêreld onder woorde te bring, omdat dit baie moeilik is om iets te beskryf wat nie redelikkerwys of empiries bewys kan word nie. Maar ten spyte

van hierdie onvermoë om die tussenwêreld uit te stal, te bewys of in akkurate taal vas te skryf, is daar 'n duidelike ooreenstemming tussen mense wat daardie tussenwêreld goed ken, dat dit wel bestaan.

Die beelde en voorstellings is nie vas soos 'n grafsteen wat presies beskryf kan word nie, maar is soos 'n skim, soos 'n wolk of 'n ligte, koel bries wat nie in alte akurate woorde opgesluit kan word nie. Corbin praat van "images in suspense" en sê daarmee dat daar voortdurend 'n mate van onsekerheid, twyfel, spanning, en selfs angs of bedreiging in hierdie onvasvatbaarheid gesetel is. Soos met enige verskynsel, het die onsekerheid hiervan uiteenlopende reaksies by mense tot gevolg. Vir diesulkes wat baie sekuriteit en vastigheid nodig het, is daar groot onsekerheid en spanning met die onvasbeskryfde wêreld. Vir ander, is daar spesifiek in die spanning 'n stuk lewensenergie geleë wat noodsaaklik is vir gesonde voortbestaan. Hierdie spanning verteenwoordig vir baie mense die uitdaging van die lewe. Wanneer Tina Pippin (2000:85-90). skryf oor die funksie van fantasie in 'n postmoderne Skrifhantering, lig sy die werk van Tsvedan Todorov[15] toe wat veel van genoemde spanning maak. "The ambiguity is sustained to the very end of the adventure: reality or dream, truth or illusion?" (1975:86). En verder: "*I nearly reached the point of believing:* that is the formula which sums up the spirit of the fantastic… It is hesitation which sustains its life" (1975:31).

Wat is die wesensaard van verbeelding? Waar pas sy in ontologiese denke in?

> Imagination is the cognitive function of this world. Ontologically, it ranks higher than the world of the senses and lower than the purely intelligible world; it is more immaterial than the former and less immaterial than the latter. This approach to imagination, which had always been of prime importance for our mystical theosophers, provided them with a basis for demonstrating the validity of dreams and of the visionary reports describing and relating 'events in heaven, as well as the validity of symbolic rites (Corbin 1972:79).

"In short, this is the world of 'subtle bodies', of which it is indispensable to have some notion in order to understand that there is a link between pure

spirit and material body. Their mode of being is therefore described as ‘being in suspence” (Corbin 1972:79). Die bestaan van die beelde in die verbeelding is geklee in onsekerheid, twyfel, en spanning. Die bestaan van die beelde is afwisselend, flietend en swewend. Hoe vasvatbaar en bewysbaar is hulle?

> *Imagination is the eye of the soul.*
> *Joseph Joubert*

As persoon wat die Oosterse wêreld met die kliem stelsel van die Islam goed onder die knie gekry het, rig hy aan ons as westerlinge ’n groot uitdaging. Jy moet jou toelê om die wêreld van verbeelding te betree. Dis nie toeval nie. Hiervoor is ’n werklik alternatiewe lewensingesteldheid nodig om die opbrengs van verbeelding na waarde te beleef, te sien en te ervaar. Dit kom neer op ’n aktiewe nastreef van die positiewe en verruimende krag wat verbeelding in ons lewens kan uitoefen.

Corbin se grootste bydrae is geleë in die feit dat hy uitwys dat die wêreld van beelde nie slegs vergesog en op fantasië berus nie, maar inderdaad baie werklik is. “Henry Corbin pointed out that the world of images are quite real; it retains the rich and diverse manifestations of the tangible world, just like Nerval’s dreams. At the same time, they are removed from the world of fixed time and the limitations of space” (Durand 1971:67). Dit voorveronderstel die …”ability to transcend tangible space without leaving extention” (Durand 1971:67).

## 7.2 GILBERT DURAND

Dit blyk dat die minimalisering, en selfs verkleinering van verbeelding nie alleen in ons dag voorkom nie, maar dat die proses al vir eeue aan die gang is. Volgens Durand (1971:55) is daar sedert Aristoteles en Descartes ’n neiging om verbeelding se krag gering te skat. Volgens hom is daar ’n verband tussen die opkoms van die heerskappy van die rede ten koste

> *The basic disease from which our culture may be dying is man’s minimization of images and myths, as well as his faith in a positivist, rationalist, aseptized civilization.*
> *Durand*

van wat hy noem die siel. Hy skryf: ".. classical devaluation of the imaginal, from Aristotle to the Cartesians, is related to its devaluation of the soul" (Durand 1971:55).

> Psychoanalysis partly resulted from a whole movement dedicated to the rehabilitation of the imaginal by means of a systematic study of the image and the modalities of the imagination. This movemement was no other than the great romantic revolution… (Durand 1971:54).

Die werklik grondige probleem met die miskenning van siel en die gepaardgaande miskenning van geheue en verbeelding, lê vir Durand in die feit dat Aristoteles en Descates die liggaam en gees geskei het. Hy noem dit "the anthropological disaster en sê dat romantics, poets, polititians, novelists and historians alike…" daarteen gerebeleer het. Daarna het dit in uitgelese kringe en veral wetenskapsbeoefening gegaan om wat Bergson genoem het 'the world of solids" (vgl Durand 1971:55).

> Psyche was reduced to perception and reasoning, while memory and imagination were abandened as belonging to the prehistory of the method. All the sources of prophetic inspiration became suspect: They were branded heretical in the eyes of Western rationalist orhodoxy. Because they were pure content, because they propounded the scandal of spiritual concretism – both imagination and memory were confined to the realm of the superfluous, of incoherence, folly or bias, rejected so vigorously by the Cartesians. Image and myth constituted the 'rubbish'[16] of rational discourse" (Durand 1971:56).

Weens die aard van die groot rol wat verbeelding in menslike lewe speel, was daar altyd mense wat nie skepties en agterdogtig teenoor die benutting van verbeelding gestaan het nie, maar daarop uit was om verbeelding te vier en te bevorder. Dit gebeur veral tydens die era van die romantiek. "Since romanticism we have, however, witnessed a gigantic effort to re-establish the image" (Durand 1971:56). In die agtiende eeu het Hume, Rousseau en Kant 'n sterk emosionele sensitiwiteit bevorder (vgl Durand 1971:56). "However, it was the poets, the direct explorers of the newly found spiritual reality, who, in

the early nineteenth century, made the greatest strides in the rediscovery of this *mundus imaginalis"* (Durand 1971:56).

> … Western culture… has been de-mytified by a thousand years of alienating shortsightedness. This shortsightedness, which 'when someone points to the moon sees only the tip of the finger,' and the mutilated, downgraded, intellectual attitude of the narrow-minded rationalism and simple-minded historicism – those frustrating blindspots of Western genius – have been thrown off by the exploratory exegesis of the imaginal. (Durand 1971:68)

# 8 WALTER BRUEGGEMANN: GETUIGSKRIF VAN 'N TEOLOOG

> *The more you evolve, the more power your thoughts have to create your reality, and the more responsibility you have to think in higher ways.*
>
> *Sanaya Roman and Duane Packer.*

'n Man in die akademies kerklike lewe wat deur verbeelding ontvlam is, en wat geïnspireer, ontbrand en aangevuur word deur verbeelding is Walter Brueggemann. In sy taal, in sy denke, sy spraak sy waarneming en onthullings en skryfwerk loop verbeelding soos 'n goue draad deur. Nie alleen is hyself daarvan vol nie, maar dit spoel oor na ander wie sy werk ter hand neem. Ek kan praat, want hy het my bediening, my lewe verander. Hy besig 'n teologie waarmee ek kan identifiseer, hy praat oor werklikheid en lewe dat ek aangegryp staan, verbaas en verwonderd oor die teks, die lewe, die samelewing en die moontlikhede van 'n "better world" (Brueggemann 1989:10). Dit is 'n tema wat deur sy werk loop, en die wyse waarop hy met God se wêreld, die "better world" as die een waarin ons tans leef, rekening hou, is my inspirasie om sy werk te benut. As Ou Testamentikus werk hy met verassende, verstommende en onthullende vaardigheid met die teks. Hy 'sien' dinge wat ander nie sien nie. Hy 'ontdek' sekere verbande en bring wêrelde in gesprek waarvan ons nog nie gehoor het nie. Hy doen dit deur verbeelding. Hy doen dit met "Prophetic Imagination" (Brueggemann 1981). Hy doen dit

deur meesleurende, boeiende beskrywende en metaforiese taal. Die taalsensitiwiteit, waarvan hy by die profete bewus geraak het, het hy sy eie gemaak en hy besig 'n aangrypende, apellerende en verwondend kragtige taal, 'n spreke wat die hoorder betrokke kry en aanvuur. "Brueggemann's concept of the language of amazement is central to his unerstanding of the prophetic message" (Martin 1994:39).

Die pastoraat mag aan hierdie bron nie verbygaan nie. Daar leef 'n hoop in, daar leef 'n potensiaal en dinamika en moontlikhede in waarna ons samelewing smag. Daar lê 'n koue beker water in wat in die woestyn van pastorale terapie vir terapeut en gespreksgenoot aangebied kan word. In hierdie kragtige, verbeeldingryke, nuwe en vars kyk na die Skrif, die geskiedenis, God en mens, lê daar 'n beter môre, 'n helder lentedag, die moontlikheid tot groei en lewe. Sy uitsprake is nie spesifiek vir die pastoraat geskryf nie, maar dit spreek die problematiek van 'n verbeeldingryke of nie-verbeeldingryke pastoraat intens aan. Die subtitel van sy boek *Finally Comes The Poet* (1989) spel uit wat ter sprake is, naamlik: *Daring speech for proclamation*. Ek 'vertaal' Brueggemann se insigte in die verkondiging, vir die terapeutiese situasie.

Dit is met beskamende gemak wat Brueggemann die tendense in sy samelewing lees, dat hy die rol van die pastor uitspel, dat hy die nood sien in 'n samelewing wat dors na betekenis, sin en rigting, en veral hoe dit bevorder kan word. Dit ontvou die moontlikhede vir die pastorale terapie op 'n verligtende en bevrydende manier. Hy spreek die kernaangeleenthede en werksterreine, en die plekke waar verbeelding 'n bemoeienis toon, spesifiek en prominent aan. Die onderwys, die jeug, die toekoms, die prediking, die pastoraat. Dis hier waar verbeelding 'n daadwerklike verskil kan en wil maak. Hy praat met insig en vaardigheid en entoesiasme van die narratiewe benadering, nie as iemand wat al gehoor het van hierdie dinge nie, maar as iemand wat ervaring het. Iemand wat diepe begronding kan gee, rekenskap kan gee van die verhale en die transformatiewe krag van verhale omdat hy uit die Ou Testament die

*There is a holy mystery at work in the coherence of life that cannot be dissolved.*

*Brueggemann*

verhale deeglik, grondig en tot op die been toe afgeskil het, die vuur daarvan gesien het. Hy praat nie net oor verbeelding nie, maar die wese, die stem van verbeelding self kom deur sy werk aan die orde. Ons hoor verbeelding self praat, en dit in ’n konteks waar dit van onskatbare waarde vir die pastorale terapie is.

Oor die verhale sê hy: “… telling and hearing stories that are deeply rooted in the memory and experience of this people, but which are open-ended and can be imaginitively carried in many different directions depending on need, possibility, and circumstance” (Brueggemann 1993:173). Vir die viering, vertel en waarde-toe-eiening van die verhale is herinnering en geheue van groot belang. Dit help nie net om te sê onthou nie. Méér is nodig, en hiermee het die unieke aard van verbeelding in haar rustelose veelsydigheid veel te maak. In een sin, skep hy vir ons ’n aanvoeling van wat in hierdie spesifieke manier van onthou nodig is. Dis anders as om te onthou dat twee plus twee vier is.

“The memory that is useful for the funding of postmodern imagination need not be ordered, coherent, and reasonable” (Brueggemann 1993:39).

In sy benadering tot die verkondiging toon hy die groot belang van die konteks aan. Hy sê : “the world is perceived, processed, and articulated with one or another perspective, and a perspective has the power to make sense out of the rawness of experienced life, even though it cannot be ‘poven’or absolutely established” (Brueggemann 1993:10). Sy raak beskrywing en fyn waarneming wys die postmoderne samelewing aan as “a Prose-Flattened World” (Brueggemann 1989:1). Wat kan in so ’n samelewing gedoen word? Wat kan vermag word? Wat staan pastors te doen in ’n wêreld waarin “a technical way of thinking” (Brueggemann 1989:1) die oorhand gekry het? Wat gemaak in ’n samelewing waarin die Evangelie ’n “truth greatly reduced” (Brueggemann 1989:1) geword het? Hy het ’n deurleefde standpunt dat daar wel iets aan gedoen kan en behoort te word. Hy skryf: “To address the issue of a truth greatly reduced requires us to be *poets that speak against a prose world*” (Brueggemann 1989:3).

Die dimensie van Brueggemann se werk wat my die meeste aanspreek, en waarop ek wil voortbou, is hierin vervat.

University of Pretoria etd – Laas, J J (2004)

Waarheen rig ’n aktiewe, visioenêre profetiese verbeelding ons? Watter vrae laat dit ontstaan na 11 September en ander onbeskryflike menslike tragedies soos HIV/VIGS en armoede en kinderverwaarlosing? Hoe kan verbeelding behulpsaam wees in so ’n moeras?

“The crucial question before us is wether, for the difficult decades to come, we shall have men and women in public life who have a passion for justice and a perspective of mystery, awe, and amazement” (Brueggemann 1993:180).

Verbeelding, neem ons kinders en jongmense met ons mee. Ware onderrig, gaan oor die ouer gemeenskap wat sy passies so kommunikeer aan die jonger geslag, dat hulle dit hopelik met “zeal and imagination” toepas (Brueggemann 1993:172).

> *… before anything can be implemented, it must first be imagined*
>
> *Martin*

Entoesiastiese onderrig deur mense wat mentors is, ouers en onderwysers wat self droom, wat self gesigte sien en uitsien na môre, is nodig. As die kinders, of selfs ’n oningeligte gemeenskap met vrae kom, moet daar van die mentors antwoorde wees. Wie is ons? Hoekom leef ons op die manier waarop ons tans leef? “The answer, in various castings, is to tell the story of this community, the long deep memory which started with nobodies who were surprised by transformation and became a community…” (Brueggemann 1993:173). Die vraag wat vir ons gemeenskap gerig kan word is natuurlik of hulle nog genoeg weet van ons verhaal, om te kan vertel?

Van die Christelike geloofsgemeenskap skryf hy: “… this community has a distinct identity that is in considerable tension with the values and the presuppositions of the dominant community. That distinct identity is the primary subject matter of education in passion” (Brueggemann 1993:173).

Onderrig, begeleiding langs die lewensweg behels méér as die deurgee van kennis en inligting. Dit vra kennis en entoesiasme vir die kuns van die lewe, wat met grasie voorgeleef moet word. Dit eis ’n innige omhelsing van die lewe, en daarin is verbeelding krities noodsaaklik.

"… this nurture in passion is concrete and specific, as indeed passion must always be" (Brueggemann 1993:173).

Die volk Israel het hulle as gemarginaliseerdes ervaar. Hulle het egter nie daarvoor teruggedeins nie, inteendeel! Hulle het hulle andersheid grasieus gevier. "[They]… celebrate their oddity…" (Brueggemann 1993:173).

Nie net die positiewe dimensies van Israel word toegelig nie, maar die volle spektrum van hulle samelewing se bedrywighede. Hy skryf van mense, 'n volk wat moeilik is om te administreer, wat ongeduldig en energiek is, juis omdat hulle nie net kan berus in 'n statiese hede nie, maar altyd op pad is na môre, na God se oop, nuwe toekoms (vgl. Brueggemann 1993:175).

In Israel se wysheidstradisie is daar 'n diep behoefte om te weet, te ken, maar tegelykertyd 'n besef dat daar 'n misterie is. "… that God is not readily available and that life cannot be tightly managed" (Brueggemann 1993:173).

Waar staan die verbeeldingryke pastor ten opsigte van die heersende diskoerse van die samelewing? Hieroor het Martin (1994) 'n boeiende artikel geskryf en die kern van *Prophetic Imagination* van hierdie perspektief af, uitgehaal.

> *… in The Prophetic imagination, Brueggemann provides a detailed account of how the prophets use language to both criticize and energize their culture. More than other scolars, Brueggemann closely examines the prophet's use of language" (Martin 1994:35).*

Hierdie tweeledige taak van die profeet is uiters belangrik: naamlik om die heersende kultuur te kritiseer, en te energeer.

Hoe weet hulle van, en 'sien' die profete 'n beter wêreld, God se wêreld? Wat stel hulle in staat om die heersende diskoers krities aan te spreek, en energie vry te stel om daaroor te praat en te skryf?

"Brueggemann finds the key to confronting the 'royal consciousness'… in the imagination of the prophet" (Martin 1994:37). Dit was die profete se primêre taak, om hulle besig te hou met die inbeelding van 'n samelewing wat anders daar uitsien.

“The first reality that must be imagined by the prophet and expressed in narrative is that the future can possibly be different from that predicted by the royal consciousness, that God can perform a creative act in history” (Martin 1994:37) Om met ’n skeppende God, wat ’n beter toekoms daar kan stel, rekening te hou, is voortdurend aan die orde.

“The royal consciousness leads people to despair about the power to new life. It is the task of prophetic imagination and ministry to bring people to engage the promise of newness that is at work in our history with God” (Martin 1994:63) Die gevallenes, die magteloses, die gemarginaliseerdes in ’n samelewing staan skepties ten opsigte van nuutheid en moontlikhede. Die gesagvolle, proklamerende en verbeeldingryke profeet gebruik taal om hulle in beweging tot moontlikheid te bring. Hiervoor is alledaagse taal nie genoeg nie.

> In order to provide hope and energy for change, the prophet must use language of amazement. As with the language of grief, the language of amazement requires the prophet to offer symbols ‘adequate to contradict a situation of hopelessness in which newness is unthinkable. The prophet is… a poet, whose imagination can transform an oppressive situation by giving the people hope. He speaks of a radical newness (Brueggemann 1993:66).

In “a prose-flattened world”, rig die profeet ’n uitnodiging. Hy stel ’n uitdaging daar. Dit is die “surprising proposal that the real world in which God invites us to live is not the one made available by the rulers of this age” (Brueggemann 1989:3). Daar ontstaan ’n fantastiese, verbeeldingryke geleentheid. Die pastor het “… an awesome opportunity to offer an evangelical world: an existance shaped by the news of the gospel” (Brueggemann 1989:3).

*Life unclosed, life made open, certitudes broken so that we can redecide, images moving, imagination assaulting ideology*

*Brueggemann*

Brueggemann (1989:10) skryf: “After the scientist and the engineer, ‘finally

comes the poet', (which Israel calls prophet) – to evoke a different world, a new song, a fresh move, a new identity, a resolve about ethics, a being at home".

In die ontdekking, ja her-ontdekking van die nuwe wêreld, met sy nuwe moontlikhede, word 'waarheid' onthul, maar meer as dit. "It is not only truth disclosed, but it is life disclosed" (Brueggemann 1989:10). Dit is 'n onthulling, 'n belewenis van lewe. Dit is die terapie wat ek voorstaan.

"The only available absolute given me is a "fiction" to which I must trust myself - a gracious "fiction" on which I stake my life, authored by God who also authors the text and the speech" (Brueggemann 1989:10).

# 9 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk het ek aspekte van die agtergrond van verbeelding toegelig. Ek het 'n kort historiese oorsig gegee oor die verband tussen drome en verbeelding, en op terreine gewys waar droom of verbeelding 'n invloed uitgeoefen het. Ek het die verbeeldingryke psigologie van Jung toegelig, en ook die ontwikkeling daarvan deur Hillman aangetoon. Die verband tussen verbeelding en sintuie is kortliks bespreek. Ek het die poging tot 'n nader omskrywing, gesien vanuit filosofiese hoek, naamlik die *mundus imaginalis* van Corbin bespreek. Ten slotte het ek gewys op Brueggemann se bydrae tot 'n verbeeldingryke verkondiging, waarvan ek die bevindinge vir terapie benut. Dit, in kort, vervat die literatuurstudie oor verbeelding in die proefskrif. In die volgende hoofstuk wil ek die stemme van die mede-navorsers, met ander woorde die verhale, in dialoog plaas met hierdie hoofstuk, die literatuur.

# 10 BYLAAG OOR JUNG SE KENNIS

Hy skryf: "Only in Meister Eckhart did I feel the breath of life". Van Hegel skryf hy: "He put me off by his language, I regarded him with downright mistrust" (Jung 1961: 87). " …..the great find resulting from my researches was Scopenhauer". Veral omdat hy onbevange skryf oor "confusion, passion, evil" (Jung 1961:88). Hy lees heelwat van Kant se werke, en veral na sy *Critique of Pure Reason*, gaan daar vir hom 'n lig op. (vgl. Jung 1961:89). Hy beskryf homself as sewentienjarige met die woorde "shy, timid, mistrustful, pallid, thin". Maar na die lees van Schopenhauer en Kant, kom daar groter lewenslus, lewensenergie en daadkrag, groter

beslistheid. In 1909 begin hy om simboliek en mitologie intensief te bestudeer. (vgl. Jung 1961:153).

Hy lees later Kant se *Dreams of a Spirit Seer* en sê: "I also discovered Karl Duprel, who had evaluated these ideas philosophically and psychologically. I dug up Eschenmayer, Passavant, Justinus Kerner, and Görres, and read seven volumes of Swedenborg". In sy tweede jaar as mediese student word hy die junior assistant in anatomie, die jaar daarop neem hy leiding in die kursus oor histologie. "I interested myself primarily in evolutionary theory and comparative anatomy". Verder bekwaam hy hom in die veld van fisiologie en morfologie. (vgl. Jung 1961:121). As mediese student is sy tyd beperk om filosofie te bestudeer. "I was able to study Kant only on Sundays. I also read Eduard von Hartmann assiduously". Twee werke van Nietzsche maak 'n groot indruk op hom as student. '*Thoughts Out of Season'* en '*Thus spake Zarathustra.'* By die mediese fakulteit noem hy die naam van Friedrich von Müller as …"a mind that appealed to me" (vgl. Jung 1961:122-129). In Krafft-Ebing se '*Lehrbuch der Psychiatrie 4th edn. (1890)*' lees hy skepties die eerste keer psigiatrie, maar is met die eerste bladsye reeds stom gefasineer.

Sy hart gaan aan die klop. Hy skryf: "My excitement was intense, for it had come clear to me, in a flash of illumination ……that here alone the two currents of my interest could flow together and in a united stream dig their own bed. Here was the empirical field common to biological and spiritual facts, which I had everywhere sought and nowhere found. Here, at last was the place where the collision of nature and spirit became a reality" (Jung 1961:130). Later skryf hy oor die eksamen. "This confident feeling that I was a 'united double nature' carried me as if on a magical wave through the examination, in which I came out at the top" (Jung 1961:131).

# 11 EINDNOTAS

---

[2] Hornby A.S.1999 The Oxford Advanced Learner's Dictionary. Oxford University Press. Oxford.

[3] Hornby A.S. 1999. Longmans English Dictionary. Oxford University Press. Oxford

[4] Excerpted from The American Heritage Dictionary of the English Language, Third Edition 1996 by Houghton Mifflin Company. Electronic version licensed from INSO Corporation; further reproduction and distribution in accordance with the Copyright Law of the United States. All rights reserved.

[5] *The Original Roget's Thesaurus of English Words and Phrases* (Americanized Version) is licensed from Longman Group UK Limited. Copyright 1994 by Longman Group UK Limited. All rights reserved.

[6] Kritzinger et al. 1971.Tweetalige woordeboek. Afrikaans-Engels. Van Schaik. Pretoria.

[7] Joaquin Miller se gedig 'Columbus'. Sien Watson, L.E. 1951:138. Light From Many Lamps. Simon and Schuster. New York.

[8] Sy ouma het hom as vyfjarige een middag uit die huis geroep om na die sonsondergang in die Alpe te kom kyk. Vir hom was dit onbeskryflik mooi, en het dit gelyk of die berge aan die brand is.

[9] Jung gebruik hierdie as tegniese term. Vir hom is God se wêreld iets anders as wat die woord wêreld gewoonlik aandui. Dit sluit die misterie, planete, kristalle, plante en mitologiese, die bo-natuurlike in.

[10] Memories, Dreams, and Reflektions. Jung 1961:180

[11] In 1912 in Duits gepubliseer getiteld *Wandlungen und Symbole der Libido*, en in 1917 in Engels vertaal en gepubliseer as *The Psychology of the unconscious.*

[12] Goethe se Faust, wat 'n geweldige indruk op Jung gemaak het. Faust, deel een.

[13] Sien (http//www.springpub.com/hillman.htm).

[14] In Oosterse kulture is die wêreld agter die sigbare waardeer en gerespekteer. "The explorers and theoreticians of this *mundus imaginalis* found their most brilliant representatives in the great Avicenna (d.1037) Sohrawardi (d. 1191), Ibn 'Arabi (d. 1240) and Molla Sadra. They all delved into the world of the image, this intermediary world which Kantian pre-romanticism only began to dream of seven centuries later" (Durand 1971:67)

# HOOFSTUK 4

## RONDETAFELGESPREK

## 1 PADKAART VIR HOOFSTUK 4

Die groot dag breek aan. Die Raad gaan sit om ’n ronde tafel om al die aansoeke deur te werk. Ons het tot op hede die bydraes van al die ‘referente’ deurgelees, sowel as ’n volledige ‘*Curriculum Vitae’,* tesame met al die getuigskrifte tot ons beskikking, en ’n omvattende agtergrondsverslag van mej. Verbeelding. Ons het baie inligting uit verskillende oorde ingesamel, en is nou op die punt om te kyk na hoe pas al die inligting bymekaar. Vorm dit ’n legkaart? Maak die legkaart sin, of is daar baie teenstrydighede en stukke wat nie wil pas nie? Ons is veral geïnteresseerd in haar verhaalskeppende vermoë. Sal sy die paal haal by die kunsgalery, en ook met die bevordering van verhaalskepping?

Al die dokumente is op die tafel, ’n personeelbeampteverslag, en die bydraes van Des, Skilderdigter, Wêreldstapper, Kanarieman, Stadsleeu, Jung, Brueggemann, Hillman, Corbin, en nog ’n paar ander. Net soos daar in die alledaagse lewe plek ingeruim word vir vergaderings, is dit nou die tyd in hierdie proefskrif om die rolspelers om een tafel te laat sit. Ek neem deel, sowel as literatuurstemme en medenavorsers. Die agenda is opgestel aan die hand van die aangeleenthede wat hulleself by herhaling en duidelik aangebied het. Sake ter bespreking behels die nou verweefdheid met die persoon en leefwêreld van die pastor en die belang van die plek waar die terapie plaasvind. Verder word die dilemma van verbeeldingryke pastoraat op

die agenda geplaas. Daar is vier groot hindernisse, naamlik stomheid, verlies, verskillende taalwêrelde en ’n smal werklikheidsbeskouing. ’n Strategie word afgespreek om die dilemmas die hoof te bied, deur te roep na God en Sy Woord, en deur verbeelding se taalvermoë in terme van metafoor en simbool te bespreek. Die strategie behels verhaalskepping, wat wil onthou en wil visualiseer. Om die tafel gons dit ook oor maniere wat gebruik kan word om verbeelding te stimuleer en bondgenote in die stryd teen stomheid, verlies, verskillende taalwêrelde en ’n smal werklikheidsbeskouing, word by die naam genoem.

Die agenda behels die persoon van die pastor, hindernisse, ’n strategie en bondgenote.

# 2 DIE PERSOON VAN DIE PASTOR

Agter die deur met die naambordjie is daar ’n rolspeler wat spesifieke eienskappe het. My medewerkers het ’n interessante karakterskets van hierdie figuur agter die toe deur uitgespel.

## 2.1 BESKEIDENHEID

Bykans sonder uitsondering was my medenavorsers huiwerig en beskeie om deel te neem. Toe hulle aanvanklik verneem dat die onderwerp verbeelding behels, was die reaksie: “Moet liewer nie vir my vra nie, ek is nie juis ’n groot verbeeldenaar nie. Ek is nie baie kreatief en vindingryk nie. My idees loop maar langs gebaande weë. Vra gerus iemand anders, daar is waarskynlik baie meer verbeeldingryke mense as ek”. Dit is asof die pastors terugdeins van die bedenklike onderwerp van verbeelding, in lyn met die breë diskoers van die samelewing, wat nie godsdiens en verbeelding in ooreenstemmende positiewe lig beskou nie. Brueggemann (1986:65) roep pastors dringend op tot presies die teenoorgestelde reaksie. “Faithful ministry is to engage people in that imaginative process which is largely resisted, but upon which hangs our future as a viable society”. Na ’n bietjie oorreding het hulle tog by die navorsing betrokke geraak, en dit was nie lank nie toe was hulle aan die

vertel. Uit die onderhoude blyk dat my medenavorsers glad nie so verbeeldingloos is as wat beweer is nie. Hier is ’n diep paradoks in geleë. Waarskynlik spruit dit uit die diskoers dat predikante veronderstel is om beskeie te wees. Nog ’n diskoers aan die orde van die dag is dat mense wat ernstig is oor akademie en wat hulle self as wetenskaplikes beskou, nie maklik assosieer met, of beskou word as verbeeldingryk nie. Dis asof daar twee wêrelde is, naamlik die wêreld van die dromers en die wêreld van die denkers. Die dromers is die kunstenaars, ontwerpers, uitvinders, digters, skrywers en mense wat met die gees van vryheid en dapperheid leef. Kyk na ons, roep hulle, ons is kunstenaars. Ons is temperamenteel, uniek, vindingryk en kunssinnig. Die diskoers is dat daar van mense in daardie sweer verwag word om alternatief en buitengewoon te wees, om ‘anders’ op te tree en ‘vreemde’ dinge te doen, ‘vergesogte’ idees te koester. Die diskoers sê: “Moenie van hom verwag om normaal, redelik, gewoon en berekend op te tree nie. Los hom, hy is ’n kunstenaar, hy leef op die rand van die ekstreme!” Vir so ’n persoon in daar ruimte vir buitengewone gedrag; dit word eintlik, as’t ware,van hom verwag.

Daar is ook ’n ander wêreld. Dit is die wêreld van gesofistikeerde denke, die wêreld van berekende en beteuelde gedrag. Van uitsonderlike selfbeheersing en fatsoenlikheid. Geleerde mense hoort hier. Hulle is en leef normaal, maak nie golwe nie, breek nooit uit gebaande weë nie en leef korrek en voorspelbaar. Hulle weet waar die grense is, eerbiedig dit en is op hulle plek en bedagsaam teenoor die samelewing se verwagtinge en voorskrifte.

Uit my lewenservaring en gesprekke met my gespreksgenote is my gevolgtrekking dat predikante goed in hierdie vakkie behoort in te pas. Die diskoers rondom goeie predikantskap is dat predikante uitnemende eksponente van ’n ontwikkelde, geletterde en gesofistikeerde samelewing behoort te wees. In so ’n samelewing is daar spesialisasie by uitnemendheid. Die spreekwoord, (en diskoers) sê: “Skoenmaker, hou jou by jou lees”. Verbeelding is in die volksmond nie die ‘lees’ van die predikant nie! Hy moet

hom met ‘die werklikheid, die korrekte feite, die waarheid,’ en met ernstige sake besig hou. Hy moet nie op die bedenklike en wankelrige en gevaarlike pad van die verbeelding wandel nie. By hom soek ons juis die teendeel, naamlik stewige sekerhede, standvastigheid, bewysbaarheid en die beproefde gebruike en oplossings wat in die geskiedenis gewerk het: dit wat deur die tradisie as goed en beproef uitgewys is. Sy optrede, gesprekke en preke moet onberispelik wees, ooreenkomstig die verwagting, in lyn met oorgelewerde en gebruiklike maniere van doen.

Ek het dit so ervaar dat my gespreksgenote aanvanklik redelik getrou en netjies in hierdie rigting redeneer het, naamlik: ek is nie kreatief, vindingryk of verbeeldingryk nie.

Ek wou groter duidelikheid oor hierdie diskoers hê, en het ’n skrywe aan my medenavorsers gerig met die stelling: “Terapeute staan bekend as geweldig verbeeldingryke, kreatiewe mense…” Die reaksie was soos volg:

**Des**: “Unfortunately NO!!!! Trouens, meeste mense sien hulle as mense wat ‘resepte’ volg - sonder inisiatief of verbeelding.”

**Kanarieman**: “Sommige terapeute is wel verbeeldingryke en kreatiewe mense. Die meeste predikante skiet egter ver te kort en het nog baie om te leer van die terapeutiese proses.”

Dit wil lyk asof die gehoor hierdie figuur agter die toe deur verskillend opsom. Sommige dink hy is ’n stil, beskeie skim. Ander dink hy is ’n beterweter met baie antwoorde. Ander dink hy is die hersteller van lewens. Die idees oor die persoon van die pastor is uiteenlopend. Is hierdie persone verbeeldenaars, of veronderstel om te wees? Ek het hulle self gevra. Ek besef na dese baie goed dat pastors meervoudige selwe het (Bosman 2001).

Goeie idees en planne en vindingryke gedagtes het in my gesprekke met die pastors na vore gekom. Beelde, metafore, simbole, foto’s, musiek en talle ander innoverende werkswyses en vrae tot ontginning van die pastorale proses was aan die orde van die dag. Dit het duidelik geword dat verbeelding

nie bewustelik en doelbewus deur pastorale terapeute nagejaag word nie, maar terselfdertyd het duidelik geblyk dat verbeelding sterk onderliggend teenwoordig is. Dat net die geringste aanmoediging nodig is om haar volledig betrokke te maak en op die voorgrond te bring. Dit blyk dat sy beskeie en stil agter in die ry staan, maar as daar op haar nommer gedruk word, sy ’n ster is. As sy opgeroep word, dan is haar deelname en bydrae uitsonderlik.

## 2.2 VERTELLERS

Daardie man agter die deur, is ’n verteller. Sommige in die gehoor het aanvaar dat hy vir die hele duur van die drama sou swyg. Hy is dan so stil, hy luister so graag. Maar toe kom daar ’n oomblik dat hy self ook iets vertel het. Na hierdie navorsing weet ek dit is ’n noodsaaklike deel van die narratief pastoraal terapeutiese situasie. Die lewenskuns van fyn luister, met dissipline en met gespanne verwagting sowel as opregte belangstelling is verseker noodsaaklik. Maar daar kom ’n oomblik in die terapie waar die stil man nie langer mag swyg nie. As hy, die pastor, die stilte verbreek, is dit nie tyd vir teoretiseer en onderrig nie, hoegenaamd nie, maar tyd vir vertel. Tyd om die kompliment van ’n aangehoorde storie te beantwoord met ’n vertelde storie. Van ’n deurleefde storie en ’n oop storie. Dit kan maar ’n storie uit die Groot Storieboek wees, of ’n storie uit eie lewenservaring of ’n fabel of ’n legende, ’n gedig of ’n kinderverhaal, maak nie saak nie, maar die integriteit van die pastor in die vertelling is op die spel. Hierdie gespreksgenoot het nie ’n voorgeskrewe teks nie. As sy verhaal van binne af kom, as dit uit die hart is, is dit ’n skepping van sy siel, sal sy mede akteurs dit beslis aanvoel. As dit net ’n klakkelose herhaling van iemand anders se woorde en ervarings is, sal hulle deur hom sien. Sy verhaal sal nie tref as die snaar nie eers tot teen die hart gespan was nie. In egte narratiewe pastoraat gaan dit nie om verstandelike uitruiling van intellektuele teorieë nie, maar om ’n verhaal, en nog een en nog een, waarin die skrikwekkendheid van die dilemma, duidelik onder woorde gebring word. Dit is hier, tydens vertel, waar die moontlikhede en herinneringe

aan uitkomstes, onder ander tye, plekke en omstandighede, ook helder voor die gees geroep kan word.

My medenavorser pastors het hulle onderskei in die inspanninglose manier waarop hulle vertel en gedeel het. Hulle is vertellers.

## 2.3 DROMERS

Wat baie opvallend was is die feit dat daar ’n oplewing in al die gesprekke voorgekom het toe daar na die persoon en lewe van die pastor self uitgevra is. Aanvanklik meestal verbasing, kan dit wees dat my eie belange, lewensdrome en verwagtings van belang is, ook vir ander, buite my privaat gesinskring? Maar feit van die saak is, dit is belangrik, ook vir hierdie studie, om te weet dat pastors ook dromers en verbeeldenaars is. Om te weet dat die vermoë om die toekoms positief en lekker en vol moontlikhede voor te stel, selfs in ’n doodgewoon aardse sin van die woord, ook die deel van pastors is. Enkele was skaam daaroor, so asof dit nie presies lekker pas nie, so asof pastors met ‘verhewe dinge’ besig moet wees. Wanneer ons dan hieroor gesels het, was daar ’n toename in entoesiasme, ’n versnelling in die vertelling, daar was ’n toename in die onthullings en die vuur van lewe het hoog in hulle oë gebrand. Vir my is dit noodsaaklik om te besef dat pastors nie alleen in terme van die toekoms dink oor die hiernamaals nie, maar aards, menslik eiesoortig, hier. Die toekomsstories van die spreekkamer is dikwels baie aards en baie prakties en dit is belangrik om in hierdie stories te kan assosieer met iemand wat ook net ’n mens is, wat verstaan dat daar dinge soos drome is, ook spesifiek vir hier. Om te deel met iemand wat al gelag het, al verloor het, al geval het of siek was, wat al gebid het, en wat droom. Droomstories kan tog nie tussen nie-dromers uitgedink word nie!

## 2.4 EIE STORIES TEENOOR SPREEKKAMERSTORIES

Eie lewenservaring en eerlike refleksie op nederlaag, pyn en oorwinning speel ’n krities belangrike rol in die pastor se lewe. Die pastor moet ten minste hoop vir homself hê, voor daar integriteitvol oor hoop gesels kan word.

**Kanarieman:** Ek het dit as ’n uitdaging gesien dat selfs ek,… dat die Here iemand soos ek kan gebruik. Later… jy weet ek is deur ’n egskeiding, het baie ouens gewonder of ek weer geskik sal wees vir die bediening. En ja, my eie storie is ’n storie van hoop en van genade. Daarom is ek in die spreekkamer meer oop daarvoor omdat ’n mens weet wat se pad jy al self geloop het. As daar vir my, Kanarieman, hoop is en ’n nuwe verhaal moontlik was, sê ek net dan is daar vir elke ander ou ook die moontlikheid van ’n nuwe verhaal.

Dit is duidelik dat die lewensomstandighede, die grootword, selfbeeld, ervarings, intellek, belangstellings, kennis, ja, die totale pakket van die terapeut se self op die spel is in terapie. Hy of sy kom met hulle eie identiteit, hulle eie leefwêreld in die terapie in. Twee leefwêrelde ontmoet mekaar in terapie. Om te illustreer hoe dit na vore kom, en hoe hierdie belang onderliggend teenwoordig is, het ek die terapeute na hulle eie drome uitgevra. Baie eg menslike en aardse drome het na vore gekom.

**Kanarieman**: Ek boer vir die afgelope 23 jaar met rooi kanaries. Een van my drome was om seker skaars nuwe mutasies te teel. Ek lees boeke en kyk op die Internet en stel belang daarin. ’n Paar jaar gelede was ek bevoorreg om sekere mutasies te teel wat nog nooit in die wêreld geteel is nie. Dit was lekker om so ’n droom waar te maak. Nog ’n droom is dat ek eendag by die see wil gaan bly. Ek wil ook skryf. Boeke skryf.

Dit was ook ’n droom van my om te studeer. Ek swot al vir sewentien jaar na skool en ek dink my ou skoolhoof wat al oorlede is, sou trots wees op my om te sien wat ek bereik het in die lewe.

**Wêreldstapper**: Ja, ek het baie drome. Baie daarvan is materialisties. Maar ek het ook drome vir die gemeente se gesins- en familie-bediening. Ons is ’n mooi span mense bymekaar wat die droom deel, dat die gemeente as ’n familie opgebou kan word. Ek het ook die droom dat die uitreikbediening sal groei.

**Wêreldstapper**: Vir my eie gesinslewe het ek ook 'n aantal drome. Dat ek en Elsa* Europa met rugsakke sal stap. Soos baie jonges dit doen. Dat ons as afgetredenes dit sáám sal doen. Dat ons na liggaam en verstand gesond sal wees. Dat ek gou kan aftree sodat ek en Elsa* baie tyd bymekaar kan deurbring. Vir my kinders… ek wil nie graag namens my kinders droom nie. Hulle moet vir hulleself droom! Ek bedoel dat ek nie droom oor hoe hulle gelukkig getroud is en kinders het nie. Hulle mag hulle eie drome droom. Ek droom dat hulle gelukkig is, en dat hulle vryheid ervaar.

Joekie: Het jy persoonlike drome?

**Stadsleeu**: Ek wil nog 'n bietjie skryf. Ek wil akademie skryf. Weet jy wat? Ek wil nog 'n paar kinderboeke skryf.

Joekie: Is daar goed wat jy nog wil doen?

**Stadsleeu**: Daar is sekere goed wat ek beleef het wat ek graag met my gesin sal wil deel. Dit sal vir my seker die lekkerste ding op aarde wees om saam met hulle in die Noorde van Italië te toer. Toskane, daardie deel… Dis aards, dis ontsaglik mooi. (bepeinsing) Uiteindelik, wat is die goed wat saak maak? Wat is die 'fibre' van my lewe? Akademie is vir my lekker, maar om saam met my seuns langs die vuur te sit en goeie rooiwyn te drink, om saam met hulle in die veld te stap… [dis die lewe].

Toe ons uit die studeerkamer uitstap, wys hy my 'n boekrak wat netjies in die klein 'ingangsportaal' van die studeerkamer gebou is. "Sien jy hierdie twee hande, hulle het self hierdie rak gebou. Ek sê vir Elsa: Ek is so trots op hom ek is amper skaam van die trots."

Die pastors het hulle toekoms verbeeld binne die konteks van hulle eie mense. Die verwagting dat daar in die toekoms kwaliteit tyd saam met hulle gesinne, huweliksmaats deurgebring sal word. Dit openbaar 'n eg menslike dimensie by die pastor, dat sy diepste verwagtinge van hierdie tydelike lewe nou verweef is saam met sy gesinslede en iemand vir wie hy of sy lief is. Skryf

as ’n skeppende aktiwiteit is hoog op die prioriteitslys, sowel as reis, en die vervulling van ’n skeppende stukkie handewerk blyk uit Stadsleeu se boekrak.

## 2.5 INTEGRASIE EN HEELHEID

Die pastor sit daagliks met en leef in die teenwoordigheid van die paradoksale. In sy dagprogram wissel ’n gelukwensing met ’n geboorte en blydskap oor ’n goue bruilofsherdenking mekaar af met ’n begrafnis, troue of die onthulling van molestering. Dit kan dikwels ’n mallemeule bestaan van bo-op die wolke en onder in die moeras wees. Ervarings van ingrypende belang speel mekaar om die uur af. In so ’n leefwyse is dit belangrik dat die pastor heelheid en integrasie ervaar. Hy moet in sy persoon in staat wees om die buitengewone, die bonatuurlike en die alledaagse voortdurend in verband met mekaar te bring. Dit eis heelheid, om die geestelike, mistieke en bonatuurlike dinge te integreer met die logiese, verstandelike en krities analitiese denke. Die eis tot identiteitsverwesenliking aan die lewe van die pastor is hoog. Ek dink dat die verbeelding hierin ’n baie groot rol speel, as tussenganger, as brug, as oordraer van absurd en vergesog na werklikheid, en wat genoem word feit. Verbeelding is verantwoordelik vir hierdie integreringsfunksie, en daarom val dit my op dat Des die volgende antwoord op my vraag gee.

Joekie: Het hy ooit doelbewus van verbeelding gebruik gemaak?

**Des**: Nee, ek dink dit was net deel van sy benadering.

## 2.6 OUERHUIS: HUIS VAN HERKOMS

Daar kom die mees basiese en diepste lewensvrae in terapie aan die orde. Die pastor moet groot duidelikheid hê oor sy eie diepste menswees. Die verhouding tot sy ouers, tot God, en tot ander moet helder voor sy gees staan. Die rede waarom dit belangrik is, is geleë in die feit dat mense hierdie vraagstukke van hulle eie lewe na die pastor sal bring. Dan sal dit ’n aanwins wees vir die terapie as die pastor se self uitgesorteer is, en hy sy energie kan bestee aan die luister en bepeinsing van die pastorant se worsteling, eerder

as om self in sy innerlike besig te wees om sy lewe uit te skud. Ouerbeelde het meermale in die gesprekke na vore getree.

**Kanarieman**: ’n Vrou wat vertel het van die polisie wat haar by die skool kom haal het. Sy was in standerd drie. “Kom, jy moet jou ouers kom uitken.” Sy het haar ma aan haar trouring en haar pa aan sy horlosie herken. …Sy het met daardie beelde grootgeword. Dis my ma en my pa.

By baie mense leef die gedagte aan ouers nie net vir hierdie lewe nie, maar ook vir die hiernamaals. Die dame van die gru verhaal van verminkte ouers sê vir Kanarieman: “Ek gaan weer my ouers sien”.

**Kanarieman** vertel: Ons het gesels oor haar ouers, oor wat sy van hulle onthou, en dikwels na die foto gekyk. Mooi herinneringe is opgeroep…

Die gedagte aan ’n ouerhuis as ’n plek van geborgenheid en grootword met soveel herinneringe speel nie net in die verhale van die terapie nie, maar ook in die gedagtewêreld van die terapeut af. Daar is voortdurend ’n geïntegreerde interaksie tussen die verteller se verhaal en die terapeut se eie ervarings uit sy ouerhuis. Ek onthou ’n kasset waarna ons MTh groep geluister het van Framo, waarin hy na binne reflekteer terwyl die pastorant vertel. Dit was een van die beste terapeutiese ervarings wat ek ooit beleef het. Vir die eerste keer het ek besef hóé hard die innerlike stem praat en vrae stel aan my eie lewe, terwyl die verteller aan die vertel is. By meerdere geleenthede verwys die pastors van my navorsing na hulle eie ouers of gesinne.

**Stadsleeu**: Dit kom uit my eie storie. Dit kom uit my huis uit. Ek kom uit ’n klassieke verbondshuis uit. Al my broers en my suster is diep gelowige mense. My Pa en Ma is diep gelowige mense Ernstige gelowiges en kerkmense. My twee broers het ook teologie geswot.

**Stadsleeu**: Op ’n stadium het ek gegaan vir persoonlike terapie. Ons het toe twee klein kindertjies gehad, en dit het ook vir my, vir my gesinslewe geweldig baie beteken. So ek het aan my eie lyf gevoel hoedat mense kan skuiwe

maak. Dit het 'n invloed… as ek by 'n ou gaan sit, het ek 'n verwagting. Mense bly nie dieselfde na terapie nie.

Dit baat 'n pastorale terapeut om die verhoudings van sy gesin van herkoms genuanseerd te bepeins. Om self verhale na vore te roep oor sy eie ouers, sy broers en susters. Om in uitsonderlike detail sy kinderjare en ontwikkelingsdae in herinnering te roep, en die omvang van die lief en leed in die oë te kyk.

## 2.7 UITVRAERS

Wanneer dit oor verbeeldingryke pastorale terapie gaan om die persoon van die pastor, gaan dit ook oor sy vermoë om vrae te vra wat verbeeldingryke stories genereer. "Pastoral counselors are, more than anything else, listeners to and interpreters of stories" (Gerkin 1984:26). Dis duidelik aan die vertellings wat ek aangehoor het by my gespreksgenote dat hulle van oop, uitnodigende vrae gebruik maak om verhale te kry. Hoe sou hulle hierdie onthullende verhale aangehoor het, meestal van swygendes weens die pyn, sonder om uit te vra? Sonder om betekenisvol en belangstellend uit te vra en dan te luister?

"To listen to stories with an effort to understand means to listen first as a stranger who does not yet fully know the language, the nuanced meanings of the other as his or her story is being told" (Gerkin 1984:27). My medenavorsers is luisteraars, hulle luister fyn, aandagtig en belangstellend.

## 2.8 BETROKKENHEID

Uit my navorsing blyk dat die pastors 'n terapie van betrokkenheid voorstaan. Verbeeldingryke pastoraat behels om in iemand se skoene in te klim. Die internasionale rugbysterre, speel nie vir elke wedstryd ewe hard nie. Wanneer dit om die eer van volk en vaderland gaan sê hulle: "We put our bodies on the line". Dan word dit 'n kontakspel, tot so 'n mate dat jy die volgende oggend dink 'n trein het jou getrap. Verbeeldingryke pastoraat vra ook uitnemende betrokkenheid en kontak, dit verg selfblootstelling en oorgawe.

Toeskouerskap en blote aanluister sal nie verhaalskepping optimaal tot sy reg laat kom nie. Méér is nodig. Pastorale betrokkenheid is nodig (vgl. Müller 2000:10 en Smith 2002:187).

Terapie noodsaak oorgawe en eis deursettingsvermoë van beide die pastor en die pastorant. Dit is billik om ’n onderlinge ooreenkoms aan te gaan wat van die veronderstelling uitgaan dat albei partye hulle verbind tot ’n groot onderneming, en dat daar vir mekaar gesê sal word dat terapie hoë eise aan beide partye sal stel.

**Des**: Hulle soek ’n kort antwoord, twee, drie sessies en alles moet reg wees. Wat hulle nie verstaan nie is dat die terapeut nie die een is wat veronderstel is om die werk te doen nie. Ek ken twee vrouens wat dieselfde as ek oorgekom het. Hulle weier om te gaan vir terapie, hulle bly wrakke.

Sonder verbintenis, lewer terapie nie resultate nie.

## 2.9 VERBEELDING IS VERWEEF MET HUL PREDIKANTSKAP

Michael White (2002:2-8) skryf uitvoerig oor “Therapeutic posture”. Waar pas die pastor se stories, sy eie ervarings in narratiewe terapie in? Hy stel dan vier moontlike opsies, tewete “centered and influential, centered and non-influential, de-centered and non-influential and de-centered and influential”. Hy maak ’n sterk saak uit dat die pastor ’n “de-centered and influential” rol behoort te speel. Ek stem heelhartig met hom saam. Verder gebruik hy ’n betekenisvolle en bruikbare metafoor om die aard van die pastor se betrokkenheid te beskryf. Dis ’n boubeeld, en ’n goeie beeld om narratiewe terapie te verduidelik. Die pastor moet die “scaffolding” (White 2002:7) bou vir die pastorant om op te klim. Hy moet dit deur vrae doen. “Scaffolding questions” bou die steierwerk al hoër soos die bouwerk vorder. Die pastor se verbeelding moet nie op die voorgrond wees nie, maar die van sy medegespreksgenoot. Sy verbeelding word ten seerste ingespan om vrae te vra. Die navorsing toon dat die pastor se verhale êrens in hierdie gebeure ook

’n rol het, maar dat dit altyd ’n ondergeskikte rol aan die verhale van die pastorant speel.

Die pastors in my navorsing praat nie van terapie los van hulle ander werk nie. As verbeelding in terapie ter sprake is, word sonder om ’n oog te knip na die prediking of kategese of breër werkskonteks verwys. Dit is die dood natuurlikste ding op die aarde om van die hele spektrum van predikantskap te praat, deurmekaar. Wat in gedagte gehou moet word, is dat my medenavorsers in staat is om baie goed te onderskei tussen die teologiese vakdissiplines, maar dat daar in terme van verbeelding ’n vervloeïng plaasvind. ’n Moeitelose oorskreiding van grense vind plaas.

**Wêreldstapper** sê: “Wat wel gebeur, is dat ek in die prediking baie maak van verbeelding. Kom ek noem vir jou ’n voorbeeld, van ’n spesifieke preek wat ek goed onthou. Ek het ’n bandopname gespeel van Martin Luther King se ‘droom’ toespraak. Dit was ’n jeugdiens. Ek het toe vir die kinders gevra: ‘Wat is jou eie droom? Wat is jou droom vir ons land en vir jou skool en vir jou ouers en vir jouself? Waaroor droom jy?’”

Joekie: Sien jy prentjies in die kop, en hoe gebruik jy dit in die prediking?

**Wêreldstapper**: “Beslis. Ek het voorstellings in my kop van die Kruisiging en van elke Bybelverhaal. Die illustrasies in die Kinderbybel en hoe die tannies van die Kinderkrans dit oorgedra het het hierdie voorstellings vir my vasgelê. Ek kan my nie losmaak daarvan nie. As ek hieroor dink, kom die prentjies in my kop. Ek het sulke voorstellings, en ek weet die mense voor my het ook prentjies in die kop. Openbaring, byvoorbeeld, is een stuk verbeelding in drama-vorm uitgedruk. Hierdie voorstellings bepaal my lewe.”

Joekie: Ek wil terugkom na die gedagte van prentjies in die kop wat jy teenoor mense kommunikeer. As jy die prentjie helder ‘sien’, kommunikeer jy dan duideliker?

**Wêreldstapper**: “O, beslis. Hoe duideliker ek dit beleef hoe meer oortuig is ek daarvan en hoe duideliker kommunikeer ek dit. Laat ek jou ’n voorbeeld gee.

Die pas afgelope Sondag het ek uit 1 Samuel gepreek oor Hanna se gebed. Hierdie teks word uit verskillende hoeke in die kommentare benader.” (Hy brei uit). “Die kategorie van verbeelding het hierdie teks vir my óóp gemaak. Christus hét opgestaan. Mense kán opstaan uit hulle inperking van gesinsgeweld.”

**Stadsleeu**: “… ek dink nie dit gaan dan vir my oor terapie alleen nie, maar oor my hele siening van predikantwees. En ek praat graag met jou hieroor… Ek hou baie van Paulus. En Paulus se konsep van om saam met Christus te sterf en saam met Christus op te staan en ’n nuwe lewe… in my gedagtewêreld,… in my eie verhaal is dit ’n geweldige sterk begrip. Ons het die liturgie in ons gemeente verander tot geweldige ontsteltenis van sommige lidmate.”

**Stadsleeu**: “As ’n ou geoefen raak om te preek, is daar ook intuïsie in die prediking. Kyk, ek kom uit die dogmatiek. Ek gebruik nogal baiekeer ilustrasies, vertel stories, bring die dinge na die mense toe op praktiese vlak. En dan moet jy nogal op ’n ander plek in jou kop dink. Jy kan nie net ’n klomp inligting na mense toe bring en dit vertel nie iets van die lewe nie.”

Teologie en God staan vir die pastors nie los van terapie nie. Dis vervleg en deurgaans teenwoordig in elk handeling.

## 2.10 DEKOR EN EMOSIE

Daar is in my navorsing herhaaldelik verwys na tyd, ruimte en plek. Om standvastigheid onder ons voete te hê en deeglik te oriënteer het ons plek, ruimte en tyd nodig. Verhaalskepping in die narratiewe situasie vind nie onder enige omstandighede plaas nie. Dit is ’n brose aangeleentheid. Dis ’n gewyde en geheiligde aangeleentheid. Dit vind in die teenwoordigheid van die Almagtige plaas. Dit behels ’n ontboeseming van die hart en die blootlê van die siel, nie net die hart en siel van die pastorant nie, maar ook die hart en siel van die pastor. Uit die navorsing blyk dat die plek bevorderlik of inhiberend kan wees vir verhaalskepping. Ons het reuke, geure en geluide nodig wat ons op ons gemak stel en in staat stel om ons siel bloot te lê. Opvallend uit my

gesprekke is die keurigheid en sorg wat pastors neem om die ruimte waar die pastorale terapie plaasvind natuurlik, stylvol en warm te maak. Daar hang skilderye, daar is matte en gemaklike stoele, daar skyn natuurlike lig in. Dit is ver verwyderd van die kliniese vertrek waar gevangenes ondervra word. Ek is oortuig my medenavorsers het nie êrens geleer om hulle plekke van gesprek verbruikersvriendelik te maak nie, maar het veel eerder die intuïtiewe aanvoeling van atmosfeer en warmte gebruik om hulle vertrekke in te rig.

Des verwys na haar negatiewe ervaring in terapie toe die vertrek en plek en atmosfeer al reeds die onvermoë van die terapeut gekomunikeer het.

**Des**: "Ek onthou so een kaartmannetjie by wie ek was. Die plek was verskriklik netjies. Op die blink lessenaar was 'n glas potjie met net een geel baberton daisie in. Die seil stoeltjie was so 'flimsy' dat ek bang was ek sit deur die ding! Ek sit toe so op die puntjie." Sy vertel verder dat hierdie terapeutiese sessie vir haar totaal onbevredigend was.

Nie alle pastorale terapie uit my navorsing het in pastors se studeerkamers afgespeel nie. Uit die navorsing is daar heelwat verwysings na begrafplase. Onder sulke buitengewone omstandighede is ons indrukke en emosies en ervarings skerp ingeëts op ons verbeelding. Hoe goed onthou ek nie self die wit kissie van die eenjarige wat nie genoeg gewig gehad het om die bande van die apparaat op die graf na onder te laat sak nie. Hoe die jong pa in die graf ingespring het, die kissie geneem en op die bodem van die graf neergesit het nie. Begrafplase, blyk dit, is 'n vreemde maar goeie plek vir terapie.

**Kanarieman**: "By geleentheid het ek gevra dat ons saam begrafplaas toe gaan. [ons het] … gaan sit langs die graf en gesels."

Kanarieman: "Ek onthou hoeveel foto's ek gesien het van begrafnisse in my ouers se foto-album. By die ondernemer, by die kerk, by die graf. Dis alles prentjies wat aanmekaar gelas word om sin te maak van hierdie seer. Ek onthou my pa het gesê dis deel van die manier waarop ons die dood verwerk. Dis hoekom ons die begrafnisse afneem. Later, in gesprek, vra ons: onthou jy

hoe ons die kis opgetel het, dis deel van die skoonmaak, die rustig raak, die ritueel om die dood te verwerk en nuwe hoop te gee."

**Des**: "Die begrafnis was verskriklik. 'Flashback' het dáár, dáár by die begrafnis begin. Die een wat my 'secret' gedeel het was dood. Dit het in die graf in gegaan. My hoop was weg."

**Des**: "Daar is 'n boom in Pretoria-Oos begrafplaas. Ek het baie onder daardie boom gesit."

Plek is van die uiterste belang in pastorale terapie.

(Grant 2001:101) skryf oor die brein wat baie suurstof nodig het om ons lewens te verbeel. Hy sê: "When we catch our breath in the sacred space, our brains are fueled for the work of reuniting our disparate pieces in a unifying narrative." Dis 'n plek waar ons na ons asems mag snak.

En inderdaad, ons snak na ons asems. Dit is 'n ruimte waar 'tissues' en water en blomme aangehou kan word. Waar musiek sag kan speel, waar lig en 'n skildery 'n bydrae kan lewer.

**Des**: "Plek en atmosfeer help om emosie aan te wakker, 'n mens kan regtig nie 'n gewyde oomblik in Menlyn hê aan die einde van die maand nie!"

# 3 SITUASIE ANALISE

Navorsing toon dat daar in die ruimte tussen die argief en die kunsgalery 'n atmosfeer hang. Drie dinge is uitgewys as die primêre oorsake, naamlik stomheid, verskillende taalwêrelde en 'n smal werklikheidsbeskouïng. Hoe kan Mej Verbeelding moontlik help?

Terapie is 'n drama wat handel oor verskeie probleme. Dit blyk dat die probleestories binne die konteks van probleme afspeel. Die Engelse taal het 'n mooi uitdrukking in die volgende uitspraak. "Don't add insult to injury." Dit is van toepassing op terapie. Iemand met 'n probleem, kom na 'n potensieel problematiese situasie. Die narratiewe benadering fokus nie op probleme nie, maar is nie blind vir die inherente probleme van die terapeutiese situasie nie.

Pastoraat vind meestal plaas nadat iemand gekom het by die punt in sy lewe waar hy of sy voel dat hulle hanteringsmeganismes, en raad van familie en vriende nie meer genoeg is nie. So ’n persoon gaan ‘hulp soek’ by die pastor. Die verwagting is dat hy of sy miskien raad en hulp het wat sal help. Maar onmiddelik word ’n wêreld betree met sy eie dilemmas. Aan die hand van my gesprekke met medenavorsers, lig ek drie van die prominente dilemmas van pastorale terapie uit. Drie hindernisse wat in die weg van verbeeldingryke pastorale terapie staan, naamlik stilswye, verskillende taalwêrelde en ’n rigiede werklikheidsbeskouing.

## 3.1 STOMHEID

**Des**: “Dis verskriklik as jou pyn so groot geword het dat jy nie kan praat nie.”

Müller (1996:115) praat van ’n verduisterde toekomsverhaal. Daar ontsaan ’n groot uitsigloosheid en die mens in terapie sukkel om verder as die nou, die pyn, die hopeloosheid van die situasie te dink. Daar is vasgeloopte verhale, wat net nie wil koers kry nie, wat by ’n T-aansluiting gekom het en nie herwaats of derwaarts weet nie. Daar ontstaan sprakeloosheid by die pastorant as gevolg van seer. Iets wat duidelik uitkristaliseer tydens die gesprekke is die pynlike en selfs moontlik spanningsvolle stilswye wat tydens ’n pastoraal terapeutiese gesprek kan opduik. Nie net kan opduik nie, maar eerder in die meerderheid van gevalle voorkom. Pyn het die geneigdheid om mense se monde te snoer. Om hulle sprakeloos te laat. Die stilswye kom nie net voor by mense wat van nature moeilik praat nie, maar ook by mense wat normaalweg baie spraaksaam is en goed kan kommunikeer. Die pyn lê jou die swye op. Die toekomsstories is min, die vasgeloopte stories geniet voorrang.

**Kanarieman**: “… soms kom mense met verwronge prentjies. Soms is dit ’n prentjie in ’n doodloopstraat, en dit verduister jou hele toekomsverhaal.” Hierdie gevoel van moedeloosheid word onder woorde gebring. “They communicate it with phrases such as: “That’s impossible.” “That will never work.” “I can’t do that.” “I don’t know where to go from here.” “There is nothing

else to do." They are blind to the many possibilities inherent in their situation" (Stone 2001:49).

Daar heers 'n probleemdeurdrenktheid wat die stomheid en sprakeloosheid veroorsaak.

**Stadsleeu**: "Ja, soms maak mense die probleme groter as wat dit is. Laat ek beeld gebruik van 'n swart kolletjie op 'n stuk wit papier. Drup water daarop en die klein kolletjie word 'n groot inkklad. My ervaring is dat mense binne terapie gefikseer is op die probleem. Des vertel ook van die belewenis wat sy op 'n stadium gehad het dat haar probleem haar hele dag, haar hele lewe oorheers het, totdat sy tot die insig gekom het dat dit net 'n deel van haar lewe is."

Dit blyk dat dit weens die impak van die pyn selfs moeilik is om oor die verlede te gesels, maar dis duidelik dat dit selfs nóg moeiliker is om oor die toekoms te praat.

**Stadsleeu**: "… oor die toekoms praat hulle nie sommer in duidelike taal nie. Miskien is dit 'n leemte in my eie terapie dat ek te min self met hulle praat oor die toekoms."

**Stadsleeu**: "In individuele terapie kom die toekoms gereeld na vore. Soos met depressie. Maar dan veral in terme van 'ek sien nie 'n toekoms nie.' Ek het eintlik baie meer die belewenis dat mense sê 'ek het nie 'n toekoms nie' alhoewel… ek dink ek jok ook… dikwels kry jy tog dat mense voel daar is 'n toekoms."

**Stadsleeu**: " Sy wil nie met my praat oor die toekoms nie. Sy sal veel eerder sê, ek sien nie meer kans nie, ek kan nie meer nie… Maar ek dink dis my taak, om dit die heeltyd lewend te hou ……….daar is 'n toekoms. Ek sê dit ook vir 'n ou. Ek gaan baie keer 'n kontrak aan met mense, dat as ons nie iets beters saam kan skep nie, dan laat ons hierdie huwelik selfmoord pleeg. Ons moet iets beter…"

**Des**: "Jy verloor jou fokus op die toekoms. As jy in die rioolsloot is, dink jy nie nog aan oormôre nie, jy's net besig om in die riool rond te swem."

Omdat dit so moeilik is om oor die toekoms te praat, behoort die pastor die een te wees wat die toekomsgesprek op dreef te kry. Die vraag is net of hy self geoefen is aan toekomsdenke, aan visualisering. Verstaan die pastor sy rol as iemand met 'n duidelike toekomsvisie, iemand met 'n profetiese uitkyk?

**Des**: "Die terapeut moet vir jou 'n toekoms uitwys… maar jy moet bereid wees om te werk."

Joekie: Hoe duidelik sien jy op die oomblik jou toekoms?

**Des**: "Nie baie duidelik nie, maar dis as gevolg van omstandighede, jy weet. Dit sal verander, dis 'n tydelike ding, dit sál regkom…"

Ek wil hier net die probleem van stilswye uitwys, soos dit in my navorsing na vore getree het. Of dit, en hoe dit aangespreek kan word, sal ek later aan die orde stel.

Wat ten nouste met die stomheid verband hou, is pyn.

### VERBEELDING EN PYN

Pyn is 'n verskynsel, soos blyk uit die stories, wat diep sny en letsels laat. Pyn is pynlik, en dit roep om verbeelding. Hoe groter die pyn, hoe meer desperaat en verbeeldingryk word gesoek na uitkomstes. Pyn is noodsaaklik in die proses van hoopvorming. Sonder diep letsels en seer houe kan daar nie sprake van egte hoop en verwagting wees nie. Verlies en pyn is 'n wesenlike deel van ons bestaan. As individue, maar ook gesamentlik, in die gesin, skool, kerk, volk, is daar van tyd tot tyd diepgaande pyn wat hanteer en verwerk moet word. "We have learned that letting go is fundamental to moving on. But we have yet to learn in any way about grief as public practice, about loss as a societal issue" (Brueggemann 1986:33). Dit is duidelik uit die Bybel dat ware hoop en verwagting en droom, aléén moontlik is deur 'n proses van pyn, verlies en teleurstelling. Hierdie pyn moet onder woorde kom, moet verwoord word en meegedeel word. "The grief of Jeremiah and of God permit newness, for newness comes out of grief articulated and embraced"(Brueggemann

1986:131).

## 3.2 VERSKILLENDE TAALWÊRELDE

Maak akademie verbeelding dood?

**Stadsleeu**: "Weet jy wat het die skryf van 'n proefskrif en volgehoue akademiese formulering aan my gedoen? Dit het my verbeelding gesteel. Ek het altyd vir my kinders sulke stories vertel. En sonder om snaaks te wees party van daai stories was vrek goeie stories gewees… Dan sit ons daar in die wildtuin… dan vertel ek hulle… van die drie Marraboes, Flou, Skrou en Berou ... (lag) ...môreaand dan vertel ons nog een.

Maar… (ernstig)… ek het dit verlóór(klem)… (verlies). En ek is regtig baie bekommerd daaroor. Ek wonder of dit te doen het … Ek dink dit het te doen ... met die dissipline, van die akademiese taal. Ek kan my ook verbeel, ek … maar die digteres Lina Spies… ons was goeie vriende gewees op Stellenbosch 'n paar jaar gelede, Lina het gesê toe sy nog 'n student was het Dirk Opperman vir haar gesê sy moet nie filosofie studeer nie. Moet nie filosofie leer nie, want dit maak die digter in jou dood! Daai abstrak teoretiese denke, neem die konkreet kreatiewe (denke). oor. Nou weet ek nie of ek 'n 'self fulfilling prophecy' hier op my trek nie, maar dit voel vir my partykeer so. …………..(stilte)."

Die gedagte het omgekeerd by Jung voorgekom, naamlik dat sy absoluut intense nadenke oor die onderbewuste, rondom 1913, hom so in beslag geneem het dat hy glad nie akademiese werk kon verteer nie. Vir drie jaar! (Jung 1961:194).

Gedurende 1913 maak hy 'n integriteitvolle beslissing. Hy was toe vir agt jaar verbonde as privaatdosent aan die universiteit van Basil. Hy skryf dat sy "preocupation with the images of the unconscious," hom totaal akademies lamgelê het. Hy bedank. "My experience (met die onderbewuste)… brought my intellektual activity to a standstill. After the completion of *The Psychology of the Unconscious*[1], I found myself utterly incapable of reading a scientific

book" (Jung 1961:218). Dit hou vir drie jaar aan, waarna hy weer behoorlik kan funksioneer. Gedurende hierdie drie jaar het hy baie belewenisse uit sy onderbewuste beleef in die vorm van beelde en emosies. Hy het vanuit sy wese oor verbeelding gewerk, subjektief, maar skokkend en beskamend eerlik.

Dit is 'n boeiende en interessante navorsingsvraag wat hier aan die orde kom. Kan daar streng akademies, en tegelyk verbeeldingryk terapie gedoen word? Dit is soos twee kinders wat op dieselfde stoel wil sit. Het dit jou al oorgekom tydens 'musical chairs' dat iemand op jou skoot of jy op iemand anders s'n beland? Daar is plek vir net een. Dit wil lyk uit Stadsleeu se bydrae asof dit óf die een, óf die ander is wat voorrang geniet, maar nie beide gelyk nie. "Dit is tipies van kreatiwiteit dat dit juis na vore kom wanneer die bewustelike oordeel plek maak vir naïwiteit, spelerigheid en kinderlike onskuld"(Müller 2000:65).

Dit gaan om taalwêrelde wat moeilik ontmoed. Die ontmoeting tussen gewone gebruikstaal en vaktaal lyk problematies. Die taal van die pastorant, en die van die terapeut, verskil radikaal. Wat anders moet 'n mens verwag na die lang jare wat pastorale terapeute met akademiese boeke besig is? **Kanarieman**: "Ek swot al sewentien jaar."

Die uitweg uit hierdie dilemma kan tog seker nie wees om pastors minder opleiding, minder blootstelling aan akademiese denke te gee nie? Daar moet eerder na 'n bewussyn gestreef word om beide die vaardighede van rede en verbeelding optimaal te benut en ontgin. 'n Balans is nodig, en my navorsing toon dat daar op die huidige oomblik voorrang verleen word aan die rede, met sy gepaard gaande voorkeur vir die logiese, die teoretiese.

**Wêreldstapper** :Ek stem daarmee saam dat streng, gedissiplineerde akademiese denke ons verbeelding aan bande lê.

**Kanarieman**: Akademie beperk beslis die verbeelding in omdat daar in baie situasies te veel klem op die koue, feitelike akademiese kant gelê word.

**Des**: Absoluut – you must conform – all clever people think that.

Stadsleeu maak 'n onderskeid tussen die woordwêreld en regte wêreld. **Stadsleeu**: "Ek word partykeer tot in my siel in moeg vir hierdie wêreld van woorde."

Die verlies aan kreatiwiteit en verbeelding blyk vir terapeute 'n groot probleem te wees. Hulle wil dit nog graag besit, maar hulle ervaring is dat die denke hulle verbeelding 'gesteel' het. Ek wonder wat Mej Verbeelding hieraan kan doen, en in die volgende hoofstuk sal ons aandag hieraan gee.

## 3.3 RIGIEDE WERKLIKHEIDSBESKOUING

Woordeboeke, en ook my gespreksgenote en die literatuur, bring telkens verbeelding en werklikheid in verband met mekaar. Ek herhaal enkele voorbeelde aan ter wille van die argument.

**Imagination**: the ability to form pictures or ideas in your mind; something that is caused only in your mind, and does not really exist or did not really happen.[2]

**Imagination**: the ability to create mental images or pictures; a thing experienced in the mind and not in reality; the ability to be creative and think of new and interesting ideas, methods.[3]

**fik'sie** (-s). **1** Denkbeeldige voorstelling; versindsel, verdigsel: *Dis sommer 'n fiksie.* **2** Romanliteratuur: *Ek verkies fiksie bo wetenskaplike prosa.* HAT

**feit** (-e). **1** Iets wat werklik plaasgevind het, wat vasstaan: *Onomstootlike, vasstaande feite. Deur feite gestaaf. Rekening hou met die feite. Jou standpunt op die feite baseer. Feit is dat … In feite,* in werklikheid, inderdaad. 'n Voldwonge feit, waaraan niks verander kan word nie. *Ware feit(e).* – deur sommige as toutologies beskou, maar as versterkingsvorm toelaatbaar. HAT

**feit'lik'heid** (feitlikhede). Werklikheid. HAT

**waar**[2] b.nw. en bw. Nie in stryd met die werklikheid nie; juis;eg: *Ware feite. Dit is regtig waar. 'n Ware verhaal. Iets waar bewys. Ware liefde, geloof.* HAT

**waar ag'tig** snw. (-e). eg. Wesenlik, betroubaar: *'n Waaragtige getuie, kunstenaar.* (Odendaal 1994)

**waar'heid** (waarhede). **1** Wat waar is; in ooreenstemming met die feite: *Die waarheid soek. Praat altyd die waarheid.* …… **2** Beginsel wat algemeen aanvaar word, as juis en waar: *Godsdienstige, ewige waarhede.* **waarheids'liefde.** HAT

**werk'lik** b.nw. en bw. **1** Wesenlik bestaande: *Die werklike posisie is glad anders. So 'n gedrog kan nie werklik wees nie. Dit is nie werklik botter nie; dit smaak net so. Hy is anders in die werklike lewe as op die silwerdoek.* **2** Regtig, inderdaad: *Dit is werklik so. Glo jy sy storie werklik? Ek weet werklik nie hoe sake staan nie. Sy het dit werklik waar weer gedoen. Werklik? Is dit so erg soos jy voorgee?* **werk'likheid.** HAT

**reg'tig** b.nw. en bw. Werklik waar; inderdaad; rêrig: *Is dit regtig waar? Ek glo jou regtig nie. Regtig? 'n Regtige huisie vir poppe. Dis regtig 'n skande. Hy was regtig ernstig siek. Hy is regtig lief vir sy vrou. Haar storie is regtig waar.* HAT

Die diskoers is dat werklikheid en waarheid ten nouste verband hou, terwyl verbeelding op die randjie van onwerklikheid beweeg. Is sy leuenagtig en 'n oogverblinder? Speel sy 'n spel om ons van die waarheid te weerhou?

My gespreksgenote worstel met 'n greep op die werklikheid. Die uitdrukking en gestalte van hierdie begrip in die alledaagse voertaal tussen 'gewone' mense is kompleks, om nie eers te praat van die filosofiese beredenering van hierdie woord nie. Dit blyk dat daar 'n spanning ontstaan indien die woord verbeelding naas werklikheid plek inneem. Dis asof die twee woorde mekaar nie kan uitstaan nie, mekaar uitsluit. Daar is plek vir óf die een, óf die ander. Let op die werklikheidsuitsprake van :

**Wêreldstapper**: "Maar baie maklik kry ek dat mense dan sê: 'Kom ons praat oor die werklikheid. Die feite. Nie die toekoms en drome nie, maar die werklikheid…' Hulle wil oor die probleme praat. Die nou. Die werklikheid!"

**Des**: "Ek moes vrede maak met die realiteit. As die beelde net 'n fantasie ontsnapping is, is dit niks werd nie. Die beelde het nooit die realiteit verander nie, maar ek kon die realiteit vasmaak, dat dit meer hanteerbaar was. Dit het

gehelp dat my probleme nie so op die voorgrond was nie, maar meer op die agtergrond.”

**Stadsleeu**: “Weet jy wat doen terapie? ….wat het my eie terapie vir my destyds beteken? Dit hou my voete op die grond. Dit keer dat teologie ’n ‘eary fairy’ abstrakte ding word. Jy weet daars soort van iets aards aan. Om te hoor van mense se konflik, hulle lewens. ….. Dit bring my ‘in touch’ met die regte lewe. Dit keer dat ek nie in hierdie abstrakte wêreld leef nie.“

**Wêreldstapper**: “Al vertel die werklikheid ’n ander storie, glo ek nogtans as gelowige dat Afrika ’n groot toekoms het. Ons hóéf nie vasgevang te word in vandag nie.”

**Stadsleeu**: “Ek dink dis wat terapie met my gedoen het. Om te sê, die lewe is konkreet. Lééf in die hede, lééf hier en nou. Ek word partykeer tot in my siel in moeg vir hierdie wêreld van woorde. Onlangs was ons in die wildtuin, ’n lieflike dag en ek was besig om ’n skaapboud in ’n potjie te braai, Die kinders speel buite onder die bome……. En toe dink ek ‘This is as good as it gets’. Dis die lewe.”

Uit hierdie uitsprake leef daar ’n kontras tussen:

- die regte lewe, en die wêreld van woorde.
- die feite, die realiteit, en ’n abstrakte wêreld.
- vandag (wat by implikasie sleg is) en eendag (wat by implikasie goed gaan wees).

Dit blyk dat die woorde werklikheid en verbeelding as twee verskillende wêrelde beleef word. Fantasie word verder as iets onwerklik beskou. Om die verhouding tussen werklikheid en verbeelding helderder te begryp, is dit nodig om ook die verhouding tussen verbeelding en fantsie te ontgin. Is die twee begrippe, verbeelding en fantasie aanvullend tot mekaar of weerspreek die een die ander? Dit is ’n interessante en boeiende vraag, en die antwoorde op hierdie vraag is uiteenlopend.

## 4 WALTER DIE WONDERMAN

Gedurende September 2003 gesels ek en ’n wyse vriend een aand lank en indringend. Hy is ’n deelnemer, ’n gryskop wat al ’n paar seisoene agter die rug het. Ons wou groter duidelikheid tussen ons skep oor die konsepte van werklikheid, verbeelding en fantasie. Ons wou ’n aanvoeling kry van hierdie woorde se verwantskap, hulle verbande en verskille. Toe vertel hy my van storietyd in sy laerskooldae. Juffrou het vertel dat Walter die wonderman sy voete op die maan sit. Dit was ’n sprokie, ’n fantasie. Dit was vergesog en onmoontlik, selfs effe belaglik. Later, in sy hoërskooljare het die nuusberigte vertel dat die Amerikaners iemand maan toe gaan stuur. Toe het dit verbeelding geword. Vrae het in ons skoolseuns en die hele wêreld se harte begin leef. Is dit moontlik? Is dit regtig net ’n sprokie? En toe, eendag, in Junie 1969, het Neil Armstrong sy voete op die maan gesit. Daar het iets in ons lewens verander op daardie dag. Dit wat onmoontlik was, ’n fantasie, het werklikheid geword. Van daardie dag af, sê my geleerde vriend, het ek nie so vinnig en maklik en duidelik en uitgesproke tussen fantasie, verbeelding en werklikheid onderskei nie.

## 5 AANSLAG OP DIE PROBLEEM LÊ IN ‘STORYING’

Indien die argument wat ek tot hier voer, water hou, en dit waar is dat pastorale terapie met drie groot uitdagings sit in die vorm van stomheid, verskillende taalwêrelde en ’n oorwegend smal werklikheidsbeskouing, bly die vraag onbeantwoord wat daaromtrent gedoen kan word. My voorstel is dat ’n aanslag op die problematiek gemaak kan word deur vertelling. In hoofstuk vyf sal ek indringend aandag hieraan gee.

## 6 METAFORE

“It would appear that the unconscious is not capable of working through logic and thus uses images which represent situations and feeling as a descriptive

language" (Francis 1995:55) Ons wil meer sê as waartoe ons in staat is, daarom gebruik ons metafore.

[Verbeelding se taal word]"… nie maklik ontsyfer nie, omdat die onbewuste homself nie altyd in 'n "rasionele taal" uitdruk nie. Veel eerder kommunikeer die onbewuste by wyse van metafore, simbole of beelde" (Maree 1997:40).

My medenavorsers sê onder andere oor metafore :

**Kanarieman**: "Metafore, dink ek is een van die beste hulpmiddels in terapie."

**Kanarieman**: "As Oom die skippie sien, dink aan my."

**Kanarieman**: "Toe dink ek …. Maar daar is ander metafore in die Bybel …. Metafore dink ek ons kan baie goed gebruik in die praktiese teologie."

Terwyl ek groet, verwys Stadsleeu amper terloops na 'n geraamde portret teen die muur van die man met die tas.

**Stadsleeu**: "As mense hier inkom, sê ek vir hulle: "jy is op reis, jy het begasie, kom ons kyk daarna. Hier kan jy maar uitpak."

In die terapeutiese situasie is dit nie alleen die pastorant wat verbeeldingryk praat en dink nie, maar die pastor staan voor die uitdaging om profeties en metafories te praat. Martin (1994) verwys na die taak om die sonde in mense se lewens by wyse van metafore aan die orde te stel.

> *… the prophet must speak metaphorically but concretely about the real deathliness that hovers over us and gnaws within us …*
>
> *Martin*

> **Me-ta-foor'** (metafore). Oordraagtelike, figuurlike uitdrukking wat op 'n vergelyking, ooreenkoms berus, die beeld in die plek van die eintlike voorstelling plaas, of die ooreenkoms tussen twee vergeleke voorwerpe suggereer; gebruik van 'n woord in 'n ongewone betekenis op grond van 'n vergelyking: *In die volgende uitdrukkings*

> *kom metafore voor – 'n hart van klip, die oseaan van die lewe, 'n wil van staal, die skip van die woestyn* (kameel).. HAT

Polkinghorne (1998:23) skryf: "A metaphor is a literary device by which one speaks of one entity in terms of another".In terapie word daar dikwels voor lewensomstandighede te staan gekom wat moeilik onder woorde gebring kan word. In die tastende soeke, soos 'n blinde op weg, help die metafore dalk net om 'n rigtingwyser vas te stel. "Die gebruik van metafore kan die ontwykende betekenis toeganklik maak" (Müller & Maritz 1998:67).

Metafore se betekenis is oop, en daarom is daar geen waarborg dat die spreker en hoorder mekaar noodwendig baie duidelik verstaan nie. Waartoe metafore baie bydra, is dat daar dan vrae gevra word ter toeligting, en dit bevorder vertel van verhale. Dit dra geen vaste betekenis nie en is oop vir interpretasie. "Metafore het nie 'n vaste betekenis nie en die uitwerking daarvan kan nie voorspel word nie" (Louw & Müller 2002:343). Metafore dra meervoudige betekenis en is soms 'n koepelterm of idee wat 'n geweldige hoeveelheid betekenisse kan huisves. Nie alleen gaan dit om 'n veelheid van moontlikhede nie, maar verseker ook vir induviduele interpretasie opsies.

"Die unieke ervaring van mense, waarvan die betekenis altyd gedeeltelik ontwykend is, kom tot uitdrukking in metafore" (Louw & Müller 2002:343).

Die unieke en ontwykende aard skep 'n aangename spanning. Daar bly 'n stuk opwinding gekoppel aan die onbekende en nie-ontdekte lewensterreine.

> *:[Metaphor], It gives colour to speech, it provides a garment to cover the nudity of common usage.*
>
> *Ricoeur*

Ricoeur (1981:181) skryf: "the function of metaphor is to transpose the meanings of ordinary language by way of unusual uses"

Wat belangrik is, is om te let op die feit dat metafoor aangewend is om

taal "more pleasant" en "decorative" te maak. Dit is Ricoeur (1991:130) wat sê: "It gives colour to speech, it provides a garment to cover the nudity of common usage".

# 7 SIMBOLE

> *And my intellect's hunger was sated only when I saw the single horse that the monks were leading by the halter. Only then did I truly know that my previous reasoning had brought me close to the truth. And so the ideas, which I was using earlier to imagine a horse I had not seen, were pure signs, as the hoofprints in the snow were signs of the idea of "horse"; and signs and the signs of signs are used only when we are lacking things. Umberto Eco, The Name of the Rose (van Huyssteen 1997:124).*

"In die tipering van dink as 'n vorm van weet word 'n sleutelfrase gebruik, naamlik dat dink die vorming van simboliese voorstelling behels. 'n Eerste vraag is: Wat is 'n simboliese voorstelling? Die wesensaard van simboliese voorstelling word goed genoeg weergegee met die alledaagse uitdrukking: "Om iets in die 'geestesoog' te sien" (Jordaan en Jordaan 1990:411).

Bykans sonder uitsondering verwys mense na 'prentjies in die kop' wanneer hulle oor verbeelding praat. Dis hierdie konsep wat so belangrik is om in ag te neem as ons verbeelding beter wil leer ken.

Die HAT woordeboek sê :

> **Sim-bool'** (simbole). **1** Voorwerp, woord, teken, ens. As voorstelling van 'n bepaalde begrip; sinnebeeld: *Die kruis as simbool van die Christendom, die halwe maan van die Islam, die hamer en die sekel vir die kommunisme*. **2** (*chemie*). Letter of lettergreep wat 'n element

voorstel, bv. O vir suurstof. **3** (*wisk*.). Teken wat 'n wiskundige begrip voorstel of 'n bewerking aandui.

"*Simbolies* verwys na die feit dat die fisiese buitewêreld van mense, dinge en gebeurtenisse gelaai is met sosiaal gestandaardiseerde betekenisse wat onder andere deur taal gekommunikeer word" (Jordaan en Jordaan1990:690).

Die aard van simbole:

Jordaan en Jordaan (1990:690) gee drie eienskappe van simbole. Ek gee 'n baie verkorte weergawe daarvan.

- Simbole is verteenwoordigend van iets anders. Dit verrig 'n plaasvervangende funksie vir konkrete sake en abstrakte idees.
- Kan vrylik geskep word. Simbole is dus nie akkurate weergawes van die werklikheid nie.
- Simbole word kultureel deurgegee. Simbole kom dus op intersubjektiewe wyse tot stand. (Vgl Jordaan en Jordaan 1990:412).

"In menslike denke is drie tipes *simbolestelsels* ter sprake, nl. beelde, begrippe en taal. Dit vorm dan die komponente van simboliese voorstelling of anders gesê: Beelde, begrippe en taal is die mens se simboliese 'dinktoerusting'" (Jordaan en Jordaan 1990:412).

Dieselfde woord kan as simbool, as metafoor, letterlik of selfs idiomaties gebruik word. Ek neem die woord kruis as voorbeeld. Dis primêr 'n simbool, en word as sulks oor die wêreld heen herken. Dit stel die Christendom voor, en sluit 'n mag der menigde betekenisse in wat met Golgata in verband gebring kan word. Die woord kruis kan ook gebruik word as ek dra my kruis. Verwysend na Christus op die lydensweg, swaarkry, lyding, gebuk onder sorge en probleme. Dan is dit 'n metafoor. "Ek dra my kruis. (soos Christus syne gedra het). 'n Mens kan vir iemand 'n pad beduie en sê daar waar Pretorius en Hilda strate kruis. Dis letterlik. En dan, "…swaarde kruis" Dis idiomaties. Om in 'n geskil, rusie of twis te verkeer. Die konteks en verband

waarin die woorde in een sin tot mekaar staan, en verder die konteks van die sin met die res van die sinne aangrensend, bepaal of ’n woord as simbool, as metafoor, letterlik of idiomaties gebruik word. Die pastorale terapeut moet hierdie fyn nuanseringe aanvoel, ontgin en benut vir verhaalontwikkeling.

> *Symbols are held in the subtle net of an image (Hillman 1979:175)*

Met simbole het ons te doen met gekompakteerde idees wat die brein in staat stel om onberekenbaar vinnig verbande te lê en gevolgtrekkings te maak. Namate mense ontwikkel en toeneem in kennis word daar verder in elke individu se kop ’n eiesoortige matriks van verbande gelê. Kruis, as simbool, sal vir een mens uiters beperkte insigte, idees en assosiasies na vore roep. Vir die naasvolgende persoon sal dit ’n wêreld ontsluit waaroor hy of sy vir dae kan uitbrei. Met simbole betree ons die wêreld van abstraksie by uitnemendheid. Die vermoë om te abstraheer het die mensdom se moontlikhede duisendvoudig verbreed. Die abstraksie word by wyse van beelde en simbole gedoen. Dit het al in die oertyd beter oorlewingsmeganismes geskep, want merke, en tekens, hoe eenvoudig ookal, het oorlog, jag en reis baie bevorder.

> With the emergence of symbols, humans developed the ability to “canalize” their energy into goals of increasing abstraction from the immediate aims of survival. Importantly, longer range community goals could be presented through the medium of symbols. The implications of this for the human position on the food chain should be apparent. Early symbols give rise to primitive language, myth, religion, philosophy, and eventually modern science as we experience it today with its enormous applicability (Swanson 1999:39).

Dit is ’n voortdurende en onophoudelike proses, wat steeds daagliks voortgaan. Al meer en meer simbole word gebruik om ons kommunikasie, lewenstempo en effektiwiteit te verhoog. Dink maar aan die effektiewe

simblestelsel van Microsoft, waarvan, tel ek so vinnig, daar net op die oomblik terwyl ek hier tik, een honderd en twaalf 'icons' oop is op my rekenaarskerm. Dit sou bladsye en bladsye se beskrywing in gewone woorde neem om hierdie ontsettende hoeveelheid opsies te kommunikeer. Die stelsel van simbole raak in ons dag ook steeds meer kompleks, omdat die een simbool met 'n 'click' jou onmiddelik toegang tot vele ander gee. As dit waar is op die redelik beperkte lewensterrein van woordverwerking en tik, hoeveel te meer is dit nie waar van ons psige se werking en die abstraksie van diep menslike problematiek nie?

Uit my ervaring as terapeut, sowel as die inligting uit die gesprekke met my medenavorsers, is dit duidelik dat die komplekse intriges en abstraksies van menslike emosies, bewussyn en ervarings, sowel as verwagtings, met metafore en simbole uitgedruk kan word. Ware metaforiese en simboliese ontginning in terapie, gee aanleiding tot verhaalskepping. Dit is in hierdie modus van vertel, waar verbeeldingryke narratiewe terapie haarself bevind.

## 7.1 VERBEELDING EN GOD

**Wêreldstapper**: Ons denke oor God noodsaak die gebruik van verbeelding, want God is meer as ons en ons werklikheid.

**Kanarieman**: Metafore speel 'n belangrike rol as dit gaan oor God. Die film *Bruce Almighty* beeld dit treffend uit.

*God is not a possibility within reality, but reality itself. To say yes to God is simply to trust reality; it is to acknowledge that reality is good*
*McFague*

**Des**: Omdat ons God nie kan sien nie, en ook nie kan begryp nie, moet ons ons verbeelding gebruik.

**Stadsleeu**: "Mense word nuutgemaak deur God. ….Ek is nie inherent 'n humanis nie. Ek dink nie aan mense in terme van die potensiaal wat hulle uit hulleself het nie, Ek dink aan hulle in terme van God se herskeppende werk in hulle."

University of Pretoria etd – Laas, J J (2004)

**Kanarieman**: “Dis ons werk as terapeute om op te let en te soek vir die stukkie goud of die diamant. Ek sê altyd dis die werk van die Heilige Gees. ’n Persoon vertel sy storie dat jy dit later van alle kante af ken, en eendag, net op ’n oomblik, is daar iets anders (die stukkie goud). Ek glo dis die Heilige Gees wat dit vir jou en my as terapeute uitwys. Dit kom baie keer spontaan. Jy as mede skrywer moet daarvoor oplet.”

### 7.1.1 GODSBEELDE

In enige pastorale terapie is die manier van praat oor God aan die orde. Hoe verwys ’n mens na Hom? Wat noem jy Hom? Watter beelde kom ter sprake?

**Kanarieman**: “Soos in die Bybel. God my Vader, God wat ’n hen is. En dadelik toe ek praat van ’n hen, met die kuikentjie wat so onder die vlerk uitloer en as daar seer en gevaar is kan hulle maar net weer onder die vlerk inkruip, die hartklop voel die warmte voel, toe was dit vir haar aanvaarbaar.”

> *… hopeless future stories imprison the future, when people feel trapped by life, their future stories lose power to open the way.*
>
> *Frankl*

“To use the name of God when client and therapist together are striving to understand and affirm sacred healing in a shared moment is an incredible privilege, one of the richest gifts this spiritual discipline offers …” (Grant 2001:202). In die proses van die benaming van God is verbeelding van baie groot belang, omdat God hoegenaamd nie simplisties of enkelvoudig of selfs geslote meervoudig genoem kan word nie. Die Bybel is ’n voorbeeld van hoe uiteenlopend en divers mense name vir God gee, en hoe uiteenlopend en veelsydig hulle ervarings van Hom is. Die gevaar bestaan dat God eensydig genoem en verstaan word. Hy kan byvoorbeeld so abstrak en onbereikbaar voorgestel word dat dit onmoontlik word om Hom te ken. Andersinds kan Hy as Regter, as Vader of as Moeder beleef word.

Ons is seksuele wesens met geslagtelikheid. Wanneer ons van ’n persoon praat, is dit geslagtelik. Ons het nie geslag-neutrale begrippe vir persone nie (Sien McFague 1998:98). Dit maak dit moeilik om God anders as geslagtelik voor te stel. God styg egter uit bo tyd, ruimte en geslagtelikheid.

“Wanneer daar aan God as vader of moeder gedink word, verwys die metafore tergelykertyd na God wat sorg, omgee, beskerm, sekuriteit verskaf, skeppend voortbring, voed en versorg. God as Vader-Moeder-God, verteenwoordig lewe en geborgenheid” (Smith 2002:155).

In “God is love, the many ways to say it” (McFague 2001:138) bespreek sy ’n aantal verskillende wyses waarop hierdie metafoor interpreteer kan word, onder andere dat dit gestalte kry deur Christus se immanensie, die monargiese model sowel as die dialogiese model.

Stone (1996) stel baie duidelik dat die feit dat ons na die Beeld van God geskape is, spesifiek drie dinge meebring, naamlik “freedom, community, and creativity”. Dit is die vermoë tot kreatiwiteit, wat ons noodsaak tot skepping, en dan meer spesifiek ook verhaalskepping.

### 7.1.2 VERBEELDING EN DIE BYBEL

**Des**: “Daar was byvoorbeeld nie ’n Bybel op sy lessenaar nie, maar sy kennis was goed. Hy was vir my ’n voorbeeld. Hy sou sê: “Ek bid vir jou,” en ek het geweet, hy hét.”

**Kanarieman**: “Ja … ek werk nogal baie in die spreekkamer met Romeine 8. God moet jou denke verander.”

> *…the historicity of human experience can be brought to language only as narrativity…*
>
> *Ricoeur*

**Wêreldstapper**: “Die Bybel speel uiteraard ’n belangrike rol in

Pastorale terapie, maar dan as ’n boek met verhale wat vir ons die toekoms oopmaak wanneer daardie ou verhale ook ons verhale word. Die Bybel is nie maar net ’n handboek met ’n teks vir elke probleem nie.”

**Kanarieman**: “Die Bybel speel beslis ’n belangrike rol in pastorale terapie omdat die meeste medenavorsers en kliente mede-gelowiges is wat die meeste van die tyd in ’n persoonlike verhouding met Jesus Cristus leef.”

**Des**: “Die Bybel behoort hier ’n baie belangrike rol te speel.”

God se teenwoordigheid, Sy skeppende en herskeppende inwerking in die drama kan op geen manier oorskat word nie. Die sogenaamde probleme soos opgenoem is stofspikkeltjieklein teenoor Sy teenwoordigheid en vermoë. Dit is hierdie wete of bewussyn wat aan pastorale terapie ’n baie unieke aard en karakter gee. Dit is ’n bewussyn van die krag van Sy Woord en Sy Gees. Die wete van God wat transformerend en anders en onverwags en bo-natuurlik kan optree. Die Bybel, en die God van die Bybel, staan in pastorale terapie ontsettend dinamies en aktief aan die werk, of die Bybel oop is of nie. Die probleemdeurdrenkte verhaal stem ooreen en kontrasteer tegelyk met talle en talle verhale uit die Groot Boek. Die Groot Storie, is soos die suurstof in die vertrek teenwoordig. Daar waar lewens geskeur lê, kom die God vraagstuk, en die sin van die lewe en dood vraagstukke, prominent of latent aan die orde. Maar dit is daar, en narratiewe terapie sit dan met ’n geleentheid om oor die boek met duisende moontlikhede, oor die God van onbeperkte potensiaal te praat. Dit is dan wanneer die verbeelding sy loop kan neem.

> *Human speech is like a cracked kettle on wich we tap crude rhythms for bears to dance to, while we long to make music that would melt the stars.*
>
> *Gustave Flaubert*

### 7.1.3 BEELDVERSADIGING

Maak ’n beeld-versadige wêreld ons verbeelding lewend of dood?

Jare gelede, en eeue gelede soveel te meer, het mense min beelde en simbole gesien. Die Boesmans het byvoorbeeld net enkele beelde en simbole gehad, en vandag is daar seker steeds mense op aarde wat aan baie min beelde en simbole blootgestel word. Dit is egter uitsonderlik. Die meeste van ons leef in ’n beeld-oorweldigde wêreld. Films, televisie, advertensieborde, padtekens, rekenaars, selfone, oral en nogmaals oral is dit net simbole en beelde en tekens waar jy kyk. Die vraag ontstaan of dit ons help om ons verbeelding te benut, en of dit ons verbeelding aan bande lê.

## 7.2 VERBEELDING EN KINDERS, KINDERDAE

**Wêreldstapper:** “Het jy die boekie van Deist, *‘Verhinder hulle nie’*? Dis ’n boekie oor kinders en hulle verbeelding. Van die seuntjie in die kaskar wat opskuif en op die punt van die nou bestuurdersitplek sit. As sy pa vra waarom hy so ongemaklik sit, sê die seuntjie: ’Omdat Jesus altyd by my is.’”

**Wêreldstapper**: “Kom ek vertel jou iets anderste. Ek het iets waargeneem met my eie kinders. Hulle leer so baie deur spel. ‘Wolf, Wolf, hoe laat is dit? Haas en hond. Dis ’n klomp spanning wat opbou. Hulle leer van gevaar, om te deel, van swaartekrag, van oriëntasie om deur dromme te kruip en in kartonne te klim. Spel en verbeelding is baie na aan mekaar. En dan moet hulle skool-toe gaan. Hulle is verskriklik opgewonde. Hulle slaap amper nie die nag voor die tyd nie. En dan leer hulle om stil te sit, vinger op die mond. Om te wag tot ek ’n geleentheid kry om te praat. Hulle leer van geformaliseerde tabelle. Binne dertig dae is hulle nie meer so gretig om skool toe te gaan nie. Die dogtertjies nog ’n bietjie, die seuntjies gladnie. Die dogtertjies wil graag hulle juffrou ‘please’. Verbeelding word aan bande gelê. Daar word beperkings gestel.”

**Wêreldstapper**: “Mense sukkel om hulle te verbeel. Ek dink dis omdat hulle nie van kleins af geleer word om hulle verbeelding te bevorder nie. Hulle word aan bande gelê. Daar word vir die kinders te veel grense gestel, van kleins af.

As hulle groot is, sukkel hulle om daardie grense te oorskry. Hulle sukkel om ’n ander werklikheid te sien.”

**Kanarieman**: “Dit is so dat kinder hulleself meer verbeel en tien teen een ook ’n hoër premie plaas op hoop as wat volwassenes doen. Kinders is meer opreg en naief en daarom kan hulle hulle makliker verbeel en oopstel daarvoor. In hierdie harde feitelike en onemosionele wêreld is daar min tyd en ruimte vir hoop asook verbeelding. Ek dink dit het beslis afgeneem in ons grootword proses.”

**Des**: “Dit is so dat kinders hulle makliker verbeel. Ons raak meer bewus van ‘wat die mense sal sê’ en van ons sogenaamde volwassenheid.”

Verbeelding en kindskap. Kinders verbeel hulle meer as volwassenes. Ons verbeelding raak swakker hoe ouer ons word. Ons vermoë tot verbeelding neem af.

**Wêreldstapper**: “Ek stem saam. Soos ons ouer word verbeel ons ons minder, want die grand narrative van ons westerse samelewing (aangedryf deur die kragte van ons westerse wetenskapsmetodes, materialisme en sekularisasie). het nie plek daarvoor nie. Daarom is dit vir my moeiliker om met ouer mense met verbeelding te werk. Hulle hou van reseppies en teksies.”

*… poor language can cripple the capacity to imagine (Psychotherapy Networker July August 2001).*

“Ferdinand de Saussure, Claude Levi-Strauss, Roland Barthes, and Paul Ricoeur have sought meaning in symbols and metaphors which are the stuff of language and the building blocks of stories” (Roth 1985:261).

## 7.3 VERBEELDING EN FANTASIE

“There is a vast difference between imagination and fancy. Imagination helps us penetrate reality and better understand it, while fancy helps us temporarily escape reality and better endure it” (Wiersbe 1994:26).[4]

Vos (1999:505) skryf: “Verbeelding is iets anders as fantasie. Fantasie is ’n ontvlugting van die werklikheid, terwyl verbeelding die werklikheid verruim en verryk. Verbeelding is soos ’n skilder wat appels geskilder het. As hy dit geskilder het, is dit nie appels nie, maar sukkulante kolle kleure en vorms wat aan die ruimte hang; wat in die verbygaan ook by ons as ‘appels’ registreer en volgende keer as ons ‘regte’ appels sien, dan kyk ons met ’n gewysigde verwagting daarna. Dit is verbeelding wat uit die sukkulante kolle kleure en vorms, appels laat groei en wat as ons appels sien, ons méér as appels laat sien.”

Op beeldryke en treffende wyse tref Vos hier ’n onderskeid tussen fantasie en verbeelding. Met die lees daarvan, voel ons duidelik ’n verskil aan tussen die twee woorde. Dit word nog meer beslis gestel deur die volgende skrywer.

Hierdie twee skrywers is dit eens dat daar ’n duidelike verskil tussen verbeelding en fantasie bestaan. Daar is ook ’n ander mening van die saak. Omdat albei begrippe met beelde en abstraksie te make het, meen sekere skrywers en van my gespreksgenote dat die twee woorde moeilik van mekaar onderskei kan word, byna soos ’n identiese tweeling.

“The traditional conception defines fantasy as combining imaginative symbols into a unified story. Fantasy and imagination are often considered synonymous” (Timpe 2002:449).

*[Fantasy] … is not an escape, it is not an entertainement, it is an attempt to come to terms with reality …it is a clarification*

*Alan Garner*

**Wêreldstapper**: [Bohren] “Hy gebruik die woord fantasie, en dis tog amper dieselfde as verbeelding. Jy weet, vertelling en fantasie is eintlik onlosmaaklik van mekaar. Sê nou maar Ek kan nie oor die eskatologie preek en van die toekoms vertel as ek nie kan fantaseer nie! Dan gee Bohren ’n

hele uiteensetting van die rol van verbeelding in die prediking, hoe belangrik dit is.Dit gaan oor prentjies in die kop wat jy kan sien."

*Imagine there's no heaven*

*It's easy if you try ….*

*Imagine all the people*

*Living life in peace …*

John Lennon ('Imagine').[5]

Veldsman (1993:52) wys op die dubbele betekenis wat hierdie woord in Lennon se lied weergee. Enersyds gebruik as 'n 'fantasie', (Imagine there's no heaven), en andersyds gebruik as 'n sosio-kulturele visie (Imagine all the people). Hy wys hiermee op die 'meervoudige betekenisnuanses' van verbeelding.

"Clear work in spelling out a theory of imagination has not yet occurred" (Neuman 1981:309). Veldsman (1993:54) skryf hierdie gebrek aan duidelike teorie toe aan die feit dat daar 'n geweldige veelvuldigheid bestaan ten opsigte van die teorië van die sielkunde, filosofie, letterkunde, kulturele antropologie, en simboliek oor verbeelding. Wat Ricoeur (1978:3-4) ingesien het, is "dat die probleme, dubbelsinnighede en kontradiksies met betrekking tot verbeelding, nie alleen maar 'n tekortkoming van teorie is nie, maar eie is aan die fenomeen van verbeelding self!" (Veldsman 1993:54).

Verbeelding laat haar nie maklik voorsê wie en hoe sy is nie. Dit lyk my dis eie aan haar aard om 'n meervoudige self te hê! As ons haar werk sien as 'n verryking van die lewe, dan is haar taak ook baie na aan die werk van fantasie.

"Fantasy is thus an enrichment of life, for even if dragons exist only in the otherworld, our lives in the primary world are richer and more beatiful simply through the imagining of them" (Swinfen 1984:6).[6]

Ten spyte van vasberade voorneme en volhardende pogings van akademici om verbeelding, fantasie en kreatiwiteit duidelik te omraam, pas die woorde net nie presies in 'n vas begrensde definisie nie. Ons sê van hulle hulle is amper so, of soos …

> The idea of creativity.. was seldom introduced with clear and precise definitions; for the most part, the writers were tentatively groping for a theoretical articulation of phenomena known to them from personal experience. Their formulations consequently were not phrased in terms of the emotionless objectivety of pure thought, but frequently remained metaphorical and circumscriptive, and often conveyed a mood of enthusiasm (Joas 1996:70).

Akter Ahsen, in samewerking met 'n redaksie van meer as vyftig PhD's het seker die naaste gekom tot 'n sinvolle versamelterm van woorde wat met beelde en beelding te doen het. *Mental imagery* vat die woorde saam, en word 'n sambreelterm vir aanverwante begrippe. "Since most image categories are found mixed together in a natural state of consciousness, any attempt to rigidly compartmentalize them… only creates artifactual effects, failure and questions …" (Ahsen 2001:2). Dit blyk dat die onderskeid tussen verbeelding en fantasie en droom nie alte duidelik is nie. Dit is woorde wat soos miswolke aangedryf word, soos rook ongrypbaar, soos water wat verbyvloei. Daarom is pogings om dit vas te beskryf uiteenlopend en verskillend.

# 8 ONTHOU

## 8.1 VERBEELDING SÊ: MOENIE VERGEET NIE!

Om goed te onthou is noodsaaklik. Allernoodsaaklik.

> *Gelowiges breek die toekoms oop deur die verlede in herrinnering te roep: God sal môre sorg soos Hy daardie keer in die woestyn gesorg het. God sal vir ons oormôre*

> *sorg soos Hy destyds vir ons gesorg het toe alles verlore was. (Naude 2000:4)*

In die neerdrukkende en verslawende aansprake van die heersende sosiale diskoerse op ons lewens, is dit gepas en bevrydend om te onthou. Die gebrokenheid wat hom elke dag aan ons opdwing deur ontoereikende sosiale instellings, reëls en vanselfsprekendhede, noodsaak mense om te onthou.

“The practice of memory permits articulation of new possibilities, for memory is the only alternative to absolutizing imperial claims” (Brueggemann 1986:131).

Hoe werk onthou? Die neuroloë kan deur hulle instrumente hoogstens aktiwiteit in ’n spesifieke gedeelte van die brein bespeur as daar onthou word. Hulle weet nie presies hoe dit gebeur nie. “The brain keeps impressions in language and images. These data, the experiences and impressions of the past, are however never recalled as a mixture of loose, unrelated images. In the process of remembering, it is always already ordered and interpreted. It is storied[7]. Imagining and storying happens before remembering. Remembering is the result of imagining, and therefore of accountability” (Müller 2003:12).

Wanneer die bydraes van die litterêre kritiek in aanmerking geneem word, tref ek ’n verband tussen onthou, vertel en geskiedskrywing. Die filosofie oor geskiedskrywing maak vir ons perspektiewe oop wat baie belangrik vir die pastoraat is. Kom ons sê die verteller in die spreekkamer is besig met die mondelinge skryf van ’n eie geskiedenis. (Ricoeur :1991:289), met verwysing na Collingwood …”stressed that historical knowledge was concerned with the reactivation of the past”. As ek ’n verband tussen pastorale vertelling en geskiedskrywing maak, berus dit op hierdie reaktifering van die verlede. Dit vind deur onthou plaas.

In ’n positiwistiese opvatting is die taak van geskiedskrywing “ to uncover the facts which are, as it were, buried in documents …” (Ricoeur :1991:289). Hy kom met die belangrike ontdekking dat “…there is more *fiction in history* than

the positivist conception of history admits". As my medenavorsers verwys na 'die feite', behels dit nasies 'n terugkrabbeling op 'n uitgediende epistemologie. Dit is nie 'n vreemde verskyndsel nie, want dit is steeds deel van die residue van positiwisme. Waarop ons egter moet ag slaan, is dat daar ontwikkeling plaasgevind het oor die hedendaagse interpretasie van gebeure. Mej Verbeelding het die aanpassing genoodsaak.

> *Against the positivist conception of the historical fact, more recent epistemology emphasises the 'imaginative reconstruction' which characterises the work of the historian (Ricoeur 1991:289).*

Die baie belangrike bydrae wat Ricoeur in hierdie verband maak is om oortuigend aan te toon dat " … all narratives make, in a certain sense, a referential claim" (Ricoeur 1991:289). Alles is geïnterpreteer, ook die sogenaamde aanvanklike "feite", is geïnterpreteerde feite. Deur die 'plot' word die 'feite' in 'n bepaalde volgorde gerangskik, en die volgorde veroorsaak weer 'n interpretasie. Sou die samestelling van die gegewens wysig, sal die betekenis ook radikaal anders wees.

## 8.2 OM IN DIE VERLEDE TE LEEF

Beteken helder onthou, om in die verlede te leef? Om die verlede te idealiseer? Om agtertoe te leef? Om die 'goeie ou dae' in herrinnering te roep? Ek wil hierop beslis en duidelik nee antwoord. Mense wat agtertoe leef het nie 'n toekoms nie. Die Prediker waarsku ook dat dit nie uit wysheid is dat iemand sê die ou dae was beter as nou nie (Pred 7:10). Dis uit pessimisme dat iemand die ou dae verhef. Selfs in die konsentrasiekampe van die tweede wêreldoorlog was dit allermins die tegniek om sin van die lewe te maak. Frankl skryf van sommige: "They preferred to close their eyes and to live in the past. Life for such people became

> *Historicity comes to language only so far as we tell stories or tell history*
>
> *Ricoeur*

meaningless" (1969:71). Om duidelik en helder te onthou help ons egter om verskillende tye en omstandighede en alternatiewe met mekaar in verband te bring. Onthou jy nog? Dit was eens op 'n tyd anders! Dit het veral besondere krag en impak om saam met ander te onthou. Mense wat by was, wat saam betrokke was deel 'n kragtige nostalgie en solidariteit in hulle herrinnerings. Hoe meer vertel word, hoe sterker neem die entoesiasme toe en hoe meer word onthou en vertel. Die geloofsgemeenskap is so 'n gemeenskap van solidariteit te midde van gesamentlike onthou. Die verhale is uitgesproke daaroor. Onthou jy nog wat God toe gedoen het? Onthou jy dat God goed is? Dat Hy omgee en sorg, soos Hy dáár en dáár gedoen het! Verheug julle, en weet dat Hy dit steeds kan en wil doen.

# 9 TOEKOMS

## 9.1 VERBEELDING ROEP …KYK VORENTOE!

"The prisoner who had lost faith in the future - his future - was doomed. With his loss of belief in the future, he also lost his spiritual hold; he let himself decline and became subject to mental and physical decay" (Frankl 1964:74).

'n Toekomsgeloof, 'n vorentoe en boontoe geloof wat hoop en verwag, is nodig. Ons is mos vorentoe-mense. So baie van wat ons doen hou verband met môre en oormôre. Om 'n polis uit te neem, plek by die vakansie-oord te bespreek, aansoek te doen om 'n betrekking, om te oefen en selfs net dagboek te hou of te beplan, is vir ons alledaags, maar dit alles vertel van 'n verwagting dat daar 'n môre sal wees. 'n Helder toekomsverwagting, wat gestalte kry in 'n duidelike toekomsgerigtheid met doelwitte, is van groot belang vir ons identiteit sowel as vir ons motivering vir die lewe. Jordaan (1989:669) haal vir Seneca aan wat gesê het: "As jy nie weet na watter hawe jy seil nie, is daar geen wind wat vir jou reg sal waai

> *The best way to predict the future is to invent it.*
>
> *Alan Kay*

nie”.

Wat in gedagte gehou moet word is dat daar ’n groot verskil is tussen die beelde of voorstellings uit die verlede, beelde of voorstellings wat herroep word deur geheue, en dié wat ons toekomsdrome uitmaak. “Those recollected are capable of high definition, a large measure of completeness. An image of the future is vague and sketchy, a story incomplete and thin” (Crites 1986:164).

“Images are commonly described as faint and fleeting, undetailed, and partial, but some people report having vivid, detailed images. Presumably people differ in the strength of their imagery” (Bugelski, in Corsini (ed) 2001:449).

Hoewel toekomsdrome nie met presiese akkuraatheid voorgestel kan word nie, vorm dit ’n heelheid in die hede. Juis omdat die hede nooit stilstaan nie. Die huidige, die oomblik, is so pas verby en die hede leun vorentoe, die toekoms in. Müller (1996:113) haal vir Lester aan wat skryf: “past, present and future are for the human mind and heart the three dimensions or directions into which the human sense of time extends and which in their togetherness constitute the present moment”. Crites (1986:163) gebruik die voorstelling van die pianis wat besig is om klavier te speel. Sekere note is reeds gespeel en sterf weg in die verlede in, hoewel hulle klank nog in herrinnering ‘gehoor’ kan word. Ander note word in die hede gespeel, en die pianis se oë is reeds ’n paar note vooruit op die bladmusiek gevestig. Saam vorm die reeds gespeelde note, dié wat tans opklink sowel as dié wat nog moet kom, die melodie. Dit is die verband tussen die verlede en die toekoms wat in die hede die belangrike deurslag vir betekenis en verstaan verskaf. “Die toekoms word die reeds-teenwoordige en die verlede word die steeds-teenwoordige in die verhale wat ons vertel. Die toekoms en die verlede word tot ’n spanningsvolle en kragtige NOU” (Müller 1998:5).

Verhelderend in hierdie opsig is die beeld wat Crites (1986:164) gebruik ten opsigte van die argeologiese uitgrawing. Die argeoloog werk en grawe die

toekoms in, maar hoe meer hy van die verlede wil weet, hoe verder moet hy die toekoms in grawe.

Die Universiteit van Suid Afrika staan ook in hierdie gedagtegang wanneer daar tydens hulle honderd en dertigste bestaansjaar uitbassuin: "Unisa, making history by creating the future.[8]"

"… faithful Christian living requires that we recognize givens from the past and exercise finite freedom in the present so that we can imagine and bring into being positive future possibilities" (Lester,sien Stone(ed) 2001:47).

**Kanarieman**: "Daar was beslis vir my unieke belewenisse. Na altwee kante wat verbeelding werk. Daar was in die spreekkamer baie teruggekyk, onthou en vertel van dinge wat gebeur het. Daar was ook soms gesels oor toekomsdrome."

Hierdie gedagte van "altwee kante wat verbeelding werk", is deur Kant beredeneer. Veldsman (1993:59) maak 'n kort opsomming van sy werk.

> In sy *Kritik der reinen Vernunft* beskryf Kant (1923) verbeelding *(Einbildungskraft)* as ''n blinde maar onmisbare funksie van die siel' waarsonder geen kennis hoegenaamd moontlik sou wees nie. Hiervan is ons skaars bewus! Verbeelding verrig volgens Kant twee funksies in die menslike kenproses, naamlik :
>
> - die afronding van die gefragmenteerde sensoriese data (reproduktiewe verbeelding). Kant noem dit die empiriese vermoë van die verbeelding; en
> - die samevoeging (sintetisering) van ervaringe tot 'n samehangende geheel (produktiewe verbeelding).

*People seldom hit what they do not aim at.*

*Thoreau*

> Hiervolgens bemiddel verbeelding tussen die kategorieë van die 'verstand' en *'Sinnlichkeit'*. Kant noem dit die transendentale vermoë van verbeelding (Veldsman 1993:59).

Joekie: Jy verwys deurlopend na verbeelding as om te onthou en om na die toekoms te kyk. Is dit vir jou die twee terreine waarop verbeelding werk?

**Stadsleeu**: "Ja, … Ek dink ook verbeelding is goed in terme van die hede… Jy weet, mense wat na jou toe kom, vertel oorwegend 'n slegte storie. Dis 'n uitdaging om hulle ander, meer positiewe stories laat vertel."

Stories, verhale bronne, flieks, oralster.

**Kanarieman**: "...sy het my die storie in detail vertel. Ek het geluister en in die proses van vertel het daar sekere dinge in haar losgekom. ... ek het deel van haar storie geword, ook haar storie van 'n nuwe toekoms, van 'n verwagting. … Saam het ons 'n ander inhoud aan sy storie gegee."

Joekie: Waar kry jy jou stories?

**Stadsleeu**: "Oralster, uit wat ek lees. Uit wat met mense gebeur het, 'n fliek wat ek gesien het…"

**Stadsleeu**: "… Ek laat hulle 'n storie vertel, of vertel self vir hulle stories. Ek dink mense herken hulleself in stories. Veral as dit 'n hoopvolle storie is dink ek nogal mense kan daarmee identifiseer"

Om openhartig en voluit te vertel bring verligting, dit help.

**Kanarieman**: "…om saam met sy storie in te leef. Hy het baie verligting gekry om te praat, te vertel van hierdie beelde, hierdie prentjies waaroor hy nog nooit gepraat het nie…"

Anderson en Goolishian (1988, 1990, 1992) het die belang van die 'not knowing position' vir terapeute aan die orde gestel. Dit verg 'n ingesteldheid van gretigheid om te luister. Die erkenning dat die pastorant die 'expert' van sy eie lewenstorie is. Die 'not knowing position' behels nie 'n 'ek weet niks'

houding nie, maar bloot ’n erkenning dat die gespreksgenoot die kenner van die stories ter sprake is.

White (1987, 1988/89, 1989) het ’n ander baie belangrike beginsel vir narratiewe terapie daargestel, naamlik “the person is not the problem, but the problem is the problem”. Hierdie konsep is van kardinale belang vir narratiewe pastorale terapie. Die oomblik dat eksternalisering effektief plaasvind, is daar by mense ’n groter vrymoedigheid om die probleem te bespreek. Dis verder van hulle af, dit skep afstand tussen hulle en die probleem wat vertel bevorder. Dit help om die stomheid te verlig. Freedman en Combs (1996:47) wys daarop dat eksternalisering meer van ’n ingesteldheid teenoor mense, as ’n tegniek is. Indien dit bloot as ’n middel gebruik word om die persoon en probleem te skei, kan dit oppevlakkig en kunsmatig voorkom. Wat die deurslag gee met eksternalisering, is ’n opregte lewenshouding sonder persoonsveroordeling, die oortuiging dat die persoon nie die probleem is nie, maar dat die probleem die probleem is.

### VERBEELDINGRYKE VERHALE AS VERANDERINGSAGENT

**Stadsleeu**: “As ons ons verhale herskryf, is ons nie alleen aan die werk nie. Hoewel ek nie baie gebruik maak van dinge soos gebed in my terapie nie, is dit ’n sterk ding in my kop. Ons kyk na hierdie ou se verhaal en dis ’n slegte verhaal, hy’s vasgeloop en ... ons kyk saam na nuwe moontlikhede ... Dat die Heilige Gees en dat God mense regtig help om te verander. Jy weet … ek glo mense kan dramaties verander, baie keer meer as wat hulle dink.”

*Verbeelding in die pastorale narratiewe terapie maak verandering moontlik omdat dit tot herinterpretasie en rekonstruksie van die werklikheid lei.*

*Louw & Müller*

Stories en lewe en verstaan het ontsettend baie gemeen. “Living, grasping, telling and then living again: these are the four “movements of the human story and of the divine story” (Hearne 1984:34). Die hantering van die dubbel

beweging, van die verlede, na die toekoms, en uit die toekoms na die hede, is die deurslaggewende gedagte. Indien dit liniêr hanteer of voorgestel word – het dit ’n botsing tot gevolg. ’n Botsing wat pynlike gevolge het en wat ’n persoon of gesin bring na die pastorale gesprek as gevolg van uitsigloosheid, moedeloosheid en hooploosheid. Word dit egter sirkulêr hanteer, soos ek vas glo dit mòèt, stel dit energie vry. Geestesenergie, lewensenergie. Miskien het die horlosiemakers van ouds, wat kronologiese tyd sirkulêr voorgestel het, al ’n punt beetgehad.  Het ons lewe, ook ons geestelike lewe, nie meer met sirkulariteit te doen as wat ooit voorheen vermoed is nie? Lê die beweging van die aarde om die son, swaartekrag, lig en donker, nie ten grondslag van die lewe nie?

Die tema: “Telling a past, dreaming a future” (Brueggemann 1993:120) verwys na die manier waarop Brueggeman die Christelike leefwyse beskryf. In hierdie stelling gaan dit oor ’n samehang tussen verlede, hede en toekoms. Dit gee uitdrukking aan die wese, die essensie, die hart van die narratiewe benadering. Waar daar kontinuïteit tussen die verlede, deur die hede na die toekoms is, is daar hoop en sekuriteit. Waar dit nie gebeur nie, is daar onsekerheid en spanning, selfs uitsigloosheid. “Hoe groter die gaping tussen die “telling” en die “dreaming” word, hoe groter word die spanning en hoe groter is die kans vir patologiese gedrag. Aan die ander kant, waar daar harmonie is tussen gister, vandag en môre, is daar integriteit, gesondheid en volwassenheid” (Müller 1998:9).

Grant (2001:94) sê: “Memory is thus a vehicle for the grace of God. I believe God wills human beings and communities to be in constant dialogue with an orienting narrative, connecting them to history and describing a trajectory into the future”.

Müller sê ook: “Albei hierdie aspekte, onthou en antisipasie, beïnvloed die manier waarop ons in die hede lewe” (1996:113). In onthou, en droom, lê daar diep genesing.

Wat noodsaaklik is in wanhoop is verandering. Verandering van die werklikheid soos deur die stukkende gekonstrueer. Verandering in oortuiging, verhouding, verwagting, gevoel of in houding en gesindheid. In taal, as werklikheidskepper, lê die potensiaal tot verandering. Vertel maar, op een of ander punt sal daar ’n verbuiging moet plaasvind om by genesing uit te kom. En hierin speel die taaltydsvorm die deurslag. Verlede, of toekomstyd? Die verlede kan nie verander nie, dis water onderdeur die brug. Die verlede kan nét onthou word, dis vir goed verby en daar kan niks meer aan gedoen word nie. In die toekoms lê die potensiaal van verandering, wat so noodsaaklik is in die pastorale gesprek. Hoe mooi stel Crites (1986:165) dit wanneer hy sê: “Future tense is the time for metamorphosis”. Hy haal Kierkegaard aan wat gesê het: “We understand backwards, but we live forwards”. Dit is hierdie tweerigting beweging wat ter sprake kom in die pastorale ontmoeting. “In negotiating that extraordinary double movement there is both danger and opportunity” (Crites 1986:165). Die gevaar is dat daar op grond van baie negatiewe herinneringe voor ’n uitsiglose, bedreigende en hooplose toekoms te staan gekom word. Die geleentheid is dat deur samewerkende rekonstruksie daar voor ’n lewende hoop, ’n toekoms met uitdagings, geleenthede en verwagting te staan gekom word. “God se toekoms word nie beskryf in terme van ’n bly-voort-bestaan nie, maar in terme van ’n kom-uit-die-toekoms; nie ’n beweging na die toekoms toe nie, maar ’n beweging uit die toekoms na die hede” (Müller 1996:133,134). Teologies kan daar ook heeltemal ’n saak voor uitgemaak word dat verandering vanuit die toekoms, en nie vanuit die verlede nie, plaasvind” Vertel vind nie maar net keer op keer presies dieselfde plaas nie. Nuwe verbindings, verskillende beklemtonings en nuutgevonde insigte en inligting word aan ’n vars vertelling toegevoeg, en die uiteinde lyk dikwels anders as waarmee daar begin is. Dis byna soos met nuwe model motors. Die basiese vorm van die vorige jaar se model is nog herkenbaar, maar daar is klein verskille hier en daar, wat aan die einde ’n aansienlike verskil maak. “Nuwe verbindings, patrone en relevansie word tussen sake geplaas wanneer die toekoms (’n toekomsverhaal) verbeel(d)

word" (Louw & Müller 2002:341).

Ricoeur (1981) het baie bygedra tot die die teorie van interpretasie, en meer spesifiek onder die vraag: 'Wat is 'n teks?' Gebaseer op die werk van Lévi-Strauss, Barthes en Greimas, toon hy aan dat 'n narratief bestaan uit 'n aantal eenhede, wat in 'n bepaalde vorm gerangskik word om betekenis te gee. Hy skryf: "the sense of the narrative consists in the very arrangement of the elements, in the power of the whole to integrate the sub-units; and conversely, the sense of an element is its capacity to enter in relation with other elements and with the whole of the work" (Ricoeur 1981:156). Dit gaan oor die rangskikking en die plek van die eenheid binne die geheel, om betekenis te gee. 'n Betekeniseenheid bestaan vir Ricoeur op die minimum uit 'n sin. Ter wille van hierdie beredenering tref hy dan 'n onderskeid tussen 'n woord, en 'n betekeniseenheid, oftewel 'n paar woorde wat saam gerangskik is met die oog op betekenis. 'n Verskuiwing van 'n eenheid het groot implikasies. Dit verander die samestelling, die rangskikking van die geheel en dan spruit 'n verandering in betekenis daaruit voort. Hy skryf: "The extremities of these sequences are only the switching points of the narrative, such that if one element is changed, all the rest is different" (Ricoeur 1981:156). Die rangskikking oftewel volgorde van betekeniseenhede het 'n dramaties verskuiwende effek op betekenis, en dit is die pastorant se voorreg om die rangskikking van haar verhaal te behartig. Dit bly haar keuse, soos die blommerangskikker, wat telkens weer en weer wysigings aanbring tot sy tevrede voel.

Christie Conzad Neuger (2001) maak baie in haar werk van die feit dat mense keuses het, en dat die keuses hulle lewens ten seerste beïnvloed. Wanneer hulle die uitwerking van keuses op hulle lewens sien, gee dit 'n ervaring van 'n sekere mate van beheer.

"When counselees begin to realize that they do have choices and at least some power to make meaning out of their life experiences, they begin to have confidence in a future story that has value for them" (Neuger 2001:188; vgl

Smith 2002:179). Wat verder belangrik is vir die narratiewe proses van terapie, is dat die individu sy toekomsstorie as sy eie toe-eien. Dit vra ’n omhelsing van die toekomsstorie, en daarom moet die storie aanneemlik vir die persoon self wees.

## 10 VERBEELDING EN HOOP

**Kanarieman**: “… partykeer is dit al wat ’n mens deur ’n krisis kan trek, prentjies van hoop.”

**Wêreldstapper**: “Vir my is verbeelding en hoop baie na aan mekaar. Dis my eie aanvoeling. God het vir ons die toekoms oopgebreek. Dit gee hoop. God kom uit die toekoms. God gee hoop.”

**Des**: “Terapie het vir my daai hoop gegee. Nie alles wat met my gebeur, hou verband met destyds nie... Veral twee goed staan vir my uit. Vergelyking… André sou sê, ‘Sannie, wat ek ook sien, kry dit en dit en dit. Dan voel jy; my probleem is nie só uniek nie. Daar is ander wat ook ‘suffer’… en hoop. Hou moed, eendag gaan dit anders wees. As jy laasweek vir ’n halfuur sonder angs was, mooi so. Dit gaan beter.”

**Wêreldstapper**: “In terapie gebruik ek daarom graag die woord hoop. Ek gebruik verhale en vra vir mense om vir my ’n storie te vertel. ’n Storie van hoop, waar die probleme van nou nie voorop staan nie. Waar hulle gelukkig is.”

> *Hope presents a future filled with possibilities, and it offers a blessing*
>
> *Stone*

**Des**: “Terapie gee my hoop. Dis verskriklik as jou pyn so groot geword het dat jy nie kan praat nie. Maar terapie gee my telkens weer hoop. Dit help my met ‘reframing’ van my probleme. Vir my, gaan dit daaroor dat ek terugkyk na die lang termyn. Terapie is nie ’n kort termyn ding nie. Daar was kere wat ek weggebly het van terapie, maar op die lang termyn …’n … was dit vir my …’n …wel, …fenomenaal.”

**Kanarieman**: "Daar is 'n besliste verband tussen verbeelding en hoop. Die prentjies van verbeelding word deur die inkleurpotlode van hoop ingekleur."

> *… hoping involves an imaginative projection and is therefore more than a cognitive act, as cognition has primarily to do with reality as we know it. Because hoping envisions the not-yet or the yet-to-be, it is more appropriate for us to describe it as an intuitive or perceptual process than as a cognitive one (Capps 1995:54).*

"Since hope is future-oriented, caring for persons who feel hopeless means helping them to *imagine"* (Stone 2001:49).

Capps (1995) debatteer uitvoerig oor die waarde van hoop in terapie. Hy is van mening dat "reframing" van buitengewoon groot belang is om hoop te fasiliteer, en het inderdaad dan ook 'n boek oor 'reframing' in pastorale terapie geskryf. Hy skryf: "Reframing essentially involves placing a problem or difficulty within a new perceptual framework and thereby changing its meaning" (Capps 1995:164). In die beredenering van die fasilitering van hoop in die pastorale proses, skryf hy dat veral twee benaderings baie help, naamlik "envisioning the future", en "revising the past" (Capps 1995:165). Hierdie twee sake, het volgens hom "particular value for creating and sustaining hope because both involve the reframing of time" (Capps 1995:165). Na my mening is die noue verband tussen hoop en verbeelding onder andere toe te skryf aan hierdie relativering van tyd, en die vermoë van verbeelding om in sekondes na jare en selfs eeue gelede te "spring", om net die volgende oomblik ver vooruit te sien, of dan te verbeel. Verbeelding het die vermoë om tyd te relativeer.

University of Pretoria etd – Laas, J J (2004)

*How people consider the not-yet is crucial to their physical, emotional, and spiritual well-being*

*Lester*

My medenavorsers het gereeld hierdie woorde in verband gebring. Die vermoë om met oop oë meer te sien as wat net voorhande is, is beslis 'n sleutelelement in geloof. Ons mag en moet ons 'n ander werklikheid kan voorstel. Geloof vereis dit, want sonder hierdie ander-sien, kan meeste geloofskwessies nie vir ons 'werklikheid' word nie. Dit handel hier oor die sublieme, dinge wat ons nie kan sien nie, maar wat ons weet is waar. Dinge waaraan ons nie kan raak nie, maar waarvan ons oortuig is dat dit wel bestaan. Sake wat ons nie met die vinger kan uitwys nie, maar waarvoor ons ons kop op 'n blok sal sit dat dit wel gaan gebeur. Die vertelde verhaal, en die gedroomde toekoms het baie te sê ook oor ons verhouding met God. Die christelike geloof handel oor sekerheid oor die dinge wat ons nie sien nie (Hebr 11:1). En al meer groei die besef onder teoloë dat die woord wat die naaste daaraan kom om te vertel wat geloof is – die begrip hoop is. "... faith, in the opinion of some modern writers, can best be described as hope, as courage, as a bold opinion for life and renewal" (Hearne 1984:40). Dis nie 'n abstrakte, asketiese en werklikheidsvreemde hoop nie.

> The temptation among us is to split hope and history. As a result, we hold to a religious hope that is detached from the realities of the historical process. Or we participate in a hisory which ends in despair because the process itself delivers no lasting victories for the participant. Obviously such a split which yields both a historyless hope and a hopeless history is a betrayal af biblical faith (Brueggemann 1987:3).

Hierdie hoop is 'n hoop wat rekening hou met die verlede. Wat in herrinnering roep en wat op grond daarvan die toekoms bou. 'n Hoop wat 'n sterk teengif is vir wanhoop en vrees. Die skynbare onoplosbare konfliksituasie in Suid-Afrika noop ons om hierdie hoop met oorgawe na te jaag en te soek. Om ons reserweloos te gee in die hande van Hom wat Sy kinders in die geskiedenis, ook die geskiedenis van ons eie land, deur donker en opsigtelik onoorkome probleme gedra het. Ons taak in die pastorale gesprek is om hierdie hoop te

help soek. Wat mense laat sing en laat droom oor ’n toekoms wat alles behalwe uitsigloos en hooploos is. Die hoeksteen vir hierdie hoop is God se heiligheid. “The holiness of God becomes the ground for serious hope, for no hope will be found as long as it is reduced to things useful, short of God’s holiness” (Brueggemann 1986:131).

Geloof handel juis oor Hom wat nie gesien word nie, en tog op Sy Woord geneem kan word. In Joh 20:29b sê Jesus: “Gelukkig is die wat nie gesien het nie, en tog glo”.

’n Deel van God se wil vir ons lewe is dat ons ’n lewende verwagting moet hê. Dit lê ten grondslag van ’n gelukkige lewe. Ons mag in die verwagting leef dat God dit vir ons ten goede sal laat afloop. Reeds die Ou Testament is vol daarvan. Jeremia 29:11 “Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle ’n toekoms gee, ’n verwagting!” En in die groot hoofstuk oor geloof, Heb 11, staan daar by vers 8: “Hy (Abraham) het weggetrek sonder om te weet waar hy sou uitkom”. Vers 10: “want hy het uitgesien na die stad wat vaste fondamente het en waarvan God self die ontwerper en bouer is”. Dit is ’n duur hoop, ’n lewende hoop.

> This alternative live comes from the self-giving act of atonement wrought only by God. When the text comes to speak about this alternative life wrought by God, the text must use poetry. There is no other way to speak. We know about the future – we know surely – but we do not know concretely enough to issue memos and blueprints. We know only enough to sing songs and speak poems. That, however, is enough. We stake our lives on such poems (Brueggemann 1989:41).

Die profete is mense wat intens inleef in ’n ander werklikheid. Die enigste werklikheid, ja die eintlike werklikheid is nie die werklikheid wat gesien en aangeraak kan word nie. Die wêreld wat geskep en voorgehou word deur die meerderheid, die sosiale lewe, die staat, die regering of wie ookal nie. Dis ’n alternatiewe werklikheid. ’n Werklikheid wat deur verhaal geskep en in stand

gehou word. “Realities are organized and maintained through stories” (Freedman & Combs 1996:29). ’n Ander werklikheid, waar die Gans Andere die Oppergesag het en inderdaad regeer. Soveel so, dat sulke mense in die sigbare werklikheid leef, maar nie van hierdie werklikheid is nie.

## 11 VERBEELDING EN VERBASING

Verbeelding is ’n gevleuelde woord. Dit ontlok reaksie by mense. Tydens my gesprekke kom ek agter dat daar deurgaans ’n verbasing bestaan. Hoekom vra jy my? Jy is seker nie ernstig nie! Ek is geen kenner op verbeelding nie. Ek weet baie min van verbeelding af. Dit grens amper aan ontkenning. Nee, vra my baie dinge, maar moet my nie pols oor verbeelding nie.

Dan, amper onmiddelik volg verhale oor mense. Om die verhale te kan vertel, moet daar immers onthou, verbeel word, verbande gelê word.

## 12 VERBEELDING EN DROOM

Hierdie woorde is so nou verwant dat hulle dikwels as sinonieme gebruik word. Droom is ’n bondgenoot van verbeelding, soms ’n wisselterm. Met die woord droom, verwys ek nie na die beelde wat ’n mens ‘sien’ terwyl jy slaap nie, maar eerder die vemoë om dinge voor te stel in ons gedagtes. Hermans skryf oor verbeelding: “It represents the specific human capacity to enlarge systems of meaning beyond the limits of the world that is defined as factual” (Hermans & Hermans-Jansen 1995:111). Verbeelding vorm ’n uiters belangrike deel van die narratiewe konstruksie van ons leefwêreld. Selfs wanneer ons stil is, kommunikeer ons met ons gewete, ons spieëlbeeld, ’n karakter in ’n film, ons ouers, kinders en vriende. Met ons oë oop of toe, is die brein in staat om beelde, voorstellings te ‘sien’. Dit kan dinge uit die verlede wees, of denkbeeldige, toekomsgerigte voorstellings. “narrative organizes our fantasies and daydreams, our unvoiced stories, our plans and memories, even our loving and hating” (Hermans & Hermans-Jansen 1995:6). Ons lewens word aan die hand van verhale georganiseer.

> *Vision without action is merely a dream. Action without vision just passes the time. Vision with action can change the world*
>
> *Joel Baker*

Wanneer Coty in *Barney’s Biggest adventure* sy ernstige bedenkinge het of Barney werklik bestaan, sê Barney :”I am as real as your imagination, and that is véry real”.

## 13 VERBEELDING EN VISIE

Kollar vertel van die Disney prentmakers wat die konsep “imagineering” gebruik in die proses om nog ’n wonderlike film te skep. Hulle visualiseer eers die finale produk, ’n perfekte ‘cartoon’, en dan maak hulle een! (vgl. Kollar 1997:17). Hy skryf baie boeiend oor die noodsaaklikheid daarvan om die fokus op die regte plek te plaas.

> *When we visualize the outcome first, we become solution-focused rather than problem-fucused. The outcome dictates the process, rather than the process dictating the outcome (Kollar 1997:17).*

Kollar werk sterk met die konsep van visualisering. Hy skryf: " … vision clarification consists of assisting the counselee to form a vision of his goal that can be reduced to *small, specific, action-orientated, reasonable, positive, contextual, interpersonal, interactional, and pragmatic* terms" (Kollar 1997:157).

## 14 VERBEELDING EN SIN

Die postmoderne mens soek steeds na sin.

> *Vision – it reaches beyond the thing that is, into the conception of what can be. Imagination gives you the picture. Vision gives you the impulse to make the picture your own*
>
> *Robert Collier*

**Des**: Hy't my gehelp met die vraag: "Hoe maak ek sin van my lewe? … van die gemors… en 'possibilities' gegee wat ek sinvol kan aanwend in die lewe. … (nadeke). ...Wat ek wil beklemtoon is die radikale positiewe gevolge wat terapie vir my gebring het. … As jy dink ek is nóú 'n 'lost case', dan moet jy my tóé gesien het. (Sy lag). 'I was completely scr_ _ d up, ---- you should have see me then!' Ek sou op een dag van skreeuend gelukkig na tranerig na gedagtes van selfmoord na depressie na stilsit gegaan het. Ek kon géén besluit neem nie. As die hond op die gras sk_ t, was dit 'n krisis. Dan bel ek vir André, nou moet jy help. Dan luister hy geduldig, hy kon so kalm en geduldig luister… Die terapie… (kopknikkend). dít het gehelp.

In die pastoraat gaan dit oor wesensvrae, ten diepste oor die soeke na sin. En

dan moet sekerlik gevra word na wat met sin bedoel word. Müller (1996:27) beskryf dat sin gaan oor die "samehang wat aan die geheel van ons bestaan 'n ervaring van betekenis gee. Sin is daarom toekomsbepaald. Dit kan nie sinvol nagejaag word sonder 'n duidelike beeld (verbeelding) van 'n toekomsstorie nie". Toekoms is die tyd vir verandering.

**Kanarieman**: ""Ons fokus baie keer te min op die toekoms."

# 15 HULPMIDDELS

Dit blyk uit die studie dat daar dinge is wat verbeeldingryke intermenslike kontak in ons dag bevorder. Ek noem hulle die energeerders van verbeelding. Dis dinge soos musiek, foto's, films, fiksie, advertensies, skryf of teken, gedigte, skilderye, rituele en SMSe, wat deur verhale na vore kom.

### MUSIEK

**Kanarieman**: "Dan speel ek vir hulle 'n stukkie barokmusiek."

Musiek skep atmosfeer, dit werk op ons sintuie, dit bevorder ons verbeelding.

### GEBRUIK VAN SMSE, E-POS

**Joekie**: Die volgende oggend kry ek toe 'n SMS. "Thanx, just as logs help stepping over mud, so does talking help stepping over my pain"

Dis alternatiewe metodes van kommunikasie. Alternatiewe, kort, kompakte taal. Beelde, foto's, Internet images wat met groot vrug aangewend kan word. Netwerke van bemoediging. Goedkoop. "Sterkte, onthou wat ons van Flashback gesê het."

**Kanarieman**: "……….[ek het] gevra dat sy 'n foto van haar ouers saambring."

Joekie: Dink jy die foto het gehelp?

**Kanarieman**: "Ja, beslis. Dit het belewenisse losgemaak. Hoe hulle met haar gespeel het….. Ek wil amper sê 'sweet' goeie herinneringe. Sagte, teer emosies het na vore gekom…"

**Kanarieman**: “In een van die eerste sessies het ek gevra bring ’n foto saam. Later het sy die hele foto-album saamgebring en ons kon kyk na tye soos toe hulle in die wildtuin was en ander lekker dinge gedoen het. Snaaks, die fotos het die prentjie net soveel verbreed. Ander familielede en mense wat naby hulle geleef het het na vore gekom, en nog meer stories.”

**Die Fotograaf**: “Die fokus van die kamera op die allergrusaamste tonele het hom gebreek. Die beelde het hom gebreek. Hy is in ’n senukliniek opgeneem en is op nege en twintigjarige ouderdom ‘gebord’”

**SKRYF OF TEKEN**

**Stadsleeu**: “Ek werk met die rede. Maar ek glo in beelde, in voorstellings.”

**Kanarieman**: ”Ek laat baie keer iemand huis-toe gaan en sê gaan skryf vir my iets. Skryf, dink ek nog steeds is een van die beste terapeutiese metodes. Ander emosies kom na vore. Ek vra ook soms iemand moet iets vir my teken. Daai bord daar teen die muur (wys) gebruik ek baie dikwels. Ek hou daarvan om konsepte te verduidelik deur te teken.”

**Kanarieman**: “Toe sê ek,: ‘gaan skryf asseblief vir my jou lewensverhaal.’ Toe hy weer kom, het hy 28 bladsye geskryf! Ek vra toe,: ‘lees dit vir my.’ Toe hy so in die middel kom, toe hou hy op lees en ek sien sy ken spring. Ek vra toe mooi, toe lees dit vir my, ek wil dit graag hoor.”

**Des**: “Die teken, skryf en woorde ……dit het gehelp.”

**Des**: “…[hy]…was baie verbeeldingryk. Hy sou maklik vir my sê: “Nou gaan sit jy en jy skryf. Skryf net. Skryf alles, en dan het ek gaan skryf ... Dit het baie gehelp.”

**Des**: “Hy sien hoe ek lyk en gee ’n stuk papier (A4) en sê dé, teken. Ek het hom net so gekyk, die papier gevat en geloop. Toe ek by die huis kom, vat ek ’n ‘flip chart’ en bekrap hom van hoek tot kant. Dit het goed gevoel. Toe ek weer by hom kom, sê ek dé, en gee die hele ‘flip chart’! As jy dink ek kan my

pyn op só stukkie papier skryf, maak jy ’n fout!! Nee!! Dit het my ’n ‘tool’ gegee om deur my seer te werk.”

**Des**: “Dit help nie ons sit verbande op nie, die kwaad moet uit! Jy moet praat, jy moet teken, jy moet skryf!”

### SINTUIE

Die sintuie, en dan gesprek oor die sintuie is ’n baie groot hulpmiddel om die verhaalskeppende aktiwiteit op ’n verbeeldingryke wyse te bevorder. Navrae na die gebruik van die sintuie, en die ervarings wat die sintuie opgelewer het bring groot hoeveelhede vertelling na vore. Wanneer daar onthou word, en effektief in die herinneringswêreld ingestap word, kom die sensasie van die gebeure waaroor gepraat word weer helder voor die gees. Dit veroorsaak inlewing, en die vertelling kan dan ’n dik en ryk beskrywing oplewer. Groot dele van die ervaring kan by wyse van sintuiglike vrae beantwoord word, en wat gesien, gehoor, gevoel, geproe en geruik is kan die pastorant tot ’n baie diep egte belewenis terugvoer wat by wyse van vertelling onthul kan word. Die proses kan ook anders om verloop, naamlik dat dit wat gesien of gehoor word, geruik of geproe word, duidelike en bykans onmiddelike herinnerings losmaak insake vroeëre ervarings. Taal span die ervarings van die sintuie in om byvoorbeeld met ’n spreuk of idioom geweldig baie op ’n kompakte wyse te sê:

> *Verbeelding is ‘n fantasie-wêreld van ‘n kind wat later in ‘n droom-wêreld verander.*
>
> *Anoniem: Katkisant*

*My nooi is in ’n nartjie*

*My ouma, in kaneel,*

*Daar’s iemand, in anys,*

*Daar’s ’n vrou in elke geur.*

- Ek ruik ’n rot.

- *I smell something fishy*
- Dit smaak my hy soek moeilikheid.
- Dit voel my asof sy afsydig teenoor my staan.
- My aanvoeling is dat hulle nog ongeveer een uur sal neem om uit te kom.
- Ek het 'n voëltjie hoor fluit dat die balju binnekort daar sal toeslaan.

Die idiomatiese en metaforiese taal maak gebruik van woorde wat die sintuie se ervarings weergee. Daar is 'n baie sterk verbinding tussen die ervaring van verbeelding en die sensasie van die sintuie. Verbeel jou jy duik in die winter in 'n swembad, en voel die koue rilling wat fisies deur jou liggaam sny. Waarom vind iemand dit dan moeilik om trompet te speel in die teenwoordigheid van iemand wat 'n suurlemoen suig? Dis duidelik dat die verbeelding nie alleen beelde nie, maar al die indrukke van die sintuie kan 'stoor.' Waar verbeelding al haar leërs met inligting bêre, is nie vir almal ewe duidelik nie. Ek het navrae gedoen oor waar die 'prentjies in die kop' vandaan kom.

> *Verder moet jy my verskoon, want ek is nie eintlik 'n prater nie. Maar as ek my gedagtes neerskryf, voel ek vry. Heeltemal vry. Natuurlik is en was dit terapeuties om te skryf*
>
> *Rachael Lindsay*

**Kanarieman**: "Dit word in jou kop gebore. Jy kan iets met jou oë sien en dan kom daar prentjies in jou kop. (vertwyfeling) ja …'n … Ek dink ook in jou emosies, 'n blinde persoon kan ook prentjies vorm … sonder dat hy fisies 'n ding gesien het… Ek dink jy kan 'n prentjie proe… dis emosioneel… Dis aanvanklik denke wat in my kop gevorm word wat later oorspoel in emosies. Soos ek proe 'n ding, ek ruik 'n ding. Reuk… as ek in 'n vetrek instap, daai reuk kan ervarings in my wakker maak. So ek vat hom op sy wydste. Hulle word sekerlik gebore in 'n ou se kop. My denke bepaal my emosies."

**Kanarieman**: "Hy het seker gedink, nou het ek genoeg seer prentjies gesien, genoeg is genoeg."

**Stadsleeu**: "... jy moet tog iets hê om na toe te werk. Dis nogal hoe ek as terapeut werk. Ek het 'n soort van 'n prentjie in my kop van wat iemand kan wees… En ek dink dit rig nogal die proses hoe ek werk…"

### RITUELE

Een van die werklik positiewe hulpmiddels wat deur die medenavorsers uitgewys is, is rituele, wat met groot vrug in die pastoraat aangewend kan word Müller (1993:3) beskou ritueel "as 'n simboliese, formeel gestruktureerde, en dikwels godsdienstig kommunikatiewe handeling, waardeur 'n enkeling en/of gemeenskap 'n antwoord gee op 'n bepaalde gebeurtenis". Rituele gaan gepaard met woorde en dade, en word meestal as 'n sterk emosioneel en lewensveranderende ervaring beleef. Soos my gespreksgenote trouens ook aangetoon het, was daar 'n ervaring van verligting en afhandeling na 'n ritueel. Daar was die gevoel dat dinge anders en beter was na afloop van 'n ritueel. Müller (1993:12) sê: "Omdat rituele 'n wesenlik godsdienstige kleur het en omdat die geloofsgemeenskap by uitstek die voedingsbodem vir rituele is, behoort die pastoraat 'n natuurlike oriëntasie tot rituele te hê".

## 16 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk het ek die werk uit die literatuur en my medenavorsers in dialoog met mekaar gebring. Die persoon van die pastor se rol in terapie is duidelik as 'n belangrike komponent in die gebeure uitgewys. Drie groot probleme het aan die lig gekom, tewete stomheid, verskillende taalwêrelde en 'n smal werklikheidsbeskouïng. Sekere belangrike verbande is uitgewys, soos verbeelding se verhouding tot die Bybel, Godsbeelde, kinderdae, droom, onthou, toekoms, verbasing, visie, en sin. Hoe kan hierdie belangrike komponente van die terapeutiese situasie in samehang begryp word? Daar is

ook gewys op sekere hulpmiddels waardeur verbeelding na die terapeutiese situasie kom, soos musiek, SMSe, teken of skryf, foto's ens. Vervolgens gaan ons kyk hoe hierdie probleme aangespreek kan word.

# 17 EINDNOTAS

[1] In 1912 in Duits gepubliseer getiteld *Wandlungen und Symbole der Libido*, en in 1917 in Engels vertaal en gepubliseer as *The Psychology of the unconscious.*

[2] Hornby A.S.1999 The Oxford Advanced Learner's Dictionary. Oxford University Press. Oxford.

[3] Hornby A.S. 1999. Longmans English Dictionary. Oxford University Press. Oxford

[4] Wiersbie, W. 1994:26 Preaching and teaching with imagination: the quest for Biblical ministry. Grand Rapids Baker Bookhouse. In Hughes 2001:48

[5] Die Kanadese liedjieskrywer en sanger John Lennon se woorde uit die lied "Imagine" (1971). Sien Knowles, E. (ed). 1999:463. The Oxford Dictionary of Quotations. Oxford university Press. Oxford.

[6] Ek kry die aanhaling van Swinfen 1984:6 *Defence of fantasy*. Routledge & Keagan. London. In Steenberg, E.1987. *Fantasie en die Kinderboek.* HAUM, Pretoria.

[7] Volgens 'n artikel genaamd, *Die Rol van Verbeelding in Herinnering*, deur Willie Burger in die dagblad Beeld, 17 Mei 2003.

[8] Hierdie woorde word gedurende die jaar 2003 in baie groot letters op die hoofgebou van UNISA vertoon.

# HOOFSTUK 5

## PERSOONLIKE ONDERHOUD

## 1 AANGESTEL?

By ’n persoonlike onderhoud word die kernaangeleenthede uit iemand se *Curriculum Vitae* uitgelig, en die werkgewer stel sekere vrae om te sien of die persoon geskik is vir die pos. Kommunikasie is die wagwoord in ’n persoonlike onderhoud. Goeie kommunikasie is die goue draad in hierdie hoofstuk. Nou dat al die kaarte van verbeelding op die tafel uitgepak lê, wat staan uit? Watter moontlike nuwe dimensie kan sy aan terapie gee? Wat doen sy rêrig goed, waartoe is sy in staat? Wat blyk uit die ondersoek, is die hoogtepunt van haar deugde? Waarom, as sy die aanstelling kry, sal sy dit kry? Daar is nou uit verskeie oorde verhale oor haar vertel. Sien ons iets van haar aard en vermoëns in die stories? Wanneer die bydraes van al die medewerkers voor oë geneem word, wat is die aspekte van verbeelding in narratiewe pastorale terapie wat prominent staan? Sy is ’n organiseerder by uitnemendheid, sy is ’n verfmenger, sy bevorder verhoudings, sy het ’n mities-poëtiese bydrae om te lewer. Sy kan die grootste probleme in die argief, naamlik stomheid, verskillende taalwêrelde en ’n smal werklikheidsbeskouing nie onmiddellik oplos nie, maar sy kan groot beterskap in die toestand bewerkstellig.

## 2 HOE WORD STOMHEID AANGESPREEK?

Wat in gedagte gehou moet word, is dat die probleem van stomheid deur my medenavorsers aan die lig gekom het. Hoewel my gesprekke met hulle nie voor die probleem van stomheid te staan gekom het nie, is daar dikwels in die gesprekke verwys na stilswye, ’n onvermoë om te praat, sukkelende

kommunikasie. Die stomheid, het ek betoog, ontstaan as gevolg van die pyn. Pastoraat ontstaan as gevolg van ellende en lyding. Baart (2003:4) verduidelik uitvoerig dat daar “two cultures of coping with distress” bestaan. Daar is ’n “fate” georiënteerde en ’n “tragedy” georiënteerde kultuur ten opsigte van ellende. “Traditionally a fate-oriented approach seeks to understand the disastrous phenomenon, its hidden rules and reasons, its origin and destiny, the secret clues and hardly decipherable omens.” (Baart 2003:4) Hierdie benadering tot ellende “is obsessed with controlling through understanding”. Aan die ander kant is die tragiese benadering tot ellende nie spesifiek in die toestand van die ellende geïnteresseerd nie, maar in die “*human being* who is suffering from it and has to deal with his or her fragility, dependency, moral discord and inevitable finitness.” (Baart 2003:5) Hieruit vloei voort dat die narratiewe benadering tuiskom onder die tradisioneel genoemde tragiese benadering tot ellende, wat nie ’n ontvlugting of verklaring van die leed in die eerste plek stel nie, maar ’n naby-staan van die mens in sy of haar uiterste nood. Dit vra ’n dapperheid om die groot tragiek en ellende wat lyding meebring, in die oë te kyk. Baart (2003:5) sê : “Storytelling [is] in line with the tragic culture.” As deel van sy beredenering oor hierdie onderwerp, gaan dit juis om baie intensiewe, andersoortige luister. Die hart van die narratiewe benadering is hier op die spel. Baart (2003:5) skryf : “*Listening that generates speech is listening into existence.*” Luister[1] is die wagwoord. Nie enige luister nie, maar aktief-responsiewe luister, ’n luister “into existance”. Indien tragiek, pyndeurdrenktheid en stomheid die bestaan in terapie beskryf, kan refleksie op ellende en tragiek moontlik insigte bring. Taal, beskrywing en interpretasie speel in die tragiek ’n groot rol. Die beskouing van ellende as tragedie word op ’n baie komplekse wyse in Aristoteles se *Poetics* beredeneer. (1977:146) is van oordeel dat Aristoteles se werk meer lig op die vraag na metafoor as talle van die hedendaagse teorieë oor die onderwerp werp. “Metaphor is only one of the “parts” of that which Aristotle calls “diction” (lexis); as such, it belongs to a family of language procedures – use of foreign words, coining of new words, shortening or lengthening of words – all which depart from common use of words. Now, what makes the unity of lexis? Only its function in poetry. Lexis, in its turn is one of the “parts” of tragedy, taken as the

paradigm of the poetic work. Tragedy, in the context of the Poetics, represents the level of the literary work as a whole. Tragedy, as a poem, has sense and reference."

Dit eis indringende onthou en kreatiwiteit sodat hierdie pyn eg en omvattend verwoord kan word, maar sonder 'n omhaal van woorde. "Kreatiwiteit, skepping, ook sieleskepping is eintlik 'n heilige proses wat hoofsaaklik deur pyn kan geskied" (Grové 1999:162).

Talle voorbeelde van individuele of gesamentlik verwoorde pyn, wat uitgeloop het op verrassende nuwe vryheid en hoop kan uit ons huidige tydsgewrig genoem word. Die vryheidsliedere in die "townships" en die werk van swart en kleurling digters en politici, is maar enkele voorbeelde hiervan. "The serious new hope for Blacks, women, and the handicapped in our time has come from pain expressed. It could come no other way" (Brueggemann 1987:87). Langs die weg van gesprek, deur net te vertel, kan die stukkende individu sy pyn verwoord. Die pastor se taak lê daarin om saam te vra na God se rol en reaksie en betrokkenheid by hierdie verhaal, en vorentoe. "There are,... ample biblical texts to suggest that it is the voice of human hurt and hope that evokes the presence and response of God" (Brueggemann 1989:51).

Wat onderlê die narratiewe funksie? Wat veroorsaak dat twee of meer mense saam in die terapeutiese situasie beland? Wat veroorsaak dat mense stukke en brokke van die 'feite' op die tafel wil plaas? (1991:294) sê daar lê 'n motief agter. Met verwysing na Habermas[2] noem hy dit 'n "interesse". Hierdie belangstelling in feite, is meer as net 'n soeke. Dit gaan om 'n "interest in communication." Ons behoefte aan kommunikasie is groot, en "it is the interest in communication which secures the link between the intentionality of historical knowledge and the intentionality of fiction." (Ricoeur :1991:294).

Die belang werk as 'n "factor of selection of what seems important." Die behoefte aan kommunikasie bepaal die samestelling van die afsonderlike dele daarvan.

> *resurrecting the forgotten*
>
> *Ricoeur*

In hierdie sin stel ek twee sake voor wat die stomheid tegemoet kan kom. Albei eis die krag van verbeelding om deurgevoer te word. Dit behels

verbeeldingryke luister, wat vrae loslaat wat die verhaal verder sal laat ontvou. Dit vra verder vir verbeeldingryke, ingeleefde verwoording van pyn. Dit kan alleen binne ’n ruimte van aanvaarding en vertroue plaasvind.

#### TERAPEUTIESE RELEVANSIE

My medenavorsers wys daarop dat stomheid in terapie voorkom. Verbeelding kan help om vrae te genereer, vrae wat spraak stimuleer. Die gepaste reaksie wat volg na ’n verbeeldingryke vraag is : “*Listening that generates speech is listening into existence.*” (Baart 2003:5) Sodoende kan die kommunikasiewiel aan die rol gekry word.

## 3 HOE WORD DIE PROBLEEM VAN TWEE TAALWÊRELDE AANGESPREEK?

Die dilemma van ’n taalwêreld wat fokus op denke, die rede, logika en redenasie, teenoor ’n taalwêreld wat gevoel, intuïsie, emosie en verbeelding vertolk, is deur my medenavorsers as kerndimensie van verbeeldingryke terapie aangewys. Dit is buitengewoon moeilik om tegelyk aan beide vorme van taal aandag te gee. Hoe kan verbeelding help? Die probleem van twee taalwêrelde is nie soseer die feit dat dit moontlik is dat pastor en pastorant vanuit twee verskillende taalwêrelde ontmoet nie, as die feit dat daar ’n spanning bestaan tussen die taal van die rede en die taal van die hart nie. Die heersende diskoers is steeds dat daar op ’n logiese, redevoerende en intellektueel soekende manier na oplossings in terapie gevra moet word. Die taalwêreld van die denke, wat definieer, afsluit, beskryf en verklaar word ruim in terapie benut, te midde van die feit dat dit oor hartsake gaan! Binne ’n ruimte waar die hart se sake aan die orde is, word die rede se taal gebruik. Dit werk nie, en dra alleen maar by om ’n komplekse aangeleentheid enigsins te kompliseer. Die wyse waarop ‘die Jode’ (Lyotard se tegniese term soos ontleen aan Heidegger en toegelig in hoofstuk een) met problematiek omgegaan het kan baie lig op die onderwerp werp. Verhalende, vertellende taal van die hart word benut. Oop taal wat terdeë bewus is van die onvoorstelbare, die verhewe en onverwagse aard van ons bestaan. Rekening word gehou met die feit dat daar meer is as wat onder woorde gebring kan

word, en sodoende word die misterie gehandhaaf, eerder as om dit te probeer vaspraat. Brueggemann se “language of amazement” is hier ter sprake. Die Bybelse teks kan ons baie help, oor hóé daar gepraat word, oor hóé die kreet, en die klag verwoord word. Pastors moet opnuut voor die teks gaan staan, toelaat dat die uniekheid, die inspirasie, die energie en krag van die teks hulle aanraak. In “a prose-flattened world” moet ons toelaat dat ‘poetry’ ons help. (Brueggemann 1989:1). Die digterlike aard van die Bybelse teks kan ’n pastor alleen aanspreek as hy of sy met entoesiasme, gretig en ontvanklik let op die teks, die aard van die teks, en dan die styl napraat. Verder moet daar ’n toespitsing wees op die ontwikkeling van hierdie noodsaaklike manier van praat oor ons bestaan. Oor hartsake, moet uit en met en tot die hart gepraat word. Daar behoort ’n dors te ontstaan na die ontwikkeling van die digterlike dimensie van ons taal, teenoor die besef dat die huidige diskoers ons die verkeerde taal aanbied en ontoerykende taal van ons verwag. Dit kan alleen gebeur waar die pastor digterlike taal, ’n digterlike lewenstyl, ’n digterlike sensitiwiteit doelbewus najaag en ontwikkel. Alleen hy wat gehelp wil word, kan gehelp word.

So, op grond van die Bybelse teks, kan daar ’n in-taal verbintenis tussen terapeut en pastorant ontstaan. Hiervoor is ’n gawe nodig, iets van buite, ’n toegewing, ’n geskenk. “The poet is … the human being who has the gift of being able to express his feelings where others fall silent in their helplessness, or attempt to express themselves but fail. The poet finds the new expression or the new style of expression. In order to find this expression, more is needed than a superior capacity for combining already existing possibilities for expression. Instead, a new kind of reationship must be found to one’s own feelings.  (Joas 1996:82) Alleen die terapeut wat in kontak met hom- of haarself gekom het, kan in hierdie ruimte ’n geluid uiter. Die situasie roep om spraak, ’n baie spesifieke soort spraak, ’n poëtiese skepping.

> *If language defines reality and exists before the individual, then the learning of a language is the learning of a specific type of reality.*
>
> *Paré*

My pleidooi is hoegenaamd nie om van die terapeut ’n digter te maak en van die digter ’n terapeut nie. Veel eerder is dit aan die orde om te wys daarop dat die verbeeldingryke terapeut se spraak “zeggingskracht” (Altena 2003:145) sal hê. Wat op die spel is, is om die uitdukkingsmoontlikhede, (vgl Altena) van die terapeutiese taal te vergroot. Word daar in terapie so gepraat dat die “radicale alteriteit” van die gebeure bewaar word? Is die terapeut se taal in staat om die verbeelding te stimuleer? Spreek die taal van die terapeut daarvan dat hy “de werkelijkheid niet kritiekloos bevestigt maar heilzaam onderbreekt?” (Altena 2003:145). ’n Pastorale terapie wat erns maak met genoemde moontlikhede, stel ’n terapeut aan die woord as taalkunstenaar.

#### TERAPEUTIESE RELEVANSIE

Hoewel dit ’n probleem is dat twee duidelik verskillende taalwêrelde in terapie funksioneer, is daar ’n groot uitdaging in geleë. ’n Terapeut as taalkunstenaar, wat bewus is van die problematiek, kan hom doelbewus toespits op die ontwikkeling van sy of haar taal-, woord-, beeld-, en metaforiese sensitiwiteit. Die seggingskrag van oop taal kan dan optimaal benut word, wat ’n baie positiewe bydrae tot terapie sal lewer.

## 4 HOE WORD ’N ENG WERKLIKHEIDSBESKOUIING AANGESPREEK?

Die diskoers dat daar êrens buite ons, ’n werklikheid bestaan wat geken kan word en wat deur ‘feite’ gereguleer word en waarmee ons ons lewens in pas moet bring om gelukkig te wees, is deur my medenavorsers aan die orde gestel. Hiermee saam het sterk vooroordele ten opsigte van verbeelding aan die lig gekom. Dit is gestel dat verbeelding teenoor die werklikheid staan!

Die belewenis van twee wêrelde wat teenstrydighede oplewer word uitvoerig deur (Brueggemann 1986:61-84). beredeneer. Brueggemann praat nie spesifiek van die verskil tussen werklikheid en fantasie nie, maar van twee ander wêrelde. Ek is nietemin van oordeel dat sy beredenering baie lig werp op die onderwerp wat ek hier aanspreek. Hy (Brueggemann 1986). praat van ’n “squeeze play between greedy secularism and religious fearfullness”. Dit vertolk hierdie gevoel van vasgevang wees tussen twee wêrelde. Op ’n baie

insiggewende wyse gebruik Brueggemann in hierdie artikel die “Object Relations theory” van D.W. Winnicot om sy argument te stel. In Winnicot se werk gaan dit ook oor twee wêrelde, naamlik : “an *autistic* world in which the reality of the self looms large,….and the “*realistic*” world …” waarin die verwagtinge en eise van die samelewing, met die gepaardgaande voorskrifte, definisies en belange van ander mense die botoon voer. “In this two-fold world, health means arriving at some provisional relationship between the “self-world” and the “real world” (Brueggemann 1986:62). Winnicot het sy navorsing basseer op die verhouding tussen moeder en kind, en maak baie van die sogenaamde “transitional object”, soos ’n teddiebeer, ’n pop of kombersie, wat oral moet saamgaan. “The transitional object …..is evoked by the transformative power of the imagination” (Brueggemann 1986:63). Paul Pruyser het die teorie van Winnicot verder uitgebou met die vraag wat hierdie teorie aan volwassenes stel naamlik : “do you remain autistic or will you become realistic?” Dit is op hierdie vraag dat Pruyser ’n dinamiese voorstel het ten opsigte van “the play of imagination”. Hy stel ’n wêreld voor wat nie die een of die ander is nie, wat nie vasgevang word nie en wat die lewe genereer in ’n “alternative, liberating, generative way” (Brueggemann 1986:64). Hierdie tussenwêreld word ook genoem die “illusionistic world” en hiervan sê Brueggemann dat “Pruyser’s book is devoted to the conviction that the practice of the illusional world is decisive for a healthy self or a viable community (Brueggemann 1986:164).”

*Miskien is jy skeppend, of ernstig?*

*Outsurance advertensie*

Brueggemann se eie tese is dat die “third world of illusional processing is denied, rejected, and dismissed” Dit blyk duidelik, en word bevestig deur my eie navorsing veral uit die herhaalde kere wat Wêreldstapper my daarop gewys het dat mense nie oor verbeelding nie, maar oor “die werklikheid, die feite” wil praat. Daar ontstaan ’n sirkulêre en herhalende patroon waarin “die feite” oor en oor tot dieselfde probleem-werklikheid lei. (Sien White & Denborough 1998:24). Uit my navorsing blyk dat die mite dat daar ’n vaste, kenbare en enkelvoudige werklikheid bestaan, steeds sterk onder mense leef.

Die toestand roep om dekonstruksie. ’n Bykans fatalistiese opvatting wat aanvaar dat dinge nou maar eenmaal so is en klaar, veroorsaak ’n inperkende en onvervullende bestaan. So ’n lewensbeskouing beweer dat daar nie aan die “feite” verander kan word nie.

Dit is egter, soos ek sê, ’n mite. Selfs nie eers die mitologiese verhale was vaste en onplooibare verhale nie. “Myths were constantly remade in the light of new social and political circumstances” (Microsoft Encarta Encyclopedia Plus. Greek Mithology 2003:3).

Die narratiewe benadering kan die smal werklikheidsbeskouiing van ’n vaste en kenbare werklikheid tegemoet kom.

**Wêreldstapper** :…”met beelde ens. kan my oë oopgaan vir ’n werklikheid wat meer is as wat ek tot nou toe ervaar het.”

> *Every time we ask a question, we’re generating a possible version of a life.*
>
> *David Epston*

In die narratiewe benadering tot terapie is daar ’n “epistomologiese werklikheidbeskouiing” (Müller 2000:55). Dit beteken onder meer dat die werklikheid veranderlik en aanpasbaar is. Die heersende diskoers gee te kenne dat daar ’n enkelvoudige en geslote werklikheid bestaan. Binne hierdie mite is daar ’n simplistiese swart of wit, reg of verkeerd onderskeiding, en daar bestaan vir elke probleem ’n oplossing. In dié werklikheidsbeskouing werk menslike probleme amper soos wiskunde, daar bestaan ’n antwoord, een regte antwoord. “Vir moderniste is die werklikheid enkelvoudig en stabiel of progressief ontwikkelend, maar in ieder geval vir die menslike verstand kenbaar” (Dreyer 2003:334).

Die narratiewe benadering gaan van die veronderstelling uit dat gevestigde en redelik vasstaande werklikhede deur sosiaal konstruksionisme tot stand kom.(Freedman & Combs 1996). Rekursiewe patrone gee aanleiding daartoe dat norme, waardes, en wat reg of verkeerd is deur ’n meta-narratief in stand gehou word. Omdat hierdie proses aan die hand van verhale gekonstrueer is, maak die narratiewe benadering daarop staat dat dit ook weer deur verhale gewysig kan word. Daarom onderwerp die narratiewe benadering die diskoers

van 'die werklikheid' aan kritiese begripsontleding, oftewel dekonstruksie. (Sien White 1991). Die dekonstruksie behels 'n kritiese bevraagtekening van dit wat as 'die werklikheid' voorgehou of verstaan word. 'n Klimaat van onsekerheid word geskep waarin vrae 'n baie belangrike rol speel. "Dekonstruksie is die proses waardeur skadelike "waarhede" wat as vanselfsprekend voorgehou is, ondermyn word (Dreyer 2003:344).". Daar word gepeins oor wie se werklikheid dit is, hoe die werklikheid tot stand gekom het, hoeveel water dit hou en op watter voorveronderstellings daardie spesifieke werklikheid berus.

"…postmodernism deconstructs the myths that trap us in certain ways of thinking. By 'deconstruct' I don't mean destroy the myths. I mean talk about them in such a way that the myths are no longer compelling and presumed" (Shawver 1996:1).

Dekonstruksie behels nie 'n afbreek van werklikhede nie, maar 'n uitmekaarhaal van die komponente wat 'n sekere waarheid opmaak. Deur vrae word die stukke van 'n persoon se werklikheid uitmekaar gehaal en naas mekaar gepak. Die narratiewe benadering het hoegenaamd nie sy doel bereik as daar net onsekerheid gesaai is, net uitmekaar gehaal is nie. Na dekonstruksie moet die uitmekaargehaalde stukke weer in 'n ander formaat teruggepak word, sodat 'n nuwe werklikheid tot stand kom. Die narratiewe benadering staan "the social construction of preferred realities" voor (Freedman and Combs 1996). Die voorkeurwerklikheid kom verhalend tot stand, as 'n spanpoging, tussen pastor en pastorant. Dit verg kreatiwiteit, vindingrykheid en verbeeldingryke denke. Brueggemann se "Third World of Imagination" kan nie in terapie geïgnoreer word nie, maar moet benut word as 'n brug wat 'n skynbaar onoorbrugbare kloof kan oorspan. "The truths of science, like the truths of religion, must surely lie somewhere between relativistic social constructionism and naive realism, though we are struggling to find a new philosophical language to account for this inbetween knowing"

> *The pastor needs to be both story sharer and theological, ethical, and/or scientific analyst.*
>
> *Charles Gerkin*

(Grassie 1997:6). Ek is oortuig daarvan dat die verbeelding die moontlikhede bied vir “inbetween knowing” Dreyer (2003:328). verwys na die werk van Ernst Cassirer ([1929] 1955) wat in terme van ’n wetenskapsbenadering en die debat tussen ’n deduktiewe en induktiewe werkswyse, met die voorstel van ’n abduktiewe epistemologie vorendag gekom het. “Volgens die twaalfde uitgawe van die Van Dale Groot Woordenboek der Nederlandse Taal (Geerts & Heestermans [1864] 1992) verwys abduksie na ’n “*niet strikt logishe redeneerwyse, waarmee men een bruikbare hypothese kan verkrijgen*” (Dreyer 2003:328). ’n Tussenwete, wat nie op ’n streng logiese redeneerwyse verkry is nie, maar steeds ’n bruikbare hipotese oplewer, kan langs ’n verbeeldingryke wyse bekom word.

*With metaphor we experience the metamorphosis of both language and reality.*

*Ricoeur*

Vir pastors wat opgeneem en byna geabsorbeer word deur die taalwêreld van akademie en wetenskap, is dit moeilik om oor te skakel na ’n ander wêreld, ’n verbeeldingswêreld met ander spelreëls. Die gedissiplineerde akademiese wêreld staan teenoor ’n verbeeldingryke wêreld. Pastors is nie genoeg gesensiteer of bewus van die groot kontras tussen die wêreld van logika en die wêreld van toekomsbeelde nie. Dit is wel moontlik dat daar in beide wêrelde, naamlik die wêreld van toegespitste wetenskaplikheid, én die wêreld van kreatiwiteit geleef kan word, soos blyk uit die lewe van die mees onlangse Suid-Afrikaanse Nobelpryswenner, J.M. Coetzee (Beeld 3 Oktober 2003:1). Hy is tegelyk wetenskaplike en skrywer. Hierdie dubbel vermoë kom neer op die verskuiwing van grense, dit is ’n lewenskuns wat ’n groot bydrae tot terapeute se bediening kan maak. Dit is moontlik dat baie van die frustrasie in pastorale terapie voortspruit uit verskillende verwagtings van die werklikheid tussen pastor en pastorant. Gerkin (1991:67) wys op die frustrasie van die jong pastor wat net eenvoudig voel dat ‘gewone’ mense beslissings op ’n ongedissiplineerde wyse maak. Sy bevinding is verder dat “normative decisions of everyday life are made more in the mode of intuition – the exercise of imaginative common sense,” as met logiese, beredeneerde denke. Gerkin (1991:67) sê: “Ordinary life tends to be governed more by the

imagination than by reason,…" Hierdie beredenering noodsaak die pastor om te let op sy eie siening van wat die werklikheid inhou en beteken. Is hy bereid en dapper genoeg om die bestaande orde, die werklikhede wat in sy kultuur en tradisie tot stand gekom het, te bevraagteken? Verstaan die pastor dat werklikheid meervoudig is, en dat voorkeurwerklikhede (White 1987) gekonstrueer kan word? Dit blyk uit my navorsing dat dekonstruksie nie algemeen aan die orde van die dag is nie. Vrye, alternatiewe denke en individuele denke blyk ondergeskik te wees aan die diskoerse wat die breë kultuurgroep voorhou. Dit lyk veiliger om op gebaande weë te hou, as om met radikaal nuwe moontlikhede te eksperimenteer. 'n Beskouing van die werklikheid word gevorm deur 'n groep of kultuur, en dit word deur verhale gedoen (Freedman and Combs 1996:31). Die eeue oue onderskeiding tussen gedrag en ervaring is op hierdie punt opnuut aan die orde. Gedrag kan redelik maklik deur wette en voorskrifte gereël word. Ervaring is egter uiters onvoorspelbaar en dikwels vir 'n enkeling in teenstelling met die veronderstelde ervaring van die groep. Dit was al in die geskiedenis van Israel die geval dat die prentjie van daagliks gereglementeerde gedrag, en verwagtinge van 'die regte lewe', drasties verskil het. Wat is, en wat kan, is twee verskillende dinge. In die spanningsvolle brugfunksie van wat is, en wat kan, speel verbeelding die hoofrol.

"The royal consciousness is interested in the behavior of the people, which can be managed, not in the experiences of the people, which might very well contradict the official version of reality" (Martin 1994:37). Werklikheid is kultuurbepaald. Kulture skep werklikhede wat van mekaar verskil, en hierdie blote bewussyn vestig aandag op die konsep van meervoudige werklikheid, van geskepte werklikheid, of geskepte werklikhede.

"… each culture interprets, assigns meaning to, and constructs the world in a manner different from any other culture" (Paré 1995 :46). Nie een kultuur of godsdiens of groep hou die volledige prentjie van volkome werklikheid in sy hand nie. Die nadenke daaroor behoort tot beskeidenheid en 'n gees van leerbaarheid aanleiding te gee. Dit maak dit baie opwindend om in Suid-Afrika narratiewe pastorale terapie te beoefen.

> *In the final analysis no one culture holds the key to unlocking a truly objective world view, but each creates a language by wich a "reality" can be consistently presented to and represented by each of its members (Paré 1995:46).*

Hoewel werklikheid meervoudig en kultuurbepaald is, beteken dit nie dat waarheid, werklikheid en fiksie na willekeur vermeng kan word nie. Daar bestaan 'n intuïtiewe reguleringsfunksie wat ons laat aanvoel wanneer die grense na abstraksie en absurd en verregaande te ver oorskry word.

"To allow the distinction between myth and fact or truth and fiction to be blurred completely is to fail to understand what is at stake, and to be deaf to the deliverances of imaginative experience and the way in which they naturally encourages us to think and speak of what they convey as realities" (Holyer 1989:187). Die geheim lê in die bewussyn van 'n bewegende, ontwikkelende werklikheid wat nie staties nie, maar dinamies veranderend is. "…traditions are living, historical processes in which meanings, although rooted in primary images and symbolic metaphorical themes, continually interact with the changing situations of history to create new and highly nuanced understandings of their implications" (Gerkin 1991:19).

#### TERAPEUTIESE RELEVANSIE

Dit blyk uit my medenavorsers se bydraes dat mense nie weet dat werklikheid geskep en geïnterpreteer word nie! 'n Enkelvoudige werklikheidbeskouiing is nog aan die orde van die dag. Terapeute sal ontsettend baie baat vind indien hulle ingelyf word in die insigte van werklikheidskepping, en persone in terapie sal 'n besondere mate van bevryding en heling ervaar indien hierdie komplekse teorie aan die hand van die wyse waarop ek dit hier hanteer, aan die orde gestel word.

# 5 BELANGRIKE GEHEIME KOM AAN DIE LIG

Met 'n aanstelling kom al die eienskappe van 'n persoon nie met een oogopslag aan die lig nie. Jy moet soek en grawe in die inligting om by die geheime uit te kom. Watter geheime insake verbeelding se moontlikhede en

tekortkominge het aan die lig gekom? Wat ek graag wil beklemtoon, is dat die geheime nie deur my ontdek of uitgewys is nie, maar deur my medenavorsers.

## 5.1 HULLE SÊ SY IS ’N VERSOENER BY UITNEMENDHEID

Om ’n verhoudingbouer op die personeel te hê is altyd ’n aanwins. Verhoudings neig dikwels skeef en kan tot baie spanning aanleiding gee. Dit gebeur veral as mense polêr dink. Iets kan só net reg of verkeerd wees. Positiwisme het ’n dualistiese klimaat geskep wat met mag en mening in stand gehou word. Reg en verkeerd, swart en wit, so óf so, met geen plek vir ’n tussenposisie nie. Ek praat nie van relatiwisme nie, ek praat van die vermoë om kompleksiteit met grasie in samehang te bring. Verbeelding kan dit doen. Feit en fiksie, geloof en wetenskap, fundamentalisme en non-fundamentalisme. Daar is ’n derde weg. Brueggemann (1986:164) se “third world of illusional processing” of soos hy dit ook noem, “the third world of imagination.” Ek het ook uitvoerig verwys na Henry Corbin se verwysing na die Islam se Alam al Mithal (mundus imaginalis), wat hy uitspel as ’n “intermediary world.” (Durand 1971:66) Dan is daar ook Grassie (1997:6) se “inbetween knowing”, en Cassirer ([1929] 1955), (Sien Dryer 2003:238) se “abduktiewe epistemologie”. Hierbenewens Eliade (2002:6) se “simultaneously rational-logic and intuitive-imaginative” teorie oor die aard van mites. In die massiewe debat[3] van die verhouding tussen teologie en wetenskap, word daar ook ’n derde weg voorgestel deur van Huyssteen (1997). Tussen “foundationalism” en “anti-foundationalism” stel hy op vindingryke manier “postfoundationalism” aan die woord. In “Duet or Duel” (1998) werk hy met die woordspel van “Bitter Duel to Graceful Duet” en kom tot ’n wetenskaplik goed gefundeerde standpunt van ’n moontlike samewerking tussen teologie en wetenskap.

Wat sê ek? Dat wetenskaplikes uit ontsettend diverse velde, mense soos Dirkx, Brueggemann, Grassie, Cassirer, en van Huyssteen, daarin kon slaag om nie polêr die een óf die ander, só of só standpunt in te neem nie, maar verbeeldingryk by ’n derde weg uit te kom. Ek beskou dit as insig.

**TERAPEUTIESE RELEVANSIE**

Om as mens vasgevang te wees, al is dit teoreties, is soos tronkstraf. Hierdie spesifieke vermoë van verbeelding, wys 'n uitweg aan. Dit bring bevryding.

## 5.2 HULLE SÊ SY IS 'N MEESTERES ORGANISEERDER

Sekere bevindings uit die veld van literêre kritiek is mettertyd oorgedra na die wetenskap van geskiedskrywing. Vir hierdie studie is dit van groot belang, omdat ek reeds aangetoon het dat ek die vertelling in die terapeutiese situasie as 'n stuk mondelinge 'geskiedskrywing' sien. Geskiedskrywing het toe 'n letterkundige kunswerk geword, en is geherinterpreteer aan die hand van benaminge soos "semiotic", "symbolic" and "poetic" (Ricoeur :1991:290).

Ricoeur (1991:290). benut die werk van Hayden White, getiteld, *The historical Imagination in Nineteenth Century Europe*, as 'n goeie voorbeeld van wat bedoel word met die 'poetic' benadering tot geskiedskrywing.

In White se beskouiing is daar 'n korrelasie tussen "works of fiction and works of history" (Ricoeur :1991:290). Die lyn wat ek hier naspeur is die interaksie in 'ware verhale' tussen feit en fiksie, egte gebeure en interpretasie.

White bou sy teorie deur daarop te wys dat 'n geweldige aantal –ismes die geneigdheid tot 'emplotment[4]' beïnvloed. Byvoorbeeld "formism, organicism, mechanism, contextualism[5]" of "anarchism, conservatism, radicalism, liberalism[6]" Maar hierop volg 'n deurslaggewende standpuntinname in White se argument, naamlik "It is the complex totality of these organising scemes, from emplotment to the ideological implications, which constitute the historical imagination" (Ricoeur :1991:291).

Ek redeneer dat die beskrywing van 'n persoonlike verhaal, of selfs net 'n greep uit 'n persoonlike verhaal, ook 'n stukie 'geskiedskrywing' is. Dat die 'feite' die eerste, ervaarde 'feite' reeds geïnterpreteerde gebeure is. Hierbenewens redeneer ek dat die –ismes van die samelewing 'n baie groot invloed het op die 'emplotment' van so 'n persoonlike verhaal, met ander woorde, dat die sosiaal

> *Alle betekenisvolle ervaring – is geïnterpreteerde ervaring.*
>
> *Veldsman*

gekonstrueerde ideologieë en meta-narratiewe van die sosiale konteks waarbinne ’n individu leef, grootliks bydra tot hoe hy of sy kies om die stukke van hulle storie te rangskik. Die komplekse totaliteit van die organiseringskemas, konstitueer die verbeelding. Sy organiseer dit in elke individu se lewe so uniek soos ons vingerafdrukke. Die wil, rede, geheue, en ervarings het elk ’n bydrae te lewer, maar die een wat al die –ismes wat op ons lewens ’n impak maak selektief en uniek organiseer, is die verbeelding.

“Die verbeeldingsisteem staan in interaksie met ander bewussynsisteme (bv waarneming, kognitiewe prosesse), maar bly onafhanklik en outonoom met unieke doelstellinge met betrekking tot die persoon in sy/haar totaliteit. Hierdie verbeeldingsisteem is geweldig kompleks as gevolg van die interrelasies met soveel ander prosesse van lewe wat hulle informasie kodifieër in beelde bv. (waarneming, geheue, wil, liggaamlikheid ens).” (Veldsman 1993:60). Deur die organiseringsvermoë van verbeelding word ’n samehang bewerkstellig, wat uitgedruk word met die begrip sin. Die samehang verwoord beide die betekenisse van sin, in terme daarvan dat iemand dan sê, ‘dit maak vir my sin,’(ek verstaan) sowel as ‘my lewe het sin’(waarde).

“Verbeelding is dus die menslike vermoë om in waarneming van die chaos van sensoriese data, ’n samehangende geheel te vorm ooreenkomstig die regulatiewe leiding van die reëls van ‘verstaan’” (Veldsman 1993:60).

#### TERAPEUTIESE RELEVANSIE

Om samehang te ervaar, gee sin. Vir my medenavorsers, en alle mense, is die ervaring van sin grondliggend vir vervullende bestaan.

## 5.3 HULLE SÊ SY IS ONGEKEND AMBISIEUS

> *Religion without science is blind.*
> *Science without religion is lame.*
>
> *Albert Einstein*

Wie kan die –ismes, die –logieë en die –kundes in ’n tere greep vashou, sonder dat daar chaos en anargie losbars? Hierdie juffrou het fyn en ambisieuse hande. Dit blyk dat sy vir elke individu by die fakulteit hiermee kan help, om binne-in hulle diepste self, ’n spanningsvolle maar leefbare samestelling van die komplekse

totaliteit van die organiseringskemas, moontlik te maak. Ek noem ’n paar, wat vir hierdie studie van belang is: positiwisme, objektiwisme, rasionalisme, romantisme, idealisme, relatiwisme, kontekstualisme, strukturalisme, konstuktiwisme, modernisme, post-modernisme, subjektiwisme, inter-subjektiwisme, historisme, fideisme, holisme en skeptisisme. Daar is verseker nog talle ander –ismes, maar dit blyk dat verbeelding daarin kan slaag om hulle in ’n misterieuse samewerkingsooreenkoms te betrek. Verbeelding keer dat jy nie deur ’n enkele –isme ingeperk word nie. Voeg hierby die kundes wat die mens onderskei, omdat kennis sulke wyd uiteenlopende velde dek: o.a. wiskunde, meetkunde, sowel as die –logieë, soos teologie, psigologie, sosiologie, antropologie ens., dan het ’n mens ’n haas ondenkbare verskeidenheid sagteware om mee te werk, en om in verband met mekaar te bring. Dit word steeds meer kompleks as dit, omdat ons binne-in ons samestelling nog dinge het soos emosie, liefde, geloof en intuisie. Die ‘operating system’ wat ’n samehang kan bewerkstellig tussen emosie, kennis en rede, is die verbeelding. Sy lê die netwerk van verbindinge, en doen dit in elke individu uniek en eiesoortig. Sy is onophoudelik besig om nuwe verbande te lê, nuwe netwerke van denke te bou, aanhoudend nuwe kombinasies van woorde en konsepte naas mekaar te plaas. Dit is ’n evolusionêre proses wat saam met ’n evolusionêre skepping ontplooi. Verder is sy ’n tussenganger tussen die bewuste en die onderbewuste.

#### TERAPEUTIESE RELEVANSIE

In ’n postmoderne samelewing word mense deur ’n veelheid van teorië uit alle rigtings oorspoel. Die netwerkskeppende vermoë van verbeelding laat ’n individu toe om uit ’n geweldige hoeveelheid aansprake op sy of haar lewe, ’n eie, unieke samestelling van ’n verskeidenheid konsepte in ’n persoonlike formule te plaas. Dit bevorder individualiteit.

## 5.4 HULLE SÊ SY IS ’N VERFMENGER

Vir iemand in die kunswêreld kan dit ’n reuse aanwins wees om verf presies volgens behoefte te kan meng. Met die aankoop van die gemeente se nuwe dataprojektor sien ek in die meegaande inligtingsbrosjure dat die projektor

sestien en ’n half miljoen kleure kan vertoon. ’n Klein lens, en ‘wit’ lig, wat ’n fantastiese verskeidenheid kan oplewer. Mej Verbeelding kan vir die kunstenaars by die galery verf meng, verf na behoefte. Onbeskryflike kombinasies, sodat die kunswerk sal kom soos hulle dit wil hê. Sy het nie net rooi, geel en swart in haar verftassie nie, daar is om van te kies en te keur.

#### TERAPEUTIESE RELEVANSIE

Verbeelding maak mense wyd oop vir verskeidenheid, vir moontlikhede, vir opsies.

## 6 ’N MITIES-POËTIESE BYDRAE

Ek dink mej. Verbeelding kan ’n mities-poëtiese dimensie aan narratiewe pastorale terapie verleen. Sy kan die gesprekskamer tussen die argief en die kunsgallery opkikker soos niemand anders nie. Die term mities-poëties het ek die eerste keer by Dirkx (1998) raakgeloop, en ek leen dit by hom en gee my eie interpretasie en inhoudskepping daaraan. Ek wou meer weet van die konsep verandering wat in terapie plaasvind, en het tot in die hart van transformasie teorie gelees, die prosesse ter sprake ens. Toe, onverwags en uit die wetenskap van die opvoedkunde, kruis hierdie benadering my pad. Dit was ’n onverwagse wending. Ek het dit hoegenaamd nie so voorsien nie. Dit was vir my ’n ‘ah-ha’ ervaring. Hier, uit ’n totaal onvoorsiene rigting, kom daar hulp en insig uit die Opvoedkunde. Ek het ’n geleentheid daarin gesien om navorsingsresultate, teorie en ervaring van ’n totaal ander wetenskap, vir die teologie te benut. Dit was vir my ’n “unique outcome” in hierdie navorsing om Dirkx se werk te lees. Sy uitdrukking “mitho-poetic” het vir my aanvoeling daarin geslaag om die klomp los drade van hierdie navorsing bymekaar te vat. Ek beskou Dirkx se teorie as ’n laatstuk op die rondetafel, ’n misgekykte getuigskrif van een van Mej. Verbeelding se oud-onderwysers. Dit is ’n klein bydrae wat maklik misgetas kon word. Dirkx is iemand wat insiggewend oor mej. Verbeelding skryf.

Sy groot bydrae tot transformatiewe leer is wat hy noem sy “mytho-poetic perspective” (sien Dirkx 1998, *Knowing the Self Through Fantasy: Toward a Mytho-poetic View of Transformative learning*)[7]. Hiervolgens word

transformatiewe leer nie teruggevoer na die rede nie, byvoorbeeld deur refleksie en analise nie, maar na siel. (vgl Dirkx 2001:24) "…we focus on the images, which are thought to represent powerful motifs that represent, at an unconscious level, deep-seated emotional or spiritual issues and concerns. They represent our imaginative engagement with the world, expressing what is not known or knowable through words alone in the self-world relationship. They manifest through dreams, fantasies, myth, legends, fairy tales, stories, rituals, poetry and performing arts, such as dance. But images may also be evoked or activated through emotionally laden aspects of interactions with others or with the text being studied" (Dirkx 2001:24). Ek vind egter nie die woord slegs by Dirkx nie, maar ook by Jung. Hy praat van " …the stuff of psychosis that is found in the insane. This is the fund of unconscious images which fatally confuse the mental patient. But it is also the matrix of a mythopoetic imagination which has vanished from our rational age" (Jung 1961:213). Dit is 'n maalkolk van beelde wat effektief georganiseer moet word om sin in bestaan te ervaar.

Hier word dimensies van verbeelding toegelig wat noue aansluiting vind by narratiewe pastorale terapie, byvoorbeeld die klem op beelde. Die beelde word as uitdrukking van kragtige geestelike en emosionele motiewe gesien.

Belangrik is dat Dirkx praat van "deep-seated emotional or spiritual issues and concerns" en 'imaginative engagement' in die wêreld. Die verbeeldingryke verbintenis is krities, en ontsluit nuwe wêrelde. Dit is 'n weg wat bewustelik nagejaag moet word, om toegang tot optimale uitkomstes te verkry. Persone wat vanuit 'n poetiese perspektief werk, "wil make substantial use, regardless of the subject matter, of story, myths, poetry, music, drawing, art, journalising, dance, rituals or performance." (Dirkx 2001:24) Ek spel vervolgens uit wat ek met mities, en poëties, onderskeidelik, in die konteks van narratiewe pastorale terapie bedoel.

### 'N MITIESE DIMENSIE

Ek gebruik spesifiek die woord mities, in plaas van mitologiese, omdat dit vir my meer oop is vir interpretasie. Die mitologiese word te sterk vereenselwig met die mitologiese verhale uit die Griekse mitologie, die gode en die hele

wêreld van die mitologiese. Ek wil in daardie rigting kyk, maar die begrip oop genoeg hou dat dit ook aansluiting vind met die woord diskoers.

Met die gebruik van die woord mities, as ’n bydrae van verbeelding, as verhaalskeppende aktiwiteit tot narratiewe pastorale terapie, kyk ek na twee aspekte van verbeelding. Verbeelding beskik oor die vermoë om verbande te lê sowel as om bestaande verbande te bevraagteken. Die mitologiese aard van verhale maak aanspraak op ons verbeelding, en sensiteer ons vir die insig dat daar altyd brokstukke van feit en fiksie in vertelling voorkom.

## 6.1 OERWORTELS

Mense wat duisende jare gelede geleef het, het nie die komplikasie beleef van denke en handelinge wat deur wetenskap, teologie en korrektheid voorgeskryf is nie. Hulle het op ’n besondere kreatiewe manier behoeftes, vraagstukke en die mees innerlike essensie van menswees uitgedruk deur die mites.Verbeelding maak ons oop om die lang, ja baie lang geskiedenis van die mensdom in ag te neem. Om die oer-spore van menswees op te soek Ek het opgelet dat by die persone wat in diepte oor verbeelding gewerk het, daar ’n lyn van mitologiese verantwoording deurloop. In die werk van Jung, Corbin, Brueggemann, sowel as by Des, Kanarrieman, Wêreldstapper, Digterskilder en die Bybel loop daar spore van die mitologiese. Dit was ’n refrein, nie iets wat ek spesifiek daar gaan soek het nie, maar uit die bydraes het dit telkens weer opgeduik. Wat moes ek maak met hierdie karakter wat moeilik te versoen is met teologie en die waarheid? Ek moes die mitologiese se uiters bedenklike aard, in my ou verstaan van die woord, herskryf tot ’n dimensie wat ’n bondgenoot in die spel van vertelling is. Verbeelding kan die mitologiese in diens van verhaalskepping stel. Verbeelding kan mites positief gebruik deur die veelkantigheid van dimensies van menswees wat ons nie verstaan nie, uit te druk. Ek dink aan die uitdrukking van die argetipes tydens vertelling, sowel as die voorkoms van sinchronisiteit.

> *The word mythology is used in very different senses.*
>
> *Guggenbühl-Craig*

“Myth is not a logical operator between any proposition whatsoever, but involves propositions which point toward limit situations, towards the origin and the end, towards death, suffering and sexuality.” ( 1981:161)

Die wesensvrae word op boeiende wyse deur mites voorgehou. Die vermenging van feit en fiksie, fisiese werklikheid en transendentele, en vertelling word op ’n vreemdsoortige manier in die mites vermeng, maar op so ’n wyse dat dit iets in ons ingewande roer. Ons vind ons menswees en van die groot inrtiges van wetenskap, kuns en seksualiteit alles in ’n spanningsvolle geheel terug in hierdie oerverhale. Die woord mite het ’n wye toepassingsveld en word verskillend gebruik. Die mites het oor eeue “trivialized” en “debased” geword, maar mense kan dit nietemin gebruik “to return to the beginning of time and rediscover and reexperience their own nature” (Eliade 2002:6).

“By *myth* we usually mean stories – the fiction of the gods, heroes, and ghosts – often placed in prehistoric time. One might also use the term to refer to legends. The Latin word *mythus* and the Greek word *mythos* have to do with word, speech, story, and fable. *Mythical* means something fictionally told – *mythikos* in Greek. *Mythology* means the telling of myths, history, or legends, and the teachings of the gods – Greek *mythologia*.” (Guggenbühl-Craig 1991: 25) Een van die medewerkers of bondgenote van verbeeldingryke pastoraat, sal u onthou uit hoofstuk vier, is ritueel. Daar is ’n noue verband tussen mite en ritueel. “Myths have often been seen as explanations for rituals. Myths and rituals are often connected : the Christian communion, which is interpreted as a memory of Christ’s last supper, comes to mind” (Guggenbühl-Craig 1991: 30).

Die dimensie van uiters moeilik beskryfbare gedrag, ervaring of belewenis vind uitdrukking in mites. Dis hierin waarin ek ’n aanknopingspunt vind met verbeelding. Sy is ook nie alte dikwels logies en beredeneerd nie, maar slaag daarin om dinge in ons diepste innerlike aan te raak. “A definitive, comprehensive view of myth as simultaneously rational-logic and intuitive-imaginative was set forth by the Romanian-born historian of religions Mircea Eliade” (Microsoft Encarta Encyclopedia 2003). Die moontlikheid van tegelyk logies en verbeeldingryk is die raakvlak wat my na die mites laat kyk.

"…myth itself remained a mystery which people have attempted again and again to understand. Myths do not yield easily to rational explanation, but this does not decrease their importance" (Guggenbühl-Craig 1991: 30).

Mites het van die groot denkers en digters van die eeue aangegryp. Een persoon wat hierdeur gefasineer was is CS Lewis. (Holyer 1989) Dit is vir my goed om oor verbeelding ook die digters se stemme te hoor. "… throughout his religious writings one finds a variety of contexts in which Lewis argues that imaginative experience is essential to Christian faith. (Holyer 1989:184)

Daar bestaan 'n sterk verbintenis tussen mitologie en godsdiens. Waar transendentele idees, in verband met werklikheid en menswees gebring word, vind mens 'n vertelling. Aspekte van feit en fiksie, aspekte van natuurlike en bo-natuurlike, word in samehang geplaas. Dit is nie slegs waar van die godsdienste van die wêreld nie, maar ook die Christelike godsdiens. Ek noem as voorbeelde die skeppingsverhale, Noag en die ark, Jona en die vis, die maagdelike geboorte en die opstanding. "…what the language of Christianity conveys is for Lewis in the most basic sense a myth and must be grasped with the same imaginative embrace which we accord to all myths." (Holyer 1989:182)

Verbeelding maak die "imaginative embrace" moontlik. Die vraag ontstaan of so 'n vermenging van feit en fiksie dan op 'n bedrogspul, 'n leuen, 'n onwaarheid neerkom?

(Holyer 1989:182) verwys na C.S.Lewis wat skryf : "A man who disbelieved the Christian story as fact but continually fed on it as myth, would, perhaps, be more spiritually alive than one who assented and did not think much about it". Die 'imaginative embrace', kom vir my neer op geloofstoe-eining. In geloof, is iets vir 'n persoon waar, daarsonder, is dit vir 'n ander persoon onwerklik.

*Ons dans in 'n kring en maak onsself wys, maar die Geheim sit stil in die middel en swyg.*

*Robert Frost*

"…to say that religious language is metaphorical and mythic, does not necessarily obviate the question of its truth" (Holyer 1989:182). Indien ek

redeneer dat aspekte van feit en fiksie versmelt word of vervloei, bly die vraag na waarheid akuut aan die orde. Ricoeur (1991:291) maak die toepassing op geskiedskrywing. Indien geskiedskrywing in haar wese geïnterpreteerd is, sluit dit die noodsaak van bewysplaas uit? Nee, sê Ricoeur, dis 'n misverstand wat voorkom moet word om te dink dat die fiktiewe aard van geskiedskrywing beteken dat dit die reël van bewysplaas uitsluit. Hy praat van "excluding [the] rules of 'evidence'." Dit is nie die geval nie. Geskiedskrywing deel met die ander wetenskappe die noodsaak van bewysplaas, maar Ricoeur wys op die geïnterpreteerde aard daarvan. Hy skryf "I should like to emphasise that however fictional the historical text may be, it claims nevertheless to be a representation *of* reality" (Ricoeur 1991:291).

Die historiese teks is nie enkelvoudig nie, dit is beide 'n literêre 'artefact' en 'n "representation of reality". "It is a literary artefact insofar as, … it tends to assume the status of a self-sufficient system of symbols. It is a representation of reality insofar as the world that it depicts, … claims to hold for real events in the real world" (Ricoeur :1991:291).

Wat vir hierdie redenasie deurslaggewend is, is die verband tussen verhaal en mite, of waarheid en werklikheid. Is mites en godsdienstige verhale wat uit 'n *collage* van feite, en interpretasies daarvan saamgestel is, nou waarheid, of leuens?

Holyer (1989:182) sê van mites : "… all myths may be true or false, first, in the sense that almost any narrative may be true or false: they say (or do not say) something correct, illuminating and penetrating about the human condition. Secondly, myths like other narratives, may be historically true or false in the sense that they recount and correctly interpret actual events, or fail to do so. Thirdly, religious myths may be true or not only because they express something illuminating about our common humanity, but also because they afford us the clearest glimpse of a divine other". Van Lewis sê Holyer (1989:183) dan dat "he insisted that the Christian myth is true in all three senses."

In terapie wil ons poog om die essensie van die essensie aan te raak. Hoe doen 'n mens dit? Daar is soveel op die spel in pastorale terapie, waar mense

University of Pretoria etd – Laas, J J (2004)

dikwels hulle diepste vrese, geheime, behoeftes en pyn blootlê. Watter middele bestaan daar om kontak te maak met iemand se diepste innerlike?

"From Jung's work it is clear to me that psychological phenomena can be grasped only through symbols, which of course never do complete justice to the soul. Nothing, however, comes nearer to soul than myths and symbols." (Guggenbühl-Craig 1991:41) Polkinghorne (1998:24) skryf dat simbole in staat is om geweldige sterk emosies by mense los te maak, en gebruik as voorbeeld die emosies wat ervaar word waar 'n landsvlag verbrand word. Afgesien van sterk emosies, voeg hy 'n baie belangrike gesigspunt tot die argument. Hy skryf :"Symbols verge on the sacramental and their life-participating qualities make their use indispensible for theological expression." Ek stem volmondig met hom saam, en is van mening dat sowel die diepste menslike ervarings, as teologiese insigte, by wyse van simboliek tot uitdrukking kan kom.

In werklik ernstige redevoering oor simbole, word bykans sonder uitsondering die begrip mite in verband hiermee gebring. Polkinghorne (1998:24) skryf : "A particularly potent form of symbol is *myth,* understood as meaning a story expressing a truth too deep to be conveyed adequately in any more literal way (and certainly not understood in the modern debased sense that equates myth with untruth)." Waar waarhede, ervarings, emosies en gewaarwordinge van die siel te diep sny om in omgangstaal uit te druk, kan die benutting van mites en verhale vir die pastoraat van onskatbare waarde wees.

"The continuing power of ancient stories – such as Adam and Eve in the garden, or Noah and the flood – and the way in wich they still grip the human imagination and stir the human heart make plain the role that myth must play in articulating theological insight (Polkinghorne 1998:24)." Mites kan sorgsaam, vindingryk en opbouend in terapie benut word, mits dit die pastor en pastorant se verbeelding aangryp en hulle harte roer.

## 6.2 MODERNE MITES

"All of us, Individuals, Families, Peoples – Are led by Myths, and often these myths cause disaster" (Guggenbühl-Craig 1991:21). Ons kry nie alleen oer-

oue mites nie, maar ook alledaagse mites, of meer algemeen genoem diskoerse. Altena (2003:24) noem ’n paar. “De mythen van de moderne tijd, emancipatie, bevrijding, vooruitgang, …”

Omdat verbeelding so vindingryk en onophoudelik verbande lê, weer verbande lê, en aanmekaar veeleisend aansluiting probeer bewerkstellig tussen nuwe verbande, kan sy bestaande hedendaagse mites bevraagteken. Net so maklik as wat sy kan mitologiseer, kan sy ont-mitologiseer, en dit is ’n baie belangrike eienskap in haar mondering. Vir narratiewe terapie is dit belangrik, want so dikwels is die gevangenisskap van ’n individu van ’n mitologiese aard. Die litteratuur wys ook dan uit dat daar talle sulke nuwe, hedendaagse mites in die samelewing bestaan. Skadelike mites wat ont-mitologiseer moet word. Ek gaan nie in detail verwys na hierdie proses van ont-mitologisering nie, maar gaan enkele sake wat vir die praktiese teologie van belang is, aanraak.

“Different cultural groups often misunderstand each other since their images, which to a great extent rely on their respective mythologies, differ significantly.” (Guggenbühl-Craig 1991: 22)

*We are all tattooed in our cradles with the beliefs of our tribe; the record may seem indelible. You cannot educate a man wholly out of superstitious fears which were implanted in his imagination, no matter how utterly reason may reject them.*

*Oliver Wendell Holmes*

Verskillende kulture, maar ook individue handhaaf en onderhou sekere mites. “It is not only cultures and peoples who have their own mythologies which we must know in order to communicate. Smaller groups and communities – even families and individuals – live their own myths.” (Guggenbühl-Craig 1991: 22) Dit sluit nou aan by die gedagte van rolverwagting, en mense neig om ’n sekere rol wat hulle, of ’n betekenisvolle ander persoon vir hulle geskep het, uit te leef. So byvoorbeeld die mite van onafhanklikheid, wat die leuen voorhou dat ’n persoon niemand nodig het nie. Dit is ’n mite. Baie vroue leef met ’n selfopgelegde rol as die getroue slaaf, dit is ’n mite. Daar bestaan persoonlike mites of gesinsmites,

maar dit is vir die praktiese teologie van groot belang om ag te slaan op die samelewing en politici se mites wat met oortuiging geskep en in stand gehou word. Onlangs is daar in Suid-Afrika die mite gebore dat daar genesing moontlik is vir 'n HIV/VIGS positiewe persoon wat geslagsgemeenskap met 'n maagd sou hê. Dit is deels verantwoordelik vir 'n vlaag kinderverkragtings in ons land. Dit is 'n ekstreme voorbeeld, maar toon hóé ontsettend nadelig en gevaarlik kulturele en politieke mites kan wees. Daar is talle sulke mites in ons samelewing. Goeie terapie behels om skadelike mites uit te wys en aan die kaak te stel.

## 6.3 ILLUSIEVERPLETTERING

Iemand wat op 'n kreatiewe wyse mitologie en die terapie in verband gebring het, met die oog om te ont-mitologiseer is Edwin H. Friedman (1990).

Friedman (1990:2) toon aan dat sy fabels nie alleen deur hom geskep is nie, maar dat hulle vir hom "… my partners in creation …" geword het. Die fabels het mekaar se ontwikkeling beïnvloed. Hulle het medeskeppers van mekaar geword. Vir hom het daar 'n persoonlike verhouding met die fabels ontstaan en hy het hulle gepersonifieer, en omgekrap gevoel as daar met sy fabels gepeuter word. Hy herinner hom aan Luigi Pirandello wat skryf van sy "*Six Characters in Search of an Author*", en haal dan vir Pirandello uit 'n ander werk aan. Hy skryf: "Every creature of fantasy and art, in order to exist, must have his drama, that is, a drama in which he may be a character and for which he is a character. This is the character's *raison d'êtere*, his vital function, necessary for his existance. (Naked Masks: Five Plays, 1952:368; Friedman 1990:2) Friedman vertel dat die fabels 'gebore' is terwyl hy na ander mense se verhale geluister het. Die fabels het daarom 'n geneigdheid om ander verhale te stimuleer en baie hegte verhoudings met mense te sluit. Dit is die wese van hulle bestaan, en die drama-agtige aard van hulle bestaan is noodsaaklik vir die fabels se bestaan. Hy vertel hoe nou sy eie lewe vir die laaste dertig jaar met die fabels verweefd was, en dat dit baie te make gehad het met "our species' three

> *The fables are dedicated to the tutors of my imagination.*
>
> *Edwin Friedman*

major systems of salvation: politics, religion, and psychotherapy" (Friedman 1990:3). Hy wonder baie ernstig waarom die mensdom nie na al die intellektuele deurbrake op ander terreine, raad vir haarself het nie. Miskien omdat, "we are all caught up in myths about what it takes to get others to hear?" (Friedman 1990:4). Dit is op hierdie punt waar ek Friedman se werk fasinerend en skitterend beleef. Sy fabels is daarop gerig om illusies te verpletter.

> [T]he illusions they aim to shatter are:
>
> - that communication is a cerebral phenomenon rather than an emotional process
> - that insight will work with people who are unmotivated to change
> - that resistance to your message can be overcome by trying harder
> - that seriousness is deeper than playfulness (Friedman 1990:4)

Dit is vier skadelike mites van ons huidige samelewing. Verhale is by magte om dit te dekonstrueer en die "playfulness[8]" in ons lewens terug te bring.

Ons leef dus nie net in die mistigheid van oer-oue mites nie, maar hedendaagse mitologie is aan die orde van die dag. Guggenbühl-Craig (1991:38) is geïnteresseerd in die houvas wat hedendaagse mites op mense se lewens het. Hy sê : "We are interested in modern mythology, in myths which guide people today." Die grootste van die hedendaagse mites is volgens Guggenbühl-Craig die oortuiging van die noodsaaklikheid van vooruitgang. Hiermee hang die gedagtes van groei en sukses nou saam. (1991:67) Alles moet beter, daarvan hang ons geluk en voorspoed en menswees af.

## 6.4 DIE VROULIKE KANT

In die verlede was universiteite en teologie bykans uitsluitlik deur manlikheid oorheers. Ek is opgewonde oor die feit dat daar met hierdie aanstelling 'n vars, kreatiewe bries deur die galery sal waai. "The creative process has a feminine quality…[it rises] …we might truly say from the realm of the Mothers." (Jung 1966:103) "sofia, *f*: the capacity to understand and, as a

result, to act wisely" (Louw & Nida 1988:385). Sophia is wysheid, die een wat anders as rede is. Uit die oosterse wysheidsliteratuur blyk dat radikale skeppingswerk van nuwe idees uit die sfeer van vroulikheid na ons lewens toe kom. In 'n manlik gedomineerde kerk en samelewing is dit daarom begryplik dat dinge baie redelik daaraan toegaan. Daar is 'n kritiese stem uit die geledere van hulle wat aanvoel dat 'n oordrewe manlik geörienteerde samelewing baie beperkend en benouend is. Waarna ons kan oplet en op ag slaan, is dat daar wel kulture is wat hierdie dimensie van kennis en ontwikkeling nie agterweë laat bly het nie. "Contrary to ours, other cultures did have what Levi-Strauss so aptly called 'the privilege of remaining feminine' (or better said, the privilege of androgeny), of not neglecting the feminine guide of imagination, the creative Sophia." (Durand 1971:65)

Kliniese rasionaliteit lê die kragtige moontlikhede van kreatiwiteit in ons samelewing aan bande. Vra dit 'n genius om te sien dat gay mans baie, baie meer kreatief en skeppend is as "straight" mans? Die vestings van manlike dominansie verswak egter nie alte maklik nie. (Sien Dreyer 1998,2002)

Hier, by die alledaagse en hedendaagse mites, kan verbeelding baie help met die proses van dekonstruksie. Dit stel die magsdiskoerse van ons samelewing aan die kaak. Daniel Adams (1997:5) skryf dat die hele saak van dekonstruksie is "… a method which goes straight to the heart of traditional understandings of authority." 'n Vrou in 'n uitvoerende posisie by die kunsgalery sal bydra tot die bevraagtekening van 'n uitsluitlik manlik gedomineerde samelewing, en sal help om die diskoers te dekonstrueer.

> *Ek kon seker soos 'n gomtor grootgeword het, maar my ma was so aktief in die kunswêreld dat sy my geleer het van verbeelding en vrye denke.*
>
> *Charlize Theron*

Om hierdie spel van dekonstruksie te speel, eis dat daar verbeeldingryk geleef word, dat alternatiewe opsies voortdurend oorweeg word. Iemand wat krities leef en die waarde van dekonstruksie ontdek het, help ander om die samelewing se vanselfsprekendhede en sekerhede te bevraagteken. Verbeeldingryke denke

wys die valsheid en korrupsie en magsdiskoerse van die samelewing en politiek uit, die pers se belange, en hoe dit gebruik en misbruik word. Langs hierdie weg, word ’n aanvoeling verkry van die groot spel in ’n samelewing, byvoorbeeld die mite van sukses.

Die narratiewe pastorale terapie wat ek voorstaan benut dekonstruksie, nie destruksie nie. Daar kom ’n punt in terapie waar die stukke wat uitmekaar lê weer anders aanmekaargesit word. Waar ’n ander werklikheid tot stand kom. Dit is verbeelding wat hier ter sprake is, wat hier nodig en noodsaaklik is.

#### TERAPEUTIESE RELEVANSIE

Die raaksien van die krag, waarde en bydrae wat die oer-mites kan lewer, is vir die terapeut ’n bron van vertelling en kosbare voorbeelde van hoe die diepte dimensie van menswees oor eeue uitgedruk en verwoord is. Die bewussyn van die hedendaagse mites, en die skadelike rol wat dit in mense se lewens speel, stel ’n terapeut in staat om dit uit te wys en te bevraagteken. Die gewaarwording van die onderbenutte, afgeskeepte en miskende vroulike dimensie in ons samelewing en in persoon, kan veroorsaak dat hierdie bron van potensiaal aansienlik meer benut word. Al genoemde sake, is goudstukke in die beursie tot verhaalskepping.

# 7 SOSIAAL KONSTRUKSIONISME

Narratiewe terapie is bouwerk. Hoe word daar gebou? Op ’n sosiaal konstruksionistiese wyse word ’n nuwe werklikheid geskep. Ek benut ’n kritiese sosiaal konstruksionistiese standpunt, omdat ek nie hierdie teorie tot sy volle konsekwensies kan onderskryf nie. Ek kan nie die gedagte onderskryf dat selfs God (bloot of slegs) ’n sosiale konstruksie is nie. My standpunt is dat sosiaal konstruksionisme ’n baie bruikbare benadering is, maar dat méér bestaan as wat deur mense gekonstrueer kan word (sien van der Venn 2002:291-307). In narratiewe terapie, het daar ’n verskuiwing van konstruktiwisme, na sosiaal konstruksionisme plaasgevind (sien Gergen 2001:96). Dit is Freedman en Combs (1996:27) wat duidelik uitspel wat hierdie verskuiwing behels. Hulle skryf : “… there is a shift from focusing on how an individual person constructs a model of reality from his or her

individual experience to focusing on how people interact with one another to construct, modify, and maintain what their society holds to be true, real, and meaningful." Narratiewe terapie skep op sosiaal konstruksionistiese wyse betekenis en werklikheid, teen die agtergrond van 'n spesifieke gemeenskap, in hierdie geval die Christelike geloofsgemeenskap.

Die individu self is die meesterbouer van sy of haar eie storie. Die pastor verskaf slegs die "scaffolding" (White 2002:6), en help nie stene lê nie. Hy is daar, betrokke, op die perseel en ernstig aan die werk met die "scaffolding", maar dis nie sy bouwerk nie. Dit begin in 'n atmosfeer van onsekerheid, die tipiese atmosfeer van onsekerheid en pyn van die pastorale situasie. Die onsekerheid word bevorder, deur die bevraagtekening van bestaande orde.

"Social constructionism ….. begins with radical doubt in the taken-for-granted world – whether in the sciences or daily life – and in a special way act as a form of social criticism" (Gergen 1985:267). Uit (1991) se werk blyk dat geskiedskrywing 'n interpretasie van die weklikheid is, en dat dit in daardie sin as 'n sosiale kunswerk beskou kan word. Ek wil hierby voeg dat nie alleen geskiedskrywing nie, maar die dagblad self nie die feite nie, maar 'n interpretasie van, of seleksie van die gebeure weergee. In die lees en onthou en herinterpretasie daarvan, is mense ten nouste betrokke. Verstaan, is daarmee gesê, 'n gesamentlike onderneming. As die "feite" anders gerangskik, en anders interpreteer word, sal 'n nuwe verstaan plaasvind.

## 7.1 TEENSTRYDIGHEDE

"The polarities of theology are clearly presented – God and the world, Christ and culture, text and context, the universal and the particular. Indeed, the incarnation which is the central event and doctrine of the Christian faith, involves both of these plarities – "the Word became flesh and dwelt among us, full of grace and truth." (Adams 1997:7) Dit is verbeelding wat hierdie kloof kan oorbrug. Wat die logiese en onlogiese in spanningsvolle harmonie kan plaas. Dit is presies in die spanning tussen die teenstrydighede waar die moontlikhede geleë is. Sy is brugbouer, ontwerper en skeppende kunstenaar.

Brueggemann (1989:14) benut 1 Korintiërs 7:29-31 om aan te toon hoe die Bybelse teks verbeeldingryk met die teenstrydighede omgaan, en nuwe moontlikhede oopbreek.

"Ek bedoel dit, broers, die tyd is min. Van nou af moet dié wat getroud is, leef asof hulle nie getroud is nie; en dié wat bedroef is asof hulle nie bedroef is nie; en dié wat bly is asof hulle nie bly is nie; dié wat iets aankoop, asof hulle dit nie besit nie. Ja, dié wat met die dinge van die wêreld te doen het, moet leef asof hulle daar niks aan het nie, want hierdie wêreld soos ons hom ken, is aan die verbygaan." (Die Bybel in Afrikaans 1983:194)

Goeie pastorale terapie, hou rekening met 'n lewe asof …

### 7.2 'N LEWENSINGESTELDHEID

Waaroor gaan dit ten diepste in verbeeldingryke narratiewe pastorale terapie? Gaan dit om nog 'n tegniek om terapie beter en meer interessant te maak?

> *When we 'take' it and imagine it differently, we can (and will) act differently…*
>
> *Walter Brueggemann*

Laat my dadelik sê dat verbeelding nie 'n tegniek nie, maar 'n lewensingesteldheid behels. Om verbeeldingryk te werk in terapie, vra dat jy verbeeldingryk sal lewe. (Müller & Louw 2002) Dit is 'n evolusionêre, groeiende en toenemende lewensuitkyk wat baie van die lewe verwag. Wat grense wil verskuif en glo dat grense verskuifbaar is. 'n Lewensingesteldheid wat rekening hou met die onwaarskynlike. Dit vra 'n kyk van die gees. Die kyk van die siel, die kyk wat in geloof waar word. 'n Kyk wat nie bewysbaar en meetbaar en tasbaar is nie, maar wat rêrig is. Hierdie verbeeldingryke kyk, kan vir beide pastor en pastorant 'n groot aanwins wees. Die openhartige blootstelling daaraan laat moontlikhede toe, moontlikhede vir 'n nuwe verhaal, wat verryking en verruiming meebring.

## 8 'N POËTIESE DIMENSIE

Iets wat met 'n duidelike en triomfantelike stem haar teenwoordigheid in my navorsing aangekondig het, was gedigte. Ek het my mede-navorsers nie

gekies omdat hulle ’n aanvoeling en voorliefde vir gedigte het nie, trouens, ek het dit nie voor die navorsing geweet nie. In die proses van navorsing het gedigte duidelik na vore gekom. Hoe my medenavorsers hulleself wil uitdruk in komplekse situasies het gedigte na vore gebring. Die skryf van gedigte, die lees van gedigte in privaatheid sowel as die lees van gedigte in die pastorale situasie. Dit het my as ’n baie narratiewe, oop en pastoraal terapeutiese geleentheid opgeval. Die digters sê wat nie met woorde gesê kan word nie. Brueggemann (1989:6) skryf na aanleiding van ’n gedig van Walt Whitman, : “After the engineers, inventors, and scientists, after all such control through knowledge, ‘finally comes the poet.’”

> *… we might better regard therapy as a kind of rigorous poetic practice, rather than as a science.*
>
> *Stephen Gilligan*

Hierdie dame se *Currucilum Vitae* is deurspek met gedigte en digterlike taal. Haar referente gebruik dit, haar getuigskrifte is vol daarvan. Oral, sover as wat ons lees, word sy in die teenwoordigheid van gedigte opgemerk. Dit gaan oor ’n skepping, deur woorde. Nie gewone woorde nie, maar buitengewone woorde en buitengewone verbande, uitgedruk in metafore. My werk vertel my dat narratiewe pastoraat ’n skeppende gebeure is. En vir die pos by die fakulteit is daar juis so ’n skeppende persoon nodig. Wat sê die dokumentasie, hoe skep sy? Wat skep sy? Op watter manier skep sy? Waarom skep sy? Wat wil sy bereik of kommunikeer deur skeppend te werk te gaan? Vir praktiese teologie, en vir alle teologie is skep ’n belangrike woord.

> *Let the light that I have carried in my womb shine forth.*
>
> *Carl Gustav Jung*

Ek het reeds die verband gelê tussen tragedie en terapie. Verder het ek suggereer dat die tragedie omskep, hervorm en anders ‘gemaak’ kan word. Hoe ‘maak’ ’n mens ’n tragedie minder tragies? Ricoeur maak gebruik van Aristoteles se Poetics. “In discussing tragedy – which for him is *poiesis par excellence* – he sees no difficulty in saying, on the one hand, that the essence of *poiesis* is the

*mythos* of the tragic poem (*mythos* meaning speech, fable and plot together). and, on the other hand, that the aim of the poem is the *mimesis* of human action" (Ricoeur: 1991:292).

"We thus rediscover, with the *mythos* of Aristotle's *Poetics*, what is essential in our concept of plot in history : union of contingency and consecution, of chronology and configuration, of sequence and consequence."

Wat is esensieel in ons konsep van plot in geskiedskrywing? Daar is eenheid van toevalligheid en opeenvolging, van tydrekening en formasie, van volgorde en gevolg. Daar bestaan samehang van kompleksiteit.

*Our clients are each in his or her own way individual poems as well.*

*Stephen Gilligan*

Wat moet ons verstaan onder Aristoteles se gebruik van die woord *mimesis*? Beslis nie blote na-apery soos die sirkusnar dit humoristies uitbeeld nie. Dit is namaak met 'n ernstige intensie, soos om agter die Groot Skepper aan te probeer skep. Daar is dan elemente van die reeds bestaande, en nog nie bestaande in hierdie handeling vervat. "We stumble upon an intolerable paradox if, in thus linking plot and *mimesis*, we translate [*mimesis*] as 'imitation', in the sense of copying some already existing model. Aristotle had in mind …. a creative imitation." Menslike ervaring, menslike handeling word op 'n aktiewe, vindingryke manier nageboots waar daar sprake van mimesis is. Mimesis is 'n aksie, 'n skepping, iets nuuts! "There is *mimesis* only where there is 'doing' or 'activity'; and poetic 'activity' consists precisely in the construction of plots" (Ricoeur :1991:292). Waar *mimesis* en *poësis* sáám betrek word in vertelling, kry jy die 'doen' van 'n verhaal. Die verhale van die Boesmans kom voor my geestesoog. Dit is 'n verhaal van uiterste betrokkenheid vir verteller en luisteraar. Dit gaan om inleef, naboots en dans, om deel te word van die vertelling, ja, skeppend deel te word van die vertelling. 'n Verhaal wat 'gedoen' word, is ter sprake. Hierdie dóén is 'n gekonsentreerde en doelbewuste inspanning, dit eis algehele betrokkenheid. "… therapeutic sponsering as a poetic practice is not easy, not a matter of following a manual

or a template. You must bring your entire being - body, mind and heart - to the encounter …" (Gilligan 2001:54).

Ek beskryf nie hier 'n gewone, alledaagse ontmoeting nie, maar 'n spesiale ontmoeting met spesiale moontlikhede. Baie is op die spel. Dit maak volledig aanspraak op liggaam, siel en verstand. "Therapy, …. are like poetry also in that they touch listeners, open them to some yearning or possibility within themselves that they had not known before and expand their inner and outer worlds. Poetry reconnects language with felt experience." (Gilligan 2001:54) Dit is 'n ontmoeting waarin ons kreet na agter die son, duidelik opklink. In so 'n hartlike ontmoeting ontstaan die skepping van 'n gedeelde wêreld, 'n taalwêreld, met ontsaglike potensiaal.

"….like a poet, when you do sense your words rising from the depths of your being, when you feel them resonating in the same deep place within your client, then, in that shared relational field you have created, you will see small miracles occur as the river of life pours its bright abundance through you both." (Gilligan 2001:54)

## 9 MOONTLIKHEID

Wat bedoel ek met die konsep moontlikheid in pastorale narratiewe terapie? Ek bedoel iets anders as om verskillende opsies te hê. Opsie sal ek hier beskryf as die keuse tussen twee verskillende aangeleenthede. Dit is soos om 'n ander motor te koop. Jy kies 'n model. In spreektaal sal ons sê jy het 'n wye verskeidenheid moontlikhede. Vir narratiewe pastorale terapie verstaan ek moontlikheid anders. Ricoeur (1991:296) stel dit soos volg : " … by opening us to what is different, history opens us to the possible, whereas fiction, by opening us to the unreal, leads us to what is essential in reality" (Ricoeur :1991:296). Die moontlikhede wat pastorale narratiewe terapie bied, bring nie alleen verskillende opsies aan die lig nie, maar lei ons na die esensie. Daarom dat ek die fiktiewe aard so dringend onderskryf, want dit maak ons oop vir die

*What lies behind us and what lies before us are tiny matters compared to what lies within us.*

*Oliver Wendell Holmes*

"onwerklike, onmoontlike." "The only absolute given me is a "fiction" to which I must trust myself – a gratious "fiction" on which I stake my life, authored by God who also authors the text and the speech." (Brueggemann 1989:10) Die werklik diepte dimensie van die moontlikheid wat hierdie vorm van terapie inhou, is nie net ander opsies nie, maar om iemand, dalk die pastor, dalk die pastorant, oop te maak vir die "fiction." Moontlikheid verstaan ek hier as geleentheid tot openheid van die "better world" van Brueggemann. Openheid vir die Een agter die son, en die geleenthede wat kontak met Hom vir my lewe inhou. Zander en Zander (2000:113) verwys na Kierkegaard wat moontlikheid aangrypend besing. "If I were to wish for anything I should not wish for wealth and power, but for the passionate sense of what can be, for the eye which, ever young and ardent, sees the possible. Pleasure disappoints, possibility never. And what wine is so sparkling, what so fragrant, what so intoxicating as possibility? (Sören Kierkegaard)[9]

Wie geleenthede en moontlikhede wil sien moet na die toekoms kyk. Gister se verspeelde kanse kan alleen betreur word, môre se moontlikhede kan aangegryp word.

> *In the future that is coming toward us, we find possibilities. The visions, vocations, and commitments that give our lives meaning and fill us with hope are connected to our images of the future – what I call 'future stories' (Lester 2001:47).*

**TERAPEUTIESE RELEVANSIE**

Die vlam van terapie, wat lig gee en oorvloedslewe, lê in hoopvolle toekomsstories. 'n Terapeut in wie se lewe toekomsstories, die Groot Verhaal en die fasinerende stories van die samelewing 'n beduidende rol speel, het 'n Bydrae om te maak.

## 10 SKEPPING

Wanneer die skeppende aard van die pastoraal terapeutiese handelinge gesnap word, gaan 'n wye wêreld vol ryke moontlikede oop. Mense praat nie net in hierdie ruimte om 'oplossings vir probleme' te vind nie. Iets werklik nuut

en vars en opwindend, 'n nuwe skepping, vind plaas. Dit is 'n daadgebeure, deur poëtiese taal.

Vir praktiese teologie en wetenskap is skepping een van die mees kritiese begrippe. Hoe het dinge ontstaan? As gelowige gaan ek van die veronderstelling uit dat Iemand dit gemaak het, en Hom noem ek God. Vir die teologie sowel as die wetenskap bly die hóé van die skeppingsgebeure 'n misterie, maar die dát is 'n gegewe. Daar bestaan 'n makrokosmos en 'n mikrokosmos, en dit is fasinerend. Wetenskap is juis die ondersoek of ontdekking en onthulling van hierdie groot werklikheid.

## 11 MEDE-SKEPPERS

God het mense die vermoë gegee om na-skeppers te wees. Dit is 'n lewensvervullende praktyk, en die gelowige sowel as die ongelowige het die vermoë om te skep, of tot stand te bring. Stadsleeu se boekrak is 'n sprekende getuie van die vervulling en vreugde wat skepping meebring. Verbeeldingryke, skeppende terapie leen hom tot een van die mees vervullende handelinge in menslike bestaan. In hierdie gebeure word 'n sterk aanspraak gemaak op die kreatiewe vermoë, die verbeelding van die pastor. Die mate waartoe hy of sy die verhale van die Skrif en die verhale van die individu, teen die agtergrond van die spesifieke kultuur ter sprake, kan interpreteer en meewerk aan herinterpretasie, sal die terapie bepalend beïnvloed. "Words create. God's Word creates; our words can participate in the creation"(Peterson 1989:45)

> *We are in the image of the One who keeps imagining us.*
>
> *Walter Brueggemann*

## 12 HERSKEPPING

My medenavorsers se verhale is vol flitse van herskepping. Getuienisse van hoe verhale en verbeeldingryke vrae en hulpmiddels mense beweeg het na nuwe horisonne het oral opgeduik. Verder lewer die Bybel nie alleen skeppingsverhale op nie, maar ook heskeppingsverhale. Die mees

> *… all symbolic systems make and remake reality.*
>
> *Nelson Goodman*

prominente hiervan is die verhaal van Jesus van Nasaret. Die herskepping van die mens, die nuwe mens met die moontlikhede wat dit inhou, is vir terapie kosbaar noodsaaklik. Terapie is by uitstek ’n ruimte waarbinne nuwe werklikhede geskep kan word. Dis ’n kuns, ’n lewenskuns, en daarom lê dit op die vlak van die mities-poëtiese. Om in staat te wees om met onderskeiding te dekonstrueer, dit nie net daarby te laat nie, maar kunssinnig weer te help rekonstrueer, verhalend nuwe wêrelde te skep, is terapie se uitdaging en geleentheid. Verbeeldingryke narratiewe pastoraat is ’n skeppende, uitdagende kuns. Dit spreek die siel aan, en laat mense, saam met pastors, diep na binne vat, aan die hart. Dit skep iets onwaarskynliks en verrassend. Dit beteken om te maak. Wat gemaak word, word in taal gemaak, maar dit is wonderskoon en lê verby of verder as die logiese, verstaanbare. Lyotard (sien hfst 1) se oproep en uitnodiging om die verhewene, die onvoorstelbare van harte op te neem is op die spel. Dit hou verband met Jung se “Gods world” en Brueggemann se “new configurations of life yet unformed, unthought, but now available.” (Brueggemann 1989:10) Om te kan skep, moet daar verder as die ooglopende stories gekyk word. Daar moet na “this better world” (Brueggemann 1989:10) gereik word en voor die Beskikker van die ander wêreld, die Gans Andere in gesprek gegaan word. Skuifelvoetend kan die skoene uitgetrek word, in die besef dat onthulling van die siel, ’n heilige daad is. Hier ontmoet twee gelykes as mense wat vraend voor die Allerheiligste staan. Saam soek hulle bewend sensitief raad oor die onnoembare misterie van lewe. Lewensvrae en intriges en paradokse, wat so dikwels dreig om ons in volslae depressie of gekheid te dompel, maar wat ons ewe onverwags kan bring op die hoë uitkykpunt, waar eindelose vergesigte en asembenewende skoonheid voor ons ontvou. In die ongemak, en vrae wat die paradokse meebring, mag die pastor saam biddend soek na ’n oomblik van verligting, van onthulling en van bedarende troos. Troos wat moed en energie gee om te leef asof vir ’n eerste keer.

> *… all symbolic systems have a cognitive value : they make reality appear in such and such a way.*
>
> *Paul Ricoeur*

Waarom vind die pastors en pastorante so aanklank by die digter, die skilder, die skrywer? Wat onderlê die behoefte om te skep en tot stand te bring? Omdat hulleself op ’n beskeie, eiesoortige manier skeppers is. Nabootsers van hulle Maker, wat weer en weer en oor en oor bereid is om met hierdie gevalle skepping te probeer. Wat weet dit het al met sommige gebeur, die vrou by die put, die man op die draagbaar, en met Thomas. Wat dit miskien al in hulle eie spreekkamer sien gebeur het. Wat optimisties is dat dit dalk weer kan gebeur met die totale gebrokenheid voor hulle. Pastorale verdieping in die kuns van terapie kan nie by wyse van die aanleer van teorie of tegniek of metode plaasvind nie. Dit sal alleen plaasvind tot die mate wat ’n pastor sy eie siel vind en vorm deur die proses van individuasie.

Pastorale kreatiwiteit, pastorale skeppingswerk, pastorale verbeeldingryke skeppingswerk het te doen met ’n ontwaking, verligting en verwondering oor my eie siel. Dit vra ’n doelbewuste dekonstruksie van die diskoers dat die ruimte van die pastor se kantoor die plek is waar met die rede, intellek en wetenskaplike kennis gesoek kan word na antwoorde op die groot lewensprobleme, die optimisme dat dit moontlik langs die weg van kennis te vinde is. Dit eis die besef dat die misterieuse, sielskommunikasie en kontak van twee harte veel eerder ’n moontlike nuwe verhaal sal laat lewe. Daar waar twee harte aan mekaar raak, ontspring die vonk vir nuwe, hoopvolle verhale. In so ’n ruimte ontstaan tegelyk die vervulling en tragedie van menslike kontak. Dis ’n misterie.

Die Skeppergees is instumenteel in hierdie egte kontak tussen twee harte. (Grant 2001:191) skryf oor God se werk in hierdie gebeure. Hy sê : “..God has been instumental in making the therapy available, driving the client into it, in luring the therapist to become his or her fullest self, and in puncturing the boundries between the two so the Spirit can make a powerful and redemptive duality of them.”

Verhaalskepping

Feit en fiksie was in die verhale met my medenavorsers, soos in alle verhale, vervloei. Interpretasie, en herinterpretasie, was aan die orde van die dag. Dit sal ’n massiewe fout wees om die ‘feite’ van die fiksie te probeer skei. Veel

eerder sal die storie, die narratief as geheel, gedeel, geniet en gevier moet word.

"There is, ... more fiction in the historical work than the positivist epistemology would like" (Ricoeur 1991:291). Meer as dit, "fictional narrative is more *mimetic* than the same epistemology would wish" (Ricoeur 1991:291). Daar is 'n noue verband tussen fiksie en die voorstelling van die werklikheid. Dit is binne 'n paradigma van verbintenis tussen fiksie en die voorstelling van die werklikheid, dat Ricoeur die woord *mimesis* gebruik. Daar is 'n verbintenis tussen feit en fiksie. "If I use the word '*mimetic*' here, it is in order to evoke straightaway the paradigm of the conjunction between fiction and the representation of the real. The paradigm is that of Aristotle in the *Poetics*. (Ricoeur 1991:292). Mimesis is 'n nabootsing, nie van die efektiwiteit van gebeure nie, nie 'n poging tot die herskepping van spesifieke gebeure nie, maar 'n nabootsing van die betekenis van gebeure. Dit is nagemaakte betekenisskepping. "...*mimesis* imitates ... not the effectivity of events but their logical structure, their meaning (Ricoeur 1991:292). Die betekenisgewing kan deur taal verander word, en in narratiewe terapie is dit die dimensie wat benut word.

> *... events begin to be explained when they are transformed into a story by emplotment.*
>
> *Northrop Frye*

> *Imagination is our means of interpreting the world, and it is also our means of forming images in the mind.*
>
> *Mary Warnock*

## 13 WERKLIKHEIDSKEPPING

Uit die gesprekke met my mede-navorsers, blyk dat daar steeds vooroordele bestaan teenoor verbeelding. Die literatuur bevestig dit soos (1991:292) aantoon.

"... the prejudices which still dominate in the domain of the theory of the imagination. According to these prejudices, the image is only a mental thing, a thing in the mind; moreover, it is only a copy or replica of a pregiven reality,

> *Verbeelding kan verstaan word as die krag om vorm aan menslike ervaring te gee. Dit is die krag om die werklikheid te herbeskryf.*
>
> *Vos*

which becomes the indirect referent of the mental image." Hy betoog dan teen die spesifieke twee vooroordele. "Against the first prejudice, it must be re-emphasised that the image is not enclosed within the mind, that it has a distinctive intensionality, namely to offer a model of *perceiving things differently*, the paradigm of a new vision (Ricoeur 1991:292). Dit is die presiese fokuspunt waarop verbeeldingryke terapie afstuur. "Against the second prejudice, it must be said that fiction is not an instance of reproductive imagination, but of productive imagination. As such, it refers to reality not in order to copy it, but in order to prescribe a new reading" (Ricoeur 1991:293). Die verband met Brueggemann se werk blyk duidelik, omdat die nuwe lesing van die teks, die samelewing en die individu se verhaal die moontlikhede van ontmoeting en heling inhou.

Dele van die ou teks, ou konteks, ou persoonlike verhaal sal ongestoord voortbestaan, en weer benut word. Die geringe aanpassings, nuwe lesings en interpretasies hou die moontlikheid in tot 'n totaal nuwe storie. Dit is 'n storie wat die werklikheid herbeskryf. "Our concept of likeness as the tension between sameness and difference implies that a discourse which makes use of metaphor has the extraordinary power of rediscribing reality" (Ricoeur 1991:132). Dit is 'n kragdadige gebeure, gelaai met potensiaal.

"Die herbeskrywing van die werklikheid bestaan daarin dat daar ruimte geskep word sodat die mens sy verhouding met God, sy naaste en die wêreld op 'n kreatiewe wyse kan verdiep en ervaar." (Vos 1999:505) Die verhale moet nie verklaar of ontleed word nie, maar bloot vertel word. Die verhale gee die brandstof aan die "zone of the imagination" (Brueggemann) waarmee die brokstukkies verskaf word waaruit 'n nuwe wêreld opgemaak kan word.

Terapie wat hoop fassiliteer eis meer as woorde in 'n ry. Egte terapie vra meer, baie meer as beskrywing, onderrig, verduidelikking, verklaring en reaksie. Dit roep om lewende, soms skokkende, soms blootstellende en

kreatiewe, digterlike metaforiese taal. "The poet is the person who uses words not primarily to convey information but to make a relarionship, shape beauty, form truth" (Peterson 1989:44). "Not all words create. Some merely communicate. They explain, report, describe, manage, inform, regulate…. Words making truth, not merely conveying it: liturgy and story and song and prayer are the work of pastors who are poets" (Peterson 1989:46). Hier word in die wisselwerking tussen pastor, taal en verbeelding méér verlang as 'n uitruil van inligting. Deur taal, word daar nou sterk gesuggereer na die kuns om te skep en tot stand te bring, na die kuns van die lewe.

Dit gaan nie net om skep omdat skep skep is nie. Dit gaan in skeppende pastoraat oor betrokke, passievolle skep. Dit is skep wat genoegdoening veroorsaak en wat blydskap meebring.

> *Die belangrikste ding in die lewe is om 'n hartstog, 'n passie, te hê wat alles oorskadu – 'n heilige drif!*
>
> *Elsa Joubert*

Intensiewe onthou en betrokke vooruitkyk na 'n toekoms kom deur die verbeelding tot stand. Dit eis meesleurende betrokkenheid, of wat ons kan noem passie. 'n Passievolle lewe, wat nie maar alles aanvaar vir wat dit blyk om te wees nie, roep om energieke verbintenis, die rustelose nadenke na 'n weg uit, na ander moontlikhede. Vir die "predikant [pastorale terapeut JL] moet dit 'n passie, 'n heilige drif vir God, Sy koninkryk en die burgers van die koninkryk wees." (Vos 1998:138) Passie roep sterk emosie op, en bring 'n veelheid van uiterste gedragsvorme en behoeftes na vore. Ons sien dit in die verbeeldingryke verhale in die Bybel oor Israel en individue se lewens.

> *To be human is to interpret, and to interpret is to narrate, to unfold stories from other stories.*
>
> *Girardot*

"This passion in Israel *equips people to cry, empowers Israel to care, permitted rage, and authorizes Israel to hope* (Brueggemann 1993:174). In 'n verbeeldingryke pastoraat, is die lewe in sy volheid, met lag en traan, en huil en moedeloosheid, en vurige hoop en oorwinning en verwagting en potensiaal, is aan die orde van die dag.

’n Lees van die teks van die Bybel met die oog daarop om die dimensies van verbeelding raak te gryp, die letters weer dansend, lewend, gelaai met die passie van die Godsvolk. Die lag, die klag, die fees, die lied, kry nuwe betekenis. In verbeelding, hoef iemand nie óf so, óf so te wees nie, maar kan meervoudigheid, meerduidigheid verdra word.

“Dié dubbele toedrag van die menslike toestand kan op betekenisvolle manier in verband gebring word met die filosoof Friederich Nietsche se opvattinge – soos dit opgeneem is in sy *The birth of tragedy out of the spirit of music* van 1872 : Die Apollonisiese gees van orde, harmonie en selfbeheersing dra klaar die Dionisiese gees van chaos, oordaad en onverskilligheid in hom om, waarmee gesê word dat die mens nie dit of dat is nie, maar altyd en onherroeplik ’n ‘dubbelgesig’ dra (Jordaan 1996:5).”

Oor Dionissus skryf Hillman (1972:275) “Dionysus presents us with borderline phenomena, so that we cannot tell whether he is mad or sane, wild or somber, sexual or psychic, male or female, conscious or unconscious.” En verder “….the Dionysian dance takes place : neither this nor that, an ambivalence – which also suggests that, wherever ambivalence appears, there is a possibility for Dionysian consciousness.”

“Geïnterpreteerde ervaring word voltrek binne raamwerke van betekenisvolle patroonmatighede (tradisies). Hierdie voltrekking van ervaring binne raamwerke van patroonmatighede, is ’n daad van verbeelding, dit wil sê die prosessering van ervaring(e) deur (in) die menslike psige.” Volgens Veldsman (1993) is “[die] prosessering van ervaring:

ingebed in die modaliteite van oorlewing, objektiwiteit en kreatiwiteit;

verwant aan dit wat gebeur in die metaforiese daad (betekenisskeppend) en gerig op die ewewigtige transformering (‘reshaping’) van die individu en omgewing.” Veldsman (1993)

In ’n artikel[10] waarin Wilhelm Jordaan (1999) die moontlikhede van narratiewe sielkunde toelig, vergelyk hy die werk van drie radikaal uiteenlopende persone se leefwêreld wat in akademiese werk en gedigte gestalte kry. Hy skryf:”The key words – recognising you in me and finding me in you in me – coming from

the different worlds of Wilhelm Dilthey, Tennessee Williams and Sipho Sepamla contain the true essence of human encounters where compassion and respect compel us to discover sameness and difference; to realise that there is a universal sense of belonging and intuitive understanding of what constitutes humanity." (Jordaan 1999:75)

Die pastoraal terapeutiese konteks veronderstel baie sterk emosie en beelde of voorstellings wat opgeroep word. In terapie, wat deur 'n poëtiese perspektief onderlê word, word daar 'n stem en uitdrukking gegee aan hierdie emosies en beelde. Daar kan uitgebrei word op die voorstellings, deur 'n dikker en ryker beskrywing van die beelde te vra. Hoe moet ons met die beelde werk?

Dirkx (2001:1998) gee 'n nuttige samevatting van die hoofmomente van die "imaginal method". Dit behels :

- *"describing the image as clearly as we can;*
- *associating the image with other aspects of our lives;*
- *amplifying the image through use of stories, poetry, fairy tales or myths that present us with similar images; and*
- *animating the image by allowing it to talk or interact further with us through additional fantasy, or imaging work."*

Hierdie tegnieke kan in skryf, storievertelling, teken, dialoog en vele ander kreatiewe maniere aangewend word.

## 14 DIE ETIESE

> *The future ain't what it used to be.*
> *Anoniem*

Die vraag na reg en verkeerd, die vraag na waardes het prominent in my gesprekke aan die orde gekom. 'n Verbeeldingryke terapie bevorder die etiese. "Verbeelding voed ook etiese handelinge. Dit stel mense in staat om nuwe weë te soek en te ontdek om die omgang met sy naaste sinvol te maak en aan sy naaste geluk te skenk. Verder skep verbeelding ruimte dat 'n mens sy konteks sinvol kan interpreteer en in sy denke en dade kan integreer. Op dié manier kan 'n mens etiese

handelinge voltrek wat ander ten goede kom. Deur verbeelding kan ’n mens hom daarin oefen om oor God se koninkryk en sy diens daarin drome te droom.” (Vos 1999:506)

#### TERAPEUTIESE RELEVANSIE

In ’n postmoderne tyd is die vraag na waardes en norme meer as ooit tevore aan die orde. In ’n see van opinies, op die markplein van opsies, bied ’n eg verbeeldingryke terapie moontlikhede op ’n betekenisvolle etiese standpunt. Die Stories, word baie toepaslik in die huidige tydsgewrig betrek.

## 15 SIN

Terapie kan nie sin skep nie, maar ’n egte *soeke* na sin fasiliteer. Wanneer jy ’n mate van ooreenstemming ervaar tussen jou geloofsgemeenskap se Storie en jou eie verhaal, ervaar jy lewensin. In beide hierdie stories is daar nie alleen feite nie, maar ook fiksie. Daar is aspekte van werklikheid en onwerklikheid in hierdie verhale. Die aspekte van werklik en onwerklik vertoon ’n eenheid binne die stories. “For Eliade, stories of the real and the unreal are “interdependent and express a profound unity, because they have to do with the same ‘subject,’ *man* …”(Girardot 1982:7) “Hierdie stories van die mensdom wat ’n grondige eenheid vertoon, is by nadere toepassing toe te skryf aan die “mode of existance” wat die mens gekies het, naamlik ’n lewe *asof*. En dan spesifiek die keuse om te leef *asof* die lewe sin en betekenis het.

Die vermoë dus om ’n beeld van iets te skep, ’n vorm wat ’n bepaalde betekenis het, en die toepassing van hierdie beeld of vorm op dinge wat ons ervaar, maak dit moontlik om iets te sien as betekenisvol *(seeing as)..*

(Veldsman 1993:60) Soos ek by my betoog insake teenstrydighede opgemerk het, het Brueggemann hierdie “seeing as …..” of die vermoë tot ’n lewe asof …, aan verbeelding toegedig. Die vertel van stories hou ten nouste verband met ’n lewe asof… Deur die vertelling, met aspekte van feit sowel as fiksie, gee ons deur ’n taalhandeling betekenis aan ervarings, ten einde laaste ook betekenis aan ons bestaan. Langs so ’n vertellende manier ervaar ons dan sin. “The world discovered as language or symbol gives rise to meaning by a special act of language --- the telling of stories.” (Girardot 1982:7) Dit is in

hierdie sin dat “the only meaning of existance is the finding of meaning.” (Girardot 1982:7) Tereg sê Girardot dat die sin van ons bestaan is om betekenis te ervaar. Ek sou hieraan wou toevoeg, die betekenis van ons bestaan, is om sin te ervaar. Verbeelding is onontbeerlik in hierdie proses van singewing en sinervaring.

By name in ’n postmoderne samelewing, waar alles vloei, is dit so kosbaar en noodsaaklik om betekenis te ervaar, betekenis, te midde van die fondasies wat beweeg. Hiermee kan entoesiastiese verhaalskepping, fiksie en die mites ons baie help. “History and fiction, therefore, intersect with myth as imaginative and narrative modes of finding meaning in the face of the “formless flow of things.” (Girardot 1982:7) maar in hierdie betekenisvolle en integriteitvolle onderneming gaan dit nie bloot om ’n vertel van stories nie, maar om respek. Dit gaan om agting en die bewaring van die misterie. “…the finding or creation of meaning, the interpretation of experience, most fundamentally and organically involves the “mythical dignity of narration.” (Girardot 1982:7)

### TERAPEUTIESE RELEVANSIE


Verbeeldingryke narratiewe pastoraat fasiliteer ’n egte soeke na sin. Dit help om betekenis te vind in die vormlose vloei van die postmodernisme. Dit bewaar die misterie.

## 16 DIE ESTETIESE

George Ellis (1999) skryf boeiend oor die die beperkinge van wetenskap en die aard van transendensie. Die bewussyn dat daar met alle verhewe konsepte van lewe meer as die noodsaaklike minimum is, noodsaak ons om transendensie intellektueel en wetenskaplik ernstig op te neem. Daar is surplus betekenis, surplus liefde en vreugde, surplus skoonheid, surplus kreatiwiteit ens. Hierdie sake bespreek hy indringend, en stel samevattend sy artikel in die volgende skema aan die orde. Vir my sluit dit besonder nou aan by die funksie van verbeelding.

Intimations of transcendendence: Patterns of understanding

More than the necessary minimum




Ellis (1999:17)

My betoog is dat verbeelding die ‘oog’ is wat ons help om die ander, groter werklikheid raak te sien. Verbeelding maak dit moontlik om transendensie, geloof, hoop, die estetiese en die etiese, liefde en vreugde, te ervaar en te geniet. Verbeelding maak dit moontlik dat ons kreatief kan wees, dat ons inspirasie ervaar en humor kan beleef. Meer as al die genoemde grootshede, is verbeelding die vermoë om hierdie dinge in samehang te ervaar. David Aldridge (1999:188) skets aangrypend dat dit om meer as ‘n objektiewe estetiek gaan. Hy skryf : “… a move away from an objective aesthetic, where objects are discussed, to that of relationship.” In detail werk hy dan die estetiese as ‘n intieme verhouding uit. Ek is van mening dat verbeelding

meewerk dat die estetiese nie bloot waargeneem word nie, maar as verhouding tot God, en naaste, ervaar kan word. Die gedagte vind noue aansluiting by Ellis (1999) se werk, wat liefde en vreugde deel van die patroon van verstaan van die estetiese maak.

Makkreel (1990) het ’n gedetaileerde studie van verbeelding in Kant se *Critique of Pure Reason*[11], *Critique of Practical Reason*[12] en die *Critique of Judgement*[13], gedoen. Makkreel se unieke bydrae is daarin geleë om die progressie in Kant se werk uit te wys. In die eerste twee *Critique’s* handel dit oor die rol wat verbeelding speel om sintese te bewerkstellig. “The Imagination in the *Critique of Judgement*”, examines the ways in which the imagination’s role changes when Kant turns to reflective judgement and the conditions of aesthetic consciousness and mental life as a whole” (Makkreel 1990:4). Met hierdie nuwe dimensie wat Kant aan sy werk verleen, beskryf hy nie verbeelding “in terms of synthesis of representations” nie, maar in terme van “aesthetic apprehention” en wanneer hierdie dimensie van Kant se redenasie oor verbeelding gesnap word, volg die groot implikasie wat sy werk ook vir hierdie studie inhou, naamlik : “We see the imagination’s power extended from apprehention to an aesthetic comprehention in which it is able to instantaneously grasp multiplicity as a unity” (Makkreel 1990:5). Vir my is hierdie die hoogtepunt van my studie. ’n Verbeelding wat nie alleen samehang kan bewerkstellig nie, maar ’n estetiese bewussyn wakker skud, wat waardering vir taal en poësie en skoonheid en die verhewene bevestig. Sodoende kom die werk van Jung, met sy belewenis op die bergpiek van die Alpe, die werk van Hillman, met sy inskerping op die sintuie, die werk van Corbin, met sy gerigtheid op die *Mundus imaginalis,* die visionêre insigte van Brueggemann, wat ’n volk in die woestyn op pad sien, alles tot een verbandhoudende en betekenisvolle geheel, afgestem op die estetiese, die verhewene, die onrepresenteerbare. Dit kom neer op ’n lewe wat weer aangeskakel is vir die onverwagse, die skokkend skone, wat jou asem kan wegslaan. Dit voer my terug na die studeerkamers, fyn versorg, die boeke, die rakke, die musiek en die skilderye. Na die woorde van Stadsleeu, “this is life, this is as good as it gets.” Verby die worsteling, die gestoei met woorde, die stomheid van pyn, na spraak. Die woorde van die digter, die profeet, die lewe

asof… Die wêreldstapper, “Ek sê jou, Afrika het ’n toekoms.” Ja, Des, met die blomme wat groei by die rioolplaas. Die kanarieman, met sy skippie en ’n rooi kanarie. Die herinnering aan die estetiese voer my terug na die Digterskilder, wat in net nege ure meer preek as wat ek in jare kon regkry. “’n Picture, a thousant words.” Selfs meer as net ’n ervaring deur die oog, hoe verruklik dit ookal mag wees. Geheelervaring, skoonheid, verhewene, meerdere sintuie betrokke. Onredelik, onlogies, maar werklik. “to instantaneously grasp multiplicity as a unity.” So, deur die ervaring van die skone, die natuur, die veelvoudigheid van lewe, word samehang ervaar, sin, betekenis, lewe.

#### TERAPEUTIESE RELEVANSIE

Wie kan meer van terapie vra as verheffing?

## 17 SAMEVATTING HOOFSTUK VYF

Die persoonlike onderhoud is die plek waar kommunikasie voorop staan. Verbeelding doen goed in haar onderhoud. Sy help om stomheid die hoof te bied. Sy lewer ’n bydrae om groter kontak tussen die taal van die rede, en die taal van die hart te bewerkstellig. Sy verbreed die werklikheidsbeskouing en plaas ’n mities-poëtiese dimensie binne narratiewe pastorale terapie. Verbeelding maak ’n skeppende, opbouende bydrae tot terapie, deur herskepping, verhaalskepping en werklikheidskepping. Sy lê noodsaaklike verbande tussen teks, konteks en individu, dui ’n uitweg aan en volg ’n derde weg. In ’n postmoderne era dra sy besonder baie by tot die etiese, en gee ’n uitsig op die waarde van waardes en norme. By uitstek, en dit is haar hooftaak, dra sy by tot ’n samehangende begronding van die estetiese, die skone, die verhewene en onrepresenteerbaare. Sy verhef harte, verstand en emosie, van beide pastor en pastorant. Sy lig ons drome, hoop, waardering en respek op ’n nuwe vlak, maak ons lewens oop na bo.

# 18 EINDNOTAS

---

[1] Sien Trimble, D.2002. Listening with integrity: the dialogical stance of Jaakko Seikkula. Journal of Marital and Family Therapy. July 2002. 275-276.

[2] Jürgen Habermas is 'n Duitse Filosoof wat in die veld van Kritiese teorie werk. Sy sentrale teorie is die van kommunikatiewe handelinge. Sy werk het 'n evolusionêre aard, en hy is optimisties oor rationaliteit. Sien http://www.california.com/~rathbone/names.html. Besoek op 15/06/99.

[3] Goeie bydraes tot hierdie baie komplekse debat oor die verhouding tussen teologie en wetenskap is gemaak deur John Polkinghorne, Peacocke en Wentzel van Huyssteen.

[4] Northrop Frye het die gedagte van 'emplotment' geskep, en verwys na vier basiese tipes, romanse, tragedie, komedie en satire. (Ricoeur 1991:290)

[5] Kategorië soos deur Stephan Pepper beredeneer.

[6] Kategorieë wat op die basis van Karl Manheim se werk gebasseer is.

[7] (Sien Dirkx 1998, Knowing the Self Through Fantasy: Toward a Mytho-poetic View of Transformative learning.) In Proceedings of the 39th Annual Adult Education Research Conference. San Antonio, TX: University of Incarnate Word and Texas A&M University.)

[8] Friedman,E.H.1990:4. Friedman's Fables. The Guilford Press. New York. Playfullness is 'n buitengewoon belangrike behoefte en verskynsel in 'n postmoderne samelewing.

[9] Zander & Zander, 2000:113 The art of possibility, Penguin Books.

[10] Wilhelm Jordaan is professor in psigologie en adjunk dekaan van die fakulteit kuns by Unisa. Hy skryf : "Let me tell you a story" in Unisa Psychologia, Vol 26 no 1&2 1999.

[11] Critique of Pure Reason, Trans. Norman Kemp Smith. New York: St. Martin's Press, 1965.

[12] Critique of Practical Reason, Trans. Lewis White Beck. Indianapolis: Bobbs-Merill, 1977.

[13] Critique of Judgement. Trans. J.H. Bernhard. New York: Hafner Press, 1974.

# HOOFSTUK SES

# KRITIESE EVALUERING

In hierdie hoofstuk reflekteer ek krities op my navorsing. Ek interpreteer my interpretasies. Ek besef terdeë dat op hierdie stadium van my akademiese ontwikkeling daar nog baie ruimte vir groei is. In die lig daarvan bied ek die resultate van die navorsing huiwerig aan, omdat niks aan die lig gekom het wat die wêreld sal skud nie. Ek maak kortliks melding van enkele van my eie ervaringe ten tye van die navorsing. Verder sal ek sekere bevindinge weergee en aanbevelings maak. Ek sal sê hoe ek my navorsingresultate gaan bekendmaak, en wys op 'n paar moontlikhede waarvan ek bewus geraak het vir verdere studie.

> *If the modernist is an engineer guided by the laws of science, the postmodernist is a storyteller inspired by imagination.*
>
> *Paré*

## 1 ERVARINGE

Ek het gekies vir 'n narratiewe werkswyse, en is nie teleurgestel deur die krag en teenwoordigheid wat verhale vir hierdie studie ingehou het nie. Dit wat die mense met hulle stories aan my gedoen het, is méér as wat ek hier kan beskryf. Opnuut het die waarde en betekenis van narratiewe as legitieme manier van weet, vir my aandag duidelik geword. Die kontak met Stadsleeu, Kanarieman, Wêreldstapper, Digterskilder en Des het my lewe en my navorsing kosbaar verryk. Die verhale het die ruggraat aan die totale navorsing verleen.

> *So, you see, I am a very conservative person.*
>
> *Jacques Derrida*

Selfs in die literatuurstudie, het ek die meeste vervulling geput uit die grepe van onthulling van die persone agter die teorieë. Jung met die vertelling van sy ervaring bo-op die Alpe, en die aardse 'setting' langs die meer by Böllingen. Die stukkie persoonsonthulling van Derrida tydens die gesprek by Villanova Universiteit. Dat hy hom uitstekend in Engels uitdruk, die beskeidenheid en ryke humor wat hy openbaar, en die verhaaltjie van die Messias by die poorte van Rome. Brueggemann se deurlopende vuur, drif, passie en buitengewone energievlakke wat in sy skryfwerk uitstaan. Die mense, meer as die teorieë, het my aangegryp.

Ek het gedurende die proses van hierdie navorsing baie emosies beleef. Van optimisme en die gevoel dat ek nuwe dinge ontdek, wat deur die eeue nie ontdek is nie, tot teleurstelling, pyn en bykans wanhoop oor hoe groot die kenniswêreld reeds is. Dit is 'n verligting dat die navorsing afgehandel is, en gee vervulling en blydskap, tegelyk onsekerheid en 'n beskeie gevoel van hoe gering die bydrae is.

## 2 PERSOONLIKE ONDERHOUDE

Omdat ek narratief werk, was die onderhoude die hoeksteen van die navorsing. Ek het ongestruktureerde onderhoude gevoer, wat geleentheid gebied het tot vloei en vrye kommunikasie. Sodoende het my medenavorsers die geleentheid gehad om spontaan en uit die hart te praat oor die onderwerp. Met hierdie benadering het baie verhale na vore gekom en uiteenlopende onderwerpe is aangeraak. Ek staan positief teenoor die benadering, omdat dit my medenavorsers se betrokkenheid gemaksimaliseer het, en dit die ruimte geskep het waarbinne hulle eerlik en individueel hierdie onderwerp kon benader soos elkeen verkies het. Dit het veroorsaak dat die onderhoude 'n wyd uiteenlopende aard gehad het, en totaal van mekaar verskil het.

Die ongestruktureerde benadering het ook nadele ingehou, tot die strekking dat daar nie spesifiek by die onderwerp gehou is nie. My medenavorsers het onderwerpe op die tafel geplaas wat ek hoegenaamd nie voorsien het nie, soos die werklikheidsvraagstuk, waarheid, stomheid

tydens terapie en ook taal en kuns. Dit is alles onderwerpe wat ek nie beplan het om na te vors nie! Die temas is ook bykans sonder uitsondering meer filosofies van aard. Die gevolgtrekking waartoe ek gekom het, is dat die vrye aard van die onderhoude daartoe gelei het dat ek besonder baie gesukkel het om deur die studie gefokus te bly. Ek was tussen twee vure. Aan die een kant wou ek my medenavorsers se gesprekke en die onderwerpe wat hulle geopper het ter harte neem, aan die ander kant wou ek by my onderwerp bly, sover as moontlik. Ek het aan my eie moeilikheid meegewerk deurdat ek toe agter nuuskierigheid aangelees het. Ek was nie goed bekend met die meeste van die onderwerpe nie, en het die opleeswerk daaroor boeiend en aangenaam ervaar, maar dit het my op baie syspore en dwaalweë gebring.

### 2.1 SAMEVATTEND

> *… grief, rage and praise, makes possible hope, listening and answering.*
>
> *Walter Brueggemann*

Ek kon meer gestruktureerd met die onderhoude omgegaan het.

Ek kon meer spesifiek, in groter diepte uitklaring oor enkele sake gekry het. Dit sou beteken dat ek herhaaldelik gesprekke moes voer, en spesifieke, gedetailleerde vrae in gestruktureerde onderhoude sou moes voer. Van die verhalende aard van die gesprekke sou dan verlore kon gaan.

## 3 SELFVERSTAAN

Uit die staanspoor, selfs nog voor ek die navorsing aangepak het, was een van die grootste oorwegings om die studie te onderneem om dit te doen ter wille van my eie persoonsgroei en selfverstaan. Van die beginsels in die narratiewe benadering het my daartoe gelei om rekenskap te gee van my posisionering, en om te strewe na nadenke oor eie vooroordele, my kultuur, die diskoerse in die samelewing en om my te sensiteer vir ’n oplettende lees van die samelewing. My kontak met my medenavorsers, die literatuur, die

> *Narrative theology …. is aimed at the ultimate interpretation of ‘the story of our lives.*
>
> *van Huyssteen*

akademiese gemeenskap, sowel as 'n toespitsing en nadenke oor die groot sosiale vraagstukke, het alles meegewerk tot my groei. Ek besef dat dit 'n besonder subjektiewe aangeleentheid is, maar ten minste vir my eie gevoel het ek gegroei, en is tevrede daarmee dat ek in my doel geslaag het. Die rol van verbeelding in pastorale narratiewe terapie het vir my persoonlik meer duidelikheid en betekenis as voor die studie.

"Social science requires that we bring some degree of self-understanding to our work, since we are observing ourselves and in the process changing ourselves. There is not the reassuring gap between observer and observed that seems to make for 'objectivity' in the 'exact' sciences. But in the possibility of self-understanding there is the possibility of personal growth and, in the richest sense, education.. (http://www.dur.ac.uk/r.d.smith/empiricism.html)

*Narrative overcomes two types of distance – between past and present; between me and you.*

*John Karl*

Tydens 'n gesprek met die Phd groep gedurende Februarie 2003 het ek die volgende verhaal geskryf as 'n klein gedeelte van my kritiese refleksie op my werk tot op daardie stadium. Die doel van die gespreksgroep is om op 'n sosiaal konstruksionistiese wyse elke individu se studie te bevorder, en elkeen het 'n bydrae om te lewer. Hierdie gesprekke het baie tot die verryking van my navorsing bygedra. Ek het dit in Engels voorberei, en dit voel vir my eerlik en reg om dit net so te plaas.

# 4 "INVOLVED UNTO BLINDNESS"

#### WHAT IS AT STAKE WHEN SUBMITTING A THESIS IN PRACTICAL THEOLOGY?

Foremost is the question of how I perceive of science, then follows how I perceive of Theology, and then… and I personally think it's very important, I must be able to take a strong stance on what I perceive to be Practical Theology. Do I assume a stance of defence? Or do I take a strong, bold and enthusiastic approach that resonates my own beliefs and convictions, concerning the above-mentioned matters?

### A SHORT PERSONAL STORY

Thanks to my Masters degree, I qualified for a bursary from the university for my PhD. The letter from the university stated that it was expected of me to complete my studies in two years time. I was motivated and filled with the conviction that I will indeed be able to complete in that time frame. During 2001 I started reading with vigour on my topic, collecting every available source of information I could lay my hands on. I attended the PhD meetings regularly, which helped a tremendous amount to keep me focussed and motivated. I was part of the Hammanskraal meeting which made some intense discussions on the article of Müller: "Therapy as fiction writing" as well as the article of Müller, van Deventer and Human: "Fiction writing as Metaphor for Research: a Narrative approach." Both articles took Anne Lamot's suggestion concerning writing Fiction, and using ABDCE as a way to approach the task of writing. An idea which originated from Alice Adams. The possibilities in using this approach for doing therapy was spotted by Müller, and in conversation with Human and van Deventer it was developed as an approach to doing research. The approach was discussed with the PhD group, and in a social constructionist way, making use of intense small group as well as large group discussions, it was agreed upon that this was a very useful approach to doing narrative pastoral research. There was excitement and expectations that we had discovered a great way of looking at and anticipating our research. I was part of the process, and felt a sense of ownership, pride and hope that this could really make a difference to enhance great research. There was this nice awareness that some of the great challenges before us, like science, postmodernism, research, theology, narrative and writing could be incorporated in this approach.

I decided to conduct my research according to the approach. It suited me just fine, and I was happy for at least having an organizing principle as a starting point. I attained the two articles, read them and thought that I understood!

But I made a huge mistake! I did not allow time for this approach to grow on me. I did not breathe the content, and allow for proper digestion. I did not take the articles serious enough, especially the first article, which is by far the

better of the two. I did not make provision for these stories within the articles to touch me, transform me and lure me into the mode, style and character of this kind of research. I was touched, but not deeply enough to understand well enough.

I started off in a dash, and was reading like mad, but without understanding where I am off to. I progressed very well and collected a huge amount of literature and stories, and had the joyful experience that good progress is being made. I handed in some work, and was pleased and encouraged by the feedback on my work. I still made rapid progress. And then came the time factor. Because I collected a very large amount of literature and stories and ideas, I suffered to put it in writing in a relaxed and thoughtful fashion. I worked frantic for three months, seven days a week for hours at end. I got tired and frustrated and lost perspective as to the joy of my undertaking. I got so involved, that I felt entangled and disheartened. A lot of concepts were buzzing in my brain. My main purpose became just to finish. Only to get done with, irrespective of quality or personal satisfaction, or even allowing the research process to take its time. There was no time! I was pushing it. At that stage I was busy on development, and working at the climax at the same time. I had seventy-nine files open and was on the verge of confusion and despair. It was three o'clock on a Saturday morning, and I was in tears. I decided to stop, and I did in a big way. It was ten days before the deadline; I was so near to completion, yet so far away. It was a very big disappointment to me; it felt like I had failed myself and my friends and family, which followed my progress with true interest. It felt like I had stopped one metre short of the try-line.

> *Stories beget stories. We give them away when needed. They feed us and return blessings.*
>
> *John Karl*

> *We all have stories; we just lack listeners.*
>
> *Jackie Sullivan*

By saying that I stopped, I mean I stopped dead like hitting a brick wall. I did not read anything, and tried not to think of my work at all. It was a great

physical and emotional relief. I took some holidays and it was the festive season so I relaxed in a serious manner.

After three and a half months I returned somewhat ashamed and shy and tentative to my work. I read it carefully and with curiosity. Why was I not able to submit? What happened? It was all there!

I let my own work grow on me and came to the conclusion that I didn't understand the ABDCE approach thoroughly. In a very relaxed fashion, one Sunday afternoon, I took the article: "Therapy as fiction writing" and read it slowly, with concentration and involvement, and it made a great difference.

For the first time a few things struck me with real intensity:

The reverence and the awe

The joy

The moral responsibility, together with the care

to understand too quickly, is not to understand at all.

I meditated on and visualised the story of "Bird by bird"

I saw it, felt it, and experienced the emotions and anxiety and tiredness of a child before such a huge task, and the wisdom and care of a loving father.

I took to heart the story of a man in a foreign country, overhearing someone, a street, a bookshop and the birth of a new marriage between fiction and therapy, a marriage that was to become a partnership between fiction, writing and science. The birth of a fresh, new, clever, exiting and truly original way of conducting research.

I remembered with a comforting thought the appearance of the lame dog, and smiled...

Slowly, I started to understand. I went back to my work, and things were different for me in a real and substantial way. It was an inspirational and excellent time of "exile." The waiting and patience was worth all the while. I took up my work with a renewed vengeance, bruised but the wiser for it. I now work slowly but deliberately towards the completion of the biggest and most joyful undertaking of my life thus far.

**DISCOVERY, LESSONS LEARNED**

Warning: Don't be mistaken; this approach is cleverer than meets the eye. It can bite if handled carelessly!

It is difficult research because of the great paradoxes involved, like the paradox between simplicity and complexity. It challenges you to use a huge amount of skill, experience, emotion, empathy, and commitment and dares you to lay yourself barren before your topic as well as your co-researchers.

It is value-laden research that makes an appeal on your honesty and integrity.

It is research from the heart, which entails that you are deeply in touch with yourself, people and your topic. It is emotionally draining and asks for a lot of patience and trust for that unique outcome that is essential in this approach.

It necessitates constant mind shifting. The old patterns and beliefs on the scientific discourse are deeply engrained; we tend to go back to the socially constructed thoughts and discourses that we have grown up with.

> *When stories come to you, take care of them. And learn to give them away when needed. Sometimes a people need stories more than food to stay alive.*
>
> *The Badger*

It is research for the bold and brave, because it touches on our inner being, our most precious and tender thoughts and emotions, it touches our mind and soul. It is difficult for it requires everything from our mind, and everything from our hearts. The latter part is the real challenge. Science, from the heart. It's rare, it's precious.

This way of conducting research is not a short distance dash, neither a medium nor long distance relay. It seems to me it is a cross-country obstacle course over several days. Reserve some time for stopping to smell the flowers, enjoy the vistas, and a picnic spot on the way, to replenish your mind, body and soul. Work constantly, purposefully and most importantly…" Let things develop."

# 5 DIE WAARDE VAN SOSIAAL KONSTRUKSIONISME

> *You must bring your entire being --- body, mind and heart --- to the encounter . . .*
>
> *Stephen Gilligan*

Om maar net met 'n teorie te werk asof dit 'n hamer is, is goed en wel. Om egter onder die indruk te kom van die waarde van 'n teorie, dit te gebruik en die ervaring te hê dat dit jou en jou werk ten goede kom, is iets anders. Ek het onder 'n ervarende besef gekom van die waarde van sosiaal konstruksionisme. My gesprekke met my promotor, met ander akademici, met mede predikante, met terapeute, met medenavorsers, met medestudente uit die Phd gespreksgroep, was absoluut onmisbaar vir hierdie studie. Alleen, met boeke in 'n biblioteek, sou ek nie 'n kwart van die ontdekkings en onthullings gemaak het as ek dit nie sáám met, en deur mense gemaak het nie. My standpunt dat sosiaal konstruksionisme 'n goeie en opwindende manier van navorsing behels, is ruim beloon en as uitstekend bevestig.

# 6 DEKONSTRUKSIE

Die vrese vir my aanvanklike huiwering vir hierdie postmoderne hulpmiddel te benut is vroeg in die navorsing besweer. Die navorsing het vir my die heersende diskoers insake die verhouding tussen rede en verbeelding effektief gedekonstrueer, en ek vertrou dat die effek daarvan wyer as my eie lewe sal strek. Ek is uitermate gesensiteer vir die bevraagtekening van die geloofwaardigheid van die groot verhale, die onrepresenteerbare en die verhewene. Die misterie, is deur hierdie werk vir my opnuut geopen.

## 7 TEOLOGIESE REFLEKSIE

> *Imaginative prophetic ministry is oriented to the creation of a new reality.*
>
> *Charles Gerkin*

Ek het 'n "cultural-linguistic" standpunt ingeneem en daarbenewens 'n metaforiese teologie beoefen. Die vraag ontstaan tot watter mate ek getrou aan my paradigma gewerk het en hoe ek daarin geslaag het om deurlopend

by my benadering te hou. Binne die kultureel linguistiese benadering godsdienste gesien as “comprehensive interpretative schemes, usually embodied in myths or narratives and heavily ritualized, which structure human experience and understanding of self and world.” (Lindbeck 1984:32) Dit was my strewe om deurlopend by hierdie standpunt, hierdie posisionering te hou, en dit bly vir die leser om te oordeel of ek daarin geslaag het of nie. Verder het ek ten opsigte van praktiese teologie ’n eko-hermeneutiese standpunt ingeneem, en van harte gepoog om goed te luister na die Bybelse teks, die konteks en die verhale oor verbeelding in pastorale terapie, en daarna hierdie drie terreine in gesprek met mekaar te bring. My persoonlike kritiese evaluering hiervan is dat hierdie sake wel prominente aandag in die werk gekry het. Hoe goed, hoe duidelik die Suid-Afrikaanse konteks verreken is bly vir my ’n ope vraag. Ten spyte van goeie voornemens in hierdie verband, kon ek maar net nie daarin slaag om wyer as my eie mense, my kultuur, taal, kerk, universiteit en samelewing te werk nie.

Hoe goed die Bybelse teks tot sy reg gekom het, en hoe toepaslik dit benut is, is ’n onbeantwoorde vraag. Ek is die mening toegedaan dat die Teks wel ingeweef is, maar of van die klein verhale, ooreenkomstig my benadering tot hulle reg gekom het, is ek onseker van. Wanneer ek peins oor die hantering van die ander groot konsepte in die teologie, soos die Godsleer, die Christologie, die Pneumatologie, die verbond, verlossing, om net enkele van die vele terreine van die teologie te noem, is ek van oordeel dat ek ’n baie spesifieke doel met die proefskrif gehad het. In hierdie sin het ek nougeset op my onderwerp gefokus en nie die totaliteit van teologiese konsepte probeer verreken nie. Hoe aanloklik dit ookal was om op hierdie konsepte te talm, ek het ’n narratiewe prakties teologiese proefskrif geskryf, en wou so naby as moontlik aan my onderwerp bly. My medenavorsers se verhale was my vertrekpunt, en ek het hard geworstel om getrou aan die verhale se inhoud te bly.

## 8 ’N VERHAAL VAN ONBENUTTE POTENSIAAL

Wat is die storie van verbeelding in pastorale terapie, nou dat ons die betrokkenes aangehoor en uitgeluister het? ’n Verhaal van verwerping. Van

ignorering. Sy is die impakspeler wat op die reserwebank sit. Sy is so polities en akademies gebrandmerk dat sy nie opgeroep word nie. Sy dra ’n brandmerk wat die modernisme en die verligting haar toegedien het. Gebrandmerk as onwetenskaplik en onbetroubaar. Sy word in die spel van die lewe, slegs selektief en oordeelkundig en na baie ernstige redelike bepeinsing aangewend. Sy word slegs aangewend as sy die goedkeuring van die rede het. Hoewel daar gesê word dat verbeelding in terapie benut word, en daar inderdaad hoopvolle tekens daarvan is, blyke daarvan en voorneme daartoe om hierdie saak prominensie in terapie te gee, blyk uit my navorsing dat verbeelding ’n verhaal het van onderbenutte potensiaal. Sy kan ’n baie groter en meer dinamiese rol in narratiewe pastorale terapie speel.

# 9 BEVINDINGE

Verbeelding word gering geskat. Soos Brueggeman (1989:7) praat oor die Bybelse teks in ons dag, “mostly reduced, trivialized and domesticated.” Dit veroorsaak dat ons in ’n wêreld lewe met “a truth greatly reduced” (Brueggemann 1989:1) lewe. Ek maak die toepassing dat hierdie vermindering en geringskatting ook op verbeelding betrekking het. Haar waarde word ook, soos die teks se waarde en vermoë, ontsaglik onderskat. Die invloed van verbeelding in ons samelewing, meer spesifiek in terapie, is beperk, nie omdat sy beperkte vermoëns het nie, maar omdat sy so onentoesiasties en halfhartig aangewend word. Dit dra by tot ’n vernouende wêreld wat algaande al minder opsies inhou. Kliniese rasionaliteit lê die kragtige moontlikhede van kreatiwiteit in ons samelewing aan bande.

Hierteen kan ’n persoon wat verbeelding wil benut weerstand bied, en verbeelding benut om ’n nuwe, oop en groter wêreld te ontvou. Die besef dat daar ’n groter werklikheid is, ’n beter wêreld, kan posvat en met entoesiasme nagejaag word.

Met vasgelooptheid, soos dikwels in die akademiese en terapeutiese lewe gebeur, dui verbeelding ’n derde weg aan, ’n weg uit.

Uit my navorsing blyk dat die mite dat daar ’n vaste, kenbare en enkelvoudige werklikheid bestaan steeds sterk onder mense leef.

Dit blyk uit verder dat dekonstruksie nie algemeen aan die orde van die dag is nie. Vrye, alternatiewe denke en individuele denke blyk ondergeskik te wees aan die diskoerse wat die breë kultuurgroep voorhou. Dit lyk veiliger om op gebaande weë te hou, as om met radikaal nuwe moontlikhede te eksperimenteer.

Dit blyk ook uit my navorsing dat die vroulike kant, die vroulike dimensie wat groot moontlikhede vir kreatiwiteit inhou, nie genoeg aandag, waardering en erkenning in ons samelewing kry nie.

> *Narrative is a primary way the mind organizes experience.*
>
> *John Karl*

Kuns het unieke en uitsonderlike potensiaal om uitdrukking aan die diepste, onsêbare dimensies van ons bestaan te kommunikeer, en kan ’n baie groot bydrae lewer om terapeute se sensitiwiteit op te skerp. Die pastor behoort wye en gereelde blootstelling aan die kuns te hê.

Die belang van taal, taal se sêkrag, taal se moontlikhede tot skepping en herskepping en die instrumentele waarde wat taal het om verandering in terapie teweeg te bring is opnuut ontdek en beredeneer.

Daar word in die proefskrif gesuggereer na die skadelikheid van talle moderne mites soos die noodsaaklikheid van vooruitgang, groei en sukses. Dit bied geleenthede om omvangryk na te dink oor die talle skadelike mites wat ons huidige samelewing deursuur, byvoorbeeld dat erns groter gewig dra as speelsheid. Dit noodsaak terapeute as mense met ’n radikale vertwyfeling in die vanselfsprekendhede van ons samelewing, of dit nou in die wetenskappe of alledaagse lewe is, maak nie saak nie.

Die praktiese teologie is ’n brugwetenskap, ’n grenswetenskap. Dit is die taak van hierdie wetenskap om op die grens tussen die teologie en die geesteswetenskappe te funksioneer. Dit is ook die taak van praktiese teologie om twee wêrelde te lees en in verband te bring, naamlik die wêreld van die teks en die huidige samelewing. Aangesien een van die bevindinge van my navorsing is dat verbeelding ’n besondere vermoë het tot skakeling, tot verbande lê, en by uitstek ’n brugfunksie het, dan behoort praktiese teologie

as wetenskap aansienlik meer van haar dienste gebruik te maak, as wat tans die geval is.

In ’n “prose flattened world” (Brueggemann 1989:1) is daar ’n opmerklike gebrek aan passie. Die vuur, die drif ontbreek! Fatsoenlikheid is aan die orde van die dag. Gematigde uitsprake, gemiddelde denke het eerder die norm as die uitsondering geword. Verbeelding kan as ontbrandingsmeganisme funksioneer om ons weer aan te vuur. Om wakker geskok te word uit die nagmerrie van ’n saai lewe, en weer oor die teks, die lewe, geregtigheid, trou, die liefde, ja al die temas in die lewe wat hulle daartoe leen, aangespreek te raak. Waar is die drif, emosie, verbintenis tot lewe? Miskien kan gedigte, die kuns, die Bybelse teks, ons weer help om ons menswees, die lewe, vurig entoesiasties tegemoet te gaan. Dit moet verbeel(d) word, voor so ’n lewe geleef kan word.

> *When one enters the woods noisily, the woods are quiet.*
>
> *When one enters the woods quietly, the wood sing with sound.*
>
> *Chinese proverb*

Pastorale terapeute behoort hulle taalgevoeligheid, woordgevoeligeheid, beeldgevoeligheid, simboolgevoeligheid te vergroot. Daarom is die literatuur wat hulle lees, die flieks wat hulle kyk, die gedigte wat hulle lees en gesprekke wat hulle voer van groot belang in die ontwikkeling van hulle sêkrag.

In verbeelding as verhaalskeppende aktiwiteit in narratiewe terapie speel meerdere handelinge af. Die handeling van verbeelding lei tot die handeling van vraagstelling, na ’n taalhandeling en dan ’n handeling van vertel. Dit is ’n dinamiese, aktiewe gebeure. Dit is ’n taalgebeure, maar meer as dit.

## 9.1 KRITIESE EVALUERING

Hoewel die verhale van my gespreksgenote die basis van die studie gevorm het, en ek met eerlikheid van die verhale na die literatuur beweeg het, het die literatuurstemme uiteindelik die meeste prominensie geniet. Ek kon nie daarin slaag om te ontsnap aan die greep van akademiese redevoering nie. Die

akademiese diskoers het my deurlopend, keer op keer ingetrek tot ’n filosofiese redenering, eerder as fiksieskrywing.

## 10 TERAPEUTIESE RELEVANSIE

Aanbevelings

- Verbeelding kan en behoort meer in terapie benut te word.
- Om verbeelding optimaal te benut, eis ’n verbeeldingryke lewe.
- ’n Verbeeldingryke terapeut hou rekening met die vroulike kant van die samelewing. Sofia word geag, gevier en geniet en waardeer.
- Ek roep pastorale terapeute op om bedag te wees op skadelike mites en dit te bevraagteken.
- Ek daag pastorale terapeute uit om die mitiese dimensie van die terapeutiese situasie te verreken, en in ag te neem.
- Verbeelding kan nie anders as om taal van verbasing, van verwondering en metafoor te gebruik nie.
- Verbeeldingryke narratiewe pastoraat respekteer die misterie van lewe, dit hou die geheim van lewe oop.
- Hierdie benadering leen hom tot werklikheidskepping, langs die weg van verhaalskepping.
- Dit verhef, tot anderkant die wêreld agter die son.
- In ’n postmoderne samelewing, bring die verheffing weer ernstige vrae na ’n eietydse waardestelsel, ’n toepaslike etiek.
- Hierdie vorm van terapie hou rekening daarmee dat daar altyd méér is as wat tans die geval is. Méér betekenis, méér moontlikhede, méér antwoorde ens.

## 11 TERREINE VIR VERDERE STUDIE

Die invloed wat lang, volgehoue akademiese studie op die verbeelding van terapeute het kan nagespeur word. Dit wil lyk asof dit veroorsaak dat die taal

en denke van pastorale terapeute deur die intellek oorheers word, en dat verbeelding daarmee op die agtergrond geskuif word.

Hoe kan groter eenstemmigheid, of samewerking bewerkstellig word tussen verbeeldingryke terapie en verbeeldingryke prediking?

Wat kan die langtermyn gevolge wees vir ’n gemeente waar sowel ’n verbeeldingryke prediking, as verbeeldingryke terapie beoefen word?

Hoe kan verbeeldingryke terapie benut word in konkrete pastoraal terapeutiese situasies, by egskeiding, alkoholafhanklikheid, HIV/VIGS, gevangenisskap en talle ander?

# 12 BEKENDMAKING VAN NAVORSINGSRESULTATE

Ek is van voorneme om ’n artikel of twee insake hierdie onderwerp te publiseer. Ek wil graag ’n gespreksgroep op die been bring wat verder oor hierdie konsepte wil besin. Ek sal ook in terme van mentorskap en persoonlike verhoudings baie van my navorsingsresultate kan benut, tog is my aanvoeling dat hierdie maar voorlopige bevindinge is, dat dit maar die begin van my pad met verbeeldingryke narratiewe terapie is, en dat daar nog veel te leer, veel te ontdek is.

# 13 VERRUIMING

Die aanwending en benutting van verbeelding, kan geloof versterk. ’n Versterkte geloof kan vir die pastor, die pastorant en die kerk veel beteken. ’n Kerk wat verbeeldingryk aangeraak is, en wie se lidmate verbeeldingryk na kontak met die Groot stories gaan leef, sal ’n dramatiese inpak op die samelewing hê. Verbeelding open ons lewens vir die onrepresenteerbare, die verhewene, die skone. Dit is verheffend en maak ’n aanspraak op die uiting en waardering van die estetiese in ons lewens.

In die voortrollende beweging van verlede na toekoms, is daar lewensbeweging. Daar is ’n stuwing na môre en eendag. Vir hierdie dringend noodsaaklike lewenskrag is dit so belangrik om momentum te hê as daar energiek en passievol geleef wil word. Verbeelding dra by tot die toename van ons toekomsgerigtheid. Hearne (1984:38) skryf :“If the basic pattern of human

life is that of “passover” from past to future, from temporal to eternal, from the self to the other, from idolatry to worship, then we should expect to find this enacted, dramatized, symbolized, expressed in all human stories, myths, drama, ritual, poetry.” En, sê ek, in goeie terapie. Dit sal ’n terapie wees wat verhale, mites, drama, rituele en digkuns ruim en betekenisvol benut.

Terapie het toegang tot ’n onuitputlike bron van inspirasie, verbeelding. Die vraag is net, sal narratiewe pastorale terapie hierdie bron benut?

Met die bind en uitgee van hierdie navorsingsresultate was dit nog nie duidelik of mej. Verbeelding die aanstelling gekry het nie. Dit sou jammer wees indien haar aansoek weens vooroordele misluk…

Bronnelys

Adams, D. 1997. *Toward a Theological understanding of Postmodernism*. http://www.crosscurrents.org/adams.htm besoek op 3/21/2001 p1-16.

Adrienne, C 1998. *The purpose of your live*. Eagle Brook. New York.

Ahsen, A. 1999. Image and Reality : Eidetic bridge to Art, Psychology and Therapy. *Journal of Mental Imagery* Vol 23 No 1&2 Spring/Summer.

Ahsen, A. 2001. Imagery in Sports, General Performance and Executive Exellence. *Journal of Mental Imagery* Vol 25 No 3&4 Fall/Winter

Aldridge, D. 1999. *The Challenge of Creativity*. in Willows, D. and Swinton J. 2000. Spiritual Dimensions of Pastoral Care. Practical Theology in a Multidisciplinary Context. Jessica Kingsley Publishers. London. p187-201.

Altena, B. 2003. *Wolken gaan voorbij* … Uitgeverij Boekencentrum. Zoetermeer.

Annett, J. 2002. Metaphor and Movement : Comments on 'Mental Imagery and Embodied Activity' by Gibbs and Berg. *Journal of Mental Imagery* Vol 25 No 1&2 Spring/Summer

Baart, A. 2003. The Fragile power of listening. Artikel. [ op 25/5/2004 nog nie as gepubliseer opgespoor in 'n suid-Afrikaanse tydskrif nie.]

Barnard, A.C.(ed) 1983. *Die Kerkboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.* NG Kerk uitgewers. Kaapstad.

Bartlett, J. 1968. *Familiar Quotations*. 14th ed. Little, Brown and Company. Boston. Toronto.

Beecher, H.W. 1902 *Yale Lectures on Preaching*. The Pilgrims Press, Boston.

Benner, D.G. & Hill P.C. 1999. *Baker encyclopedia of Psychology & Counseling.* Second edition. Baker Books. Grand Rapids Michigan.

Bosman, L.L. 2001. *'n Narratiewe Beskouing van die Pastoraal Terapeutiese Self in 'n Postmoderne Samelewing*. DD Proefskrif. Universiteit van Pretoria.

Bottum, J. 1994. *Christians and Postmoderns*. http://www.firstthings.com/ftissues/ft9402/bottum.html besoek op 2/24/2001 p1-8.

Bregman, L. 1980. Religious Imagination : poletheistic pshycology confronts. Society for Values in Higher Education. Vanderbilt University. Volume/Issue 63 *Spring* 1980 p36 – 60.

Brink, A.P. 2000. *Groot verseboek*. Tafelberg. Kaapstad.

Browning, D. 2000. *Pastoral Theology in a Pluralistic Age*. In Woodward, J. and Pattison, S. (eds.) The Blackwell reader in Pastoral and Practical Theology. Blacwell Publishers. Massachusetts. P89-103.

Brueggemann, W. 1981 *The Prophetic Imagination*. Fortress Press. Philadelphia.

Brueggemann, W. 1986. The Third World of Evangelical Imagination. *Horizons in Biblical Theology* 8 nr 2 p61 – 84.

Brueggemann, W. 1987. Ethical Contexts of Healing: Character and Ritual. pt 3 *Journal of Pastoral Psychology* 36:69-83. Winter.

Brueggemann, W. 1989. *Finally comes the Poet: Daring speech for proclamation*. Fortress Press. Minneapolis.

Brueggemann, W.1992. Imagination, an Interview with Walter Brueggemann. *The Witness.* June/July. p14-15.

Brueggemann, W. 1993 *The Bible and Postmodern Imagination.* Texts under Negotiation. SCM Press. Ltd. London.

Brueggemann, W 2002. *Spirituality of the Psalms*. Fortress Press. Minneapolis.

Campbell, A. 2000. *The Nature of Practical Theology.* In Woodward, J. and Pattison, S. (eds.) The Blackwell reader in Pastoral and Practical Theology. Blacwell Publishers. Massachusetts. p77-87.

Campos, A. Mental Imagery Research and the Internet : Meeting the Challenge. *Journal of Mental Imagery* Vol 25 No 1&2 Spring/Summer

Capps, D. 1995. *Agents of Hope : a pastoral psychology*. Fortress Press Minneapolis.

Caputo, J.D. 1997. *Deconstruction in a Nutshell*. A Conversation with Jacques Derrida. Edited with a Commentory by John D. Caputo. Fordham University Press.

Claassen, G. Muller, P. van Tonder, M. 1998. *Die Groot Aanhalingsboek*. Human & Rousseau. Kaapstad.

Collins, J.J. 1984 *The Apocalyptic Imagination. An Introduction to Jewish Apocaliptic Literature*. William B Eerdmans Publishing Company Grand Rapids, Michigan/Cambrige, U.K.

Comaroff, J.L. and Comaroff, J. (eds) 1999 *Civil Society and the Political Imagination of Africa, critical perspectives.* The University of Chicago Press, Chicago.

Corbin, H. 1972. Mundus Imaginalis: Or the Imaginary and the Imaginal. *Spring*. p71-89.

Corsini, R.J. & Auerbacg A.J. (eds)1996. *Encyclopedia of psychology* second edition. John Wiley & Sons. New York Chichester Brisbane Toronto Singapore.

Crites, S. 1986 *Story Time: Recollecting the Past and Projecting the Future.* Praeger. New York. Westport. Connecticut. London.

Davis, J. and Brown, C. 2000. Mental Imagery : In What Form and for What Purpose is it Utilized by Counselor Trainees? *Journal of Mental Imagery* Vol 24 No 1&2 Spring/Summer

Dirkx, J. 1998, *Knowing the Self Through Fantasy: Toward a Mytho-poetic View of Transformative learning*. (In Proceedings of the 39th Annual Adult Education Research Conference. San Antonio, TX: University of Incarnate Word and Texas A&M University.)

Dirkx, J.M. 2001. Transformative Learning. The journey of individuation. *ODdebate* September 2001 p23-25

Dreyer, Y. 1998 *Pastorale interaksie met vroue. 'n Prakties-teologiese begronding*. Universiteit van Pretoria.

Dreyer, Y. 2002. Women and leadership from a pastoral perspective of friendship. *HTS* 58/1, 43-61.

Dreyer, Y. 2003.'n Teoretiese inleiding tot die narratiewe hermeneutiek in die teologie. *HTS* 59(2) p313-331

Du Toit, C.W. (ed) 1999. *Reading the universe through science, religion and ethics: The evolving science and religion debate*. Research Institute for Theology and Religion Unisa. Pretoria.

Durand, G 1971. Myth and Imagination. *Spring*.

Eliade, M. 2002. *Shamanism: Archaic Techniques of Ecstacy*. Princeton University Press. Princeton.

Ellis, G.F.R. 1999. *Science and the spiritual quest: The limits of science and the nature of transcendence.* In du Toit, C.W. (ed) Reading the universe through science, religion and ethics: The evolving science and religion debate. Research Institute for Theology and religion Unisa. Pretoria.

Fields, D.M. 1995. *Postmodernism*. http//.capo.org/premise/95/sep/p950805.html besoek op 3/21/01. p1-13.

Finansies en Tegniek. 9 Julie 1999 KPGM Advertensie. p 34.

Firet, J. 1974. *Het agogisch moment in het pastoraal optreden.* Kok. Kampen.

Francis, V. 1995. *Illustrated Guide to Dreams*. Bison Books Ltd. London.

Freedman, J, & Combs, G. (Eds.) 1996. *Narrative therapy : The social construction of preferred realities.* New York : Norton.

Friedman, E.H. 1990. *Friedman's Fables*. The Guilford Press. New York.

Ganzevoort, R.R. 1993 Investigating Life-Stories: Personal Narratives in Pastoral Psychology. *Journal of Physcology And Theology* VOL 21.

Geerts, G & Heestermans, H (reds) 1992. s v abductie. *Van Dale Groot Woordenboek der Nerdelandse Taal*. 12e druk. Van Dale Lexicografie. Utrecht.

Gergen, K.J. 1985. The Social Constructionist Movement in Modern Psychology. *American Psychologist.* March. p266-275.

Gergen, K.J. 2001. *Social Construction in Context.* SAGE Publications: London

Gerkin, C.V. 1984. The Living Human Document.: Revisioning Pastoral Counseling in a Hermeneutical Mode. Abingdon Press. Nashville.

Gerkin, C.V. 1991. *Prophetic Pastoral Practice. A Christian Vision of Life Together*. Abingdon Press Nashville.

Gerkin, C.V. 1993. *The living Human Dokument. Re-Visioning Pastoral counseling in a Hermeneutical mode*. Abingdon Press Nashville.

Gerkin, C.V. 1997. *An Introduction to Pastoral Care.* Abingdon Press. Nashville.

Gilligan, S. 2001 Getting to the Core. Mastering the art of therapeutic connection. *Networker* January/February.

Girardot, N.J. & Rikkets, M.L. (eds) 1982. *Imagination and Meaning: The Scholarly and literary Worlds of Mercia Eliade.* Seabury Press. New York.

Goudzwaard, B.1999. *Hoe om sin te maak van die Postmodernisme*. Internos 2. NG Kerksentrum. Kaapstad.

Grassie, W. 1997. Postmodernism : What One needs to Know. *Zygon : Journal of Religion and Science* March 1997.

Grove, S. 1999. *Gryp terug jou siel*. Human en Rousseau. Kaapstad.

Guggenbühl-Craig, A. 1991. *The Old Fool and the Corruption of Myth*. Spring Publications, Inc. Dallas, Texas

Habermas, J.1972. *Knowledge and Human interests*. Trans. Shapiro, J.J.

University of Pretoria etd – Laas, J J (2004)

Heinemann. London.

Hearne, B. 1984 God's Story in Our Story. *Afer* 26. Winter. p32-46.

Heitink, G. 1993. *Praktische Theologie*. Kok. Kampen.

Hillman, J. 1979. *The Dream and the Underworld.* Harper and Row. New York.

Hillman, J. 1981. *ANIMA, An Anatomy of a personified notion*. Spring Publications Inc. Dallas, Texas.

Hillman, J. 1984. *Inter Views.* Conversations with Laura Pozzo on Pshychotherapy, Biography, Love, Soul, Dreams, Work, Imagination, and the state of the culture. Harper and Row Publishers. New York.

Hochman, J. 1994. Ahsen's image psychology. *Journal of Mental Imagery* 18(3&4), 1-118

Hochman, J. 2002. Memory and the Eidetic in Phenomenological Context and Functional Operations. *Journal of Mental Imagery* Vol 26 No 3&4 Fall/Winter

Hollinger, R. 1994. *Postmodernism and the social sciences.* A thematic approach. SAGE Publications. London.

Hollis, J. 2000. *The Archetypal Imagination*. Texas A&M University Press, College Station.

Hollis, M. 1996. *Reason in action. Essays in the philosophy of social science*. Cambridge University Press. Cambridge.

Holyer, R. 1989. Imagination and faith : a response to Mary Warnock. *Theology* 92 May p181-187.

Hughes, J. 2001. *Expository Preaching with Word Pictures*. Christian Focus. Geanies House. Fearn. Ross-shire.

Hunt, J. and Lascaris, R. 1998. *The South African Dream*. Zebra Press. Halfway House.

Jackson, N. 2004. Ewige waarhede bestaan nie, sê prof. Spangenberg. *Naweek Beeld*. Saterdag 20 Maart 2004:5

Jaffe, L. W. 1990. *Liberating the Heart. Spirituality and Jungian Psychology.* Inner City Books. Toronto, Canada.

Janse van Rensburg, J. 2000. *The Paradigm Shift*. An introduction to Postmodern Thought and its Implications for Theology. Van Schaik Publishers, Pretoria.

Joas, H.1996. *The Creativity of Action*. The University of Chicago Press, Chicago.

Jones, R.A. 2001. The Relevance of C.G.Jung. *Theory & Psychology*. Vol. 11(4) p569-577.

Jordaan, J. & Jordaan, J. 1989. *Mens in Konteks*. Lexikon Uitgewers. Isando.

Jordaan, W. 1996. Postmodernisme en die huwelik. *Praktiese teologie in Suid-Afrika.* Vol 11(2)

Jordaan, W. 1999. Let me tell you a story. *Unisa Psychologia* Vol 26 No 1&2 p73-75

Jung, C.G. & von Franz, M.L.(ed) 1964. *Man and his Symbols*. Aldus Books. London.

Jung, C.G. 1966. *The Spirit in Man, Art, and Literature.* The Collected Works of C.G.Jung. Nr 15. Translated by R.F.C. Hull. Routledge & Kegan Paul. London.

Jung, C.G. 1995. *Jung on Alchemy.* Edited and with an Introduction by Schwartz-Salant. Routledge. London.

Kaufmann, W. 1992. *Freud Adler and Jung. Discovering the Mind*. Volume Three.Transaction Publishers. New Brunswick.

Lamott, A. 1995. *Bird by bird. Some instructions on writing and life*. Anchor Books. New York.

Lartey, E. 1996. *Practical Theology as a Theological Form*. In Willows, D. and Swinton J. 2000. Spiritual Dimensions of Pastoral Care. Practical Theology in a Multidisciplinary Context. Jessica Kingsley Publishers. London. p72-77.

Lindbeck, G.A.1984. *The Nature of Doctrine: Religion and Theology in a Postliberal Age.* Westminster Press. Philadelphia.

Louw, J.P & Nida, E.A. 1988. *Greek-English Lexicon of the New Testament based on Semantic Domains.* United Bible Societies. New York.

Louw, N.A. & Müller, J. 2002. Om Verbeeldingryk te lewe: Verbeelding in die pastorale narratiewe terapie van Walter Brueggemann. *HTS* 58(1) p320-353.

Makkreel, R.A.1990. *Imagination and Interpretation in Kant: The Hermeneutic import of the Critique of Judgment.* University of Chicago Press. Chicago.

Maree, K.1997. *Nuwe Droomboek. Verklaar jou eie drome.* J.P. van der Walt. Pretoria.

Martin, K. 1994. Flannery O'Connor's Profhetic Imagination. *Religion & Literature*

26.3 (Autumn 1994)

Massey, D.S. 2002. A Brief History of Human Society: The Origen and Role of Emotion in Social Life. *American Sociological Review* Vol. 67 (February :1-29)

Mayer, R.E. 2002. The Role of Words and Images in Reading and Writing. *Contemporary Psychology*. APA REVIEW OF BOOKS Vol.47,No.4 on Imagery and Text: A Dual Coding Theory of Reading and Writing by Mark Sadoski en Allan Paivio.

McFague, S. 2001. *Life abundant : Rethinking Theology and economy for a planet in peril*. MN : Fortress. Minneapolis.

Meyer, W.F & Moore, C. & Viljoen, H.G. 1997. *Personologie. Van Individu tot ekosisteem.* Heinemann. Johannesburg.

Müller, J. 1993. Die gebruik van rituele in die pastoraat. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 8/1, 1-13.

Müller, J. 1996 *Om tot Verhaal te Kom. Pastorale Gesinsterapie*. RGN Uitgewery. Pretoria.

Müller, J 2000. *Reis-geselskap : Die kuns van die Verhalende Pastorale Gesprekvoering*. Lux Verbi. Wellington.

Müller, J. 2001. Therapy as Fiction Writing. *Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif* Deel 42 Nommers 1&2 Maart & Junie 2001. CLF Uitgewers Bloemfontein.

Müller, J. 2002. *Gesinne van Binne : Vertel die Verlede en Droom oor die Toekoms van jou Gesin*. CLF-drukkers. Bloemfontein.

Müller, J. 2003. *Memory and Accountability: A White Afrikaans-speaking Male's Journey Through the Minefield of Apartheid*. Paper delivered at the 17e International Conference of the Society for Intercultural Pastoral Care and Counselling, August 2003 at Evanston.[ongepubliseer]

Müller, J. & Maritz, B. 1998. Die Waarde van Metafore binne die hermeneuties-Pastorale sisteem. *Praktiese teologie in Suid-Afrika* 13(1)

Müller, J. van Deventer, W en Human, L. 2001. Fiction Writing as Metaphor for Research: a Narrative Approach. *Praktiese Teologie in Suid Afrika* 16(2)

Neuman, M. 1978. Towards an integrated Theory of Imagination. International *Philosophical Quarterly* 18. p251-275.

Neuman, L. 2000 *Social Research Methods*. 4 th ed. Allyn & Bacon Penguin Books. New York.

Odendal, F.F.(ed) 1994. HAT *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal.* Perskor. Midrand.

Paré, D.A. 1995. Of Families and Other Cultures: The Shifting Paradigm of Family Therapy. *Family Process* 34:1-19.

Patton, J. 1994. Pastoral Postmodernism: A Challenge to reclaim Our Texts. *Pastoral Psychology* Vol. 43, No.1 p. 29-41.

Peterson, E.H. 1992. *Under the Unpredictable Plant. An Exporation in Vocational Holiness*. William B. Eerdmans Publishing Company. Michigan. Grand Rapids.

Pieterse, H.J.C. 1991 Die Wetenskapsteoretiese Grondslag van die Praktiese Teologie. *Praktiese Teologie in Suid Afrika* No.6(1)

Pieterse, H.J.C. 1993. *Praktiese Teologie as Kommunikatiewe Handelingsteorie*. RGN-Uitgewers Pretoria.

Pippin, T. 2000. *Fantasy.* In Adam, A.K.M. (ed.) Handbook of Postmodern Biblical Interpretation.Chalice Press. Missouri, St. Louis. p85-90.

Pistorius, C. 2001. Inovasie die sleutel tot sukses. *Tuks Alumni*. Universiteit van Pretoria Alumni nuusbrief, Augustus 2001.

Pocock, D. 1999. *From movements to moments in the practice of family systems therapy*. A paper for Enfield Family Therapy Conference "Power, knowledge and expertise in contemporary family therapy: have we lost the baby with the bath water? April 30. http://www.poey.demon.co.uk/enfield.htm besoek op 5/21/2000.

Polkinghorne, J.1998. *Science and Theology. An Introduction.* SPCK/ Fortress Press. Minneapolis.

Reisberg, D. 1996. Visual Imagery. In Corsini, R.J. & Auerbach, A.J. (eds) *Concise Encyclopedia of Psychology*. Second Edition. John Wiley & Sons. New York.

Ricoeur, P. 1981. *Hermeneutics and the Human Sciences*. tr. J.B. Thompson. Cambridge University Press. Cambridge. p165-182 & 274-297.

Ricoeur, P. 1984. *The Reality of the Historical Past*. The Aquinas Lecture. Marquette University Press. Milwaukee.

Ricouer, P. 1977. *The Rule of Metaphor – Multidisciplinary Studies of Creation of Meaning in Language*: English Translation. University of Toronto Press. Toronto.

Rouse, J. 1990. The Narrative Reconstruction of Science. *Inquiry* 33. No 2.

Sadoski, M. and Pavio, A. 2001 *The Role of Words and Images in Reading and*

*Wrighting.* Erlbaum. Mahwah NJ.

Seikkula, J. 2002. Monologue is the Crisis – Dialogue Becomes the Aim of Therepy. *Journal of Marital and Family Therapy*. July 2002, Vol.28, No.3.

Sells, B. 2000. *Working with Images. Theoretical base of Archetypal Pshycology*. Routledge. London.

Shawver, L. 1996. *What is postmodernism?* http//www.massey.ac.nz/Alock/theory/15.htm besoek op 10/2/1999

Steenberg, E.1987. *Fantasie en die Kinderboek*. HAUM, Pretoria.

Stone, H.W. 1986. *Crisis Counseling*. Fortress Press, Philadelphia.

Stone, H.W. 2001. *Strategies for Brief Pastoral Counseling*. Fortress Press Minneapolis.

Swanson, R.H. 1999. *Naturalizing the Archetypes: Analysis, Evaluation, and reconceptualization of archetypal Psychology.* The Florida State University Colloge of Arts and Sciense. Florida.

Sweeney, A.S. 1984. *Counseling Children through the world of play*.Tyndale House Publishers, Inc. Wheaton, Illinois.

Taylor, M. 1999 *Imaginary Companions and the children who create them.* Oxford University Press, New York.

van Huyssteen, J.W. 1997. *Essays in Postfoundationalist Theology*. William B. Eerdmans Publishing Company. Grand Rapids. Michigan.

Veldsman, D.P. 1993. Religieuse ervaring as herinneringsvolle verbeelding : Die aard en funksie van verbeelding as kenteoretiese struktuurlelement in teologiese refleksie en Christelike praxis. *Scriptura* No 46 p50-65.

Ventura, M. 2001. Beauty Resurrected. *Networker* January/February.

Vos, C.J.A. 1998. ‘n Spieël vir die predikant –Deel 11. *Skrif en Kerk* Jrg 19(1) p128-141.

Vos, C.J.A. 1999 Teologiese teorië binne ervaringskategorië. *Skrif en Kerk* Jrg 20(2) p500-508.

Watson, L.E. 1951. *Light From Many Lamps*. Simon and Schuster. New York.

White, C. & Denborough, D. 1998. *Introducing Narrative Therapy. A Collection of Practice-based writings*. Dulwich Centre Publications. Adelaide.

White, M.1987. *An Outline of Narrative Therapy*.

http://www.massey.ac.nz/~alock//virtual/white.htm

White, M. 1988 The Externalizing of the problem and the re-authoring of lives and relationships. *Dulwich Centre Newsletter*. Summer.

White, M. 1988. The process of questioning : a therapy of literary merit? *Dulwich Centre Newsletter* Winter.

White, M. 1991. Deconstruction and therapy. *Dulwich Centre Newsletter*. Summer

White, M. 1995. *Re-authoring lives: Interviews and essays*. Dulwich Centre Publicatinons. Adelaide.

White, M. 1997. *Narratives of therapists' lives*. Dulwich Centre Publications. Adelaide.

White, M. 2002. *Workshop Notes*. Published on 23 August 2002. http://www.dulwichcentre.com.au/workshopnotes.htm besoek op 05/04/2004.

White, M., & Epston, D. 1990. *Narrative means to therapeutic ends*. New York: Norton.

Wiggins, J.B. 1975. *Religion as Story*. Lanham. New York.

Zander, R. S. & Zander, B. 2000. *The Art of Possibility*. Transforming Professional and Personal Life. Harvard Bussiness school Press.Boston Massachusetts.

*************